# Robey Leibbrandt
# vertel alles in
# Geen Genade

**Bienedell Uitgewers**
Posbus 3095
Pretoria
0001
(012) 329-4083

Robey Leibbrandt vertel alles in Geen Genade

Bienedell Uitgewers
Posbus 3095 Pretoria
0001

Geset in 10/12 pt Palacio deur Ada Radford
Gedruk en gebind deur Sigma Press, Pretoria

ISBN 09583774-2-1

« Alle regie voorbehou deur Robey Leibbrandt en gesin.

'n Man se deugde word alleen beproef in die uur van gevaar.

*Friedrich von Schiller*

'n Egte man se ware fees is die daad.

*Wolfgang Goethe*

What fails to kill me makes me only strenger.

*Friedrich Nietzsche*

To sin by silence when they should protest makes cowards out of men.

*Abraham Lincoln*

Antagonisme kan vrugbaar wees; konfrontasie, ons skeppende vermoëns aanwakker; weerstand, onvermoeide kragte opwek.

*Alain de Benoist*

A few honest men are better than numbers.

*Oliver Cromwell*

*Dit* is traagheid wat ons aan pynlike toestande vasketting.

*Novalis*

Wat jou vyand nie mag weet nie, dit moet jy nie vir jou vriend vertel nie.

*Arthur Schopenhauer*

Peace, above all things, is to be desired, but blood must sometimes be spilied to obtain it on equable and lasting terms.

*Andrew Jackson* (1767 -1848) 7th President of
the United States of America

Bij het Afrikaanse volk is zijn wapen
zijn tweede vrouw,
bij ons jonge mannen is hun tweede nooi
het geweer.

*Generaal Christiaan de Wet*

Wat tel, is die man nie die
mense nie. Manne maak
geskiedenis.

*Napoleon Bonaparte*

Dte aanhalirigs kom uit die boek "Woorde, Waarhedc en Wyshede vir ons Tyd"
saamgestel deur BienedeU Uitgewers, Posbus 3095, Pretoria 0001.

# *Voorwoord tot 1993-uitgawe*

Hierdie boek *"Robey Leibbrandt* vertel alles in *Geen Genade"* is in Julie-Augustus 1966 vir die eerste keer deur Robey Leibbrandt gepubliseer. Op l Augustus van daardie jaar is hy aan 'n hartaanval oorlede. Met sy ontydige dood het die verspreiding van die boek nie gerealiseer nie.

By die lees van dié boek staan die leser verbaas oor die profetiese insigte wat Leibbrandt openbaar. Die Duitse skrywer Ludwig Börne (1786-1837) skryf soos volg oor die vermoë om te profeteer:

*"Wie die natuurwette, ook in die geskiedenis ken en erken, kan profeteer; wie nie, weet nie wat more sol geskied nie, al is hy ook 'n minister."*

In hierdie boek skryf Leibbrandt: *"Dit is byna te laat. Ons is omsingel deur die Kommuniste. Ons land is deurdrenk van Kornmuniste. Hulle wag net op bevel van Moskou. Laat dissipline ons wagwoord wees. Ons het nog 'n kans om as blanke volk voort te bestaan. Ons mag nie wanhoop nie. Ons mag nie twyfel nie."* Dit was in 1966. 'n Maand na Robey Leibbrandt se dood, op 6 September 1966 is Suid-Afrika se Eerste Minister, dr. Hendrik Verwoerd, in die parlement in Kaapstad deur die Kommunis Tsafendas vermoor. Dr. Verwoerd se opvolger, meneer John Vorster, het daarna weg beweeg van dr. Verwoerd en het begin met 'n beleid wat eers bekend gestaan het as "verandering," "dialoog" en "uitwaartse beweging". In Oktober 1974 het dit "détente" geword. Dit is betekenisvol dat oor détente die Russiese Minister van Buitelandse Sake, Anatoly Gromyko in 1980 onder andere geskryf het: *"Boonop het die ondervinding getoon dat dit juis onder die beleid van détente, en te danke aan détente, is dit dat die nasionale vtyheidsbewegings in die verskillende dele van die wereld hul belangrikste suksesse behaal het."*

Van die dag dat die Suid-Afrikaanse regering met die détente-beleid begin het, het Mosambiek, Angola, Rhodesië (nou Zimbabwe) en Suidwes-Afrika (nou Namibië) in Kommunistiese hande geval. *"Ons is omsingel deur die Kommuniste; Ons land is deurdrenk van Kommuniste,"* het Leibbrandt meer as 20 jaar tevore reeds ingesien.

Stap vir stap is in naam van hervorming die weg voorberei vir die vrylating van Mandela, die ontbanning van die SA.K.P., die A.N.C, en die PA.C. en is die proses aangeskakel om ter wille van demokrasie Suid-Afrika onder 'n swart Kommunistiese regering te plaas, soos in Zimbabwe en Namibië. *"Ontwaak, Suid-Afrika! Gord aan die swaard en laat ons veg,"* skryf Leibbrandt. *"God help alleen diegene wat bereid is om hulself te help. Organiseer, dissiplineer en bewapen elke weerbare man, vrou en kind. Laat ons Suid-Afrika omskep in 'n vesting wat vir die Kommunisme ondeurdringbaar is."*

*"Smart en pyn sal deel wees van die stryd,"* se hy, *"maar weghardloop, sal ons waaragtig nooit. Ons daag die stryd met doodsgevaar in al sy verskeïdenheid."*

Waar Leibbrandt dit skryf, kyk hy diep in die verlede na die sages van ons heldedom, na die voorbeeld wat deur vasberade en toegewyde leiers gestel is, en na die inspirasie wat te put is uit die geskiedenis van 'n volk.

*"Diep lê die spore van ons helde en heldinne in Suid-Afrikaanse bodem getrap,"* skryf hy. *"Rustig pryk diegrafte op ons rante en vlaktes as simbool van ons worstelstryd. Verdroog lê die bloed en trane uit liefde gestort. Van die Kaap tot ver in die Transvaal, deur Natal tot waar ons landsgrense strek, is ons land met Afrikanerbloed deurdrenk. Dit is die fydensweg van 'n klein, dog dapper volk om hoer hoogtes te bereik. Dit is die goddelike voorgeskrewe pad wat elke volk moet bewandel. Dit is ons trots. Daaruit put ons krag. Laat ons vegen laat ons sterwe. Ons behoort aan jou Suid-Afrika!"*

Dit is 'n opvatting wat na-verwant is aan N.P. van Wyk Louw se vers in *Die Halwe Kring:*

"... Sal elkeen as hy magteloos
naby die sterwe lê
net hierdie eensaam wete
uiteindelik nog hè:
dat ons nie kon gebuig word
soos hul geweld dit wou,
en dat ons hoog kon lewe
net aan ons bloed getrou."

Wat Louw in poësie se, se Leibbrandt in prosa wat plek-plek 'n poëtiese indruk laat,

Hy skryf: *"Dit is onteenseglik groots om as oorwinnaar uit die stryd te tree, maar groter is die oorwinning vir die oorwonnene wat fanatiek weier om te kapituleer."*

Hierdie slotsom het ook die lewens van Gideon Scheepers, Jopie Fourie en andere gekenmerk. R.W. Schikkerling skryf bv. in sy dagboek *"Hoe Ry die Boere,"* wat handel oor die Anglo-Boereoorlog, soos volg: *"Enige sot kan hom verheug in 'n oorwinning, maar dit vereis mannemoed om een neertaag na die ander te verduur. Hierdie vasbyt teen 'n geweldige oormag is 'n intellektueleprestasie. Dit is te veeleisend vir die man wat besldk bloot oor geweldige liggaamskrag of bitterheid."*

Dit **is** bogenoemde eienskappe wat manne soos Gideon Scheepers, Jopie Fourie en Robey Leibbrandt in staat stel om politieke gebeurtenisse dekades en selfs eeue na hul dood, te beïnvloed. Trouens, die Sunday Times van 6 Maart 1988 skryf: *"The ghosts of Gideon Scheepers, Jopie Fourie en Robey Leibbrandt are still haunting the National Party."*

Dieselfde koerant het in April 1990 die opwelling van Blanke verset teen die regering se paaibeleid teenoor die Kommuniste, toegeskryf aan inspirasie wat uit Leibbrandt se dade geput is.

Robey Leibbrandt kan nie weggeneem word deur dié wat in die negentiger-jare hulle lafbartigheid rationaliseer tot *"die nodigheid van hervorming"* nie. Robey Leibbrandt is een van die Afrikaners wat hulle gedurig agtervolg op hulle smadelike pad van verraad teen alles waarvoor die Voortrekkers gestaan, en waarvoor mannc soos Kruger, Steyn, De Wet, De la Rey en ander geveg het en bereid was om voor te sterf.

Omdat Leibbrandt as gewone nasionalis 'n verbete vegter teen die duiwelse Kommunisme was, word hy deur die liberaliste en kommuniste wanvoorgestel en afgetakeL Selfs die SA.T.V.-reeks oor hom in 1992 was só ver van die werklikheid dat dit as kinderagtig en belaglik afgemaak kan word.

*"Is my avonture dan so fantasties"* skryf Leibbrandt, *"dat dit altyd afgewater, verdraai en uit verband geruk moet word? Waarom moet daar in boeke, tydskrifte en nuusblaaie gedurig gelieg word oor wat ek gedoen en nie gedoen het nie? Selfs hier in my eie vaderland is daarsekere non-entiteite wat twyfel aan die waarheid van my sfaywe. Is dit onbeteuelde haat ofveragtelike jaloesie? Of is dit die vrug van 'n inherente minderwaardigheidskompleks wat altyd neig om alles en almal af te bring na hulle eie nederige niveau?*

Nou vir die eerste keer kry die publiek die geleentheid om, In teenstelling tot die vyandige propaganda, te lees wat Leibbrandt self beleef en te boek gestel het.

Dit dek 'n tydvak in die Afrikaner-geskiedenis, waaruit die begeestering van 'n enkeling, die romantiek van geloof aan 'n saak, en die avontuur van gewaagde dade opklink in die nuwe uitdaging wat aan die Afrikanervolk gestel word.

L.W. Bienedell
Pretoria
25 Januarie 1993

Hierdie boek word uit dankbare erkentlikheid opgedra aan wyle konsul-generaal Rudolf Karlowa en aan al die getroue kamerade wat my met soveel moed en durf bygestaan het gedurende my stryd in my vaderland, Suid-Afrika.

In nederige onderworpenheid aan die gesag van God, lê ons 'n gemeenskaplike krans op die grafte van die bloedgetuies van ons worstelstryd:

> Johannes van der Walt, "wonder"stoeier van SA.
> Karel Theron, B.Sc., Yskor, Pretoria Hendrik
> Erasmus, beroepsoldaat Doors Erasmus, Warmbad,
> Transvaal

Hulle het gesterwe in die geloof dat Suid-Afrika van alle bande vry moet wees. Hierdie strewe en ideaal is in onomwonde taal op 11 Maart 1943 in die Hooggeregshof in Pretoria beklemtoon. Luid het hierdie woorde deur die hofsaak geklink:

> "Wat die vonnis ook al mag inhou wat nou oor my uitgespreek gaan word, is van minder belang; hoofsaak is dat die *vryheidsvaandel* weer wapper oor groot Suid-Afrika. Van één ding kan julle egter seker wees, en dit is dat geen mag ter wereld selfs met die ondersteuning van die duiwel in die hel, daartoe in staat is om hierdie Afrikanerhart te breek nie. In hierdie sin en gees roep ek uit: *Na die hel met genade!"*

Ook mille het nie om genade gesmeek nie en is as sierstene ingemessel in die volksaltaar op die lydensweg na die kruin van die *Republiek van Suid-Afrika.*

# *Voorwoord 1966*

Om 'n lesenswaardige boek te skrywe, is beslis 'n kuns. Ongelukkig is ek geen kunstenaar nie en is *Geen Genade* bloot 'n aaneenskakeling van onverbloemde *feite* soos ek dit gesien en belewe het.

Ek is ontsaglik veel dank verskuldig aan die redaksie van Die Brandwag vu-die ridderlike wyse waarop hulle my behandel het na my vrylating uit die Sentrale Gevangenis. Vir die reeks artikels wat in 1948 oor my oorlogsavonturc in hierdie puik Afrikaanse tydskrif verskyn het, is ek besonder goed beloon. Hoe oneindig veel hierdie geldelike bydrae vir my beteken het, kan alleen diegene besef wat net soos ek brandarm uit die tronk gekom het.

Ongelukkig is hierdie boek in die eerste persoon geskrywe, nie om die *eie ek* te bewierook nie, maar om dit 'n persoonlike en outentieke kleur te gee. Ooreenkomstig my politieke geloofsbelydenis bestaan die *eie ek* glad nie en word dit vervang deur die *gemeenskaplike ons.* Dit is trouens ook onder die ewiggeldende leuse: *Ek is niks, my volk is alles,* dat ek gestry en gely het en bereid was om te sterwe. Slegs 'n minderwaardige misgewas sal my beskuldig dat hierdie boek 'n poging is om my self aan die wereld op te vysel. Dit is tog immers nie nodig nie, want *dode* en nie woorde nie, getuig wie en wat ek is.

Hierdie boek durf onder geen omstandighede vertolk te word as 'n propagandastuk vir die Nasionaal-sosialistiese idee en wêreldbeskouing nie. In hierdie stormagtige tye is daar geen plek of tyd vir 'n nuwe ideologiese stryd nie. Daar is ook geen plek of tyd vir verdere verdeeldheid, twis en tweedrag nie. Dit is nou die tyd om mekaar die hand te reik en die toekoms vierkantig in die oë te kyk. Dit is nou die tyd om saam te staan, saam te veg en, indien nodig, saam te sterwe tot lof en eer van ons gemeenskaplike vaderland ... ons geliefde Suid-Afrika!



*Robey Leibbrandt*

# *Inhoud*


| | | |
|---|---|---|
| *1.* | Die Leibbrandts ................................................................................ | l |
| 2. | My kinderjare ................................................................................ | 5 |
| 3. | My opleiding as bokser ................................................................................ | 9 |
| 4. | Hoe ek myself gebrei het ................................................................................ | 13 |
| 5. | Die Lewenstryd ................................................................................ | 15 |
| 6. | Lid van die SA. Polisie ................................................................................ | 18 |
| 7. | My strewe om Springbok te word ................................................................................ | 20 |
| 8. | Die statebondspele ................................................................................ | 23 |
| 9. | Voorbereiding vir die Olimpiese Spele ................................................................................ | 26 |
| 10. | Instrukteur by die spoorgwegpolisie ................................................................................ | 29 |
| 11. | Na die Olimpiese Spele ................................................................................ | 31 |
| 12. | Met die boksspan op toer ................................................................................ | 40 |
| 13. | Terug na Duitsland ................................................................................ | 42 |
| 14. | Ek bedank uit die spoorwegpolisie ................................................................................ | 45 |
| 15. | Ek word beroepsbokser ................................................................................ | 47 |
| 16. | Ek se vaarwel aan boks ................................................................................ | 50 |
| 17. | My opleiding in Duitsland ........................................, .................... | 55 |
| 18. | Die Tweede Wereldoorlog ................................................................................ | 62 |
| 19. | Ek word valskermsoldaat ................................................................................ | 67 |
| 20. | Voorbereiding om na Suid-Afrika te vertrek ................................................................................ | 73 |
| 21. | Van Frankryk na SuidAfrika met 'n seilboot ................................................................................ | 80 |
| 22. | My landing in SuidAfrika ................................................................................ | 85 |
| 23. | Hulp van Namakwalanders ................................................................................ | 93 |
| 24. | Ek maak kennis met die Ossewabrandwag ................................................................................ | 100 |
| 25. | Terug na Namakwaland ................................................................................ | 103 |
| 26. | Karel Theron ................................................................................ | 106 |
| 27. | Die Nasionaal-Sosialistiese rebelle ................................................................................ | 107 |
| 28. | My ontmoeting met die hoof van die O.B ................................................................................ | 110 |
| 29. | Ons pogings met die radiosender ................................................................................ | 113 |
| 30. | Botsing met die polisie ................................................................................ | 117 |
| 31. | Die polisie skiet op my ................................................................................ | 124 |
| 32. | Magaliesberg word my tuiste ................................................................................ | 128 |
| 33. | Drie jong Afrikaners betaal die hoogste tol ................................................................................ | 134 |
| 34. | Johannes van der Walt sluit by my aan ................................................................................ | 139 |
| 35. | Dr. J.FJ. van Rensburg veroordeel homself ................................................................................ | 142 |
| 36. | Hoe ek oorrompel is ................................................................................ | 143 |
| 37. | My behandeling en verhoor in die tronk ................................................................................ | 148 |
| 38. | Die O.B.-rigting ................................................................................ | 153 |
| 39. | Ek word in die tronk verhoor ................................................................................ | 156 |

40. Voor die Hooggeregshof .................................................. 163
41. Die doodvonnis word oor tny uitgespreek .................................................. 168
42. My verblyf in die dodesel .................................................. 176
43. In die Appèlhof .................................................. 184
44. My appèl faal .................................................. 188
45. Traangas word gebruik .................................................. 198
46. Op hongerstaking .................................................. 200
47. My verblyf op Baviaanspoort .................................................. 204

# *1. Die Leibbrandts*

In 1911 was die Leibbrandts reeds gevestigde inwoners van die ou Transvaalse hoofstad, Potchefstroom. Die hoof van hierdie tipiese Afrikaanssprekende gesin was Meyder Johannes Leibbrandt. Hy was 'n Vrystater. As plaasseun het hy selfstandig en taai grootgeword. Hoewel hy stil van geaardheid was, was hy 'n baasbakleier en kon hy in die beste geselskap sy man staan. Hy het vir niks gestuit nie.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hierdie lang, blonde jongman na die wapen gegryp. As offisier en veldtelegrafis het hy sy volk en vaderland getrou op die slagveld gedien. Sy enigste broer het, soos duisende ander manne, vroue en Idnders, die hoogste offer op die volksaltaar gele.

Tog het oom John - soos MJ. Leibbrandt later alom bekend was - geen wrok teen die Britte gekoester nie. Sy lang kunstenaarshande het egter snel in beweging gekom as hy met afsku gepraat het van die lafaards en verraaiers in die geledere van sy eie volk.

"Hulle, en nie die moedige Britse soldate nie, was die hoofoorsaak van die gruweldade teenoor ons vroue en kmders. Hulle was die gespuis wat ons meer skade berokken het as die hele Britse mag," het hy altyd met veragting uitgeroep.

Tydens die parlementsitting in 1948 het niemand anders nie as veldmaarskalk J.C. Smuts - die Boeregeneraal van weleer - na sy oud-strydmakker en mede-bittereinder uit die Tweede Vryheidsoorlog verwys as een van die dapperste manne wat hy op die slagveld leer ken het.

Toe vrede op 31 Mei 1902 gesluit is, was oom John rasend van woede. In stede van sy wapen neer te lê, het hy dit teen die naaste klip te pletter geslaan.

Ongelukkig was hierdie ou stryder 'n eienaardige swygsame tipe. Hy het nie oor sy prestasies gepraat nie. Aan my het hy nooit iets vertel nie. Hy het 'n ewige renons in grootpratery gehad. Vleitaal het hy nie geken nie, nie eens teenoor sy eie vrou en kinders nie.

Wat wel gekonstateer kan word, is dat oom John in later jare transportryer was in die toentertydse Duitse kolonie, Suidwes-Afrika. Hoewel hy van Duitse herkoms was, kon hy geen woord Duits praat nie. Hy het wel 'n besondere hoe dunk van die Duitsers gehad, maar verseg om onder hulle te dien. Hy was 'n gebore militaris en kon die drang om soldaat te wees, nie weerstaan nie. In 1912 het hy by die Suid-Afrikaanse Staande Mag in Potchefstroom aangesluit.

Vroeg in 1914 is hy na Graaff-Reinet verplaas. Hier was hy mede-stigter van die nuutgevonde Nasionale Party onder leiding van die grootste Afrikaner wat Suid-Afrika nog ooit opgelewer het, James Barry Munnik Hertzog.

terlik erken: William Joyce en Erik Holm het vir ses lange jare dag en nag gewaarsku teen die Kommunistiese gevaar as Duitsland oorrompel sou word. Elke voorspelling was gegrond op louter logika en gesonde verstand. Daar is nie gedobbel met wensdenkery nie.

Na die oorlog is William Joyce ter dood veroordeel, Hy is in sir Winston Churchill se Engeland tereggestel. Sy niggie, Marguerite Joyce, daarenteen, het haar kinders selde indien ooit gewaarsku. Hulle moes leer om vanaf hulle vroegste kinderjare gevaar te trotseer. Sy het haar kinders geleer dat self-respek meer waarde het as rykdom. Sy was 'n gebore pedagoog en 'n fynbesnaarde en welopgevoede dame. Sy was 'n wonderlike moeder vir haar kinders.

Die eerste kind uit haar huwelik met oom John was 'n dogter. Haar naam is eintlik Rachel, maar almal noem haar Ray. Sy was die oogappel en haar vader se liefling. Op skool was sy skrander. Tuis was sy hulpvaardig en 'n maatjie vir haar moeder, Sy is veral 'n taai en gedugte vegster. Hierdie bewonderenswaardige eienskappe tree later fel op die voorgrond. Sonder aansien des persoons het sy geveg om haar broer se lewe.

Vyf jaar later het mev. Leibbrandt 'n seun gebaar. Oom John was in ekstase. Die Leibbrandts is gered. Hulle sou nie meer uitsterwe nie. Benewens sy afgeleefde vader, was hy en die seuntjie tot in daardie stadium die enigste manlike spruite van die ou stamboom.

Onder die beskermende hand van sy vader het klein Meyder grootgeword. Sy kinderjare was so ineengestrengel met myne dat dit moeilik apart behandel kan word. Vir hom was die lewe nog altyd net 'n grap. Skerts, lag, kwinkslae maak en byname uitdeel, was sy grootste pret.

Op 31 Januarie 1915 is Eben gebore. Met sy lang, slanke vingers kon hy oulik teken en modelleer. Hy is links gebore en staan vandag nog links van die familie. Hy was egter vredeliewend en gewild onder sy maats. Hy was 'n uithaler-bokser. In 1933 het hy die Suid-Afrikaanse middelgewigbokskampioen op Potchefstroom geklop.

Twee jaar na Eben is Elzabe gebore. As kind was sy mooi, mollig en vriendelik. Op Potchefstroom het sy later aan die Normaalkollege gestudeer. Met die Inter-normaal het sy haar span in die hoogspring verteenwoordig. Gedurende die oorlog was sy venynig skerp en uitgesproke. Saam met Eben is sy aangekla van sabotasie. Albei het in die tronk beland. Etlike maande voor haar dood in 1958 het daar 'n berig in die koerant verskyn oor hoe sy vinger-alleen in die nag 'n naturel agternagesit het wat 'n briewetas uit 'n geparkeerde motor gesteel het en hoe sy die tas van hom afgeneem het. Haar kloeke daad is deur die koerante aangeprys.

Gedurende die oorlog het Elzabe met behulp van Martin Brink haar broer Meyder uit die muitere hospitaal op Voortrekkerhoogte help ontsnap. Meyder was toe sersant-instrukteur in die Suid-Afrikaanse Weermag. Toe hy aangesê

is om na die Koorde te vertrek, het hy laat spat. Vir hierdie onbesonne daad is hy gestraf. In die detensiebarakke het sy been kamma skielik seer geword. Om hom by die eetsaal te kry, moes hy ge-abba word.

Later is Meyder na die militêre hospitaal gestuur. Terwyl hy hier was, het Elzabe begin planrte beraam om 'n ontsnapping te bewerkstellig. Nie ver van die hospitaal nie het Elzabe en haar metgesel in 'n motor vir hom gesit en wag. Op die afgesproke oomblik het Meyder, tot groot verbasing van die ander pasiënte, die 100-tree in rekordtyd afgelê. Later het hy op advies van sy vader hom weer by die militêre owerheid gaan aanmeld. Oom John was altyd Meyder se getroue raadgewer en rigtingbeplanner. Hy het sy oudste seun en naamgenoot selfs bygestaan tydens sy verhoor deur 'n krygshof. Meyder is twee maande tronkstraf opgelê. By sy ontslag uit die tronk is hy na die interneringskamp op Koffiefontein gestuur.

Hier het hy, soos wel te verwagte was, met die Ossewabrandwag se kampleier gebots. Hy is na die "Ramkamp" verskuiwe.

Die "Ramkamp" is spesiaal geskep vir die revolusionêre tipes onder die geïnterneerdes. Van Suid-Afrika se beste mensemateriaal was hier te vinde. Onder hulle was Meyder gelukkig. Die veggees was uitstekend. Vir die grappe en pret het hy gesorg. Hoewel oom John sy seun vertroetel en verwen het, was Meyder Johannes Leibbrandt 'n vegter soos min.

Behalwe die eerste gaping van vyf jaar, is die ander kinders almal twee jaar uitmekaar. Dulcie het net na Elzabe gevolg. Sy was uitstekend in sport. In swem en duik het sy uitgeblink. As verpleegster het sy besonder vinnig opgang gemaak. Sy was suster in verskillende hospitale. Uit haar huwelik met Herbert Pentzhorn is 'n seuntjie gebore. Dulcie is in 1949 oorlede.

Regina is die jongste dogter. Sy was die iiefling. As snelskriftikster was sy knap en skrander. Op sportgebied was sy die veelsydigste van die Leibbrandts. Sy het jare vir Noord-Transvaal hokkie gespeel. Saam met Ray het sy gedurende die oorlogsjare onweerlegbaar getoon dat sy van rare kaliber is.

Oloff was die baba. Kort na sy geboorte het die outjie stuipc gekry. Een terugslag na die ander het hom getref. Hy het nooit van al die knoue herstel nie. Die mense op Potchefstroom het van hierdie joviale terggees gehou. Gedurende die oorlog het die mense hom baie lastig geval. Almal wou weet waar sy broer Robey is. Die kafee-eienaars was die grootste sondebokke in hierdie snuffelveldtog. Voordat hy vertel, moes hy eers sy verlangde kwota lekkers, roomys en koeldrank kry. Wanneer hy heeltemal klaar was met smul, het hy sy mond ewe stadig afgevee. Manhaftig het hy dan gesê: "Luister, Menere, ek het julle belowe ek sal julle vertel waar Robey hom bevind, Ek gaan julle vertel. Ek vertel julle nou, ek weet nie."

Tog was hy 'n bedrewe snaarmusikant. Hy kon die Hawaïese ghitaar pragtig bespeel. Daarby was hy 'n bekwame leermeester. Onder sy leerlinge het ook universiteitstudente getel. In 1952 is Oloff aan kanker oorlede.

## *2. Mykinderjare*

Geen van die kinders het oom John en sy gade egter soveel pyn, kommer, vermoeienis en verdriet besorg as juis die derde nie. By geboorte was hy baie klein en heelwat ondergewig, maar seer sekerlik nie kleiner en ligter as duisende ander babas nie. Hierdie seuntjie is op 25 Januarie 1913 op Potchefstroom gebore. Sy naam is Sidney Robey Leibbrandt.

Kort na my geboorte is my vader na Graaff-Reinet verplaas, waar ons tien jaar gewoon het. As gevolg van hierdie verskulwing is ek in die Tweetoringkerk op Bloemfontein gedoop.

Toe Meyder skool toe moes gaan, het hy botweg geweier. Sonder sy jonger boetie wou hy om die dood nie gaan nie.

Só het dit gebeur dat ek reeds op vyfjarige leeftyd kennis gcmaak het met die skoolbanke. Skoolgaan was vir my 'n heerlike avontuur. Nou het ek nie meer "Jan Piet, Jan Pat, Jan Hawersak," geleer nie, maar volbloed-resitasies.

Saterdae het ek en Meyder dikwels saam met die ouer seuns gaan kampeer. Die Van Niekerks was reeds groot. Hulle het digby ons gewoon. Hulle kon al die rook deur hulle neuse uitblaas. Hulle kon goed skiet, het graag baklei en het net soos grootmense gevloek. Teenoor ons kleintjies was hulle ongenadig hard en brutaal. As ons sukkel om die steiltes uit te klouter, het hulle ons aangehelp met daardie wit kadetgordels. Die Van Niekerks het geen verskoning aanvaar nie. "Julle moet manne word," het hulle altyd aan ons gesê. Van die leergordel is goed gebruik gemaak in hierdie Spartaanse opleiding.

Van spoke het ons later eers gehoor. Ons was toe al te groot om veel aandag daaraan te skenk. Oom John het sy kinders geleer dat elke mens sy eie spook is. "As jy skrik, moet jy slaan," het hy ons vertel, "maar weghardloop ... nooit!"

Op die hoek nie ver van ons woning nie, was die dorp se bioskoop gelee. Saans het ons dikwels daarheen gegaan. By die ingang het Meyder die praatwerk gedoen. "My pa sal kom betaal," het hy altyd gesê. Mettertyd het hierdie storie nie meer ingang gevind nie. Ons het 'n ander plan beraam. As die gedrang groot was by die ingang, het ons onder die mense se bene deurgekruip. Ons het nooit by die deur omgedraai nie.

Einde 1918 het die Leibbrandts na Noordstraat verskuiwe. Ons het 'n dubbelverdieping-huis betrek. Hierdie woning was nader aan die Verdedigingsmagskantore en ook nader aan die mark. Die afstand na die skool was nou heelwat groter. Dikwels is ek na die mark gestuur om inkopies te doen. Ewe manhaftig het ek penniegewys teen die grootmense op die botter gebie. My skril seunstemmetjie het die omstanders geamuseer. My moeder het geglu dat haar kinders selfstandig moet grootword.

Vroeg in my lewe het ek die waarde van geld leer ken. Wat ek egter die

beste en die gouste geleer het, was om my vuiste te gebruik. Onder alle omstandighede moes ek leer om my man te staan. In ons huisgesin was en is daar geen lafaards nie.

Ek en Meyder was gedurig slaags met die klonkies. Die "Slag van Bloedrivier" moes dikwels oorgeveg word - kaalvuis. Soos uit die roemryke verlede van ons voorouers, was getalle-oorwig altyd in hulle guns. Van vlug of terugwyk was daar egter geen sprake nie. Ek het opgegroei met die idee dat ek geen nederlaag kan ly nie.

As kind het ek 'n sorgvrye en ongebonde lewe gevoer. Waar stout opgehou het, het ek begin. Strooptogte op ander mense se vrugteboorde was aan die orde van die dag.

My eerste bewuste poging om te rebelleer teen wat ek as radikaal verkeerd beskou het, was in 1922. In daardie jaar is die Voortrekkerbeweging op Graaff-Reinet in die lewe geroep. Die stigter was my klasonderwyser, dr. Japie Heese. Hy was later Uniale voorsitter van die Voortrekkerbeweging. Ek was een van die eerstes om aan te sluit.

Op 'n dag het die Voortrekkers op Tweede Fonteintjie gaan kampeer. Toe dit begin donker word, moes ek tot my ontsteltenis ontdek dat van die ouer seuns aangestel is as monitors oor ons kleintjies. Ons is verbied om tussen die bosse en bome te speel. Ek het bitter teleurgestel en uiters gekrenk gevoel oor hierdie toedrag van sake. Die gedagte dat ander seuns oor my moes baasspeel, het my tot rebelsheid geprikkel.

Ek het dié aand om die kampvuur gesit en broei van boosaardigheid. Op onmiskenbare wyse het ek my misnoeë te kenne gegee. Meyder het hom by my geskaar. Die volgende oggend het vyf ander Voortrekkertjies by ons aangesluit. Ons sou wegbreek van die hoofgroep. Klein Kaltenbrunn, 'n broertjie van die beroemde fietsryer, sou ons gaan wys waar 'n bynes is. Op die terugtog huis toe die oggend het ons stilletjies weggesluip in die rigting van die Vallei van Verlatenheid. Ons het geen voorsiening gemaak vir kos en water nie. Die harde klim en die warm son het almal gou na drinkwater laat smag. Die waterkuil bo-op die berg was droog. Twee het besluit om die vaandel te stryk. Die vasbeslotenheid om voort te gaan, was egter duidelik by die ander te bespeur.

Eerder die nektar uit die aalwynblommetjies suig as om te hensop voor dors. Leonard - ons het hom altyd Baba genoem - was met agt jaar die jongste van die vyf jeugdige rebelle. Sy ouer boetie, Von Welfling Eybers, was fyn en tengerig gebou soos ek, maar 'n regte platjie. Omtrent vieruur die middag het ons by die bynes aangeland. Na veel gesukkel is die nes van al die heuningkoeke beroof en ons het aan die heuning, byewas en jongby gesmui.

Kaltenbrunn was 'n uitstekende gids. Spoedig was ons by die Sondagsrivier. Getroos het ons op die wal gesit - elkeen met 'n droë doringboomwortel tussen die vingers. Ons rook dat die dampe staan. Kompleet soos bedrewe

tabakpruimers word daar kort-kort gespoeg. Die geelbruin vog van die boomwortel prikkel die tong en brand die lippe. Niemand kla nie. Die vernedering is te groot. Ons is mos manne en nke sussies nie!

Die rokery ontaard in 'n spoegkompetisie. Meyder en Von Welfling is die grootste. Hulle spoeg trek die verste. Plotseling word die pret onderbreek. Die hoof van die Voortrekkers verskyn op die toneel. Vinnig word die nog brandende toppertjies in die sand gesteek. Japie Heese se oë vonkel. Om sy mondhoeke plooi 'n ondeunde glimlaggie. Hy blaas deur sy neus. Sy rit is beloon. Die vonds is te groot om nog kwaai te wees. Hy praat nie 'n woord nie. Hy wink vir Leonard en laai hom voor op sy fiets. Die kweperlat het Maandagoggend in die klaskamer al die opgeskorte praatwerk gedoen.

My vader het in 1948 vir die eerste keer van hierdie gebeure verneem. Hy het dit in Die Brandwag gelees. In daardie jaar het sestien artikels oor my oorlogsavonture in dié tydskrif verskyn. Hy was erg ontstoke. Selde het ek my vader so briesend kwaad gesien. Wat hy my alles toegesnou het, sa! beter in 'n dissiplinêre kodeboek pas.

As dril-instrukteur verbonde aan die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag, was my vader onderhewig aan gedurige verplasings. Gevolglik het ek my skoolopleiding aan vyf verskillende skole geniet. Dr. Von W. Eybers was hoof van die Hoer Volkskool op Graaff-Reinet. Dit was die eerste volbloed-Afrikaansmediumskool in Kaapland. Geen prinsipaal het soveel agting en bewondering by ons skoliere afgedwing as hierdie lang, skraalgeboude onderwyser nie. Sy eggenote, "juffrou" Tissa, was 'n genie.

In standerd drie was sy tydelik my klasonderwyseres. Elke tragiese gebeure in ons volk se lydingstryd en wordingsgeskiedenis het sy treffend realisties aan ons geskilder. Een oorlogstoneel na die ander het voor my op die verbeeldingsdoek verskyn.

In my optrede van later jare het mev. E. Eybers onwetend 'n reuse-aandeel gehad met haar geskiedenisklasse in my vormingsjare.

Tissa Eybers het my geskiedenis geleer, maar Japie Heese het my laat resiteer. Op kunswedstryde het ek menige prys verower. Eers was dit "Waghondjies" en later "Jopie Fourie" en "Die Twee Boodskappers". Só 'n diepe indruk het A.D. Keet se heldesang op my gemaak dat dit my seker altyd sal bybly.

Aan al my ou speelmaatjies op Graaff-Reinet, sou ek graag my opregte dank wil betuig vir hulle onbewuste bydrae tot die vorming van my karakter. Ook 'n woordjie van waardering aan Katot. Hy was die beste bakleier onder die klonkies. Indien sy helpers net so moedig soos hy was, sou ek swaarder geleer het aan my ouers se voorskrif om nooit te kapituleer nie.

In Maart 1924 is my vader na Port Elizabeth verplaas. Ons het in Noord-Einde gewoon. Die Mackayskool was digby gelee. Dit was ook die enigste

Afrikaans-georiënteerde skool in die omgewing. Ek was toe elf jaar oud en in standerd vier.

Begin 1925 was ons weer terug op Potchefstroom. Die huis by Kockstraat 44 het nog aan my vader behoort. Die ou sinkgeboue op die skougronde is verdoop na die Hoer Volkskoolgcboue. Hier het ons agtien maande skoolgegaan.

My bekendstelling aan die seuns van die buurt het soos gewoonlik langs kragdadige wee geskied.

Daar is seker min plekke wat ek ken waar die seuns so maklik en lekker baklei het soos op Potchefstroom. Niemand het ooit daaraan gedink om van skollie-metodes gebruik te maak nie. "Jy wen soos 'n held of verloor soos 'n man," was die ongeskrewe leuse van die dorp. In my ou geboortedorp was ek so tuis soos 'n sandgogga in die woestyn.

In Julie 1926 is ons na Bloemfontein. My vader was gelukkig om 'n gewese militêre-huis op Tempe te bekom. Ons het op die bult in die noordwestelike deel gewoon. Hier was besonder lekker maatjies; beter vind jy nie. Aan my was hulle so getrou soos 'n Jonathan van ouds. Ons kinders is almal na verskillende skole gestuur. Ek en Meyder het na Grey-kollegeskool gegaan.

# 3. *My opleiding as bokser*

Op Grey-kollege het ek my eerste les in die nobele kuns van selfverdediging ontvang. My breier was sersant Walker. Ek was toe dertien jaar oud en het 'n skamele 97 pond geweeg. Hoewel dit die tweede maal was dat ek bokshandskoene aangctrck het, was ek heeltemal tuis met die kussing op my hande. In daardie jaar het ek aan die skoolkampioenskappe deelgeneem.

Ek het in een ronde met my teenstander klaargespeel en was in die finaal. Die ander finalis het egtcr geweier om teen my te boks en ek was bokskampioen van die Grey-kollegeskool. Ek het 'n eierkelkie-trofee ontvang. Onder my skoolmaats het ek skielik 'n "held" geword. Eienaardig hoe baie "helde" ons in Suid-Afrika het. Dit is sporthcldc, politieke helde, taalhelde, koerantpapierhelde en die duiwel weet watter soort helde nog. Met weinige uitsondering staan hulle ahnal op kleipote. Is dit nie miskien omrede ons land wemel van fisiese en morele lafaards dat ons so graag praat en skrywe van helde nie? In die buiteland het ek nooit gehoor of gelees van hierdie goedkoop gefabriseerde helde nie.

Op boksgebied het ek in die loop van tyd goeie vordering gemaak. Een aand was ek weer by 'n bokstoernooi. In die finaal was dit teen Len McLaughlin. Hy was toe reeds 'n ervare, blitsige klein bokser. Hoewel drie jaar ouer as ek, was hy twee pond ligter. Ek kon eenvoudig net nie hierdie dartelende, skerpsinnigc klein meester onder skoot kry nie. Len het die beslissing gekry. By my was daar geen sweem van wrok, haat of afguns nie. Ek, Len en Meyder het later boesemvriende geword. Deur sy toedoen het ek daardie aand die bekende Torn Holdstock ontmoet.

Tom Holdstock het die fondament van my boksloopbaan gele. Hy was 'n baie regverdige maar harde leermeester. Tom Holdstock het ons hard en taai geslaan. Dit is geen wonder nie dat nóg ek nóg Len ooit in 'n boksgeveg met die planke kennis gemaak het.

Waar ek met my bokslesse agtcr was, het ek met die kaalvuis ingehaal. Ek was spoedig koning onder die ridders van kaalvuisfaam. Almal by die skool het met hulle moeilikhede na my gekom. Ek was landdros en folterbank gelyk. Die afknou van jonger en kleiner kinders op skool was uit die bose en streng verbode. Hierdie wet het ek self geproklameer en self tot uitvoering gebring. So het dit gebeur dat ek in baie gevegte betrokke geraak het waarna ek nie gesoek het nie.

Op 'n dag is daar weer 'n klag by my ingedicn. Een van die Grey-seuns is deur 'n skrynwerker van die ambagskool toegetakel. Na verdere besonderhede het ek nie gevra nie. Die middag né skool is ek saam met die klaer. Die kerel van die ambagskool het by 'n gebou naby die suidelike hek van ons skool gewerk. Aan toeskouers het dit nie ontbreek nie. Seuns is nou maar eenmaal so: hulle verkies 'n warm vuisgeveg bo 'n stomende bord sop.

"Daar staan hy," het my metgesel opgewonde en half histeries uitgeroep. "Jy het my mos gisteraand onskuldig geslaan. Hier is nou die man wat jy gesê het ek kan maar bring." My segsman het na 'n skrynwerker op die dak van 'n halfvoltooide huis gewys. Die ambagsman het opgehou timmer en my kwaai aangegluur.

"Met daardie vuilgoed wil ek niks te doen hè nie," het hy krities terug-geskree. "Möremiddag by die dieretuin kan hy hom kom dik weet. Ek sal sy moses vir hom bestel."

Die volgende middag was daar bykans 300 skoliere by die dieretuin in die park. Gou word daar na 'n geskikte kol tussen die bome gesoek. Vlakvoor ons in die pad hou 'n vragmotor stil, volgelaai met ambagsmanne. Ahnal veel ouer as ek.

Ek het reeds my boeksak afgehaal en my baadjie uitgetrek.

"Slaan hom vrek. Sy maats met hulle gestreepte skoolbaadjies kan sy lyk wegdra," het die grootste en oudste in die groep gesê. 'n Jong, frisgeboude man het van die vragmotor afgeklim en so 'n entjie regs van my gaan staan. Sy bors was half kaal, sy moue hoog opgerol. In die skadu van die boom het hy half skeel gelyk.

Ek het my hemp dieper in my broek gesteek, toe hy onverhoeds op my af-storm. Ek tree vinnig terug. Sy linkervuis slaan 'n gat in die lug. Ek gooi 'n regterhaak. Hy loop vas in die hou. Soos 'n nat beesvel slaan hy neer. Sy spoed dra hom verder. Hy skuif tot byna by die bak van die vragmotor. Sy luidrugtige aanhitsers begin vloek en raas. Nou is die gort gaar. Drie-vier uitgevrete lummels spring deur die lug. Hulle slaan met woeste vaart. Skoene en vuiste maak 'n bredie van die geveg. My broeksknope spat. Dit skop en slaan aanmekaar. My broek lyk naar van die stof. Die meeste houe is van agter teen my kop gemik. Met alle geweld slaan ek links en regs. My regter-duim hang komieklik slap. Hy is gebreek. Ek voel die pyn. Dit steek soos naaide in my arm op. "Nou of nooit," bons my hart die woorde teen my bors-kas vas. Ek voel 'n floute oor my daal. Sonder verdediging val ek nou aan. Nog een plat. Die ander skrik.

"Dis genoeg," hoor ek vaag. Dit jubel in my hart. Ahnal spring op die vrag-motor. Hulle ry weg. My maats wil my klere help afstof. Ek weier beslis. Dit doen ek alleen. My duim word met 'n nat sakdoek vasgebind. My keel is droog. My kop is vol knoppe geslaan. My gesig makeer skynbaar niks. Moei-saam klim ek op my fiets. Ek ry stadig na Tempe waar my behoeftige dog dapper maatjies woon. Hulle het nooit toegelaat dat of ek 6f 'n ander maat so skandelik in die steek gelaat word nie.

Van hierdie voorval het my ouers eers baie later gehoor. My duim het by gebrek aan mediese behandeling skeef aangegroei. Vandag staan die duim nog soos 'n kombuishoender se toon. Tot aan die einde van 1938 het hierdie stukkie gebreekte been my ontsaglik veel las gegee.

In 1928 was daar groot opgewondenheid by die diereskou in Bloemfontein. Uitgedos in my eerste langbroek, het ek die verrigtinge bygewoon. Kieskeurig het ek op die skouterrein rondgestap terwyl ek gedurig gedink het dat my broek nie vuil mag word nie. Waar die stof te dik lê, het ek op my tone geloop. Kort-kort is die omslag van die broekspype afgestof.

"Anybody to fight the blood-sweating kangaroo from Australia?" hoor ek die uitdagende stem van die aankondiger. Die aankondiging word tot vervelens toe herhaal. Ek stap deur die stof versigtig nader. Aan 'n popspeelhaltertjie word 'n groot kangaroe deur 'n gesette mannetjie rondgelei. Die dierasie wip lomp agter sy baas aan. Die bokshandskoentjies aan sy voorpote laat hom verspot lyk.

Die Grey-kollegeseuns drom om my saam. "Gaan boks teen die kangaroe," por hulle.

"Moenie mal wees nie," verweer ek my. "Die ding kan glad nie boks nie." Die aankondiger se woorde word later 'n eentonige refrein. Die seuns bring hulle vaders en ooms na my. Almal hits my op verskillende maniere aan. Die veglus laai in my op. Die gedagte aan my nuwe langbroek demp die drang. Liggies stof ek my broekspype af.

"As julle dan almal te bang is, sal ek self teen die kangaroe boks," se die kort mannetjie met 'n uittartende en smalende toon in sy stem.

"Hoor wat se die klein vloek. Hy se ons is almal te bang. Jammer ek is al te oud," se 'n ou boer wat net langs my staan. Soos gloeiende ysters brand die woorde in my ore. Dit skroei my siel. Dit worstel met my trots. Die nuwe langbroek is skoon vergete. Met lang hale en swaaiende, arms stap ek na die vermetele bog.

"Bang! Wat praat jy van bang. Ek sal teen die verdomde kangaroe baklei." In my verbeelding sien ek vir Dirkie Uys. Hy jaag met sy perd tussen die gewapende Zoeloes in. Hy wil sy swaar verwonde vader red. Besiel met hierdie gees, stap ek manhaftig na die tent waar die geveg gaan plaasvind. Die mense storm na die gevegsterrein. Die tent is in 'n ommesientjie vol. Die tentklappc word voor toegemaak.

My baadjie trek ek vinnig uit. My moue word haastig en sommer slordig opgerol. Die kort mannetjie trek my handskoene aan. Hy praat Engels. Hy waarsku aanmekaar. Ek verstaan hom goed. Op die speelgronde van die Grey-Kollegeskool praat ons in albei landstale. Dit hang net af hoe die keuse val.

"As jy die kangaroe hard slaan, is daar moeilikheid. Hy gaan jou aan repe skop," babbel hy een stryk deur. My maatjies kyk almal na my.

"Laat hy maar skop soos hy wii. Jy se mos ons is bang. Ek sal hom aan stukke slaan," antwoord ek sonder sigbare vrees.

Die geveg is aan die gang. Die mense skree en lag. Die kangaroe se spitsbekkie is moeüik om met reguit houe raak te slaan. Met linker- en regterswaaihoue tref ek hom keer op keer. Die kangaroe wip soos 'n slaghoender

sonder kop in die met saagsels bestrooide kryt rond. Al weifelend kom hy nader. Ek bly op die aanval. Met sy voorpootjies gryp-voel-gryp hy na my, Aan sy dom boksmetodes skenk ek geen gedagte nie. Sy ogies is net 'n skrefie oop. Hy is nou dig by my. Nog 'n goeie opstopper tref hom in die maag. Hy steur hom nie daaraan nie. Ek loop nou ver voor met punte. Selfs sy eie baas sal dit nie betwis nie. Skielik trap-skop hy met sy agterpote. Hy tref my met sy een poot in die sy. Nog 'n skop. Ek voel 'n brandende pyn in my lies. Die lang naels aan sy agterpote het my stukkend gekrap. "O so, jy skop, jou vervloekte ding," mompel ek terwyl 'n harde regter teen sy kop ontplof.

"Stop! Stop!" kerm die kort mannetjie. Hy staan binne die kryt en wys met sy arms en hande. Die kangaroe wip nou met lang spronge rond.

"Nee, los my. Nou sal hy bars," se ek en stap dreigend vorentoe. Die mannetjie kyk my verbaas aan.

"Kyk hoe lyk jou broek. Jy is half nakend," pleit hy kwaai, dog simpatiek. Ek kyk na my nuwe broek. Skuins voor aan die broek is 'n lang skeur. Op die daad is ek kwaad.

"Nee wag, so kan jy nie voor die vroumense optree nie," maan hy my. Hy vat hardhandig om my pols en probeer die handskoen verwyder. Hy staan nog steeds met sy rug na sy kangaroe. Met een reuse-sprong is die dier reg teen ons. Hy skop na sy baas. Albei pote tref hom in die holte van sy rug. Die mannetjie seil deur die toue en land op sy gesig.

"Moet asseblief nie meer slaan nie," smeek hy vir 'n verandering. "Vandag sal ek hom nooit tot bedaring kry nie."

Die "bloed" aan die kangaroe se bors was kleurstof. Dit het verskriklik gebrand in die krapplekke wat ek opgedoen het.

Daardie middag moes ek die ses myl huis toe loop. Met so 'n sleg geskeurde broek wou ek nie in die bus ry nie. By die huis het ek my broek stilletjies uitgetrek en diep weggebêre. My moeder het van my geveg met die kangaroe gehoor, maar geen woord teenoor my vader gerep nie. Sy was nie kwa*ad oor die skeur in die broek nie. Sy het net geglimlag oor die opmerkings wat sy by die skou oor my en die kangaroe gehoor het.

# *4. Hoe ek myselfgebrei het*

Die kangaroe-episode was gou vergete. Boks kon die besoeker uit Australië beslis nie. Ek het dit derhalwe ook nie as 'n prestasie beskou nie. Die lewe het maar weer sy normale gang gegaan. Of die tergende pyn wat ek later in my sy gevoel het, te wyte was aan die skop van die kangaroc, kon ek nie met sekerheid vasstel nie. Ek was egter genoodsaak om na 'n kuur te soek. Om 'n geneesheer te gaan raadpleeg, was toentertyd benede my opvatting van forse manlikheid, Ek het naarstiglik begin delf na kennis van natuurgcncsing. Toevallig ontdek ek 'n skrif oor die voordele van vas. Die skrywer was die beroemde Tromp van Diggelen. Alles is noukeurig daarin uiteengesit. Om die ingewande te reinig en skoon te hou, moes suiwer gebakte dryfsand gebruik word. Om die maaggasse te absorbeer moes klein stukkies houtskool heel gesluk word. Die daaglikse gebruik van 'n lawement om die opgegaarde gïf-stowwe te verwyder, is as 'n noodsaaklike vereiste voorgeskrywe.

Ek het besluit om agttien dae lank te vas. Dit het beteken agttien dae sonder enige voedsel hoegenaamd, hetsy in vaste of vloeibare vorm. Aan die ander talie voorskrifte van die vastydperk kon ek natuurlik nie voldoen nie. Ek moes skoolgaan, voetbal speel en boks. Om alles te kroon, het die trap van my Fiets ook nog gebreek. Alles kos egter geld en dié het ek nie gehad nie. Die gevolg was dat ek elke oggend die drie myl na die Grey-Kollegeskool met dapper en stapper moes aflê. Met dieselfde vervoermiddel het ek in die namiddag teruggekeer. As ek ylhoofdig en swak voel, het ek 'n glas warm water gedrink. Die stap in die warm middagson met 'n swaar boeksak op die rug, het hoe eise aan my gestel. Om my vader te nader vir die aankoop van 'n trap vir my fiets was buite die kwessie. Nooit het ek my probleme met my vader bespreek nie. Ek het altyd my eie besluite geneem en self die verant-woordelikheid gedra vir die resultate van daardie besluite.

Dat ek nie gedurende die vasperiode 'n geweldige knou gekry het nie, is vir my bykans onverklaarbaar. Juis die teendeel het gebeur. Ek het wonderlik ge-voel. Ek was 'n nuwe mens. Die geskeurde maagspiertjie het heeltemal herstel en die pyn het verdwyn. Die vas op sigself was nie die swaarste nie, maar wel die eerste sewe tot tien dae daarna. Stadig, baie stadig moes ek weer begin om voedsel in te neem. My selfbeheersing is tot die uiterste beproef. Selfkas-tyding was vir my geen nuwigheid nie.

Sedert my vroegste jeug het ek baie belang gestel in liggaamsoefeninge en gesondheidsleer. Die strewe na 'n gesonde en goed ontwikkelde liggaam, was by my 'n obsessie. Alle geskrifte oor hierdie vakke het ek met oorgawe be-studeer. Ek het 'n Spartaanse lewe gevoer. In stede van op 'n matras of 'n katelmat, het ek op planke geslaap. Klapperhaar het die vere in my kussing vervang. Hierdie russtuk vir my kop was skaars twee duim hoog. Geen vleis,

geen soetgebak en geen lekkers het oor my lippe gegaan nie. Ek het ook geen tee of koffie gebruik nie. Van 1929 tot 1937 het ek sonder onderbreking by hierdie resep gehou. Hierdie fanatieke leefwyse van my het ongelukkig baie mense verskriklik veel ongerief aangedoen. Van my het dit onnoemlike opoffer inge geëis. Ek het egter ongesteurd volgehou.

Toe die April-skoolvakansie aanbreek, het ek werk gesoek. Robert Smith, my getroue vriend van Tempe, het my hiermee gehelp. Robert was messelaar van beroep. Ek kon werk kry by dieselfde bou-aannemer waar hy vakleerïing was. Sy amp was om boumateriaal na verlangde plekke aan te dra. Aangesien die werkplek naby Monumentweg was, moes ek en Robert elke oggend agt myl stap. Die beloning vir die week se arbeid was tien sjielings oftewel Rl. Vir my was dit 'n reusebedrag. Ek kon 'n trap vir my fiets koop en die Kaap was weer Hollands.

Dieselfde jaar was daar 'n groot saamtrek in Bloemfontein. Skootkadette van heinde en verre het hierdie kadetkamp bygewoon. Saam met my in die tent was weeshuiskinders. Ek het dit so gereël. Vir my het hulle altyd half verhonger en verwaarloos daar uitgesïen. Ek het hulle bitter jammer gekry. Gelukkig het ek die hoofkok by die veldkombuis goed geken. Van vroeg tot laat het ek vir die weeskinders kos aangedra.

Met die Vrystaatse senior bokskampioenskappe in 1929 het die geluksgodin my toegelag. Ek is saam met Len McLaughlin en Braam Maree gekïes om die Vrystaat op die Suid-Afrikaanse bokskampioenskappe in Kaapstad te verteenwoordig. Ek sou om die liggewigtitel meeding. By die inweeg in Kaapstad moes ek tot my ontsteltenis ontdek dat ek 'n halfpond oor die gewigsgrens was. As weltergewig het ek as sestienjarige geen hoop teen die senior boksers gehad nie. Almal het my aangeraai om my liewer te onttrek. Ek het anders beslis. My geveg teen die Olimpiese bokser Ellis het ontaard in 'n eensydige fiasko. Dit is spoedig stopgesit. Ellis het die Suid-Afrikaanse titel daardie jaar maklik verower. Len McLaughlin het koning gekraai onder die veergewigte.

Op die rugbyveld het ek nogal heel goed gevaar. Sedert my twaalfde jaar was ek gereeld kaptein van een of ander span, totdat ek in 1930 die skool verlaat het.

# 5. *Die lewenstryd*

Einde 1930 het ek die matrikulasie-eksamen met welslae afgelê. My vader was behep met die idee dat ek offisier in die Suid-Afrikaanse Staande Mag moes word. Ek wou egter graag in die regte gaan studeer.

Ongelukkig het ek nie op skool Latyn geneem nie. My vader het hierdie argument as hefboom gebruik om my uit my wensrigting te lig. Ek moes offisier word. Die militêre owerheid het talie aansoeke ontvang vir die aangekondigde kursus op Voortrekkerhoogte, Pretoria. Twintig uitgekose matrikulante sou binne die bestek van agttien maande opgelei word tot die rang van tweedeluitenant. Hulle sou diens doen in die Suid-Afrikaanse Lugmag. Ek was een van die uitverkore twintig en saam met my was ook die latere generaal R.C. Hiemstra wat toe reeds uitgeblink het as 'n knap en skrander kadet. Aan die einde van 1931 is daar op bykans onverklaarbare wyse fout gevind met my aanleg vir die vliegkuns. Gedurende die oorlogsjare is dié bevinding op treffende wyse geloënstraf.

Die dag toe ek die Militêre Kotlege moes verlaat, het 'n donker wolk van teleurstelling en verwarring oor my toegesak. Ek was totaal ontwrig. Verstrooid het die wrakke van my vroeëre ideale langs die pad van my wensdrome gele. Ek was soos 'n blinde wat rondtas. Gelukkig is tyd 'n wonderlike heelmeester. Die sweepslae van die noodlot het my gekasty, gelouter en gebrei. Vandag kan ek filosofies se: *"Ontneem die lewe sy ewige stryd en die daarmee gepaardgaande verantwoordelikheid en die lewe verloor sy dinamiese aantrekkingskrag, en word so immobiel soos die dood."*

Later sou ek leer om sonder 'n gevoel van wrok en haat die verpletterendste terugslae te verduur. In 1931 was dit egter heeltemal anders. Nagte aaneen het ek my lot gele en betreur.

Op Potchefstroom het ek 'n betrekking gekry. Ek was nou wel 'n nonentiteit, maar my vader was stadsraadslid. Die verpestelike beleid van "baantjies vir boeties" is ook op my toegepas. Goddank, dit was die eerste en ook die laaste keer. Ek is aangestel as assistent-superintendent van die munisipale swembad op Potchefstroom. Hoewel ek later 'n pragtige getuigskrif van die stadsklerk ontvang het, was ek alles behalwe gelukkig in my werk. Die onregverdige aanstelling van my as agttienjarige het soos 'n kanker aan my siel geknaag. Dit het regstreeks gebots met my ingebore trots.

Intussen het ek aansoek gedoen by die Suid-Afrikaanse Polisie. My ledige ure het ek aangevul deur boksonderrig te gee. Die parksaal is tot my beskikking gestel. Ek het 'n groot aantal boksleerlinge getrek. Daardie jaar het my boksspan uitstekend presteer. Die Suid-Afrikaanse Weermag was met sy jaarlikse oefeninge bedrywig op Potchefstroom. Oudergewoonte is daar 'n bokstoernooi gereël. Hierdie keer sou my spannetjie die soldate aandurf. Dit was

'n aardigheid om die jong seuns teen geharde mannc te sien optree. Die soldate het die onderspit gedelf. Dit was trouens die eerste keer dat hulle 'n loesiag op die lyf geloop het. Weke lank het ek die seuns ingeprent dat 'n uniform geen towerkleed is nie.

"Ons veg in elk geval nie teen die uniform nie, maar teen 'n mens. Val hom aan en hy moet keer. Slaan hom hard en hy kry seer," het ek hulle my rympie geleer.

Benewens boksonderrig het ek ook twee keer per week aan die dames liggaamsoefeninge gegee. Hoewel ek nooit 'n Don Juan was nie, het die dames tog toegestroom. Om skroomvalligheid teen te werk, het ek alle manlike persone toegang verbied. Later is hierdie bepaling opgehef en 'n gesonde gees het onder my leerlinge geheers.

Tydens die Olimpiese boksproefwedstryde van 1932 was ek nog steeds op Potchefstroom. Aangesien daar toe nog geen Wes-Transvaalse boksunie was nie, kon ek nie deelneem nie. Op 'n ingewing het ek aan die Vrystaatse boksunie geskryf. Indien die Vrystaat my nomineer, sou ek bereid wees om my eie koste te dra. My voorstel is sonder teenstem aangeneem. Ek was in die wolke van opgewondenheid. In 1929 het ek reeds Vrystaatkleure verwerf. Nou wou ek graag die Springbok-kleurbaadjie dra. Op die trein na Durban het ek net gesit en droom. Op Parkstasie, Johannesburg, het die Transvaalse boksspan die trein gehaal. Dave Carstens was die enigste in my gewig in dié span. Ek het hom goed bestudeer en verskeie vrae aan myself gestel. Ek kon niks merk wat hom onoorwinlik kon maak nie. Sy voete was wel groter as myne, maar die kangaroe het hom ver oortref. Ek het toe reeds geweet dat die grootte van ledemate geen aanduiding van boksvernuf is nie. Die wete dat hy die kampioen van Transvaal was, het my nie laat sidder nie. Sy Romeinse neus was ongeskonde. Vir my was dit 'n teken dat hy oor goeie verdediging beskik.

In Durban was ek heeltemal vreemd. Die koerante was vol bespiegeünge oor wie moontlik die Springbokspan sou haal. My naam het glad nie in die lys verskyn nie. "Wild Cat" Mandy, die kampioen van Natal, het die ereplek ingeneem. Ek het heimlik gehunker om hom in die kryt te ontmoet.

Daar was net vier boksers in die ligswaargewigafdeling by die Olimpiese proefwedstryde. My wens is vervul. Die hoog aangeskrewe "Wild Cat" Mandy sou met die enigste Vrystater op die toernooi kragte meet. Toe ek die kryt betree en in die hoek gaan sit, was die opmerkings legio. Ek het my nie daaraan gesteur nie.

Meteens het pandemonium Losgebars. Die Natalse kampioen verskyn in die kryt. Die klok lui. Ek storm op Mandy af. Sy houe land hard en sekuur in my gesig. Die spanning is gebreek. Ek boks ietwat kalmer, maar nie sonder drif nie... My reguitlinker boer in sy gesig. Hy peper my met regter- en linkerhaakhoue. Hy slaan geweldig hard met beide hande. Die klok lui vir die derde en laaste ronde. Ek voel nog vars en vol vuur, Sy regtervuis tref my hard op

die oog. Helder vonkel die sterretjies voor my oë. Ek volg met 'n regterhaakhou met al my krag en gewig daaragter. Dit tref sy ontblote kakebeen. Hy slaan neer, lê plat op sy rug. Sy arms is wyd uitgestrek. Sy oë staar bewegingloos in die lug. Die skeidsregter tel. Dit is blote formaliteit. "Wild Cat" Mandy word na sy hoek gedra...

My regterduim het weer gebreek. Ek het die knellende pyn reeds in die kryt gevoel. Die spanning was egter te groot om daarvan kennis te neem. Daardie nag het ek my hand ure lank in koue water gehou.

Die Engelse pers het my bestempel as die ontdekking van die bokstoernooi. Die dokter het my duim ondersoek en my belet om verder te boks. Dave Carstens is as ligswaargewig saam met die Springbokspan na Los Angeles in Amerika gestuur... Hy en Laurie Stevens het elk 'n goue medalje verower.

# *6. Lid van die S. A. Polisie*

In Maart 1932 sluit ek by die Suid-Afrikaanse Polisiemag aan. Ek is in Troep 51 van die berede afdeling opgeneem. My diensnommer was 15323. Enkele dae na my toetrede tot die Polisie, is ek as troepleier aangestel onder bevel van sersant Landman. Hy was 'n briljante instrukteur en daarby een van die ordentlikste manne in uniform wat ek ooit leer ken het. Later het hy tereg 'n hoe offisiersrang beklee.

Die opleiding wat ek aan die Muitere Kollege geniet het, het my 'n voorsprong bo die ander rekrute besorg. As troepleier is verskillende pligte aan my opgedra. Ek was verantwoordelik vir die netheid van alles en almai in die groot slaapvertrek. Enige onreëlmatigheid moes ek onverwyld by die troepsersant aanhangig maak. Dit het ek egter nooit gedoen nie. Ek het alles volgens my eie aard besleg. Enige persöonlike vete is nie tydelik met redenaarstalent opgelos nie, maar permanent met die vuis. Dit is trouens die enigste oplossing wat die natuur erken en verstaan. Ek het my op geen plek gelukkiger gevoel as daar waar streng dissipline geheers het nie. In Troep 51 het daar 'n aangename gees van kameraderie bestaan.

Indien al die manewales van die rekrute in die Polisie-kollege te boek gestel word, sal dit interessante leesstof verskaf.

In Augustus 1932 het Troep 51 die nodige eksamens afgelê en voor die kommandant op die drilparade uitpasseer as opgeleide en gevolmagtigde konstabels. Ek is gekies om verder opgelei te word as drilinstrukteur aan die Polisiekollege. Die rang van onder-sersant is kort daarna aan my toegeken. Hoewel ek dissipline streng gehandhaaf het, kan niemand 'n vinger na my wys dat ek te eniger tyd 'n rekruut gevloek het nie.

Liggaamsoefening en sport speel 'n hoogs belangrike rol in die opleiding en instandhouding van 'n gesonde gees in die Suid-Afrikaanse Polisiemag. Liggaam, siel en gees vorm 'n eenheid. Verwaarloos die een en ook die ander ly skade.

Van 1932 tot 1935 het ek elke jaar deelgeneem aan die SA. Polisie se bokskampioenskappe. Geen opponent het ooit meer as twee rondes teen my op sy voete gebly nie. Vier jaar agtereenvolgens het ek die wisseltrofee verower, maar, eienaardig genoeg, dit nooit ontvang nie.

Aan die Polisie-Kollege het ek as bokser baie voorregte geniet. Kapt. Roodman, wat toe nog hoofkonstabel was, het onder andere verbied dat ek op stalwag geplaas word. Hy was in bevel van die afdeling vir liggaamsopvoeding en het alles in sy vermoë gedoen om die naam van die Polisie te laat gunster op sportgebied. Dat hy in sy doel geslaag het, kan nie betwis word nie. Vir hom het 'n man se waarde in sy sporttalent gesetel.

In al die j are wat ek uniform gedra het, is daar nooit 'n Mag onder die dissi-

plinêre kode teen my ingebring nie. Een oggend het sersant Landman my wel gewaarsku dat my baard ietwat aan die lang kant was. Dié vermaning het my ontsaglik diep getref.

Die geriewe tot my beskikking gestel, het ek terdeë benut om gedurig in 'n goeie staat van afrigting te verkeer. Ongelukkig het ek in die nastrewe van 'n doel om my in die bokswêreld te laat geld, te hoe eise aan my fisiese kragte gestel. Ek was gedurig ooroefen. Wanneer ek die kryt vir 'n geveg betree, het al my energie in die gimnasium in sweetdruppels opgedroog gele.

In 1933 is die geveg van die eeu in Johannesburg aangekondig. Die beroemde Suid-Afrikaanse swaargewigbokser, Don McCorkindale sou spesiaal vanaf Engeland kom om Young Stribling van Amerika aan te druf, Stribling was 'o bokser van wêreldformaat. Hy het geen geheim daarvan gemaak dat hy Don so pap soos 'n oorryp papaja sou slaan nie.

Die Kommissaris van polisie, kol. LP. de Villiers, was 'n groot sportman met 'n karaktervaste persoonlikheid. Hy het Don tegemoet gekom en vier polisieboksers as oefenmaats tot sy beskikking gestel. Ek, Meyder, Thys en Lewis van Natal is gekies vir hierdie ondervindingryke taak. Ons is. in die sentrale polisiebarakke gehuisves en het elke dag saam met McCorkindale gehardloop, geoefen en geboks. Don se beste wapen was 'n venynige reguitlinker. Hy was kalm en 'n netjiese bokser. As sodanig was hy 'n eksponent van die ou Britse styl. Stribling daarenteen was meer 'n vegter en veral sy linkeropstopper na die maag het my geïmponeer. Ek het hom noukeurig dopgehou en later so gekonfyt geraak in die gebruik van daardie spesifieke tegniek dat ek menige opponent harpuis laat ruik het.

Die beste oefenmaat in die McCorkindale-kamp was Jim Pentz van die brandweer. Hy het Don kort-kort in 'n binnegeveg met 'n onortodokse opstopper onder die ken getref. Ek het Pentz goed bestudeer en sou geen enkele sent verwed op my kanse teen hom in 'n geveg nie. Weinig het ek geweet dat ek vier jaar later onder daardie selfde opstoppers sou deurloop. Ek het die swak plekke in sy verdediging opgemerk en dit later in ons gevegte ten volle uitgebuit. Die ondervinding wat ek as skermmaat teen Don opgedoen het, was 'n bron van krag en selfvertroue, wat onontbeerlik in die bokskryt is.

Die geveg tussen Don McCorkindale en Young Stribling was uiters teleurstellend. Don was oorversigtig en die Amerikaner is deur die Randse hoogtespook aan bande gele. Nog Don nog enige ander bokser kon en kan 'n doeltreffende verdediging ontwerp teen daardie dodelike linkeropstopper na die maag. Dit was ook die hoofoorsaak waarom Don nie meer aanvallend opgetree het nie en ek neem hom dit nie kwalik nie.

# 7. *My strewe om Springbok te word*

Ni my terugkeer in die Polisie-Kollege het ek planne begin smee om 'n ver* plasing na die Goudstad te bewerkstellig. Die waag was egter: hoe? Beserings kan genees en enige interne aangelecnthcid kan met die mes van die chirurg opgelos word. Selfs dit sou geen verplasing na Johanncsburg in die hand werk nie. Skielik een oggend was ek so hees soos 'n broeis makou. Ek het kam ma mediese behandeling ontvang, maar ook dit kon die padda in my keel nie verdryf nie. Intussen kon ek geen parade bywoon nie, want ek was onbevoeg om bevele te gee. Ek was totaal ongeskik as instrukteur. Na 'n lang gesukkel is ek uiteindelik na Hospitaalheuwel in Johannesburg verplaas. Die lewe van 'n berede polisieman op die teerstrate van 'n groot stad is beslis nie met rose besaai nie. Niks kon my egter afskrik nie. Ek was vasberade om die groen en goud kleurbaadjie te dra.

Kol. Du Toit was toe luitenant en in bevel van die polisiestasie waar ek my bevind het. Hy was 'n ywerige sportman en 'n uitblinker in verskillende sportsoorte. Met sy hulp en bystand kon ek gereeld boksoefeninge bywoon. Ek het by Jim Fennesy se boksskool aangesluit. My eerste geveg onder die bekwame leiding van Jim was in die Johannesburgse bokskampioenskappe. Daar was net drie inskrywings in die ligswaargewig-afdeling.

Tot groot vermaak van die toeskouers het ek Young Stribling se boksmetodes nageboots. My eerste opponent was die seun van Nie van der Berg, 'n oud-swaargewigkampioen van Suid-Afrika. Die wenner sou in die finaal te staan kom teen Claude Sterley, die latere Springbok-swaargewigbokser. Voordat ek nog behoorlik uitgerus was né die eerste kragmeting moes ek teen die swaarder, groter en vars Sterley boks. Dit was beslis geen maklike taak nie, tog het al drie beoordelaars my as wenner aangewys. Sterley het later by die Suid-Afrikaanse pollsie aangesluit.

Hoewel ek 'n natuurlike ligswaargewig was, het ek enige swaargewigbokser in die land aangedurf. Onder die beste amateur-swaargewigte wat ek geklop het, was Potgieter. Hy was in 1932 die swaargewigbokskampioen van Suid-Afrika. Ongelukkig was hy hi sy bewegings gekortwiek deur 'n gebrek aan sy voet. Hy was heelwat swaarder as ek en het geweier om te aanvaar dat ek hom die aand in Pretoria die loef afgesteek het. Enkele maande later het ek hom weer in die bokskryt ontmoet, hierdie keer in Johannesburg, waar Potgieter se tuiste was. Dié geveg was nie vooraf bepaal nie en het op 'n eienaardige wyse deur die saamloop van omstandighede werklikheid geword. Potgieter se opponent het nie opgedaag nie en ek was in dieselfde penarie. My teenstander was nogal Tommy Bensch, die latere beroep-swaargcwigkampioen van Suid-Afrika. Hy is weens hierdie vergryp ses maande lank uit die bokskryt geskors. Beamptes van die boksraad het my genader.

"Robey, is jy bereid om teen die swaargewig Potgieter te boks?"

Voordat luule nog kon verduidelik wat die rede vir die sonderlinge versoek is, het ek al klaar ingewillig. Graag wou ek Potgieter die geleentheid bied om voor sy eie ondersteuners die Pretoria-nederlaag uit te wis. Ook wou ek hom oortuig dat my oorwinning in Pretoria geen goedkoop geskenk was nie. Jack Eustice, een van die knapste afrigters in die land, het as raadgewer in my hoek opgetree.

Potgieter het net soos "Wild Cat" Mandy van Natal die fatale fout begaan om my met brute slaankrag van die aarde te wil wegmoker. So 'n poging slaag selde, want 'n bokser wat gespanne is, strem die soepelheid van sy bewegings. Indien die vernietigingsdrang sy hele lewe oorheers, verdof dit sy sintuie en sy reaksievermoë word aan bande gele. Die gevolg was dat Potgieter daardic aand 'n groter locsing op sy lyf geloop het as in Pretoria. Die reguitlinker wat ek teen hom gebruik het, was genoeg om al sy wilde swaaihouc te fnuik.

My hardste en taaiste gevegte as amateur in Suid-Afrika was die drie teen Nic Wolmarans. Ek het hom elke keer geklop. In sy boek "Helde van die Bokskryt" beweer Topsy Smith dat Nic Wolmarans in die bokskryt 'n beslissing oor my behaal het. Hy wy 'n hele hoofstuk aan hierdie verdigsel. Wie dié dramatiese storie aan hom opgedis het, is moeilik om vas te stel.

Twee keer het ek Nic Wohnarans in die ou stadsaal van Pretoria pakgegee. Die derde keer was in die Marksaal, Bloemfontein, tydens 1934 se proefwedstryde vir die Statebondspele. In die tweede ronde het ek hom vir 'n telling van nege op die planke gehad, maar uitslaan kon ek hom nie. Nic was nie alleen besonder taai nie; hy was gedurig op die aanval. Hy was die dapperste man wat ek in die bokskryt leer ken het- Sy boksstyl was op dieselfde lees geskoei as myne, met die gevolg dat ons mekaar soos twee besetenes toegetakel het.

In 1933 was ek en Meyder in die Polisiespan wat na Port Elizabeth gestuur is om aan die Suid-Afrikaanse amateur-bokskampioenskappe deel te neem. Die gevegte het in die Veremarksaal plaasgevind. Meyder het pragtig presteer en die swaargewigtitel ingepalm. Hoewel ek baie las van 'n gekneusde linkeroor ondervind het, het ek tog daarin geslaag om die trotse houer van die ligswaargewigkroon te word. Toe ek die aand by die polisie-barakke kom, was my oor dik opgeswel. Dit is wonderUk hoe die natuur soveel kleure op so 'n klein oppervlakte kan laat saamsmelt.

Van louter pyn kon ek daardie nag nie slaap nie; ek was gcnoodsaak om Jim Fennesy se raad te volg. In die vlammctjic van 'n vuurhoutjie het ek 'n nuwe skeermeslemmetjie ontsmet. Alles was nou reg vir die operasie. Ek het op my tande gebyt en my oor met die linkerhand vasgevat. Daar was geen spieël in die vertrek nie. Ek voel met my vinger waar die swelsel die grootste is. Met 'n stewige greep aan die skeerlemmetjie sny ek my oor. Die bloed stroom uit die wond. Ek keer met my sakdock, maar my slaappak se baadjie bly in die

slag. Ek druk versigtig aan my oor sodat al die opgegaarde bloed kan ontsnap. Wat 'n verligting! Die sny wat die lemmetjie nagclaat het, het die kloppende pyn laat verdwyn.

Terug in Pretoria het ek op advies van ander blomkoolore my beskadigde oor oor 'n bakkie stomende melk gehou. Dit is veronderstel om die oor so taai soos leer en so hard soos 'n Bolandse droëperske te maak. Of dit waai is, weet ek nie. Vandag nog het ek die oor wat vrolik glimtag as jy daarna kyk.

Die Suid-Afrikaanse Polisie het in 1934 'n gedugte span Bloemfontein toe gestuur na die proefwedstryde vir die Statebondspele. Hoewel Meyder die swaargewigkampioen van Suid-Afrika was, is daar besluit dat hy in die middelgewig-afdeling sou meeding om 'n plek in die Springbokspan na Londen. Hierdie dwase en onverantwoordelike beslissing het tot gevolg gehad dat Meyder meer as twintig pond aan gewig moes verloor. Hoe hy dit reggekry het, sal alleen hy weet. In die kryt het hy soos 'n skelet met bokshandskoene gelyk. Daar moet in gedagte gehou word dat Meyder 'n man van oor die ses voet is. J.L. Smith is as middelgewig gekies. Die swaargewigbokser wat die Springbokspan gehaal het, was W. van Rensburg van die Suid-Afrikaanse Polisie. Hy was 'n groot, goed geboude en baie aangename kerel. Hy was, soos tydens die Polisiekampioenskappe bewys is, nie opgewasse teen Meyder in die bokskryt nie. Sulke ongelukkige voorvalle kom alte dikwels in ons sportbedrywighede voor. Veral by die keuse van Springbokspanne word diep wonde geslaan deur skandalige flaters. Nie die sportman het skuld hieraan nie, maar wel die sogenaamde sportadministrateurs.

Toe die Springbokspan die dag aangekondig is, was daar groot opgewondenheid in die Polisie-kollege. Nie minder as vier polisiemannc is gekies om Suid-Afrika op die Statebondspele te verteenwoordig nie. Ek is ingesluit as ligswaargewig-bokser.

Ek was in ekstase oor die wonderlike geluk wat my te beurt geval het. My jeugdroom is verwesenlik en my blydskap het geen perke geken nie. Die Springbokkleurbaadjie het egter nie soos 'n ryp vy in my skoot geval nie. Dit het alles ontsaglik veel volharding en opoffering gekos. Niks wat waardevol en blywend is, word die mens geskenk nie. Indien dit wel so was, sou die mensdom verslap, versleg en eventueel ten gronde gegaan het.

# 8. Die statebondspele

Op die boot het Bertie Sims, die bestuurder van die Springbokspan, my benoem as kaptein van die boksers. Oor die algemeen is boksers nie so prikkelbaar soos atlete nie en verg dit weinig kennis van sielkunde om onder hulle 'n gesonde gees op te bou. Daar was nooit enige teken van jaloesie, nyd of afguns onder hulle te bespeur nie. Die egoïstiese ek moes wyk voor die gemeenskaplike ons. Ons was almal trotse verteenwoordigers van een gemeenskaplike vaderland en die oorwinning van een sou die ander inspireer en tot eer strek. Die spantrots moes dien as waarborg vir die geldelike bydrae en morele steun van die volksgemeenskap van Suid-Afrika. Ons het gevolglik hard en pligsgetrou geoefen.

Die enigste stoeier onder die groep was wyle Mick Cubbin. Hy was 'n besonder stil, teruggetrokke en vasberade kerel. Selfs Johannes van der Walt, die beroemde wonderstoeier van Suid-Afrika, kon hierdie Engelssprekende Suid-Afrikaner nie as amateur klop nie. Vir afleiding het ek dikwels teen Mick gestoei. Nooit sou hy egter van sy meerdere kennis gebruik maak om voor die omstanders te skitter nie. Mick was nederig en in sy nederigheid het sy kollossale grootheid verborge gele. Hy het in 1934 die goue medalje vir Suid-Afrika verower.

Op die boot het George May, die swemmer van Natal, die spangees gestimuleer deur liedjies te komponeer.

In Londen het die Springbokspan naby Hyde Park in 'n hotel tuisgegaan. Van hierdie voorreg het ons boksers gebruik gemaak en gereeld elke oggend in die park gaan oefen. Met elke oefening het ek gekonsentreer op daardie gevaarlike ünkeropstopper na die maag wat Young Stribling so grasieus en doeltreffend kon uitvoer.

Tydens ons voorbereiding vir die Spele het ek gedurig toneelgespeel. Op bombastiese wyse het ek altyd aangekondig hoe ons boksers alles en almal stukkend en uitmckaar gaan slaan. Niemand het dit in 'n ernstige lig beskou nie. Ek het dit uitsluitend gedoen om die geesdrif hoer aan te blaas en die defaitistiese houding van sommige atlete in die kiem te smoor. Baie atlete het hulle kanse om 'n goue medalje te verower, gemeet aan die wisselvallige menings van sportskrywers. Ons boksers was meer geneig om ongunstige bespiegelingc weg te lag en 'n houding te openbaar wat diepe selfvertroue wek.

Die Britse sportskrywers het reeds vroeg voorspel dat die geveg tussen my en George Brennan, die kampioen van die Britse Eilande, die hoofdis van die Spele behoort te wees. Ek het daarop gereageer deur te vertel hoe ek met Brennan korte mette sou maak.

Ek het Brennan in die halfeindronde ontmoet. Die atlete het nie agterweë gebly in die tergery wat my te beurt geval het nie. Toe ek in die hoek van die

bokskryt sit, het daar 'n koue rilling langs my ruggraat afgekruïp. Regoor my i het die Springbokke in een blok gesit.

Die inleidingseremonies is afgehandel. Die klok lui. Ek stap flink na die; middel van die kryt. Ons skud hande en gee 'n pas terug. Brennan skiet 'n: vinnige reguitlinker uit na my gesig. Ek koes weg en sink daardie linkeropstopper met geweld in sy maag. Brennan sak op sy knieë. Byna bars ek uit van die lag. Só het ek my die uitslag voorspel en so het dit gebeur.

My gevoel van oorwinning was van korte duur. Brennan is weer op sy voete. Ek sien hom nog duidelik staan. Sy regterhandskoen naby sy ken teen sy bors vasgedruk; sy linkerarm langs sy sy. Ek storm op hom af. Plotseling dink ek aan wat een aand met Don McCorkindale in Johannesburg gebeur het. Hy het teen die vormalige stoeier Joe Woods geboks. Don het vir Joe van bakboord na stuurboord gemoker. Meteens sak Joe Woods neer op sy knieë. Die skeidsregter tel. By die telling van nege kom Woods moeisaam orent. Sonder enige verdediging of dekking storm McCorkindale op sy skynbaar magtelose opponent af. Woods het daarvoor gewag. Soos 'n donderslag tref Woods se regtervuis sy onbeskermde kakebeen. Don lê plat op sy gesig. Sy oorhaastigheid het hom die geveg gekos.

"Dieselfde gaan nie met my gebeur nie," het dit deur my brein geflits.

Ek is binne trefafstand van Brennan. Ek steek skielik in my spore vas. Ek mik of ek met die linker wil slaan en wag om te sien hoe hy reageer. My regtervuis tref hom op die regterwang. George Brennan leun teen my aan. Sy go is uit. Nog 'n vinnige linkeropstopper laat hom slap neersyg. Hy gee hoegenaamd geen teken dat hy onder die gordel getref is nie. Hy kla ook nie. Hy steun nie eens nie. Hy is 'n ridderlike verloorder.

"Na julle hoeke," beveel die skeidsregter ons.

"Ek het die kampioen van die Britse Eilande binne tien sekondes geklop," juig dit in my hart. Ek was gespanne vir die skeidsregter om my hand omhoog te hou.

"Suid-Afrika gediskwalifiseer!" Dié aankondiging het my soos 'n weerligstraal getref.

"Gediskwalifiseer! Gediskwalifiseer!" het dit deur my kop gemaal. Trane van bittere teleurstelling het vryelik oor my wange gevloei. Sesduisend myl het ek gereis om gediskwalifiseer te word. Ek het Suid-Afrika in die steek gelaat! Wat sal die mense se? Het 'n groter skande 'n sportman al ooit te beurt geval? Waarom is ek gediskwalifiseer? Wat het ek verkeerd gedoen? Brennan weet tog dit is nie waar nie. Hy het nie met woord of gebaar daarop aanspraak gemaak nie. Is dit *British fairplay* waarvan ek soveel gehoor het? Nee, dis 'n vervloekte leuen! Dis niks anders as bedrog nie! Gedagtes het in hierdie trant deur my kop gemaal.

Ek kon nog om 'n derde plek boks, maar daarvoor het ek glad nie lus gehad nie. Bertie Sims het lank en mooi met my gepraat. Uiteindelik het ek inge-

willig. Dit was geen geveg nie, maar net 'n woeste gemaal. My wrok wou ek op die bokser van Ierland afkoel. Hy was glad nie opgewasse vir die taak hom opgelê nie, maar het tog dapper geveg. So swak het ek nog nie in my lang boksloopbaan vertoon nie. Die bronsmedalje is aan my toegeken. Die Ier het sy bokshempie aan my geskenk. Voor op die bors het 'n rooi hand gepryk. Wat dit simboliseer, weet ek nie. Ek weet wel dat George Brennan die goue medalje verower het.

# 9. *Voorbereiding vir die Olimpiese Spele*

By my terugkeer in Suid-Afrika het ek onmiddellik begin oefen vir die Berlynse Olimpiese Spele in 1936. Ek is na Pietermaritzburg in Natal verplaas. Hoewel ek heeltemal tuis was in "Sleepy Hollow", was daar ongelukkig geen skermmaats teen wie ek die nodige boksoefening kon kry nie. Na enkele maande is aan my versoek voldoen en is ek na Sydenham, 'n polisiestasie noord van Durban, verskuiwe. DU was 'n boksersparadys. Hier het ek bykans net van tropiese vrugte en melk gelewe. Hoewel die ander twee polisiemanne wat saam met my dieselfde woning betrek het, ook boksers was, kon ons wel saam oefen, maar nie saam boks nie. Hulle was albei baie ligter as ek. Weer was ek in dieselfde penarie as in Pietermaritzburg en moes ek rondsoek na skermmaats.

Ek het gehoor van die Bantoe-ontspanningsklub in Durban. Sonder veel seremonie of gewetenskwellinge het ek my daarheen gehaas om alles self noukeurig te ondersoek. Van verbasing het ek byna op my rug geval. Die plek was besonder netjies en skoon. Die bokskryt was van die beste wat ek nog in die land gesien het. Die boksers wat ek daar aangetref het, kon wat taaiheid betref, gunstig vergelyk word met die beste in Natal. Daar het 'n baie aangename atmosfeer geheers. Van die tradisionele walm in sekere strooise was daar geen sweempie nie. Die boksers het nooit gepoog om van vuil taktiek gebruik te maak nie. Daarbenewens was hulle goed gedissiplineerd in en buite die bokskryt. As skermmaats was hulle weens hulie taaiheid net die ware Jakob. Met groot sestien ons-handskoene aan, kon ek maar slaan so hard ek wou. Ta het net so af en toe sy kop geskud en dan maar weer na vore getree om my slaankrag verder uit te toets. Wanneer ek moeg word, het ek Young Stribling se gunstelinghou met welslae teen hulle gebruik. Een goedgemikte tinkeropstopper in die maag was genoeg om hulle op die planke te laat krul van magtelose pyn. Totdat die Bantoe meer beskaafde eetgewoontes aanleer, sal sy maag altyd sy Achilleshiel bly.

Tydens 1934 se Suid-Afrikaanse Polisiekampioenskappe in Pretoria het Natal die bokstrofee verower. Hoewel daar net drie boksers in ons span was, het ons tog daarin gcslaag om die meeste punte in te samel.

Die Suid-Afrikaanse bokskampioenskappe van 1935 sou in Kaapstad plaasvind. Ek was in 'n puik toestand van afrigting en het reikhalsend uitgesien na die kragmeting. Net 'n week voordat die Polisie se boksspan na Kaapstad vertrek het, het ek weer my regterduim beseer. Ek het terugslae geken en geleer om sielepyn te verduur. Ek het geweier om met 'n ernstig beseerde hand aan die kampioenskappe deel te neem. My reputasie was op die spel en ek het geweier om met 'n reeks sieklike holklinkende verskonings 'n moontlikc nederlaag te probeer negeer. Hoofkonstabel Roodman het alles in sy vermoë ge-

doen om my hand betyds veggereed te kry. Ure lank het hy met my gesit en redeneer en verduidelik waarom ek aan die kampioenskappe moet deelneem. Hy het al die moontlike teenstanders opgenoem en een na die ander onder die vergrootglas ontleed.

"Nie een kan jou bokshandskoene vasmaak nie," het hy beduie. Ek het my nie aan sy stories gesteur nie. Ek het geweet dat indien ek net aan één geveg kon deelneem, ek wel die oorwinning in my guns kon beklink. My regterhand sou die seël daarop plaas. Daarna sou ek natuurlik magteloos wees, veral as my opponent weet dat my regterhand buite aksie is. Na veel geredekawel en getorring aan my siel het ek later gevoel dat ek onder verpligting staan om aan die kampioenskappe deel te neem. Teensinnig het ek saam met die span gereis. Selfs teenoor my kamerade was ek onvriendelik en kortgebakerd. Met hoofkonstabel Roodman het ek in Kaapstad 'n lelike potjie geloop. My hand het aanhoudend gepyn en dit het my opstandig gemaak.

Die eerste geveg het ek mooi en bestendig met my linkerhand gebotcs. Die eerste ronde was nog skaars twee minute oud, toe lyk dit of my opponent grinnikend na my regterhand kyk. Sy kakebeen het aanloklik in die lug rondgekuier. Met 'n geweldige poging gebruik ek die beseerde hand. My teenstander se kop klap op die planke soos hy val. Die geveg is oor. Maar die finale geveg lê nog voor. Ek sny die handskoenveters met 'n mes om sodoende my hand gouer van die gewig te kan bevry. Die duim skiet sy pyn soos vuurpyle in my arm op. Groot sweetdruppels pêrel op my voorkop. Elkeen wil my graag help en van almal kry ek advies en raad. Die oorwegende mening is dat ek my liefs aan die kampioenskappe moet onttrek. So iets klink na kapitulasie en ek wil niks daarvan hoor nie. My opponent in die emdgeveg was J.L. Smith, die Springbokmiddelgewigbokser wat in 1934 saam met my in Londen was. Ek ken sy styl en weet dat hy glad nie so danig hard kan slaan nie. Hy is egter verbasend vinnig en slaan blitsig. Ongelukkig het my regterhand so gepyn dat ek nie eens gewaag het om een enkele hou daarmee te slaan nie. J.L. Smith het die beslissing gekry.

As senior bokser het ek heelwat meer as honderd gevegte op my kerfstok gehad. Daarvan het ek minstens negentig persent met uitklophoue gewen.

Hoe ek ook my hand gedokter het, was daar geen verbetering te bespeur nie. Die sielkundige effek was dat ek gedurig gesoek het na 'n uitlaatklep vir my opbruisende gevoelens. Ek het 'n skerp bewoorde brief aan die kommandant van die Poh'siekollege gerig waarin ek geprotesteer het teen die vyf-en-tagtig persent Engelse tydskrifte en nuusblaaie in ons onderoffisiere se leeskamer. Ek het geëis dat die Afrikaanse lektuur op gelyke basis met die Engelse geplaas moet word. Genl. Palmer (destyds was hy nog kaptein) het geredelik aan hierdie versoek voldoen. Bo at die offisiere wat ek tydens my diensperiode in die Suid-Afrikaanse Polisie leer ken het, het genl. Palmer soos

'n kolos uitgetoring. Hy was die eerste polisieman wat van die rang van kon- j stabel geklim het tot Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie.

Uiteindelik is daar besluit dat my duim geopereer moes word. Ek is na die J muitere hospitaal op Voortrekkerhoogte gestuur. Die sagte been wat om die menigvuldige breekplekke saamgepak het, moes verwyder word. Die vierduira-! sny aan die buitekant van my duim is selfs vandag nog duidelik sigbaar.

# 10. Instrukteur by die Spoorwegpolisie

Intussen het ek aansoek gedoen om 'n betrekking by die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawe-polisiekollege in Braamfontein, Johannesburg. Gelukkig het ek oor al die nodige kwaliflkasies beskik en is my aansoek goedgekeur. By ontvangs van hierdie goeie nuus in Oktober 1935 wou ek somaar dadelik my ontslag uit die Suid-Afrikaanse Polisie koop. Die nodige bedrag van vyf pond (R10.00) het ek nie gehad nie. Ek het telegrafies met Meyder in verbinding getree en hom gevra om my die geld te leen, Meyder was toe in Bloemfontein en het onmiddeHik op my versoek gereageer. Haastig het ek my ontslagsertifikaat deurgekyk om te sien hoe my gedrag omskrywe was. Die woorde "Seer Goed" het daarop gepryk. Plotseling het ek berou gehad oor al die harde woorde wat ek die afgelope maande kwytgeraak het. Die koeël was egter deur die kerk en ek het my vaste tred voortmarsjeer na 'n nuwe lewe en nuwe vooruitsigte en, helaas ook na 'n nuwe hel.

Twee ander instrukteurs aan die Polisiekollege het hulle betrekkings verkry deur die posisies wat hulle vaders toentertyd beklee het. Ons rang het gelyk gestaan aan dié van 'n adjunk-offïsier in die Suid-Afrikaanse Polisie. Ons uniform was identies aan hulle drag. Net met die intrap in ons nuwe kwartiere het ek en die een jongman 'n uiters skerp woordewisseling gehad. Hy wou weet wie my die reg gegee het om die rekrute te beveel om hulle vensterruite skoon te maak.

"Jy praat nog," het ek hom toegesnou. "Wat soek jy hier sonder enige kwaliflkasies hoegenaamd? Jy is hier ingesmokkel. Indien jou vader dink ek sal enige verdere onreg geduldig sit en opvreet, dan het hy dit mis. Sien jy hierdie pistool?" Met hierdie woorde het ek die pistool wat ek besig was om skoon te maak, in my trommel teruggesmyt. Later moes ek ontdek dat dié twee menere 'n hoer salaris ontvang het as ek. Dit het geen bydrae gelewer om my gemoedstoestand te salf nie. Die hele besigheid het my geïrriteer. My vader het reeds sy misnoeë te kenne gegee omdat ek uit die Suid-Afrikaanse Polisie bedank het. Hy moes seker 'n voorgevoel gehad het dat ek skoon water weggegooi het om by 'n vuil krip te gaan drink.

Om sake te vererger, is 'n onderwyser boonop bevorder tot majoor in die Spoorwegpolisie. Hy was wel woeër 'n luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie, maar het as kantoorklerk totaal niks van poiisiewerk geweet nie. Hy het tydig en ontydig sy opwagting by die opleidingsentrum van die Spoorwegpolisie gemaak. Wat hy daar kom soek het, weet nugter alleen.

Op 'n dag het die rekruut wat in die kantoor werk, haastig na my aangedraf ge kom. Met rooi ink het die majoor 'n tabel in die voorvalleboek geskets wat moes dien as leidraad van hoe alle polisieaangeleenthede in vervolg opgeteken moes word. Ek het die instruksies noukeurig bestudeer. Met 'n dik blou pot-

lood het ek in tamaai letters "KAF' oor die hele blad geskryf. Die rekruut kon sy verbasing nie verberg nie en het my met wydgesperde oë aangekyk.

"Die voorvalleboek moet gehou word soos ek julle geleer het. Indien daar enige verandering aangebring moet word, sal ek dit doen en nie die majoor nie. Is dit duidelik?" het ek streng gevra.

Die volgende dag het die majoor weer by die opleidingskollege besoek afgelê. Oudergewoonte het hy weer die voorvalleboek gevra. Hy wou natuurlik seker maak dat sy bevele uitgevoer word. "Wie het hier *kaf* geskrywe?" het hy gebrul.

Bang en verskrik het die rekruut vertel wat ek die vorige dag gesê het.

"Wat?" het dit in die klein vertrekkie weergalm. Na 'n ruk het hy vervolg "Vergeet maar my instruksies en gaan maar aan soos julle geleer is." Teenoor my het die majoor geen woord gerep nie.

Op 'n dag het ek 'n brief aan die kolonel gerig. Ek het hom beleefd meegedeel dat ek in die vervolg weier om sy seun toe te laat om op die paradeterrein te verskyn. As rede het ek aangevoer dat sy betreurenswaardige houding 'n swak voorbeeld stel aan die rekrute. Eers moes hy leer om regop te staan en 'n militêre houding aan te neem alvorens ek hom weer op parade sou toelaat. Hierop het ek natuurlik geen antwoord ontvang nie. Die seun het ook nie weer saam met my voor dieselfde troep verskyn nie.

Die wete dat ek die enigste van ons drie was wat in alle opsigte voldoen het aan die vereistes gestel aan my as veelsydige instrukteur en polisiebeampte, het my ego gestreel. Dit was derhalwe vir my 'n plesier om my twee kollegas met raad en daad by te staan in die vervulling van hulle pligte. Toe ek egter verneem dat beide van hulle op 'n hoer salarisskaal as ek geplaas was, het ek geweier om langer as leermeester op te tree. Ek het diep gekrenk gevoel. Die verskoning dat beide voorheen in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë was, het nie gestrook met die ware toedrag van sake nie.

# *11. Na die Olimpiese Spele*

In 1936 is ek gekies om Transvaal te verteenwoordig op die Olimpiese proefwedstryde in Port Elizabeth. Ek was gelukkig. Weer is al my gevegte met uitklophoue gewen. Daar was geen twyfel dat ek gekies sou word vir die Springbokspan na die Olimpiese Spele in Berlyn nie. Toe die ranglys wat volgens meriete opgestel was, in die koerant verskyn, was ek stom geslaan. Bo-aan was die van T. Hamilton-Brown, die kampioen van die Westelike Provinsie. My naam het tweede verskyn en dié van Charlie Catterall derde. Charlie was seker een van die beste amateur boksers wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Hy was die enigste een wat daardie jaar 'n silwermedalje verower het, en dit teen besonder sterk mededinging.

Nic Wolmarans het as swaargewig meegeding. Hoewel hy skoonskip gemaak het onder die land se beste swaargewigte, is hy nie gekies nie.

Meyder het ongelukkig nie deelgeneem nie. Kort voor die Transvaalse proefwedstryde het hy sy neus gebreek. Wat gebeur het, weet ek vandag nog nie. Tydens 'n skermoefening in Jim Fennesy se gimnasium het ek hom met 'n regterhaakhou teen sy neus getref. Die bloed het gestroom, maar Meyder het aangehou boks. Na die oefening het hy skertsend gesê: "Die vervloekte Rooibees (dit was sy bynaam vir my) het my met 'n swaargelaaide soplepel op die neus getref." Daar was geen lykskouing nie. Die volgende oggend het sy reukorgaan soos 'n rou patat gelyk. Hy het geweier om die dokter te raadpleeg. "Die arts sal net weer peuter om my neus te spalk, en soos 'n renosterbul loop ek nie in die strate rond nie," het hy met homself gespot.

Nieteenstaande sy lighartige lewensopvatting kon hy hom nooit bevry van daardie knaende afhanklikheidsgevoel nie. Eers was my vader sy anker in die branding van die lewensee, maar later het ek onbewus as plaasvervanger gedien. Meyder het kort na my ook uit die Suid-Afrikaanse Polisie bedank en by die Spoorwegpolisie aangesluit. As hy die week nagdiens doen by die groentemark, het hy selde bedags aan tafel verskyn. Sy kamer het gedurende daardie week gelyk en geruik soos 'n goedkoop Indiërwinkel. Dit was belaai met vrugte wat hy tydens sy diensure by die vrugteboere op die mark gekry het. Sommige boere het selfs vir hom vrugte by sy kamer kom aflaai.

Op 'n dag het dit gebeur dat 'n boer met twee kissies veselperskes voor sy kamerdeur verskyn.

"Wat gaan hier aan?" wou ek ergerlik weet.

"Net twee kissies vrugte vir kolonel Leibbrandt," het die boer met 'n skalkse laggie geantwoord.

Ek het niks gesê nie, maar gewag totdat ek Meyder in die bande kry. Toe hy voor my in die kantoor verskyn, het ek hom kwaai aangespreek.

"Van wanneer af is jy kolonel?"

"Wie se so?" wou hy ondeund weet.

"So 'n ou kalbaspens met sy vlermuisgesig, Ek het hom twee weke gelede al vertel dat ek eersdaags brigadier sal wees. Wat lol hy nog met *kolonelT*

Ek het hom berispe oor sy gekskeerdery met die publiek, maar ek het geweet dat generaal Meyder Leibbrandt die volgende week by die mark aan diens sou wees.

Toe ek in kennis gestel is dat ek my by 'n sekere firma moes aanmeld om my mate te laat neem vir my Springbokbaadjie, het my vreugde opnuut vlam gevat.

Vir my was 'n lank gekoesterde ideaal daarmee verwesenlik. Ek sou na Duitsland gaan en daardie legendariese figuur Adolf Hitler in lewende lywe sien. Ek was toe reeds drie-en-twintig jaar oud, maar het geen belangstelling in politiek gehad nie. Ek het wel deeglik geweet wat Nat en Sap b'eteken, maar dit was ook omtrent al.

Toe ek in 1934 saam met die Springbokspan na Londen is, het ek aansoek gedoen om na afloop van die Statebondspele in Engeland agter te bly om 'n kursus in liggaamsopvoeding te volg. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie het geredeneer dat "Aldershot" Grobler alle kennis reeds in die Polisiekollege toepas. Enige verdere bydrae was derhalwe onnodig en oorbodig. In 1936 het ek weer aansoek gedoen, hierdie keer direk aan die Minister van Vervoer. Wyle adv. Oswald Pirow het my aansoek goedgekeur. Ek kon ses maande onbetaalde verlof kry om in die buiteland te studeer. Die kolonel in bevel van die Spoorwegpolisie het my aansoek by die Minister sterk aanbeveel. Wat die rede vir hierdie welwillendheid was, het ek eers later ontdek.

Om in die buiteland te studeer, het ek geld nodig gehad en ek moes gevolglik my motor van die hand sit om my skrale bankbalans aan te vul.

As ligswaargewig was ek die swaarste van die ses boksers in die Springbokspan; die middelgewig Eddie Peltz was gevolglik my enigste skermmaat. Ons het gereeld elke middag op die boonste dek van die boot geoefen. Hoewel ek sestien-ons-handskoene aangehad het, was ek nog altyd huiwerig om met my volle gewig te slaan. Toe ek wel eendag die slaankrag met my regtervuis wou uittoets, het Peltz vinnig teruggewyk. Die hou was enkele millimeters te kort en 'n geweldige pyn het in my regterelmboog opgeskiet. My elmboog het in die lit gebreek. Die vrees dat ek miskien na Suid-Afrika teruggestuur sou word, het my weerhou om my besering by die bestuurder aan te meld. Hoewel ek verskriklik veel pyn moes verduur, het ek nog gereeld elke dag geoefen. Indien ek toe geweet het dat 'n reguit hou met die regtervuis ingeskroef moet word sodat die kneukels van die ringvinger die opponent se kakebeen tref, sou my elmboog niks oorgekom het nie. Deur die regtervuis na binne te draai, word die elmboog "gesluit" en die skok word deur die skouerspiere opgevang.

'n Bootreis is seker een van die heerlikste ondervindinge wat enige sportman

kan wens om te belewe. Soos gewoonlik, het die boot by Madeira anker gelaat en is ons almal met motorbote na die eiland. Hierdie Portugese vesting is wel nie groot nie, maar die natuurskoon is aangrypend mooi. Vanaf Southampton is ons met die trein na Londen waar ons 'n dag of twee vertoef het. Ons het oor die Engelse Kanaal geseil na die Hoek van Holland en is vandaar met die trein na Berlyn. Die hele stad was versier met Olimpiese vlae. Oral in die strate is in reuse-skrif die Duitse bokser Max Schmeling se oorwinning oor die Amerikaanse Neger Joe Louis verkondig. "Schmeling se oorwinning is Duitsland se oorwinning," het dit in banierskrif daar gestaan. Die volle betekenis van nasietrots het langsamerhand tot my deurgedring en ek het plotseling politiek-bewus geword. Alles wat ek van toe af gesien en ervaar het, het ek politics begin ontleed. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat my vaderland 'n geweldige agterstand het om in te haal.

Die Olimpiese dorp was pragtig gelee. Twee woonhuise is tot die beskikking van die Springbokspan gestel. Luitenant Freiherr von Vietinghof van die Duitse leer was ons gids en gasheer. Die organisasie was onoortreflik en die dissipline en vriendelikheid van die Duitse volk het 'n geweldige indruk op my gemaak. Gelukkig kon ek met die Duits wat ek op skool geleer het regkom, en deur middel van onderhoude het ek 'n vae begrip gevorm van die Duitser se denkrigting. Dit was vir my veral opvallend dat die Duitse soldaat alle range - nie net offisiere nie - gesalueer het. Wat my egter die meeste getref het, was die wyse waarop die Duitsers mekaar gegroet het.

In stede van die tyd van die dag aan te haal, het hulle net "Heil Hitler!" gesé. Ek het aandagtig geluister na die stembuiging om te probeer vasstel of daar nie 'n ondertoon van gedwongenheid in hierdie eienaardige groet was nie. Vir my as leek het dit meer geklink na spontane verheerliking van iemand wat hulle met die grootste agting bejeën het.

Ek was nie in Duitsland op 'n volksmilitêre sending nie, maar om 'n goue medalje vir Suid-Afrika op die Olimpiese Spele te probeer wen. Ek het terdeë besef watter groot verantwoordelikheid daar op my rus en het alles in my vermoe gedoen om my liggaamlik en geestelik voor te berei vir die titaniese kragmeting wat daar op my sou wag. Met verlof van die Duitse opsigter in die Olimpiese dorp, het ek my matras saans op die vloer neergesit en daarop geslaap. In 1934 het ek dieselfde in Londen gedoen. Die blanke vroulike bediendes in die hotel het hulle byna 'n papie gelag vir die grotbewoner uit Suid-Afrika.

Die Duitse joernaliste het hierna gcgryp as voedsel vir hulle sensasiebeluste leserskring. Onder die opskrif: "Die interessantste man by die Olimpiese Spele," het 'n lang artikel oor my in 'n sportblad verskyn. My eet-, slaap- en vasmetodes is breedvoerig beskryf. My leefwyse is deur 'n spotprent uitgebeeld. In stede van die gebruiklike slaansak, het ek 'n pampoen wat aan 'n tou hang, gebruik om my met my afrigting te help.

Later het die sportskrywers my tot gunsteling verhef om die Olimpiese ligswaargewigtitel te verower. Ek het my nie gesteur aan die reputasie van die Duitse beroepswaargewigboksers nie. Tydens skermoefeninge het ek onder hulle ingeseil asof ek die heer en meester van die kryt was, en nie hulle nie. Hoe meer die koerante my as bokser opgevysel het, hoe harder het ek geoefen. Douvoordag wanneer almal nog slaap, het ek teruggekeer van my oefeninge in die veld buite die terrein van die Olimpiese dorp. Ek wou só graag die eerste Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner wees om 'n Olimpiese titel te verower. Sodoende sou ek daarop aanspraak kon maak dat die bewoording op ons Springbokbaadjies ook in Afrikaans aangebring moes word. Dis eienaardig hoe so 'n nietigheid die rebelsheid in 'n mens kan aanblaas. Dit was trouens alles toe te skrywe aan die geweldige invloed wat Nasionaal-sosialistiese Duitsland op my as sluimerende jong man uitgeoefen het.

Geleidelik het ek 'n metamorfose ondergaan. Ek het fanaties begin belangstel in reaksionêre politiek. Eers was ek bereid om in 'n eie geslote kring te stry vir alles wat aan die Afrikanervolk eie is; nou het ek in staat gevoel om daarvoor te *sterwe.*

Hoe maklik is dit nie om hierdie woord met ses letters te skrywe, te se en te sing nie? Later sou ek eers ontdek wat hierdie omvattende woord in sy diepere sin beteken.

Hoe dit ook al sy, die verowering van 'n Olimpiese titel was binne my bereik.

Om hierdie ideaal te verwesenlik, was geen offer vir my te groot nie. Ek het soos 'n besetene geoefen. Die gevolg was dan ook dat ek kort voordat die Spele 'n aanvang geneem het, totaal ooroefen was. Dit was vir my 'n senurowende proses om selfs iemand te sien hardloop. Die doellose verkwisting van energie het my moeg en senuweeagtig gemaak. Vir enige beuselagtigheid het ek kwaad en opvlieënd geraak. Die bestuurder van die Springbokspan was glad nie gediend met die wyse waarop ek my polities uilgelaat het nie. Hy het as Engelssprekende diep gekrenk gevoel oor alles wat ek gesé het en was my later vyandiggesind. Om te verhoed dat die gees van kameraderie onder die Springbokke vergiftig word, het ek die opwelling van politieke gevoelens op die bestuurder afgekoel.

Om nie in 'n goeie staat van afrigting te verkeer nie, mag kommer wek, maar om ooroefen te wees, baar eindelose nagmerries en sweet sonder vog. Ek het geweet dat die enigste teenmiddel teen fisiese afgematheid, rus en nogmaals rus beteken het. Die bestuurder van die Springbokspan het op my versoek om boksoefeninge te staak, gedreig om my weens pligsversuim na Suid-Afrika terug te stuur. Sy houding het my geskok. Hy het op daardie oomblik vergeet dat sy pligte alles behalwe die uitoefening van diktatoriale mag was. Toe ek hom daarop wys, het 'n skerp woordewisseling ontstaan wat geensins bevorderlik was vir ons onderlinge verhouding nie.

Tydens die periode wat ek in die hospitaal afgesonder was vir die behandeling van my elmboog, het ek my lot by die Duitse dokter bekla. Hy het my simpatiek aangehoor, maar geen kommentaar gelewer nie. Met 'n botteltjie vitatnine-tablette in die hand het ek daardie dag die hospitaal verlaat. Dit het algaande tot my deurgedring dat die Duitser 'n vegter bewonder maar 'n slapsak-houding verag. By hulle het ek vir die eerste keer voedsel vir my vegtersgees ontvang.

In die Olimpiese dorp was dit egter nie net altyd oefening en sweet nie. Daar was genoeg afleiding om die gees te stimuleer. Onder die boksers het Jim Fennesy gesorg dat die lagspiere genoeg oefening kry. Die gewieg van die groot Duitse luukse-busse het hom gedurig aan die slaap gesus. Toe die Duitse vliegtuigballon, die Graf Zeppelin, een dag geruisloos bo ons bus verby geweeg, het ek Jim 'n harde stamp gegee.

"Kyk, hier gaan die Graf Zeppelin," het ek opgewonde uitgeroep. Jim Fennesy het hom bloedig vererg.

"Los my uit," het hy half deur die slaap gemompel. "Ek sal die ding more in die koerant sien,"

Om aan die situasie luister te verleen, het Jim met geslote oë in geradbraakte Duits op my gevloek. Almal in die bus het geskater van die lag. Gelukkig het Jim nie die betekenis van die woorde geken wat hy probeer uitspreek het nie, anders sou die vroumense in die bus hulle miskicn vererg en nie net ge-bloos het nie.

Geen Springbokspan sal ooit weer die eer hè om 'n Jim Fennesy saam met hom op toer te hè nie.

Ons boksers was elke aand vroeg in die bed. In die skouburg van die Olimpiese dorp het elke aand 'n film gedraai. Soms is dit afgewissel met 'n verskeidenheidsvertoning. Die artieste was die beste in Duitsland. Die opkomende nuwe Duitsland het alles uit 'n propagandistiese oogpunt benader.

Een aand het ek na die geveg tussen Max Schmeling en Joe Louis op die silwerdoek gaan kyk. Dit was vir my 'n openbaring om te sien dat Schmeling sy beste treffers gelewer het wanneer hy plat op albei voete staan. By elke so 'n hou het Louis met die planke kennis gemaak. Ek het Schmeïing noukeurig bestudeer. Sy bokstegniek kon met die volgende punte saamgevat word: Hy het onder die wildste aanslae en tergendste omstandighede altyd komkommerkoel gebly. Sy boksmetodes was heel eenvoudig en sonder enige tierlantyntjies. Elke beweging was doelbewus. Daar was geen onnodige energieverspilling nie. Die regtervuis het sonder die geringste aankondiging vanaf sy wagtende posisie op die skyf afgeskiet. Sy volle gewig was agter elke regterhou. Behalwe die gawe om altyd kalm te bly, het Max Schmeling besonder goeie oë gehad.

In die Tweede Wereldoorlog was Max valskermspringer en toevallig een van my kamermaats. Op 'n vraag van my waaraan hy sy sukses as voormalige wereldkampioen toeskrywe, was sy antwoord: "Die wil om te wen." Max se

oë het gevonkel van trots toe hy my 'n foto van Adolf Hitler toon wat die Führer aan hom geskenk het.

In die Olimpiese dorp was daar groot bedrywigheid die dag voor die openingsplegtigheid in die Olimpiese stadion. Al die verskillende lande van die wereld wat aan die Olimpiese Spele deelgeneem het, sou in gelid voor Adolf Hitler verbymarsjeer. Ek is gevra om die span af te rig vir hierdie grootse sportparade. Dennis Shore, die gunsteling onder die Springbokke om 'n goue medalje te verower, sou die vlag van Suid-Afrika dra. Die Springbokke het hulle soos geoefende soldate gedra. Al die bevele sou ek in Engels gee. Die dag met die opening van die Spele het alles glad verloop. Op die bevel: "Oë Regs!" het ons almal in die rigting van Adolf Hitler gekyk. Vandag nog weet ek nie wat met my op daardie oomblik gebeur het nie.

Die Führer was van normale grootte en sy liggaamsbou het onder die groep "atletiese tipe" geval. Die bruin uniform wat hy aangehad het, was sonder enige onderskeidingsteken of versiering. Net die Duitse Ysterkruis, wat hy in die Eerste Wereldoorlog vir dapperheid ontvang het, was op sy bors vasgespeld. Soos 'n standbeeld het hy daar gestaan, sy regterarm skuins in die lug voor hom uitgestrek as erkenning van ons eerbewys.

Ek het stip na hom gekyk. Meteens is ek deur 'n vreemde gewaarwording beetgepak. Of dit sy nederige drag of sy magnetiese persoonlikheid was wat my geboei het, weet ek nog steeds nie, maar dit was vir my kompleet of 'n hipnotiese krag my bemeester het. Ek het geen marsmusiek meer gehoor nie en meganies gemarsjeer. Soos 'n outomaat het ek die res van die bevele - "Oë front" en "hoede op" - gegee. Daar was 'n klein verwarring. Die bevel is nie na wense uitgevoer nie. Twee of drie het 'n pas te veel by die terugplasing van hulle hoede op hulle koppe gegee. Dit was alles my fout. By die aanskouing van Adolf Hitler het die Duits-Ierse bloed onstuimig deur my Afrikanerhart gebruis en ek het in my eie moedertaal die bevel gegee. Miskien het ek probeer om die Führer te beïndmk. Ek wou aan hom in die taal van genl. De Wet vertel dat hier voor hom nasate van 'n heroï'ese volk verbymarsjeer. Ek het toe reeds geweet dat Adolf Hitler 'n besonder hoe dunk van genl. De Wet en die Boerevolk in die algemeen gehad het.

Met die Olimpiese Spele in 1936 het 'n nuwe reëling in werking getree. Alle boksers en stoeiers wat nie uitgeskakel is nie, moes elke oggend geweeg en medies ondersoek word. Volgens die inskrywingslys was daar ses-en-twintig lande verteenwoordig in die ligswaargewigafdeling. Volgens berekening moes ek vyf opponente klop om die Olimpiese titel te verower. Die gevegte sou in die reusagtige *Deutschland Halle* plaasvind.

Hamilton-Brown, kampioen van die Westelike Provinsie en eerste keuse in die Springbokspan, het sy eerste geveg verloor. Diep teleurgesteld het hy soos 'n ware sportman die uiters onregverdige beslissing aanvaar. Dit val heeltemal buite die bestek om hier 'n lang jeremiade te lewer oor die skaamtelose ge-

dobbel met beslissings op internasionale sportgebied. Hierdie toedrag van sake is 'n dekselse skande. Dit is hoog tyd dat 'n internasionale wereldraad, bestaande uit hoogs bekwame en beproefde sportmanne, gestig word om hierdie euwel die hoof te bied.

My eerste geveg was teen die Egiptenaar Amin Amid. In vervloë jare kon sy volk wel piramides bou, maar van boksgevegte by die Nyl het ek nog nooit gehoor nie. Met my linkerhand sou ek sy verlede in spykerskrif op sy bakkies uitbeitel en met die regtervuis sou ek hom balsem! So het ek altans geredeneer. Onder groot gelag het ek my voornemens aan Jim Fennesy meegedeel.

In die bokskryt het die Egiptenaar egter dapper en ridderlik geveg. Hy het die taaiheid van sy voorgeslagte oorgeërf en geslaan soos 'n kameel se skop. Gelukkig het ek daarin geslaag om die afstammeling van een van Farao se knegte met die kous oor die kop terug te stuur na sy mede-kameelruiters.

In my tweede geveg het ek Johansen van Noorweë ontmoet. Die beslissing was eenparig. Ek het al drie rondes gewen. Dit is egter geen aanduiding van Johansen se boksvernuf nie. Na my mening was hy die beste ligswaargewigbokser op die Olimpiese Spele. Ek was net gelukkig, dis al.

Intussen het Charlie Catteral al sy gevegte gewen. Ons was albei in die kwarteindronde. My derde geveg was teen Havelka van Tsjeggo-Slowakye, Aan die einde van die tweede ronde het ek hom met 'n moorddadige regterswaaihou teen die kop getref. Hy het teen die toue geval. Voordat ek kon opvolg, het die klok gelui. My hand het skielik geweldig gepyn. Jim Fennesy was by my in die hoek.

"Waarom trek jy jou gevreet so lelik?" wou hy weet.

"My hand, my hand," het ek gekerm. "In hemelsnaam, moet net nie daaraan vat nie."

Die klok het reeds gelui. Ons is in die middel van die kryt. Soos 'n verwonde tier bly ek gedurig op die aanval. My hand pyn so dat ek vergeet om moeg te word. Die geveg was taai en die ronde oneindig lank. Ingee durf ek nie! Ek het meer teen die pyn geworstel as teen die houe wat my getref het. Die klok se gelui het soos 'n heerlike droom tot my deurgedring. Die beslissing was in my guns. Ek het 'n sug van verligting geslaak. Daardie nag het ek rondgerol van pyn. My kussing was die volgende oggend nat van die sweet. My hand was dik geswei en het gelyk asof 'n hele swerm bye dit toegetakel het. Die bestuurder van die Springbokspan het my reeds verwittig van sy beslissing. Hy het beslis geweier om toe te laat dat ek met 'n gebreekte hand die kryt betree.

"Dit is my hand en daarmee maak ek wat ek wil," het ek moeg teëgewerp.

In 'n koma van pyn het ek na die saai gestap om geweeg en medies onder - soek te word. My gewig was reg. Die dokter moes my nog net medies geskik verklaar. Ek het ons bestuurder met die dokter gesien praat. Albei het na my gekyk. Dit was my beurt om voor die arts te verskyn. Eers het hy na my hand en toe na my gekyk.

"Wat het hier gebeur?" wou hy weet.
"Net lig versluit," het ek gelieg.
Versigtig het hy die hand ondersoek. "Kan jy jou regterwysvinger beweeg?"
"O ja, Herr Doktor."
Dit was dieselfde arts wat my die vitamine-tablette gegee het. Hy het my hand in syne geneem en dit gedruk. Ek het gevoel ek gaan flou word. Toe hy dit merk, gee hy skielik skiet. Met 'n ondeunde glimlaggic het hy op 'n papiertjie gekrap en dit aan my oorhandig.
"Gaan na die hospitaal en se vir die suster jy moet 'n uur behandeling kry."
Die elektriese behandeling wat ek ontvang het, het wel die pyn verdoof, maar nie die swelsel veel laat sak nie. Toe ek by die kamp kom, het ek onmiddellik na die bestuurder gestap en vermakerig gesê dat die dokter my medies geskik verklaar het. Die ou man was woedend.
"Wat weet daardie Duitse aap? Ek se jy kan nie boks nie en dit is finaal."
"Ek se ek gaan boks en selfs die duiwel sal my nie keer nie. En wat meer is, möre-aand wen ek nog met dieselfde hand die Oümpiese titel vir Suid-Afrika," het ek grootgepraat.
"Geen Suid-Afrikaner sal jou in jou hoek bystaan nie. Jy kan maar self sien en kom klaar," het hy gesê.
Die nuus het gou deur die Olimpiese dorp versprei dat ek dié aand sonder helpers in die kryt sou verskyn. By die *Deutschland Halte* het twee Duitse mediese studente aangebied om my in my hoek te help.
"Kan julle nie miskien kokai'en vir my in die bande kry nie?" wou ek weet.
"Nou is dit ongelukkig te laat. Indien ons eerder geweet het, kon ons wel 'n plan beraam het. So 'n kokaïen-inspuiting sal jou hand gevoelloos maak teen pyn en jy sal al die beentjies in jou hand kan breek sonder om dit te voel. Dit is egter deksels gevaarlik," het die oudste Duitser gewaarsku.
"Asseblief, kry vir my net 'n spuitjie en 'n bietjie kokaïen," het ek aangehou. Ek is nie alleen bereid om my hande nie, maar ook my arms af te baklei. Dit is uiters noodsaaklik dat ek die Olimpiese titel moet wen."
Terwyl ek in die kleedkamer besig was om reg te maak vir die geveg, het Jim Fennesy, vergesel van Dave Carstens, hulle opwagting gemaak.
"Robey, die bestuurder het ons gelas om saam met jou na jou hoek te gaan, ou maat," het Jim met meegevoel gesê.
Knaphandig het hulle my gehelp verklee en my boksskoene netjies vasgeryg. My hand was te dik geswei om in die agtons-bokshandskoene te gaan. Met 'n mes is die handskoen effens oopgesny en toe weer met hegpleister toegekleef.
Ek en Charlie Catterall was die enigste twee in die Statebond wat tot die halfeindronde deurgedring het. Charlie het reeds sy geveg gewen en was nou in die finaal.
"Net soos jy en Laurie Stevens in 1932 goue medaljes verower het, gaan ek en Charlie nou die kuns herhaal," het ek vol selfvertroue aan Dave Carstens

gesê. "As ek die Fransman net met een regter teen die kakebeen kon slaan, sal hy oor Parys se Eiffeltoring vlieg."

Jim was nie vir pretmakery te vinde nie. Hy was my leermeester en het vir my jammer gevoel. Michelot het met tipiese Franse lewenslustigheid eerste in die kryt verskyn. Hy was die ligswaargcwigkampioen van Europa en 'n ervare vegter. Hoewel hy kort en stewig gebou was, het ek reeds gehoor dat hy nie besonder hard kon slaan nie. Hy het natuurlik gehoor dat my regtervuis buite aksie was, maar het geen waarde daaraan geheg nie. Sy vermoede was dat dit net 'n slinkse plan was om hom in *'a* lokval te lei. Deur gedurig links om te beweeg, het ek gou gemerk dat hy respek vir my regterhand het. Sy vegpatroon het uitstekend in my kraal gepas: hy was 'n maklike skyf vir my reguitlinker. In my hele boksloopbaan het ek selde so lekker met my linkerhand geboks. Ek hef goed gesorg dat ek nie in binnegevegte betrokke raak nie. In so 'n geval sou ek alles in my vermoë moes doen om my regterhand buite die gedrang te hou. Nd die einde van die derde en laaste ronde het ek gevoel dat ek gewen het. Sowel Jim as Dave was daarvan oortuig dat die beslissing in my guns sou wees. Die aankondiging dat Michelot die wenner was, het byna die dak van die *Deutschland Holle* gelig. Die groot Duitse skare het hulle misnoeë en ontevredenheid te kenne gegee deur luid en aanhoudend te fluit. Geen protes in die vorm van gefluit en gejou het al ooit 'n beslissing verander nie, en op die Olimpiese Spele was daar ook nooit so 'n uitsondering nie.

Hoewel diep teleurgestel met die uitslag van die geveg, het ek veel gehad om voor dankbaar te wees. Ek het my bes gedoen. Met twee gesonde hande kon ek wel beter gevaar het, maar beslis nie met een nie. Dit is so beskik en ek het daarin berus. Charlie Catterall het 'n silwermedalje gekry en ek het in sy vreugde gedeel. Die Hgswaargewigtitel is deur Michelot verower. In die finaal het hy die Duitser oortuigend geklop.

Die beste sportambassadeur in die hele Springbokspan was ongetwyfeld Johannes Coleman. Hoewel hy sesde in die marathon geëindig het, het hy vir Suid-Afrika meer reklame gemaak as selfs Catterall met sy silwermedalje. Toe ty aan die einde van die marathonwedren die stadion binnekom, het hy aanhoudend vir die skare gewaai. Die ovasie wat hom te beurt geval het, was selfs groter as dié vir die wenner.

Indien Dennis Shore met die regte temperament bedeel was, sou niemand hom op die Olimpiese Spele geklop het nie. Hierdie seun van Suid-Afrika met sy sonnige geaardheid was voor 'n groot wedren 'n senuweeorrel en kon gevolglik nooit sy beste lewer nie.

# 12. *Met die boksspan op toer*

Teen die einde van die Spele is die Suid-Afrikaanse boksspan uitgenooi om in Duitsland en Switserland te boks. Aangesien geen passasiers in die span toegelaat sou word nie, was ek outomaties uitgeskakel. My versoek om Jim Fennesy as helper in die kryt by te staan, is deur die bestuurder van die hand gewys. Dave Carstens, wat net 'n gas was en geen lid van die span nie, is aangewys om daardie vakante pos te vul. Die begeerte om Switserland te besoek, het vinnig in my opgelaai.

"Ek gaan saam met die Span, al boks ek net met die een hand," het ek later gesê.

Ek is in kennis gestel dat die bokser teen wie ek sou optree, van internasionale gehalte was. Tydens die Duitse Olimpiese proefwedstryde het hy naelskraap in die finaal met punte verloor. Of dit gebruik is as afskrikmiddel, weet ek nie, maar daardie soort doepa het nog nooit met my gewerk nie.

Die Duitse kampioen het verloor teen Michelot. Hy het derhalwe nie veel beter gevaar as ek met die een hand nie. Om my nou te kom vertel dat die tweede beste Duitser van internasionale gehalte is, het net daarop gesinspeel dat ek van geen gehalte was nie.

Die aand in die kryt het ek, vóór die geveg sou begin, oor die luidsprekers laai afkondig dat ek my hand ernstig beseer het en gevolglik nie by magte sal wees om my beste te lewer nie. Hierdie stukkie oorlogstaktiek het uitstekend gewerk.

Die lang, frisgeboude Duitser het my sommer uit die staanspoor met linker- en regterhoue gepeper. Wetende dat ek nie sou waag om met die regtervuis te slaan nie, het hy al roekeloser geword. Sonder enige verdediging hoegenaamd het hy op die aanval gebly. Sy ken was so oop soos 'n waenhuisdeur. Hy het my geniepsig hard gemoker. Ek het my vervies vir hierdie onsportiewe uitbuitery. Die eerste ronde was skaars sestig sekondes oud of ek besluit om my beseerde regterhand met vakansie te stuur. Sy blootgestelde kakebeen het vir my na 'n aanloklike vakansie-oord gelyk. Ek het met my beseerde hand geslaan. Die pyn in my hand het saam met die telling begin, maar nie saam daarmee opgehou nie. Die geveg het vir hom op die vloer geëindig, maar vir my het die lyding toe eers begin. Sy kakebeen was beslis seer, maar my hand het aanhoudend gepyn.

Die rit na Switserland was besonder aangenaam en interessant. Die oggend voor die gevegte in Basel sou plaasvind, het Jim Fennesy soos 'n vader met my gepraat. "Jy is mal om dit met daardie hand in die bokskryt te waag. Jou hele toekoms lê nog voor. Jy is mos nou in Switserland, wat verlang jy nou meer?"

"Ek het in Berlyn gesê ek gaan boks en my belofte gaan ek gestand doen," het ek my driftig verweer.

Kort voor die gevegte sou begin, het albei boksspanne saam in die kryt verskyn. Aan Jim Fennesy, ons breier, is volgens Switserse gebruik, 'n pragtige ruiker oorhandig.

My teenstander, Von Buren, was 'n kort, stewige kerel. Sy ken het agter sy linkerskouer geboer en hy het gou getoon dat hy hom in geen strik sou laat vang nie. Hy het hom toegespits op binnegevegte. Met linkerhaakhoue het hy twee keer my beseerde hand getref en dit het gevoel of ek kon skree van pyn. Toe ek na die tweede ronde in my hoek gaan sit, het Jim uitstekende raad vir my gehad: Ek moes met my regter slaan!

Toe ek né die geveg Von Buren gelukwens met sy oorwinning, het trane van blydskap oor sy wange gerol. Hy het nie beledig gevoel omdat ek dit gewaag het om teen hom, die kampioen van Switserland, met een hand op te tree nie. Jim het aandagtig gestaan en luister na Von Buren se lofbetuiging. Aan die slot het Jim hom hartlik bedank vir die mooi woorde. Ek het geweet dat Jim geen enkele woord Duits verstaan nie, en hoewel ek dik van die lag was, het ek geen woord gerep nie.

Van Switserland is ons met die hiukse-trein, die "Motropa", al langs die Ryn af na Holland. Die natuurtonele was asembenemend. Van Holland is ons na Brittanje.

# 13. *Terug na Duitsland*

Tydens die Olimpiese Spele het ek navraag gedoen na 'n inrigting waar ek 'n kursus in liggaamsopvoeding kon volg. By my aankoms in Londen het ek my soektog voortgesit. Uiteindelik het ek besluit om na Duitsland terug te keer en 'n studie te maak van die Hitler-jeugbeweging. Op Waterloo-spoorweg-stasie het ek van die Springbokspan afskeid geneem en my teruggehaas na die vasteland van Europa. Toe ek weer in Duitsland kom, was daar reuse-voorbereidings aan die gang vir die Rykspartyfees wat in Neurenberg gehou sou word. Deur bemiddeling van dr. Georg Leibbrandt, 'n bloedverwant van my en Ryksampleier onder dr. Roscnberg, het ek 'n uitnodiging ontvang om as gas van die Duitse staat dié grootse verrigting by te woon.

Die feestoneel was in alle opsigte onoortreflik. Om die besoekende diplomate te huisves, is 'n hele klein dorpie op spore saamgestel uit hiukse-passasierswaens. Die bediening en versorging in hierdie dorpie het niks te wense oorgelaat nie. Luidsprekers is aangebring sodat die besoekers gedurig op hoogte gehou kon word van alles.

Vroeg die oggend van die openingsdag het die opmarse begin. Die een regiment na die ander het in die stadion by die Führer verbymarsjeer. Daarna het die müitêr-politieke en volksdienseenhede gevolg. In een stadium het sowat honderd vliegtuie hulle verskyning bo die kolossale stadion gemaak. Die wit vliegtuig van Hermann Göring was aan die spits. Soos vallende blare het hulle op die arena afgeduik en na links en regs weggeswenk. Dit was 'n fees vir die oog.

Een oggend het ek vergesel van 'n SS-offisier die verrigtinge bygewoon. Die opspraakwekkende SS-troepe sou daardie dag hulle verskyning maak. Ons is plekke aangewys digby die podium waar Adolf Hitler gestaan het. Met uitgestrekte regterarms en oorverdowende krete van "Sieg Heil!" is hierdie puik troepe van die Führer begroet. Ek het doodstil op aandag gestaan en hierdie onvergeetlike parade betrag. Toe ons weer gaan sit, is verskillende briefies en notas aan my SS-metgesel oorhandig. Hy het hulle almal aan my voorgelees. Die vuurvreters het hulle skerp uitgedruk omdat ek nie die Nasionaal-sosialistiese saluut gegee het nie.

"Laat hulle maar in hulle onkunde protesteer en brom," het ek my verdedig. "Ek weet nie eens wat Nazi in werklikheid beteken nie."

Die saluut was gegrond op 'n historiese Germaanse vredegroet wat wel nog deur sommige naturellekapteins in Suid-Afrika gebruik word. Vir my as Suid-Afrikaner was dit egter heeltemal vreemd.

Die SS-offisier het reeds by dr. Leibbrandt gehoor wie ek was en het gevolglik net geknik en geglimlag.

Enkele dae na afloop van die manjifieke Rykspartyfees het ek 'n onderhoud

gehad met prof. dr, Carel Kriimmel, hoof van die akademiese fakulteit van liggaamsopvoeding in Duitsland. Hy het my aansoek goedgekeur om aan die Ryksakademie vir Liggaamsopvoeding in Berlyn te studeer. Studente uit alle dele van die wereld het die kursus gevolg. Die studiegeld was uiters billik. Die koste vir losies, onderrig en sportdrag het R10 per maand beloop. Die voedsel was uitstekend en die onderrig, soos ek later self ervaar het, die beste in die wereld.

Ek het pas met die kursus begin, toe ek 'n brief van my moeder ontvang waarin sy my meedeel dat die twee kollegas wat saam met my as instrukteurs aan die Spoorwegpolisie verbonde was, 'n offisierskursus volg. Ek wou baie graag die bevorderingseksamen aflê en het die owerheid per higpos in kennis gestel dat ek te eniger tyd sou terugkeer om eksamen te doen. Volgens die regulasies wat toe van krag was, kon 'n polisiebeampte eers na drie jaar dienstyd enige promosie-eksamen aflê. Aangesien nog ek nog my twee kollegas aan daardie vereiste voldoen het, het ek getwyfel of die inligting wat ek ontvang het, outentiek kon wees. Die feit dat ek geen antwoord op my brief ontvang het nie, het my vermoede versterk dat dit maar 'n hoorsê-storie was. Later toe ek in Suid-Afrika tereggestaan het weens bedrywighede teen die Staat, is daar van Staatskant aangevoer dat my optrede 'n poging was om wraak te neem teen die onreg my toentertyd aangedoen. In die hof het dit aan die lig gekom dat my brief wel hier ontvang is. Die owerheid het dit egter geïgnoreer.

Met die afskeidsfunksie aan die einde van 1936, het ek met gemengde gevoelens die Ryksakademie vir Liggaamsopvoeding verlaat. My beste maat onder die studente was 'n jong Amerikaner, Greider, van Ohio. Prof. Carel Kriimmel het my 'n beurs aangebied om my studies in Duitsland te voltooi. Hy het selfs voorgestel om met min. Oswald Pirow in verbinding te tree om die nodige toestemming te verkry. Die Ryksakademie het een van hulle sportuniforms as aandenking aan my geskenk. In my afskeidsbóodskap het ek die Duitsers lof toegeswaai vir alles wat hulle gedoen het om my verblyf so aangenaam moontlik te maak.

"Binne enkele jare sal ek weer na Duitsland terugkeer," het ek ten slotte gesê.

Die boot van Engeland na Suid-Afrika het oudergewoonte by Madeira anker gelaat. Op 'n uitdaging van 'n paar ouerige dames het ek vanaf die boonste dek in die see geduik. Hulle het verbaas gestaan en toekyk hoe ek sonder begeleiding na die eiland swem.

Uit die dynserige verte het ou Tafelberg soos 'n getroue wag op sy pos aan die horison verskyn. Die newel het soos 'n sluier om sy kruin gehang. Uitgedos in Arabiese drag het hierdie swyende getuie van Stormkaap ons aan sy voet welkom geheet...

Toe ek die oggend op Potchefstroom afklim, het ek net dertig sent in my sak

gehad. Die nuus dat my twee kollegas in die Spoorwegpolisie intussen tot luitenante bevorder is, het my nog armer laat voel as wat ek werklik was. Die onreg het soos 'n kool vuur diep in my siel gebrand. Ek het na my kamerade in Duitsland terugverlang.

# 14. *Ek bedank uit die Spoorwegpolisie*

Die dag toe ek weer as instrukteur my diens aanvaar het, het ek gevoel soos 'n dobberende bootjie op 'n onherbergsame oseaan. Die woeste branders van beplande onreg het meedoënloos oor my kop gespoel. Daar was geen reddingsgordel om my eergevoel te red nie. Die grootste bron van gedurige kwelling was dat ek die verpersoonliking van die onreg my aangedoen nog boonop sou moes salueer.

My protes het verskillende vorms aangeneem. Woorde en skrif word op die wind gesaai en lewer geen oes op nie. Alleen die ewiggeldende daad dra die stempel van die ware innerlike van die mens sowel as van 'n volk. Ongelukkig kon ek die verantwoordelike owerheid nie verpletter nie. Ek kon hulle alleen kasly.

Een oggend was ek besig om aan die rekrute liggaamsoefeninge te gee. Na afloop van die periode het ek vir longoefeninge die rekrute laat sing terwyl hulle marsjeer. Skiclik het die venster in die hoek op die eerste vloer van ons polisiekwartiere oopgeswaai. Met ongeskeerde baard en hare wat soos 'n droë Boesmanlandse graspol gelyk het, het 'n majoor daar uitgekyk.

"Wat gaan hier aan?" wou hy nors weet.

"Ons sing die Transvaalse Volkslied," het ek geroep.

"Staak daardie singery. Ek kan glad nie slaap nie. Dit is net 'n helse lawaai," het hy kwaai gebulder.

"Dis geen hotel hierdie nie, Majoor. Daar bestaan ook geen regulasies wat my verbied om die Transvaalse Volkslied te laat sing nie. Die singery is noodsaaklik. Dit is deel van die rekrute se opleiding. As daar enige klagte is, moet u dit by die kolonel indien en nie by my nie, Majoor." Ek het sonder 'n sweem van parmantigheid gepraat.

Dieselfde middag het ek 'n verfrissingsparade vir gekwalifiseerde konstabels van die Spoorwegpolisie gehad. Dit was verskriklik warm en ek het die manne beveel om na die leeskamer te gaan. Ek het hulle 'n lesing gegee oor die "Regte van Arrestasie". Net die dag tevore het een van die konstabels wat die lesing bygewoon het, 'n behoeftige ou vrou op die treinspoor gearresteer omdat sy 'n paar kole opgetel het. Ek het heftig te velde getrek teen hierdie soort onoordeelkundigheid en die vervolgingswaansin waaraan sommige polisiebeamptes ly.

"Indien jy die arm ou vrou gewaarsku het, sou dit vir so 'n nietige oortreding voldoende gewees het. Om haar egter voor die hof te sleep weens diefstal helder oordag, is verregaande vermetelheid. Só word Kommunisme gekweek en nie bestry nie," het ek gesê.

Een konstabel het dit gewaag om aan my te vertel dat dié soort inhegtenisname op bevel van die majoor geskied het.

"Vergeet die majoor! Hy weet nie eens hoe 'n mens iemand in hegtenis neem nie. Die kriminele onreg wat hier in die Spoorwegpolisie plaasvind, is veel erger as wat enige misdadiger kan pleeg. Indien julle my respekteer omdat ek hierdie kroon op my mou dra, kan julle saam met die kroon na die duiwel vlieg." Met hierdie woorde het ek die metaalkroon van my geskeur en dit deur die oop venster gesmyt.

Enkele dae later het ek die majoor gaan spreek. Ek wou van hom weet wat die toekoms vir my in die Spoorwegpolisie inhou. Vir die eerste keer het hy ordentlik met my gepraat en my meegedeel dat ek binne drie maande luitenant sou wees.

"Watter waarborg het ek vir hierdie belofte, Majoor?" wou ek wantrouig weet.

"Binne drie maande is daar weer bevorderingseksamens. Op my aanbeveling sal jy toegelaat word om te skrywe en jy weet natuurlik wat dit beteken. Jy sal in jou eksamen slaag en tot luitenant bevorder word."

'n Doodse stilte het op hierdie woorde gevolg. In my was daar 'n aaklige vermoede dat my twee oud-kollegas op twyfelagtige wyse offisiersrang gekry het en dat dit my nou by voorbaat op dieselfde wyse aangebied word.

"Baie dankie, Majoor," het ek sarkasties gesê. "Ek is eerder bereid om my liggaam aan die publiek te verkoop as beroepsbokser voor ek my siel op dié wyse hier verkoop." Ek het flink gesalueer en die vertrek verlaat.

Met ope gemoed en hoe verwagtinge het ek tot die geledere van die Spoorwegpolisie toegetree. Diep teleurgesteld het ek nou vaarwel gesê. Weer is aan my die nodige R10 geleen om my uit te koop en weer het ek alleen in die storm van die lewenstryd gestaan.

Ek was egter vasbeslote om eerder 'n trotse verloorder te wees, as 'n eerlose kruiper wat niemand vierkantig in die oë kon kyk nie.

Op my ontslagsertifikaat is my gedrag as goed bestempel. Vir my het dit egter veel meer beteken. Goeie gedrag onder normale omstandighede is beslis geen kuns nie. Om onder sieltergende en uiters vernederende toestande meester van jouself te bly, verg selfbeheersing van die hoogste orde. Ek het in daardie toets naelskraap geslaag, maar nog groter beproewings het my voor die deur gestaan.

Na die Tweede Wereldoorlog het die hoe offisier se seun ook sy ontslag uit die Spoorwegpolisie geneem. Hy was toe reeds luitenant-kolonel en moes uit dieselfde beker drink wat in 1937 daardie ediksmaak in my mond gelaat het. Daar is, volgens bewering, 'n junior offisier oor sy kop bevorder. So maal die meule stadig maar onverbiddelik en sekuur.

# 15. *Ek word beroepsbokser*

Ek het nie lank gesloer om 'n bokskontrak met die "Union Sporting Club" te sluit nie. Dié promotorsliggaam het my 'n bedrag van R2 400 binne agttien maande gewaarborg. Vir geen geveg sou ek minder as R250 ontvang nie. Onder die opskrif: "Leibbrandt Hipnotiseer Promotors", het 'n Engelse koerant van Johannesburg lang kommentaar gelewer oor die fantastiese kontrak.

In Maart 1937 het ek vir die eerste maal sonder 'n bokshempie ('n professionele bokser boks met 'n kaal bolyf) in die kryt getree. Die "Union Sporting Club" was 'n jong liggaam en hulle het alles in die stryd gewerp om van my 'n trekpleister te maak. Reeds in my eerste geveg is ek as hoofdis aangebied. Daar is egter 'n hemelsbreë verskil tussen amateur- en beroepsboks. Dave Carstens het as amateurbokser die Olimpiese titel verower, maar as beroepsbokser het hy nooit enige noemenswaardige sukses behaal nie.

Dit was derhalwe ietwat vergesog om te verwag dat die publiek sommer uit die staanspoor in groot getalle sou opdaag om my in aksie te sien. Die verwagtinge wat die "Union Sporting Club" van my gekoester het, was so geweldig hoog dat ek nagte aaneen nooit geslaap het nie. Die hoofkwelling was nie my vermoë om te wen nie, maar wel om so op te tree dat ek die verbeelding van die skare sou beetpak. Vir die eerste keer sedert my kinderjare was ek verbouereerd en senuagtig in die kryt. Die groot ligte bo die kryt het fel op my neergebrand. Ek het gewens ek het nooit tot die beroepskryt toegetree nie. Ek het gevoel of al die oë net op my gevestig was. Die benoudheid het gedreig om my te versmoor, Ek kon skaars asemhaal.

My teenstander was Torn Porter van die brandweer. Ek het hom goed geken en geweet dat hy 'n moedige vegter was, maar sy vernuf as bokser het my nie juis geïmponeer nie. Die knellende bekommernis en slapelose nagte het my geestelik uitgemergel en my kragtc uitgeput. Ek het slap en pap gevoel. Ek het gevolglik uiters swak vertoon en moes gedurig 'n beroep op my wilskrag doen. Die ses rondes het vir my soos ses uur geduur. Ek het wel die geveg gewen, maar swaar onder die bokskritici deurgeloop.

Met die volgende twee gevegte het dit ietwat beter gegaan en het ek albei met uitklophoue gewen. Van my vierde geveg het ek self as promotor opgetree. Die twee Finse boksers, Salie en Ahlberg, het in twee van die voorgevegte deelgeneem. My teenstander was "Tiny" de Swart, die Goliat van Transvaal. Die stadsaal van Potchefstroom, my ou geboortedorp, was van hoek tot kant vol. Net voor die geveg 'n aanvang sou neem, het ek twee jong seuns na "Tiny" de Swart se kleedkamer gestuur. Hulle moes gaan luister wat die afrigter, Joe Rosella, aan sy bokser se. Die luistervinke het hulle knap van hulle taak gekwyt en waardevolle inligting bekom. Rosella het "Tiny" beveel om die publiek waarde vir hulle geld te gee en my nie te gou uit te slaan nie. Hierdie opdrag het so reg in my kraal gepas.

Toe die klok vir die eerste ronde lui, het ek my opponent vinnig stormgeloop. "Tiny" was skaars uit sy hoek toe ek 'n regter-blufhou na hom gooi. Met die harmoniese swaai van die beweging, stuur ek gelyktydig 'n geweldige linkcrhaakhou van stapel. Die hou tref hom op die punt van sy kakebeen. Soos 'n uitgegroeide sipresbootn het hy uit die hoogte van sy volle lengte neergestort. Die hele geveg, met telling inkluis het uiters dertien sekondes geduur.

Die skeidsregter van die geveg het op 'n wêreldrekord aanspraak gemaak, en dit is ook as sodanig aanvaar.

In my vyfde geveg het ek weer teen Torn Porter geboks. Vroeg in die geveg het ek Torn met daardie linkeropstopper in die broodtrommel getref. Onder die opskrifte: "Going ... Going ... Gone!" het drie foto's in die Engelse dagbladpers verskyn. Dit het duidelik getoon hoe 'n treffer in die maag die senustelsel en liggaam verlam en die kans om gou te herstel, tot 'n minimum beperk.

In Junie 1937 is ek 'n geveg teen Jim Pentz om die swaargewigtitel van Suid-Afrika aangebied. Wyle Ben Foord was weliswaar nog nasionale kampioen, maar het op versoek van die Transvaalse Boksbeheerraad afstand gedoen van die swaargewigkroon. Die Amerikaanse houer van die wereld se veergewigtitel, Pete Sarron, sou in dieselfde program teen Laurie Stevens veg. Stevens was 'n liggewig en Sarron se titel was nie op die spel nie.

Hierdie aanloklike opelug-toernooi is op die ou Wanderers-sportterein gehou, My afrigter, Dolf du Plessis, was 'n lekker kerel om mee saam te werk. Sy geradbraakte Afrikaans wat miskien alleen deur Mike Holt geëwenaar kan word, het my in 'n luitnige stemming gehou. Ek het meer vir sy koddige taal as vir sy kwinkslae gelag. In die vierde ronde van ons titelgeveg het Jim Pentz tydens 'n binnegeveg my linkeroogbank tot op die been oopgesny. Hy het dieselfde hou gebruik waarmee hy Don McCorkindale in 1933 in die gimnasium SO lelik opgekeil het. Die ervare Dolf het met 'n soort bloedsement die wond toegesmeer en dit met 'n handdoek styf vasgedruk. Toe die mediese dokter wat dig by die kryt gcsit het, die sny wou ondersoek, het ek hom die versekering gegee dat dit niks ernstig was nie en dat ek graag wou aangaan met die geveg.

"As hy jou weer 'attack', dan sink jy daardie 'left hook' in sy 'belly'," het Dolf in my oor gefluister.

Toe die klok vir die vyfde ronde lui, het ek vinnig uit my hoek beweeg, "Onthou my 'advice'," het Dolf du Plessis geskree. Ek het nie lank gewag op Pentz om sy lang reguitlinker na my uit te skiet nie. Blitsvinnig het ek onder die hou inbeweeg en die advies van Dolf in letter en gees tot uitvoering gebring. Weer was dit 'n geval van "Going ... Going ... Gone!" en Jim Pentz is op die vloer uitgetel,

Binnc drie maande, met vyf gevegte op die telbord, het ek die gesogte

swaargewigtitel van Suid-Afrika in die beroepskryt verower. Ek wou sommer dadelik na Engeland vertrek, maar kon dit ongelukkig nie doen nie, Jim Pentz, sowel as die koerante, het beweer dat my oorwinning net 'n gelukskoot was. Enkele weke later is weer 'n bokstoernooi op dieselfde terrein georganiseer.

Om 'n bokser van Jim se kaliber die tweede keer met dieselfde hou uit te knikker, is wensdenkery. Ek moes dus noodgedwonge 'n ander hou teen die slaansak uittoets.

"Daardie 'right hook' van jou, behoort hom te 'finish'. Sorg net dat jy mooi 'connect', dan sal die koerante weer 'n 'short tale in a long way' beskrywe," het Dolf opgemerk terwyl ek besig was om die slaansak met regterswaaihoue te peper.

In die tweede geveg het dit my geluk om die wakker en opgeruimde Jim Pentz in die sesde ronde harpuis te laat ruik met 'n regterhaakhou wat ek weke lank onder die bekwame toesig van Dolf du Plessis op visier gestel het. My plek op die boot na Engeland was reeds bespreek. Die kapokgewigbokser, Jimmy Webster, het saam met my oor die Atlantiese Oseaan gereis, Vir hierdie doel het ek R400 aan hom voorgeskiet. Hoe minder ek van hierdie toer en my gevegte in Engeland skrywe, hoe beter is dit vir die bokssport in die geheel. Om sport en politiek in 'n bredie saam te roer, is alleen voedsel vir agitators en nie vir regdenkende mense nie.

# 16. *Ek se vaarwel aan boks*

Na my eerste twee gevegte het ek alle belangstelling in boks verloor. Beroepsboks was egter nie aileen my nering nie, maar ook 'n middel lot 'n doel. Ek het kapitaal nodig gehad om my in die een of ander rigting te bekwaam. Ek wou en moes teruggaan Duitsland toe. Enkele maande lank het ek 'n kursus in masseerwerk en heilgimnastiek in Brittanje gevolg. Ek is later na die "London College of Physical Education". Ons was 'n gesellige klomp bymekaar en ek het die kursus terdeë geniet. Ek is vir praktiese ondervinding na 'n skool ui een van die minder gegoede buurtes van Londen gestuur. Algaande het ek die Engelsman in sy eie land onder verskillende omstandighede leer ken. Ongelukkig was ek maar altesaam ietwat meer as 'n jaar in Engeland en kon ek alleen 'n vae begrip vorm van die diepere sielelewe van die Britse volk. In alle opregtheid en regverdigheid teenoor myself wens ek hier te konstateer dat ek 'n besondere hoe dunk het van die Britse volk in geheel. Ek haas my egter om by te voeg dat ek nog nooit 'n pleitbesorger vir die verderflike Britse politiek was nie.

Na afsluiting van die kursus aan die "London College of Physical Education" is 'n spesiale diploma aan my toegeken. Van alle kante is my lof toegeswaai vir hierdie prestasie. Ek het dit egter in 'n heeltemal ander lig betrag. As Suid-Afrikaner het ek beslis trots gevoel, maar nie as liggaamsopvoedinginstrukteur nie. Die kursus aan die "London College of Physical Education" was kinderspeletjies in vergelyking met die instrukteurskursus aan die Suid-Afrikaanse Polisiekollege.

In Londen het ek by die gesantskappe van verskillende lande navraag gedoen om te verneem waar ek 'n kursus in liggaamsopvoeding kon volg. Niels Buch, die toonaangewende liggaamsopvoedingsdeskundige in Denemarke, was toevallig net besig met 'n internastonale kursus vir dames, en ek het besluit om daarheen te gaan en 'n studie van die metodiek van die Buch-stelsel te maak.

Met my reis van Engeland na Denemarke in 1938 moes ek tot my ontsteltenis ontdek dat 'n jong Sjinese student van die Oxford-universiteit in dieselfde kajuit as ek geplaas is. Met 'n diep Oosterse buiging het my reisgenoot hom aan my bekendgestel. Ewe beleefd het ek sy naam herhaal en myself bekendgestel as *Baas* Robey van Suid-Afrika. Die volgende dag het ek die Sjinees meegedeel dat dit in my vaderland die gebruik is om 'n persoon die dag na die eerste ontmoeting op sy voornaam te noem. Hy het geredelik met hierdie voorstel akkoord gegaan en my gevolglik met Baas voor en Baas agter aangespreek! In werklikheid is die Westerling geensins die baas en meester van die Sjinese nie. Toe die voorsate van die Westerse volke nog in bome rondgeklouter het, kon die Sjinese volk reeds spog met 'n gevestigde kuituur en eeue-oue beskawing,

In die helder strale van die son het Denemarke in al sy prag en praal soos 'n sprokiesland voor ons uitgestrek gele. Dit is trouens hier waar Hans Andersen, in die dynsige atmosfeer van die digbegroeide woude, al sy feëverhale opgetower het.

Niels Buch se Kollege vir Liggaamsopvocding was op die eiland Fühn gelee. Die kollege was pragtig ingerig en het aan al die nodige vereistes voldoen. Die opleiding in swem en gimnastiek was van besonder hoe gehalte. Die beoordeling van die bevoegdheid van studente was streng, dog uiters regverdig. Hoewel die liggaamsoefeninge gedateer het uit die vorige eeu, het Niels dit op knaphandige wyse gemoderniseer en op ritmiese drilmaat gestel. Hierdie soort oefening gaan wel mank aan totaliteit van beweging, maar leen hom uitstekend vir demonstrasiedoeleindes. In Suid-Afrika is die Polisiekollege die uitblinkers op hierdie gebied en kan selfs die Dene by hulle kom kers opsteek.

Van Denemarke is ek na Swede om in Lund te studeer. Die twee lande is maar 'n hanetreetjie van mekaar en tog is daar 'n reuse-verskil tussen hierdie twee Skandinawiese volke. Die Swede is beslis meer vooruitstrewend en gehard as die toegeeflike en vredeüewende Dene. Waar die Swede bereid sal wees om te veg, sal die Dene liefs poog om die moeiükheid weg te redeneer en te vergeet. Dat Ling, die vader en skepper van die wereldberoemde Sweedse gimnastiek, hiertoe bygedra het, glo ek wel. Hy word vandag nog in Swede vereer as die grootste genie op die gebied van gimnastiek wat Swede opgelewer het. Die Lingiade of Sweedse sportfees wat jaarliks gehou word, is na hierdie kolos vernoem. Ling het geglo en bewys dat die mooi regop houding van die liggaam sekere karaktereienskappe openbaar.

Hoe volkome reg hy was, kan baie maklik in die daaglikse lewe vasgestel word. In die Duitsland van Adolf Hitler was 'n persoon se fiere houding die deurslaggewende faktor in die beoordeling van die mens as geheel. Die voorkoms van 'n persoon word deur sy liggaamshouding en nie soseer deur sy gelaat geaksentueer nie. Die trotse houding van die liggaam dui daarop dat die persoon geen lamlendige drilvis is nie.

Om in sy doel te slaag, het Ling baie waarde aan balanseeroefeninge geheg. In teenstelling met die liggaamsoefeninge in Denemarke, is die totaliteit van elke beweging in die Sweedse gimnastiek beklemtoon.

Thulin, die hoof van die Kollege vir Liggaamsopvocding in Lund, was 'n getroue dissipel van Ling. Vyftien verskillende lande was by sy kursus verteenwoordig. Die twee Suid-Afrikaanse dames wat later by my aangesluit het, was puik studente en het op die atletiekbaan sowel as in die gimnasium pragtig vertoon. Hulle het albei met lof geslaag. Aan my is 'n goue medalje toegeken.

Later is ek met die boot na Finland om 'n kursus in muitere Liggaamsopvoeding in Vierumaki te volg. Hierdie spesiale vergunning is aan my toegestaan op voorspraak van dr. Oberholzer van die Fakulteit van Liggaamsopvoeding van die Universiteit Stellenbosch.

Die Finne is 'n besonder vriendelike en aangename volk. Hulle verbasende taaiheid en ontsaglike uithquvermoë dwing mens se bewondering af. Vanaf die vroegste tye hang die nimmereindigende bedreiging van Rusland soos die swaard van Damocles oor hulle. Hulle ken stryd en het geleer om die ergste te verduur sonder om op genade van groter volke te wag. In hulle stoombaddens, wat *sauna* genoem word, word hulle so taai soos ïeer gebrei en so hard soos staal getemper.

Die *sauna* op Vierumaki is 'n klein vertrekkie met 'n vuurherd wat soos 'n oond toegebou is. Onder die rooster word vuur van buite gemaak. Groot, ronde vuurproefklippe word binne die geboutjie op die rooster gepak. Sodra die klippe gloeiend warm is, word water geleidelik daarop gegiet. Die waterdamp in die vorm van stoom vul algaande die hele vertrek. Meer en meer water word opgegiet totdat die vertrek binne stikkend warm is. Breë sitplanke is in terasse aangebring. Eers sit almal onder totdat die longe die hitte van die stoom gewoond raak en dan word al hoer na bo geskuiwe. Wanneer die liggame blink van die sweet, word die vel gekasty deur dit met 'n takkie van 'n denneboom te slaan. Dit word gedoen om die bloedsomloop te bevorder en die vel taai te maak. Na tien of vyftien minute in die hete *sauna* word die liggaam plotseling fel afgekoel deur onmiddcllik in yskoue water te spring. Die proses word 'n paar keer herhaal, Om die dors te les, word 'n lepel room opgeklits in 'n glas warm water gedrink.

Die eerste aand in die *sauna* het die Finne hulle byna 'n papie gelag. Vir my het dit gevoel asof ek in 'n krematorium beland het. Soos 'n mak bobbejaan het ek op hande en knieë op die vloer van die *sauna* rondgekruip om koeler lug te soek.

In een stadium het die stoom my longe só gebrand dat ek daaraan gedink het om by die deur uit te bars. Net die gedagte dat my eergevoel en die naam van Suid-Afrika in die slag sou bly, het my van so 'n kinderagtige daad weerhou. Later het dit veel beter gegaan en het ek selfs die kastydingsproses sonder 'n uiterlike teken van pyn deurworstel.

Die Finse soldaat is besiel met 'n wonderlike gees. Op parades is hy flink en goed gedissiplineerd, maar vriendelik en opgeruimd wanneer hy die gimnasium en sportterrein betree.

Die liggaamsoefeninge van die Finse soldate was meestal daarop gemik om hulle fiks te kry vir maneuvers aan die oorlogsfront. Blitsvinnige beweging en die inname van stellings waar sigbaarheid tot 'n minimum beperk is, was 'n vereiste. Om hierdie oefening deeglik uit te voer, moet die soldate lang ente op die maag seil. Om in volle oorlogsmondering breë waterslote en hoe hindernisse te oorkom, verg ontsaglik veel energie, wilskrag en uithouvermoë. Die Finse soldaat is verbasend taai en hard. Dit is ook geen wonder dat Finland so baie atlete van wêreldgehalte oplewer nie.

Om egter 'n goeie begrip van Finse gimnastiek te vorm, moes ek noodge-

dwonge na die Universiteit vir Liggaamsopvoeding in Helsingfors gaan. Hier het ek geleer dat die Finne hoofsaaklik konsentreer op die soepelheid van die liggaam. Om dit te bewerkstelling, het hulle 'n stokkie van nege-en-dertig duim gebruik, Vir die meeste oefeninge is die stok aan die punte vasgehou. Eers is die een been deurgesteek en dan agter die rug omgebring tot by die ander voet. Die een oefening skakel in by die ander totdat dit voel of jou ruggraat en hele Hggaam van pynlike jellie vervaardig is. Die Finne het beweer dat die bekken die as is waarom elke totale beweging van die liggaam draai. Dit was derhalwe niks vreemds as 'n Finse atleet 'n uur of meer net sy bekkenspiere staan en oefen nie.

In Finland het die begeerte by my ontstaan om Kommunistiese Rusland te besoek en 'n studie van hulle metode van liggaamsopvoeding te maak. Die Russe het verlang dat vier foto's my aansoek en paspoort moes vergesel. Dit mag foutief wees, maar ek het tóg gevoel dat daar by die Russiese konsulaatkantore in Helsingfors van my 'n foto geneem is. Ek is nie in die gebou toegelaat nie, maar moes by 'n bestellingsvenstertjie die doel van my besoek verduidelik. Die Russiese beampte het in vloeiende Engels met my gepraat en my streng formeel behandel. Na ongeveer veertien dae is my meegedeel dat my aansoek geweier is.

Later toe ek weer in Duitsland aanland, moes ek van dr. Georg Leibbrandt verneem dat twee Leibbrandts kort tevore in die Öekraïene tereggestel is weens hulle bedrywighede teen die Kommunistiese bewind. Hoe hierdie ongelukkige voorval my geraak het, sal die Russe alleen weet.

Intussen is aan my toestemming verleen om aan die Universiteit van Pilsudski in Warskou te gaan studeer. Om Pole te bereik, moes ek met die trein en boot deur Litaue en Estland reis. Ongelukkig was dit mistige weer en kon ek nie veel van hierdie lande sien nie. In Riga het ek op onverklaarbare wyse R50 op die perron verloor. Ek het onmiddellik my verlies by die polisie aangemeld. Enkele dae later het ek van hulle berig ontvang dat my geld gevind is. In onomwonde taal is egter bygevoeg dal ek 'n derde van die bedrag aan die vinder sou moes afstaan. Ek het geredelik met hierdie bepaling in die wet akkoord gegaan en twee-derdes van my verlore geld terug ontvang.

Aan die Pilsudski-universiteit was daar gelukkig twee studente uit Amerika wat uitstekend Pools kon praat. Hulle het gedurig as tolke opgetree en ek kon darem 'n vae idee kry van alles wat aangaan. Pole was die enigste land waar ek niks kon leer wat my kennis van liggaamsopvoeding kon aanvul nie.

Moeilikheid het in Tsjeggo-Slowakye uitgebreek en ek was genoodsaak om met die vliegtuig na Hongarye te reis. Ek was op pad na Boedapest om daar 'n kursus in liggaamsopvoeding te volg. Tot my vreugde het ek daar vir Botha van Pretoria ontmoet. Hy was beslis 'n skrander student en het veel daartoe bygedra om my studies interessant en leersaam te maak. Die Hongare was by

uitstek swemmers en hulle liggaamsoefeninge was merendeels op militêre lees geskoei.

Hulle het uitgegaan van die standpunt dat alleen 'n gesondc liggaam huisvesting bied aan 'n gesonde gees. Ek kan nie se dat die Hongaarse metodes my werklik geïmponeer het nie. Dit doen egter geensins afbreuk aan my bewondering vir die Hongare as 'n dapper en standvastige volk nie.

Kort na my aankoms in Boedapest was ek een aand saam met 'n paar studente in een van die talie nagtelike bierlokale. Toe die eienaar hoor dat ek 'n Boer uit Suid-AMka is, het hy die nuus oor die luidspreker aangekondig. Die reaksie was dat ek oorval is met handdrukke van talie belangstellendes. Bykans elke Hongaar het geweet wie daardie dapper volkie aan die suidpunt van Afrika is.

Met 'n gevoel van toegeneentheid teenöor die Hongare het ek in Desember 1938 hulle pragtige land verlaat om my kursus aan die Ryksakademie vir Liggaamsopvocding in Duitsland te voltooi. Aangesien dit reeds winter was en die waters van die Donou plek-plek verys was, moes ek my reis per trein voortsit. In Berlyn is ek met ope arms ontvang. Prof. dr. Carel Krümmel het geweet van my koms en het my hartlik welkom geheet. Sonder 'n sweem van terughoudendheid het hy my vertel hoe bly hy was dat ek my woord gestand gedoen het.

# 17. *My opleiding in Duitsland*

Aan die Ryksakademie vir Liggaamsopvoeding het ek vier Suid-Afrikaners ontmoet. MJ. Pienaar van Rustenburg was student aan die Universiteit van Pretoria en het na Berlyn gekom om 'n gevorderde kursus in liggaamsopvoeding te volg. Met die uitbreek van die Tweede Wereldoorlog het hy 'n oulike Duitse nooientjie getrou. Oor die Duitse radio-omroep was hy bekend as Neef Buurman en baie Suid-Afrikaners wat na Zeesen ingeluister het, sal hom nog aan sy pittige gesegdes onthou. Dr. Danie Graven van rugbyfaam het 'n onderwyserskursus saam met nog twee ander Suid-Afrikaners gevolg.

Net soos Ling die vader van die Sweedse gimnastiek is, is Frederick Ludwig Jahn die skepper van die liggaamsopvoeding wat Nasionaal-Sosialistiese Duitsland onder die glorieryke leiding van Adolf Hitler groot en magtig gcmaak het.

In die Duitsland van daardie tyd is daar konsekwent van politieke liggaamsopvoeding gepraat. Die rede vir hierdie benaming lê voor die hand. Volgens die Nasionaal-Sosialistiese opvatting is die mens 'n politieke wese en behoort hy met geheel sy hart, siel, liggaam, gees en verstand aan daardie volk waaruit, waarin en vir wie hy gebore is. Dit is derhalwe die heilige plig van elke volksgenoot om die eiendom van sy volk tot die hoogste grens van ontplooiing te ontwikkel, te staal en te smee tot eer van die volksgemeenskap. Ter ver-wesenliking van hierdie ideologiese stelling, is dit die *Staat* se plig om die nodige geriewe te skep. Onder die slagkreet: "Meer sportvelde en minder hos-pitale," het die Duitse volk gegroei en gebloei tot 'n sterk veerkragtige en geestesgesonde gemeenskap.

Daar is ontsaglik veel klem gele op die oefeninge waar waaghalsigheid die botoon gevoer het. Die praktiese lewe en veral die slagveld bewys duidelik dat 'n sterk en gesonde liggaam sonder die nodige moed en durf van weinig waarde is. Deur middel van sy liggaam is die Duitser opgevoed om 'n roemryke rol te speel in die muitere verdediging van alles wat vir sy volk edel, skoon en heilig was.

Om 'n volledige beeld te skep van alles wat met liggaamsopvoeding in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland nagestrewe is, sal 'n iywige boekdeel verg. Die waag is egter of liggaamsopvoeding ooit 'n grootser nut kan hè as wat hier ligweg geskets is?

Die Ryksakademie vir Liggaamsopvoeding was naby die Olimpiese stadion en het deel uitgemaak van die Ryksportterrein. Dit het in alle opsigte voldoen aan die vereistes van selfs die kieskeurigste student.

Kubetska, een van my kamermaats, was die beste kameraad wat ek ooit in Duitsland leer ken het. Hy was 'n Studeten-Duitser en 'n onverskrokke vegter vir die idee van Adolf Hitler. Oor die Tsjegge en hulle uittarting en dwang-

rnetodes kon hy nooit uitgepraat raak nie. Skuins oorkant my het Abbas geslaap. Hy was 'n Libanees uit Holland en sy vernaamste kenmerk was dat sy voete verskriklik onwelriekend was. Kort voor die oorlog was hierdie arme kerel in 'n hewige tweestryd gewikkel. Hy kon net nie besluit met watter land en volk hy moes simpatiseer nie. Hoewel ek al 'n paar keer sy skoene en sokkies by die venster uitgesmyt het, kon ek nie help om hom jammer te kry nie. Om alles te kroon, het hy een aand twee vlaggies bokant sy bed aan die kamermuur opgehang. Dit was nie, soos ek verwag bet, die vlae van Nederland en Libanon nie, maar wel die Union Jack. Hierdie gevoelsbetuiging het my woedend gemaak.

"Jy is net so domastrant en onnosel soos baie van my landgenote in Suid-Afrika," het ek hom skerp toegesnou. "Jy besit geen enkele druppel Britse bloed waaragter jy en jou armsalige minderwaardigheid kan skuil nie. Die opregte Brit dink minder van jou as van 'n ridderlike en dapper vyand. In werklikheid verag hulle jou soort en dryf heimlik die spot met julle..."

Ek het die Union Jack gegryp en dit ewe kalm in my sak gesteek. Abbas het my verslae aangekyk, maar dit nie gewaag om sy mond oop te maak nie. Die volgende dag toe ons almal in 'n luimige stemming was, het Abbas die geleentheid aangegryp om my oor die kole te haal.

"Jy het gister soos 'n orakel gepraat oor die Union Jack by my bed, maar jy het skynbaar vergeet dat die foto van Adolf Hitler aan die wand by jou bed hang. Jy is altyd so gretig om tydig en ontydig aan almal te vertel dat jy 'n Boer is, maar tog hang die foto van 'n Duitser bokant jou bed," het Abbas spottend aan my gesê.

"Baie dankie, meneer die Britse vlaggie-smous," het ek my verdedig. "Net soos Christus 'n nuwe tydvak onder die heidene met Sy godsdiensleerstelling ingelui het, so is Adolf Hitler tans besig om 'n nuwe idee en wêreldbeskouing aan alle volke te verkondig. In Johannes 4 vers 9 staan baie duidelik in die Bybel dat Christus 'n Jood was. Wil jy nou vertel dat alle Christene Jode of Joodse handlangers is? Net so is alle Nasionaal-Sosialiste beslis geen Duitsers nie en nog minder is hulle Duitse lakeie. Indien ek die Duitse vlag met sy swart, wit en rooi by my bed gehang het, sou ek dit as 'n teregwysing beskou het, maar om die foto van die Führer aan te haal by jou beskuldiging is belaglik."

Voordat ek nog meer kon se, het Kubetska tussenbeide getree. "Indien Robey Leibbrandt dit ooit sou waag om ons Duitse vlag by sy kop te hang, sou dit my walg. Sodoende sou ek alle agting vir hom verloor en sal ek hom beskou as 'n verraaier van sy volk en vaderland. Deur so 'n daad sal hy alle reg verbeur om as Nasionaal-Sosialis te paradeer," het hy gesê.

Abbas het stilswyend na ons geluister en sonder woord of gebaar die studeerkamer verlaat. Later het ek gehoor dat Abbas dapper geveg het toe Duitse troepe Nederland binnegeval het. Hy was wel 'n Libanees, maar Nederland

was sy geboorteland en hy het dit as sy dure plig beskou om teen enige vyand van Nederland die wapen op te neem. Langs hierdie weg bring ek hulde aan Abbas vir sy kloekmoedige optrede.

Gedurende 'n lesing in die biologie-klas wat deur bykans honderd-en-vyftig studente bygewoon is, het prof. Schultz van die Ryksakademie vir Liggaamsopvoeding 'n uiters gewaagde verklaring gedoen. Hy het venvys na die Kleurlinge aan die Kaap as die resultaat van bloedvermenging tussen Boere en Hottentotte. Ongeag die ysere dissipline wat in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland geheers het, het ek in woede uitgebars.

"Dit is 'n infame leuen," het my stem deur die vertrek gedreun. "U het geen reg om my volk so skandelik te beledig nie. Ek verwerp u beskuldiging met veragting."

"Sit asseblief, Robey. Sit! Luister tog na my. Jy gaan geskors word uit die Ryksakademie," het Kubetska opgewonde gefluister.

"Ek gee nie 'n duiwel om nie. Ek gaan buitendien uit protes hierdie vervloekte plek verlaat," het ek hard geantwoord.

Prof. Schultz het gebloos en 'n verleë glimlag het om sy mond geplooi om sy verleentheid te verberg.

"Kom spreek my asseblief in my kantoor na die lesing, Leibbrandt," het hy gesê.

Die professor het nie weer 'n enkele woord oor die Boere gerep nie. Na afsluiting van die periode het ek reguit na sy kantoor gestap, vasbeslote om geen verdere beledigings te gedoog nie. Vriendelik het die professor my egter binnegenooi.

"Sit, Robey," Sy stem het van aandoening gebewe. "Ek is baie spyt oor wat gebeur het. Die gegewens het ek hierin gevind." Hy het 'n boek aan my oorhandig. "As u daarteen beswaar maak, vra ek om verskoning," het hy bygevoeg.

Prof. Schultz se galante houding het die wind skoon uit my seile geneem. Diep in my siel het ek hom jammer gekry. Hy het lank en vertroulik met my gesels. Met 'n stewige handdruk het ons van mekaar afskeid geneem. Toe ek later aan Kubetska en die ander Duitse studente meedeel dat prof. Schultz my uitgenooi het om saam met hom en sy gesin Ou-Kersaand aan sy woning deur te bring, het hulle hul yerbasing uitgespreek.

"Dit is by ons hier in Duitsland ingewortelde tradisie dat 'Heilige Abend' deur elke gesin en familie in afgesonderde geslotenheid herdenk word. Prof. Schultz bewonder beslis jou optrede vandag in die biologie-klas," het Kubetska gesê.

Die volgende oggend het my groep voor die hoofmgang van die "Huis van Duitse Sport" in gelid gestaan en wag op prof. Nertz om sy verskyning te maak.

"Ek dink tóg prof. Schultz het gelyk gehad oor wat hy gister in die biologieklas van die Boere gesê het," het ek iemand agter my hoor se.

Blitsvinnig het ek omgeswaai. My regtervuis het agter die skuldige se kop verby gevlieg. Ek het my ewewig half verloor en hom in 'n koplem beetgekry.

"Wat gaan hier aan?" het ek 'n stem hoor vra. Dit was prof. Nertz.

"U het net betyds u opwagting gemaak, Professor. Anders sou daardie bullebak 'n lyk gewees het," het ek luid gesê.

Onderwyl ek aan prof. Nertz die hele verhaal vertel het, het my groep na die sportveld gemarsjeer.

"Wat?" het hy verbaas uitgeroep. "Is dit moontlik dat 'n sogenaamde gedissiplineerde persoon so iets kan beweer?"

Daardie selfde middag is al die Duitse studente beveel om in die reusekoepelsaal te vergader. Geen uitlander is by hierdie byeenkoms toegelaat nie. Later daardie aand het Kubetska aan my vertroulik meegedeel dat prof. dr. Wentzel, die direkteur van die Ryksakademie vir Liggaamsopvoeding, die laaste een dringend gewaarsku het dat indien enige Duitser weer 'n uitlander beledig ofte na kom, so 'n persoon onmiddellik uit die Ryksakademie geskors sou word.

Baie mense sal my optrede in Duitsland as te kras bestempel, maar wie die Duitsland van Adolf Hitler so goed leer ken het soos ek, sal weet dat ek sommige Duitsers net in hulle eie munt terugbetaal het. Ongelukkig het daar tydens die bewind van Adolf Hitler 'n sekere soort Duitser ontpop wat nie kon onderskei tussen trots en verwaandheid nie. Hulle holklinkende bombasme het verset by my uitgelok. Hulle was onteenseglik die oorsaak dat die buitewêreld 'n totaal verkeerde indruk van Nasionaal-Sosialistiese Duitsland gekry het.

Elke opregte Duitser, wat sy politieke oortuiging ook al mag wees, verfoei die geringste teken van swakheid. Indien so 'n swakkeling nie oppas nie, sal die Duitser hom in die modder vertrap. Daarby besit die Duitser 'n byna heilige respek vir durf en kragdadige optrede, hoe verkeerd so 'n persoxm se beskouing ook mag wees. Nie alleen het Adolf Hitler die Duitse volk met ongelooflike en fantastiese leiding na eteriese hoogtes gevoer nie, maar met die valbyl het hy hulle ook reggekap.

Oor die algemeen besit die Duitser 'n goeie sin vir humor, maar wanneer met sy volk of met sy land se mih'têre instelh'ngs gespot word, is daar onmiddellik moeilikheid. Dit is hierdie onpeilbare en regverdige trots van die Duitser wat 'n onuitwisbare indruk op my gemaak het.

Om enige twyfel uit die weg te ruim, wens ek onomwonde te konstateer dat ek vir die Duitse volk 'n baie tere plek in my hart het. My diepe bewondering vir die Duitse volk spruit uit my omvattende kennis van die Duitser. Ek is egter self geen Duitser nie en sal of ken ook nooit 'n Duitser wees nie. Nie alleen verbied my politieke geloof so 'n gedaanteverwisseling nie, maar is ek

ook trots om die naam Suid-Afrikaner te dra. Die onverganklike liefde vir my *eis* volk in Suid-Afrika is gedurende die oorlogsjare deeglik getoets en duur beproef.

Die doel van my skrywe is geensins 'n powere poging om propaganda te maak vir of Duitsland of Nasionaal-Sosialisme nie, maar bloot om my optrede te verdedig teen die duiwelse propaganda wat so onheilspellend diep in die harte van my mede-Suid-Afrikaners ingesink het.

In Nasionaal-Sosialistiese Duitsland is die fondament van my jarelange studie in die politieke wetenskap stewig gele. Die magiese krag van die voorbeeld, waarop daar in Duitsland soveel klem gele is, is reeds deur die eeue oor en oor bewys. Net soos die jeug, word geen volk ter wereld deur toe-sprake of koerantartikels gelei nie, maar slegs deur die aangrypende voorbeeld.

Na beëindiging van die Eerste Wereldoorlog het 'n revolusie in Duitsland uitgebreek en die Duitse volk was verdeel in agt-en-veertig politieke partye. Uit daardie bloedige moeras het Adolf Hitler 'n magtige staat gesmee deur gedurig as voorbeeld voor die Duitse volk op te tree.

In Nasionaal-Sosialistiese Duitsland het geen instrukteur, op welke gebied ook al, die geleentheid gehad om aan die jeug voor te se wat hulle moes doen nie. Die jeug het sonder uitsondering geëis dat die leermeester moes voorgaan en demonstreer wat hy van hulle verlang. Die alwyse teoretici se holle frases is in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland met spot bejeën en alleen die *daad* het vir die Duitser waarde besit. Die saamvattende definisie van Nasionaal-Sosialisme het op sigself net louter *daad* beteken - opbouende dade in diens van jou eie volk en vaderland. Dit was 'n kragtige teenvoeter van of jingoïsme of Internasionaal-sosiaüsme wat 'n eufemisme vir Kommunisme is. Die mens se waarde is nie bepaal volgens wat hy weet nie, maar volgens sy vermoë om te kan *doen.*

Een Saterdagmiddag het 'n groep van die "Hitler-jeug" die Ryksakademie se binnenshuise swembad besoek. Prof. dr. Wentzel, die middeljarige direk-teur van die Ryksakademie, het onverwags ook sy opwagting daar gemaak. Toe hy merk dat die seuns groot belangstelling toon in die tien meter hoe duiktoring, het hy hom gaan ontklee en sonder vertoon of woorde van heel bo afgeduik. Baie van die seuns was waaghalsig genoeg om sy voorbeeld te wou volg, maar is streng deur hulle bevelvoerder verbied. Indien 'n jong man dieselfde duik uitgevoer het, sou die aantrekkingskrag tot 'n minimum beperk gewees het, maar om 'n geleerde professor van diep in die veertig dit te sien doen, het die jeug geweldig beïndruk. Duitsland was 'n land waar die idioom "woorde wek maar voorbeelde trek" ten volle uitgeleef is.

Dit was vir my veral 'n plesier om te sien hoe streng die jeug dissipline handhaaf. Nie een sou dit waag om die *nee* in 'n *ja* te omskep nie.

In Duitsland het ek nooit gesien dat 'n Duitser dit waag om selfs 'n stukkie

botter van sy tafelmaat se afgemete porsie te neem nie, al het hy ook geweet dat sy tafelmaat nie vir ete sou opdaag nie. Geen motoris het ooit langs die reuse-netwerk van motorpaaie stilgehou om die boer se vrugteboord te besoek nie. In die oorlogsjare was die hele Duitsland verdonker. Indien enigeen hom tydens die verdonkering skuldig gcmaak het aan diefstal, is so 'n persoon se kop summier afgekap. Dieselfde straf het gegeid vir die diefstal van 'n pakkie wat aan 'n soldaat in die loopgrawe geadresseer was. Duitsland is met 'n ysere hand regeer. Dit is trouens al taal wat die Duitser graag wil verstaan.

Hoewel ek geensins my studies aan die Ryksakademie vir Hggaamsopvoeding verwaarloos het nie, het my belangstelling in die politiek geen perke geken nie. Hoe sterker my geneentheid tot die Nasionaal-Sosialisme gegroei het, hoe groter het my liefde vir my eie volk en vaderland geword. Hierdie groeiproses het later volle wasdom bereik; ek was nie alleen 'n oortuigde en toegewyde Nasionaal-Sosialis nie, maar 'n fanatikus. Ek het geen geleentheid laat verbyglip sonder om my politieke gevoelens aan die mou te speld nie.

Een aand het ek en Kubetska 'n biersaal in Unter den Linden besoek, Aandagtig het ons gesit en luister na die toespraak van Adolf Hitler wat soos gewoonlik oor die draadloos uitgesaai is. Daar het 'n doodse stilte in die saai geheers. Elke woord van die Führer het my diep getref. Skaars het sy slotwoorde weggesterf toe ek plotseling op die tafel spring. Ek was in 'n halwe beswyming en het met vurige oortuiging gepraat. Ek is 'n Boer uit Suid-Afrika en die wereld moes dit weet, Ek het my gehoor van die Groot Trek en van die heldedade van man, vrou en kind vertel. By my vertelling van vergiete bloed en trane, van die smart en lyding van die Tweede Vryheidsoorlog het my gemoed gedreig om vol te skiet.

"Mag God ook aan my volk 'n groot leier skenk!" het ek geëindig.

My woorde is met luide toejuiging begroet. Selfs die skoolkinders in Duitsland het in hulle geskiedenisklas van die dappere Boerevolk gehoor.

Die volgende oggend het prof. dr. Krümmel, die ministeriële direkteur van liggaamsopvoeding in Duitsland, my na sy kantoor ontbied én my gelukgewens met my optrede as Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialis. Ek het later uitgevind dat Kubetska al my doen en later aan prof. dr. Wentzel oorgedra het. Hy was my getroue kameraad en het nooit gefaal om my te onderskraag nie.

Enkele weke later het ek sonder toestemming die Afrikaanse studente wat op toer deur Duitsland was, in die Suid-Afrikaanse konsulaat toegespreek. Hierdie keer het ek hulle vertel hoe hulle gebeure in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland moet sien en vertolk. Dr. Gie, die Suid-Afrikaanse konsul in Berlyn, en die leier van die studente, het my hierdie optrede kwalik geneem. Ek en dr. Gie was daarna nooit weer goele vriende nie.

In Nasionaal-Sosialistiese Duitsland was daar geen werkloses nie; inteendeel, daar was 'n groot gebrek aan arbeidskragte. Werkers is van ander Europese lande ingevoer om hierdie leemte aan te vul. Voor die bewindaanvaarding van

Adolf Hitler het miljoene Duitsers werkloos in die strate rondgedool. Binne enkele maande was die bordjies verhang. Selfs aan die Ryksakademie het vroue in die kleedkamers by die swembad gewerk.

Waar daar geen werkloosheid is, heers geen armoede nie. Die bevolking van Duitsland het nou wel nie 'n baie hoe lewenstandaard gehandhaaf nie, maar niemand het gebrek gely nie. Om te bedel, was 'n misdaad en die staat het gesorg dat elkeen 'n menswaardige bestaan maak, hoe kranklik of gebreklik hy of sy ook al was. Daar het 'n bewonderenswaardige gees van kameraderie onder die Duitse volk geheers. Die knap straatveër was hoer aangeskryf as die swak professor. Snobisme was uit die bose en is met alle middele bekamp.

Elkeen het dit as sy plig beskou om sy stad of dorp skoon te hou. Geen sigaretstompies, dooie vuurhoutjies, papiere, vrugteskille of enigiets wat 'n plek kon ontsier, is op straat of elders gegooi nie. Alles het in houers gegaan en is op die een of ander manier verwerk ter aanvulling van die Duitse verbruiksware. Die briljante Duitse tegnici het daarvoor gesorg dat Duitsland 'n selfonderhoudende en selfstandige land geword het.

Dr. Robert Ley, die minister van arbeid in Duitsland, was 'n fenomenale figuur. Hy het vir die Duitse arbeider meer gedoen as wat enige land ter wereld ooit gedink het om vir sy eie werkers te doen.

In Nasionaal-Sosialistiese Duitsland het ek spoedig besef dat 'n gewapende botsing met die nihilistiese Kommunisme onvermydelik was. Die deurslaggewende faktor in tyd van stryd is egter nie soseer die wapen nie, maar wel die man, vrou en kind - besiel met die regte gees - wat agter die wapen staan. Om die regte gees te ontwikkel, moet daar gedurig gevaarlik geleef word.

# 18. *Die Tweede Wereldoorlog*

Die donker, onheilspellende oorlogswolke het op 3 September 1939 in 'n onvergeetlike storm losgebars. Die vurige hoop dat my vaderland neutraal sou bly, is die volgende dag verydel. As burger van 'n vyandelike land kon ek net soos baie uitlanders in Duitsland aangekeer en geïnterneer word. Van vlug was daar geen sprake nie. Duitsland het sy vinger op elkeen binne sy grense gehad. Die geld waaroor ek beskik het, was reeds in 'n bank in Londen bevries. Dae en nagte lank het ek ernstig oor my posisie nagedink. Ek wou en moes terug na my eie land. Die vraag was egter, hoe? Meteens het 'n gedagte my te binne geskiet. Ek sou die Duitse owerheid vra om my toe te laat om na Suid-Afrika terug te keer. Al my kamerade het geweet dat ek 'n beproefde vriend en geen vyand van Nasionaal-Sosialistiese Duitsland is nie.

Gelukkig het ek 'n hele paar invloedryke persone geken. Een van hulle was prof. dr. Krürnmel wat verbonde was aan die ministerie en seer sekerlik vir my 'n lansie sou kon breek. Met hierdie gedagte het ek my na sy kantoor gehaas. Krümmel het my vriendelik en simpatiek aangehoor. Hy het voorgestel dat ek my versoek aan die Minister van Buitelandse Sake moet rig. Die hoop dat Krümmel my wel sou help, het plotseling in duie gestort. Toe ek van hom afskeid neem, het hy weer gevra waarom ek dan so graag na Suid-Afrika wou terugkeer.

"Nie my volk nie, maar 'n vyandige politieke party het teen Duitsland ooriog verklaar. My plek is derhalwe daar by my eie mense wat beslis weier om deur 'n toevallige parlementêre meerderheid in 'n onsinnige oorlog gesleep te word. Ons is geen Britse agterryers nie en nog minder sal ons toelaat dat ons as Britse kanonvoer gebruik word," het ek uitdagend skerp gesê.

"Bly liewer by ons, Robey. In Suid-Afrika sal genl. Smuts jou net laat doodskiet," het die liefdevolle professor my probeer troos. Voordat ek nog 'n woord kon se, het hy sag bygevoeg: "Skryf maar aan die Minister en ek sal sien wat ek vir jou kan doen."

By my terugkeer van prof. Krümmel het ek 'n lang brief aan die Duitse Minister van Buitelandse Sake geskryf. Dit was die begin van 'n negentien maande lange stryd om die nodige toestemming te erlang om na my vaderland terug te keer. Een oggend het dr. Stoker, die Olimpiese spiesgooikampioen van 1936, saam met my die badkamer van die Ryksakademie betree.

"Waarom loop jy nog vry hier rond?" wou hy van my weet. "Jy is mos 'n vyand van Duitsland. Hier is so baie spioene in Duitsland op vrye voet dat 'n mens heel versigtig moet wees met wie jy praat," het hy geskimp.

"Jy skuil met jou lafhartigheid agter 'n sogenaamde sleutelposisie. Gaan liewer na die oorlogsfront en leer wat die verskil is tussen 'n man en 'n kind. Jy moet net versigtig wees dat jou brein nie ontplof nie; dit kan miskien die stof uit jou ore uitskiet," het ek kwaai geantwoord.

Die noodlot het dit só beskik dat ek en hierdie Olimpiese reus later weer sou bots. Toe het ek hom geantwoord in 'n taal wat hy seker vir die eerste keer deeglik geleer verstaan het.

Een keer per week het ek professor Krümmel gaan spreek om te hoor of hy nog niks uitgevind het in verband met my aansoek om na Suid-Afrika terug te keer nie. Elke keer moes ek teleurgesteld omdraai. Intussen het ek geen inkotnste gehad nie en was ek verplig om R60 van my landgenoot M.J. Pienaar te leen. Hierdie geld het ek eers later in Pretoria aan hom terugbesorg. Pienaar het 'n goeie betrekking by die Duitse uitsaaikorporasie bekom. Ek het ook later enkele stukke geskryf wat ek oor Zeesen, die Duitse radio-omroep, uitgesaai het. Ongelukkig het ek en dr. Erik Holm nie langs dieselfde vuur gesit nie en het ek dit beter geag om my uitsendings liewer te staak.

Prof. Carel Krümmel, wat gelukkig bewus was van my stryd om 'n bestaan te maak, het my 'n pos aan die Universiteit vir Liggaamsopvoeding in Berlyn aangebied. Hierdie aanstelling het my vermoede versterk dat dr. Krümmel nie gretig was om my na Suid-Afrika te laat gaan nie.

"Beteken hierdie aanstelling dat ek moet afsien van my begeerte om na my vaderland terug te keer?" wou ek van "Onkel" Carel weet.

"O nee," het hy geantwoord. "So iets kan nie binne 'n dag of twee gereël word nie. Buitendien is die pos net tydelik. Die vakature het ontstaan deurdat die instrukteur vir muitere oefening opgeroep is. Aanvaar die pos totdat hy terugkeer. Teen daardie tyd sal ons moontlik iets kan doen in verband met jou versoek."

Ek het die pos aanvaar.

Drie maande het verbygegaan. Die instrukteur in wie se plek ek tydelik gedien het, het teruggekeer en nog het ek geen antwoord op my versoek ontvang nie.

Weer het ek professor Krümmel gaan spreek en selfs versoekbriewe gerig aan invloedryke persone wat ek geken het. Enkele dae later het professor Krümmel my ontbied en my meegedeel dat ek na Holland kon gaan op voorwendsel dat ek daar gaan studeer.

"Ek het reëlings getref met 'n universiteit in Amsterdam. As jy eers daar is, sal jy wel 'n plan kan maak om verder te kom," het hy in opgewekte stemming meegedeel.

Ek het gevoel of ek in die wolke sweef. By die Nederlandse konsulaat in Berlyn het 'n nuwe teleurstelling op my gewag. Die konsul het geweier om 'n visum aan my uit te reik. Soos 'n donderslag het dié mededeling my getref.

"Wat is die rede? Wat het julle Kaaskoppe teen my?" het ek vererg gevra. Die bleek klerkie met sy pienk wange het my verdwaas aangekyk. Hy het geen woord gerep nie, maar net sy skouers opgetrek.

Soos 'n slaapwandelaar het ek my weg tussen die mense deur gebaan. Diep in sy eie gedagtes versonke, het ek professor Krümmel in sy kantoor aange-

tref. Hy het half geskrik toe ek binnekom, Hy het sag gegroet en my gevra om te sit. Beide hande het sy hoof gestut, Sy oë het stip voor hom op die tafel gekyk. Stadig het hy sy vingers inmekaar gevleg en met sy ken in die mik wat sy duime vorm, gerus. Die ander vingers het sy mond bedek.

"U weet seker reeds wat met my gebeur het?" het ek dit gewaag.

"Ja, Robey. Die Duitse geheime diens bewaak elke konsulaat. Ek het so pas teruggekeer van 'n sitting waar buitelandse aangeleenthede bespreek is. Jy sal miskien verbaas wees om te weet dat Nederland ons Duitsers glad nie goedgesind is nie. Ons weet dat hulle besig is om voorsorgmaatreëls te tref sodat Engeland Duitsland in die flank kan aanval. Die skilderye van hulle groot meesters word in spelonke in België gebêre. Nederland is besig om met vuur te speel. Die Führer sal dit beslis nie duld nie." Daar het 'n doodse stilte gevolg. Ons het mekaar stilswyend aangekyk. Toe vervolg hy sag: "Luister, Robey, omdat ek jou ken, hou ek van jou. Uit daardie kennis spruit ook my vertroue in jou. Dit is derhalwe onnodig dat ek jou vra om ons gesprek hier vanoggend as vertroulik te beskou."

"Baie dankie vir die vertroue in my gestel, 'Onkel' Carel. Ek glo egter nie dis nodig dat ek aan u vertel dat ek ook weet waarom Duitsland 'n nie-aanvalsverdrag met Rusland gesluit het nie," het ek trots gesê.

"Ek is bly jy weet dit, Robey. Dit is net die onnoseles wat nog moet begryp dat Kommunistiese Rusland nie alleen Duitsland se grootste vyand is nie, maar ook die vyand van die hele beskaafde wereld. Op die regte tyd sal die Duitse soldaat die Kommunistiese monster aan die keel gryp. Dit is so seker as wat die son more in die ooste sal opkom," het die professor vasberade gesê en vervolg:

"Om egter terug te kom na waar ons begin het: Maak jou gereed om more na Neustrelitz te vertrek. Ek sal die kommandant van die leierskool meedeel van jou koms. Jy sal daar as leerkrag gebruik word. Intussen sal jy genoeg vrye tyd tot jou beskikking hè om daardie boekie oor jou metode van boksonderrig te skryf. Die hoof van die Universiteit vir Liggaamsopvoeding het my reeds verwittig van die militêr-politieke grondslag van jou onderrigmetodes. Dit behoort groot byval te vind hier in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland. Ek sal sorg dat dit aan die universiteite en skole voorgeskryf word. Dit sal jou bankrekening 'n paar sent opskuiwe."

"Ek is nie by magte om enige boek in enige taal te skrywe nie en ek wil nie hier in Duitsland bly nie. U het blykbaar vergeet dat ek nooit sal afsien van my plan om na my vaderland terug te keer nie. As u my nie meer wil help nie, sal ek wel 'n weg vind om daar te kom. Maar gaan sal ek," het ek beslis gesê.

Prof. Carel Krümmel het my aandagtig aangehoor. Ek kon duidelik sien dat my woorde hom swaarmoedig maak. Vir my was hy soos 'n vader. Vir my was hy die liewe "Onkel" Carel. Ek sal hom nooit vergeet nie.

Terwyl ek aan die leierskool in Neustrelitz was, het ek van die geleentheid gebruik gemaak om as loods in die sweefkuns opgelei te word. Dit het deel uitgemaak van die kursus vir leiers wat uit die hele Duitsland by die leierskool saamgctrck was.

Met vier vlugte het ek daarin geslaag om die A-, B- en C-sweefproewe suksesvol af te lê.

Intussen het ek geen steen onaangeroer gelaat om my wil deur te voer nie. Gedurende 'n besoek aan Berlyn het 'n vooraanstaande kennis my aangeraai om konsul-generaal Rudolf Karlowa te gaan spreek. Karlowa was vroeër Duitse konsul in Suidwes-Afrika en aan die hoof van die Duitse diplomatieke korps in Afrika.

Nog dieselfde dag het ek 'n onderhoud met die konsul-generaal gehad. Hy was 'n saggeaarde persoon en 'n gebore diplomaat. Hoewel hy gedurende die Eerste Wereldoorlog in Suid-Afrika geïnterneer was, het hy 'n besonder hoe dunk van die Suid-Afrikaner gehad. Net soos baie hooggeplaaste Duitsers, het ook hy genl. Smuts as leier bewonder. Dat hullc almal egter skerp gekant was teen die politieke rigting wat generaal Smuts ingeslaan het, is verstaanbaar.

Konsul-generaal Rudolf Karlowa bet intens belang gestel in my versoek: "Met watter doel wil jy na Suid-Afrika gaan?" Voordat ek kon antwoord, het hy sy tweede vraag gevra: "Het jy 'n wou of 'n nooi in Suid-Afrika?"

"Nie een van die twee nie," het ek gesê. Die kruisverhoor wat daarop gevolg het, het my baie laat dink dat hy sy roeping gemis het. Hy moes 'n advokaat gewees het.

"Watter vorm sal jou stryd in Suid-Afrika aanneem?" het hy later gevra.

"Dit kan nie vooraf bepaal word nie. Ek sal eers moet uitvind wat die oorlogstoestand in Suid-Afrika is, alvorens ek oor my optrede besluit. Hoewel ek groot vertroue in die durf en slaankrag van my volk het, moet ek eers sien watter soort mensemateriaal ek tot my beskikking het. U weet natuurlik dat van ons beste manne en vroue die oorlogspoging van generaal Smuts ondersteun, maar ek is oortuig dat daar onder dié wat oorgebly het, net sulke goeies en nog beteres is as dié wat vandag ongelukkig saam met Haile Selassi veg."

Die konsul-generaal het instemmend geknik, maar daardie dag nie veel kommentaar gelewer nie. Ek kon duidelik voel dat hy geensins twyfel aan die opregtheid van my voorgenome optrede in my onrusgeteisterde vaderland nie. Dit was die eerste van 'n hele reeks samesprekings. Een oggend het hy my onverwags na sy kantoor ontbied.

"Om aan jou netelige versoek te voldoen, sal die toestemming van 'n hoer gesag verkry moet word. Ek het egter reeds vasgestel dat die onderneming nie onmoontlik is nie," het die konsul-generaal vriendelik gesê.

Hierdie woorde het vir my soeter geklink as die strelendste musiek wat ek nog ooit gehoor het. My hart het van trots en blydskap geswel.

"Maar," het die konsul vervolg, "voordat ons na die hoer gesag durf gaan, sal die onderneming eers noukeurig beplan moet word. Daar bestaan moontlikhede en sekere dinge sal van jou verwag word."

"Ek is bereid om enigiets te doen," het ek opgewonde geantwoord.

"Die enigste moontlikheid is dat jy per vliegtuig reis en dat jy sal moet uitspring. Jy sal dus eers 'n valskermkursus moet deurloop."

Die saak is deeglik bespreek. Al die moontlike landingsplekke is op die kaart aan my uitgewys en al die gevare is realisties aan my voorgeskilder. Die konsul-generaal het oor en oor beklemtoon dat die dood op my wag in Suid-Afrika.

Ook dit sal ek trotseer. Om in diens van jou volk en vaderland die hoogste offer te bring, is trouens die grootste ideaal wat 'n Nasionaal-Sosialis kan nastrewe. Bring my tot by enige plek op die vasteland van Afrika en ek sal my pad alleen verder deurveg," het ek vol selfvertroue gesé.

Die onderhoud is beëindig sonder dat enige defmitiewe reëlings getref is oor hoe en wanneer die onderneming sou plaasvind.

# 19. Ek word valskermsoldaat

Vroeg die volgende dag het die bevel oor die telefoon gekom: "Meld jou more aan by die valskerm-opleidingsentrum in Stendal. Van die offisier in bevel sal jy verdere opdragte ontvang. Onthou: die strengste geheimhouding word van jou verwag."

Hierdie waarskuwing het ek beslis nie nodig gehad nie. Dit was teen elke muur opgeplak en in elke film vertoon: "Duitsland, die geboortegrond van Nasionaal-Sosialisme, is in gevaar. Pas op vir spioene!"

Daar was ook talie ander vermanings om die Duitse volk te waarsku teen enige onbesonne optrede. Wat my egter die meeste getref het, was die lang stroke wit materiaal met die woorde: "ONS KAPITULEER NIE", daarop.

Hierdie drie woorde het die verlede, die hede en die toekoms van die Duitse volk op treffende wyse vertolk. Dit het 'n volk tot nadenke gcmaan. Oor wat dit alles behels, kan 'n boekdeel geskrywe word. Laat ek egter volstaan met die stelling dat dit onteenseglik groots is om as oorwinnaars uit die stryd te tree, maar groter is die oorwinning vir die oorwonnene wat fanatiek weier om te kapituleer.

Om my doel te bereik, was ek genoodsaak om amptelik by die Duitse leer aan te sluit. Dit het my hoegenaamd geen gewetenswroeging besorg nie.

Ek was te eniger tyd bereid om as Duitse soldaat te veg en te sterwe om die behoud van die idee van Adolf Hitler. Vir my was dit 'n keuse tussen Nasionaal-Sosialisme en Kommunisme.

Wat daar in die gedagtes van die leiers van die Geallieerdes omgegaan het, weet nugter alleen. Was dit hulle haat, nyd of afguns jeens Adolf Hitler en die Duitse volk wat hulle met blindheid geslaan het? Of was dit 'n doelbewuste poging om onder die dekmantel van valse propaganda die Weste aan die Kommunistiese monster uit te lewer?

Wat hulle uiteindelike doelstelling ook al was, is nie hier ter sprake nie. Feit is egter dat hulle later bekend sal staan as die grootste oorlogsmisdadigers wat die wereld nog opgelewer het.

By my aankoms in Stendal het 'n voertuig gereed gestaan om my en die ander aspirant-valskermspringers na die kaserne te neem.

Vir die eerste keer in my lewe het ek die volle diepere betekenis van die woord *dissipline* leer ken,

Ek is saam met Max Schmeling en dr. Springer in dieselfde kamer gehuisves. Ek en Max was albei fris manne en aan die swaar kant, terwyl die kandidate vir die springkursus uitgesoekte klein Duitsertjies was. Die kontras het egter geen vrae uitgelok nie, In Hitler se Duitsland is geen vrae gestel nie.

Tog was dit duidelik dat daar 'n spesiale rede voor was. In Schmeling se geval was die rede natuurlik dat hy die voormalige swaargewigbokskampioen van

die wereld was. Sy teenwoordigheid in die "Hemelvaart-kommando" - soos dit genoem is - sou die Duitse jeug aanmoedig om daarby aan te sluit. Destyds is oral in Duitsland 'n film vertoon van hoe Max Schmeling met 'n valskerm uit 'n vliegtuig spring.

Max is 'n stil en goedgeaarde kerel, maar ongelukkig geen soldaat nie. Die wil was wel daar, maar sy spiere was te soepel en te sag vir die harde lewe in die Duitse muitere diens. Na nege maande diens is die voormalige wêreldkampioen tot korporaal bevorder. Met die inval in Kreta in 1941, is die Duitse Ysterkruis aan Max toegeken.

Die Duitse valskermsoldate was jonk, gehard en klein, en besiel met 'n onvermurfbare krygsgees. Baie van hulle se geesdrif het soms oorgehel na verwaandheid. Die gevolg was dat hulle een Duitse marslied begin verdraai het. Die juiste woorde was: "Vandag *hoor* Duitsland ons en more die hele wereld." Hulle sing toe egter: "Vandag *behoort* Duitsland aan ons en more die hele wereld."

Toe ek dit hoor in die troepedraer waarin ons op pad na die oefenterrein was, het ek opgespring en uitgeroep: "Julle kan die hele wereld besit, maar Suid-Afrika sal julle waaragtig alleen oor my dooie liggaam verower."

"Halt! Geen gesingery meer nie, en jy, Leibbrandt, rapporteer aan die kommandant," het die offisier gebulder.

Ek het groot moeilikheid verwag. Die hele kommando moes by ons terugkeer op die paradeterrein aantree.

"Gaan ek nou in die openbaar deur 'n krygsraad verhoor en doodgeskiet word?" het dit deur my brein geflits. Ek het reeds die krasse strengheid van die Duitse dissipline leer ken en het geweet dat so 'n optrede glad nie onmoontlik was nie. Net enkele dae tevore het ons in die kaserne berig ontvang dat 'n soldaat, wat op sy wagpos geslaap het, betrap is. Hy is net daar deur sy eie sersant doodgeskiet.

"Aandag!" weergalm die sersant-majoor se stem oor die paradeterrein. Die kommandant tree vinnig nader. Daar heers 'n doodse stilte. Sweetdrup*pels pêrel op my voorhoof. Ek bewe van angs.

Ek kon voel hoe 'n lamheid oor my toesak. Dit was alleen my ingebore trots wat verhoed het dat ek enige uiterlike teken van vrees openbaar. Ek was vasbeslote om nie om genade te smeek nie. My liefde vir my volk en vaderland was op Nasionaal-Sosialistiese lees geskoei en selfs die dood kon dit nie uitwis nie.

Die kommandant het stadig en duidelik gepraat. Elke woord het deeglik deurgedring. Vandag kan ek nie meer alles onthou nie, maar die strekking van sy woorde was min of meer soos volg:

"Suid-Afrika het op 4 September 1939 teen Duitsland oorlog verklaar. Die Joodse geldmag het die hele wereld teen ons gemobiliseer. Brittanje het die Führer se vredesvoorstelle met veragting verwerp. Daar bly vir ons geen ander

keuse oor nie as om te veg soos alleen 'n Duitse soldaat dit kan doen. Ons verlang niks meer as net daardie gebiede wat aan ons behoort nie.

"Nasionaal-Sosialistiese Duitsland beoog geen imperialistiese doelstelling nie, derhalwe verbied ek iedereen om ons marsliedere te omskep in imperialistiese rowerliedere. Die sinsnede in die gewraakte lied wat in troepedraer aommer X01 gesing is, moet in die vervolg of reg gesing word, of glad nie. Ons is daarvan heilig oortuig dat nog Robey Leibbrandt, nog die Boerevolk teen Duitsland oorlog verklaar het, maar wel 'n vyandige politieke party."

Die kommandant het gepraat asof hy deur sy eie woorde in vervoering gebring is. Sy verwysing na die Boerevolk het die harde vernis wat my siel omsoom het, in 'n sagte gloed van verlange omskep. 'n Dynserige wasigheid het voor my oë gesweef.

Selde in my lewe het ek so tuis en gelukkig gevoel as onder die Duitse valskermsoldate. Daar het 'n wonderlike gees van kameraderie geheers en ek het die Duitse soldate se moed, deursettingsvermoë en taaiheid bewonder. Voor my vertrek na die sogenaamde valskermspringskool, was ek reeds by magte om onderrig te gee in die meganisme en hantering van die S.M.G. 34. Dit is die verkorting van die swaar masjiengeweer wat in 1934 ontwerp is. My vordering moet nie uitsluitend toegeskrywe word aan die deeglike en intensiewe opleiding wat ek as valskermsoldaat in Duitsland geniet het nie, maar ook aan my vorige ondervinding opgedoen aan die Muitere Kollege te Voortrekkerhoogte.

Die verpakking van 'n valskerm en die aanleer om daarmee uit 'n vliegtuig te spring, is heel interessant. Dit verg wel moed om met 'n valskerm uit die hoogte te tuimel, maar tog val die klem nie soveel op die sprong as op die landing nie. Die rekruut moet dus eers op die grond leer hoe om die val te breek. Aangesien ek 'n bedrewe beoefenaar van jioe-jitsoe aan die Polisiekollege in Pretoria was, het ek geen moeilikheid ondervind met die voorgeskrewe breekvalle nie.

Die volgende stap was om vanuit die romp van 'n vliegtuig te spring wat ses voet bokant die grond gestut was. Elke beweging van die valskermspringer binne die vliegtuig moet stelselmatig en klokslag uitgevoer word. Sodra die teken gegee word, spring almal van hulle sitplekke in die vliegtuig op en tree in enkel-gelid aan. Die voorste man beweeg vinnig na die oop deur van die vliegtuig. Die bevel om gereed te maak vir die springery, word met 'n dowwe toetgeluid aangekondig. Die voorste man gryp eers met sy linker- en dan met sy regterhand die handvatsels aan weerskante van die oop deur beet. Blitsvinnig trap hy met sy linkervoet in die linkerhoek van die deur se raamwerk. Die regtervoet volg in dieselfde tempo. Hy leun nou kragtig na vore en kyk stip na die verste punt aan die vliegtuig se vlerk. Sodra hy 'n tikkie op sy skouer kry, spring hy met 'n kragtige sprong in die rigting van die punt wat hy nog altyd dopgehou het. Met arms en bene wyd oopgespalk, trek hy deur

die lug. Die landing word met die voete teenmekaar opgevolg en deur 'n breekvalrol afgesluit.

Sodra die rekrute hierdie tegniek bemeester het, word huEle na 'n skuur met 'n geweldige hoe dak geneem. Hier word elke rekruut voorsien van 'n valskermtuig waaraan 'n staalring op die rug aangebring is. Oor 'n katrol in die middel van die dak hang 'n tou met 'n meganiese haak wat deur 'n dun toutjie beheer word. Teen die kant van die skuur staan 'n springtoring wat ongeveer vyf meter hoog is. Vanaf hierdie toring word die eerste fase van die sprong uitgevoer. Op die gegewe moment spring die eerste man.

Met die tou aan die ring van die valskerm word die swewende soldaat vinnig die lug ingetrek. Onderwyl hy deur die lug swaai, skreeu die instrukteur sy bevele uit. Dit is uiters noodsaaklik dat die valskermspringer weet in watter rigting die wind waai sodat hy vroegtydig die nodige voorsorg kan tref om saam met die wind te land.

Om die liggaam aan 'n hangende tou so te maneuvreer dat dit in die gewenste posisie is vir die landing, word 'n sirkelbeweging met die been onderkant die knie uitgevoer. Sonder enige teken of waarskuwing word die tou ontkoppel en die nog steeds swaaiende rekruut stort uit die hoogte neer. Tamaat matte op die vloer van die skuur breek die ergste skok van die val en daar bestaan geen moontlikheid dat die soldaat hom onnodig sal beseer nie.

Met groot omsigtigheid word die rekruut geleer om sy eie valskerm te pak. Hierdie pakkery is baie moeiliker as wat dit op die oog af lyk. Daar is 'n spesiale skuur afgesonder vir hierdie hoogs belangrike taak. Om 'n valskerm te pak, vereis die dienste van twee persone. Die een wie se valskerm dit is, dra die volle verantwoordelikheid vir die pakkery. Aangesien die lewe van 'n valskermsoldaat onafskeidbaar verbonde is aan die pak en hantering van sy valskerm, word geen ligsinnigheid of gekskeerdery gedurende hierdie proses toegelaat nie. Om begryplike redes word daar van 'n valskermsoldaat verlang om aan die oorlogsfront vanaf lae hoogtes uit te spring en word daar derhalwe net van outomatiese valskerms gebruik gemaak, Hierdie soort valskerm word, nadat dit opgevou is, netjies in 'n spesiale seilsak of valskermhouer verpak wat van 'n lang nylontou met 'n veiligheidshaak voorsien is.

Voordat die valskermspringer uit die vliegtuig spring, moet hy sorg dra dat die tou aan die valskermhouer gehaak word oor die kabeltou wat vir daardie doel in die vliegtuig aangebring is. By die uitvoering van 'n sprong kan 'n valskerm alleen oopgaaa indien dit bevry word van die houer. Indien 'n valskermspringer in sy haas, opgewondenheid of geesdrif vergeet om te doen wat hy geleer is, kan hy maar van 'n tweede kans vergeet.

Dit gebeur ongelukkig dikwels dat 'n valskerm om die een of ander rede weier om oop te gaan. Dit is juis die gevaar verbonde aan elke sprong wat die valskermsoldaat verhef tot die elite van elke land se weermag.

Die middag toe daar aangekondig is dat my troep die volgende oggend aan

sy eerste werklike springoefening sou deelneem, was daar ongekende wed-ywering onder die jong mannetjies oor wie eerste gaan spring. Aangesien ek nie alleen die oudste nie, maar ook die swaarste van my groep was, is aan my die voorreg verleen om die eerste sprong te waag. As dank vir hulle toege-neentheid het ek glimlaggend belowe om elkeen wie se valskerm nie oopgaan nie, in my arms te vang voordat hy die grond raak.

Aangesien die leërowerheid alle beskikbare valskerms opgekommandeer het vir die inval in Engeland, het net die ones en gehawendes agtergebly. Dit was net né die slag van Duinkerken toe die Geallieerdes 'n mislukte poging aangewend het om Europa binne te val. Adolf Hitler het egter beslis dat Engeland gespaar moes bly om later saam met Duitsland die Kommunisticsc draak van die aardbol te vee. Dat die Führer hom met die vegterstemperament van die Brit misreken het, is reeds geskiedenis. Ook ek het my misreken met die skeur wat daar in my valskerm was.

Ewe manhaftig het elkeen van ons, met 'n valskerm op die rug, ons plekke in die vliegtuig ingeneem. Ons het geleidelik hoer en hoer die lug ingestyg. Elkeen was besig met sy eie gedagtes.

Dit is eienaardig hoe lafhartig 'n mens soms kan wees as daar nie 'n edele dryfkrag teenwoordig is om jou na hoer gedagtebane te voer nie. Die wete dat ek my voorberei om na my vaderland terug te keer, het elke sweem van vrees uit my boesem verdryf.

Die bevele van die instrukteur het kort op mekaar gevolg. Ek het in die deur van die vliegtuig gestaan en onwillekeurig na onder gekyk. Die wydse panorama met sy onbcskryflike skoonheid het my weg van die werklikheid gevoer. Skielik was die hand van die instrukteur op my skouer. Intuïtief het ek my spiere saamgetrek en my liggaam die ruimte bat inskiet. Die ruk wat ek aan my skouers gevoel het, het 'n glimlag van blydskap op my mondhoeke laat plooi. My valskerm het nie gefaal nie! Wat 'n salige gedagte!

Die eerste sprong was van 'n groot hoogte, sodat die valskermspringer hom in die gevoel wat elke sprong meebring, kon inleef. Ek kon my maats hoog agter my in die lug sien hang. Eers toe ek met 'n dowwe geplof grondvat, het ek bewus geword van die skeur in my valskerm. Dit was die eerste en die laaste keer dat ek met 'n geskeurde valskerm gespring het. Hoewel dit nie so gevoel het nie, het ek baie vinniger geval as wat ek my verbeel het. Die brandende pyn in my regterknic het my laat skrik. Dit was dieselfde been wat ek met ski-oefeninge in die Alpe beseer het. Gelukkig was die pyn hierdie keer maar tydelik van aard.

Ne ses spronge in wind en weer is aan elk van ons die gesogte valskerm-wapen toegeken. Kort hierna is ek tot korporaal bevorder en is ek oorgeplaas na 'n ander regiment wat besig was met voorbereidings vir diens aan die oorlogsfront.

Een oggend het daar 'n heel onsmaaklike voorval op die paradeterrein

plaasgevind. Ons was besig met driloefeninge toe die offisier in bevel op die toneel verskyn. Die soldaat langs my het op gedempte toon 'n vloekwoord geuiter wat ongelukkig hard genoeg was vir die offisier om te hoor.

"Halt! Wie het daar gepraat? Wie het daar gepraat?" het die offisier gebulder. Hy was woedend. Stadig het hy voor die troep verbygestap en elkeen by wie hy verby beweeg het, kwaai aangegluur. Sy vuiste was gebal. Sy lippe was ferm opmekaar gepers. Sy oë was wyd oopgespalk. Hy het gelyk soos 'n waansinnige wat tot enige wandaad in staat was.

"Ek gee die skuldige persoon sestig sekondes om te se wie gepraat het. Net sestig sekondes en niks meer nie," het hy sy woorde uitgeblaf.

Almal was doodstil.

"Hierdie troep sal vir 'n hele week nie toegelaat word om die kampterrein te verlaat nie. Het julle gehoor? Het julle my verstaan?" het die offisier geskreeu. Hy het vinnig omgedraai, maar steek toe skielik in sy spore vas.

"Is dit jy wat netnou gepraat het, Robey Leibbrandt?" wou hy plotseling van my weet.

"Nee, Herr Oberst," het ek oortuigend gesê.

"Weet jy wie gepraat het?"

"Ek weet nie wie gepraat het nie en al sou ek ook geweet het, sou ek nie se nie."

Die kolonel het sy arms gevou en strak na my gekyk. 'n Paar oomblikke het ons mekaar vierkantig in die oë gestaan en kyk. Stadig, soos 'n verkleurmannetjie, het sy houding verander. Die harde glans in sy oë het heeltemal verdwyn. Ek kon duidelik sien hoe die gespanne trek om sy mondhoeke geleide-Uk versag.

"Ek kanselleer die bevele wat ek netnou gegee het en wat meer is, julle kan nou verdaag," het die kolonel met 'n glimlag gesê.

Daardie aand het ek soveel bier gedrink dat ek later gevoel het soos 'n dors kameel wat skielik by 'n fontein met bruisende waters uitgekom het.

Hoe anders is die houding van sommige van ons land se onderwysers en onderwyseresse nie teenoor die jeug nie. In stede van die verklikker saam met die skuldige uit te looi, word die skuldige alleen gestraf en die verklikker, oftewel verraaier, beloon. Indien ons leerkragte sou uitgaan van die standpunt dat elke verraaier 'n lafaard en elke lafaard 'n potensiële verraaier is, sal Suid-Afrika ontsaglik daarby baat.

# 20. Voorbereiding om na Suid-Afrika te vertrek

Terwyl ek besig was met 'n bevorderingskursus, is ek deur konsul-generaal Rudolf Karlowa na Berlyn ontbied. Volgens opdrag moes ek in burgerlike drag voor hom verskyn.

"Ek het toestemming van die Führer gekry om jou tot aan die kus van Suid-Afrika te vervoer," het die konsul-generaal gesê.

"Waarmee sal die reis plaasvind?" wou ek opgewonde weet.

"Dit sal jy later uitvind," was die antwoord. "Kom more weer, dan sal ons die saak deeglik bespreek."

Toe ek die volgende oggend daar aankom, het die konsul-generaal meer tyd gehad om te gesels. Aan my is meegedeel dat die reis per seilboot sou geskied en dat 'n marconis (iemand wat met radiotelegrafie werk) sou saamgaan.

Ek is vriendelik dog ernstig versoek om die marconis na ons landing by 'n Hollander, wat 'n Duitse agent in Kaapstad was, te besorg. Dit moes in die nag in die hotel op Lambertsbaai plaasvind. Hoewel hierdie versoek my dwars in die krop gesteek het, het ek nie om verdere besonderhede gevra nie en verkies om voorlopig te swyg.

Aangesien my gesprekke met die konsul-generaal streng vertroulik was, het hy nie geaarsel om aan my te vertel dat die Ossewabrandwag geheime berigte na Duitsland deurstuur nie. By die aanhoor van hierdie nuus het ek onmiddellik my ore gespits. Ek het geweet dat só 'n organisasie in Suid-Afrika bestaan, maar dit was ook al. My belangstelling was toegespits op die leier van dié beweging. Ek was nuuskierig om meer te weet van die kommandant-generaal se militêre en politieke verlede. My vrae het die konsul-generaal later begin irriteer.

"Waarom al dié onnodige en sinlose vrae?" het Karlowa berispe.

"Dit is tog nie so sinloos soos u wil voorgee nie," het ek teëgewerp.

By wat ek daardie dag gesê het, staan ek vandag nog en mag die jeug van my vaderland hierdie selfopgestelde formule aanvaar as die toets van ware leierskap: "Aangesien die Afrikanervolk in die verlede deur meer as een brandsiek hamel, versier met 'n goue bel of gladde bek, na die slagpale van verraad en teleurstelling gelei is, is dit die heilige plig van elkeen van ons om die politieke verlede van elke sogenaamde leier naarstiglik na te vors en onder die sielkundige mikroskoop te ontleed. By daardie ontledingsproses moet ons luid en onomwonde die vrae stel: Jy wat daar vanaf die politieke verhoog so lekker praat, se eers vir ons, wie en wat is jy? Waar kom jy vandaan? Wat het jy gedoen? Wat het jy gewaag? Wat het jy *vrywillig* opgeoffer in diens van daardie ewig-vlammende ideaal, naamlik jou volk en vaderland om sodoende jou primêre aanspraak op leierskap te regverdig?"

Hierdie oordeelsformule is egter geen finale toetssteen vir volle leierskap nie. Leiers word tog immers gehore. Hulle is idealiste van durf en daad, bedeel met wilskrag, deursettingsvermoë, gesonde verstand en visioenêre krag. Hulle moet deeglik kennis dra van die inhoud van die siel van hulle volk. Die opdoen van hierdie kennis verg beslis geen studie van buite nie, maar 'n sieleskakeling van binne in tyd van volksnood, volkslyding en volkstryd. Langs hierdie weg meld hulle hulself by die volk aan en hulle word beslis nie by die tel van stembriefies plotseling ontdek nie.

Leiers is bowenal manne wat gebore is met die bevoegdheid om die breë massa te kan beweeg. Om dit te kan doen, moet hulle besiel wees met die *wete* dat die sleutel tot die siel van 'n volk *dade* is wat soos donder slaan, en nie lippetaal, kruiperigheid of lafhartige optrede nie.

Volgens my siening het Suid-Afrika in die verlede nog net één man opgelewer wat in 'n sekere mate aan hierdie vereistes voldoen het en sy naam was Jan Christiaan Smuts. Ongelukkig is sy visie soms deur eie hartstogte vertroebel. Nie ek nie, maar die geskiedenis het reeds onweerlegbaar bewys dat generaal J.C. Smuts se oordeel alles behalwe suiwer was.

Die grootheid van 'n leier word egter nie getoets aan die rigting wat hy inslaan nie, maar wel aan sy bevoegdheid en dinamiese persoonlikheid om 'n konglomeraat van individue saam te snoer tot 'n hegte homogene gevolg.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het genl. Smuts daar tussen die modder, lyding en trane die ou Boerevolkie leer ken en sy stempel op hulle siel afgedruk. Hy was later by magte om die hele Suid-Afrikaanse politieke sirkus om sy pinkie te draai. Generaal Smuts was nie alleen die grootste leier wat Suid-Afrika ooit geken het nie, maar ook my grootste oorlogtydse vyand hier in my vaderland. Hy wou my verpletter en ek wou hom uitdelg. Hy was magtig en genadeloos. Ek was roekeloos en astrant. Hy was gekant teen Nasionaal-Sosialisme en ek die verbete vyand van Kommunisme.

Maar om tot Duitsland terug te keer.

Konsul-generaal Rudolf Karlowa het my begrypend aangekyk. Later het ek ontdek dat die gesloer wat na ons gesprek plotseling ingetree het, toe te skrywe was aan my kritiese houding met betrekking tot die onsekerheid oor die leier van die Ossebrandwag se militêr-politieke verlede. Hoewel ek beslis geen diplomaat is nie, maar 'n fanatieke politieke soldaat, het ek tog daarin geslaag om die moontlikheid van 'n botsing tussen my en die O.B.-leiding hier in Suid-Afrika uit die gedagte van Karlowa te verwyder.

Met my volgende onderhoud met Karlowa is 'n kaart aan my getoon en die moontlike roete na Suid-Afrika is met my bespreek.

"Volgens ons mening is Lambertsbaai die geskikste landingsplek. Reëlings is reeds met ons agent getref om jou daar te ontmoet. Intussen is daar baie om voor jul vertrek af te handel. Gaan more na die kleremagasyn om 'n

matroos-uitrusting te ontvang. Onthou, van nou af is jou naam Walter Kempf en nie meer Robey Leibbrandt nie."

Die volgende middag is ek na die kleremagasyn. By die ingang het 'n klein, skraal mannetjie in burgerlike drag en al grys om die slape, my ingewag.

"Is u naam Walter Kempf?" net hy uit die hoogte gevra. Ek het hom agterdogtig aangegluur. Sy voorkoms het my teen die bors gestuit.

"Ja, ek is hierheen gestuur om 'n uitrusting te ontvang," het ek geantwoord.

"Watse uitrusting?" wou die vreemdeling weet.

"Dit kan jy by die owerheid gaan uitvind," het ek minagtend gesnou. Die vreemdeling het verontwaardig gesnuif en my pad versper.

"Laat my toe om u te verwittig dat u met luitenant Nissen praat," het hy streng gesê.

"So! Dit kan enigeen my vertel," het ek skerp geantwoord en by die vreemdeling verbygedruk. Toe ek die vertrek binnestap, het 'n matroos van sy stoel opgestaan en my tegemoet gekom.

"Is u naam Walter Kempf?" wou hy beleefd weet.

"Jawohl," het ek geantwoord.

"Kommen Sie bitte mit mir." (Kom asseblief saam met my.)

Hy het my na 'n groot iokaal met rakke vol uniforms aan die mure, gelei. In die vertrek was ses mans in gesprek. Ek het gemerk dat die man, wat hom as Nissen bekend gestel het, ook by was.

Die matroos het my aan die groep bekendgestel. Almal - ek ook - het die hakke saamgeklap en mekaar met die hand gegroet. Net een van die groep se handdruk was pap. Ek het die mannetjie ondersoekend aangekyk. Net soos Nissen, het die mannetjie my glad nie aangestaan nie. Boonop het hy Duits met 'n Franse aksent gepraat.

Die verlangde uniforms is gou aan ons uitgereik. Hoewel ek geen kennis van seevaart gehad het nie, is 'n onder-offisiersuniform aan my oorhandig. Ek het spoedig ontdek dat dié ses manne my op my reis na Suid-Afrika sou vergesel. Die moontlikheid dat die mannetjie wat my met 'n slap hand gegroet het die marconis kon wees, het my erg onthuts. Indien ek saam met hom en Nissen op 'n klein bootjie saamgehok moes word, sou daar moeilikheid ontstaan. Geen waarsêer was nodig om dit te voorspel nie. Ek het dit reeds by voorbaat geweet.

Die volgende dag is ek telefonies na 'n sekere plek ontbied. Toe ek daar kom, was luitenant Nissen en die ander vyf manne reeds daar. Ons is toegespreek deur 'n skakeloffiser tussen land- en seemagte.

"Julïe gaan op 'n reis na Suid-Afrika wat uniek in die geskiedenis is. Wat die onderneming is, weet julle reeds. Luitenant Nissen is 'n ervare matroos en sal in bevel van die onderneming wees. Daar is nog geen sekerheid wanneer en van waar julle sal vertrek nie. Julle sal later volledige opdragte ontvang."

Die aand het ons 'n dinee bygewoon wat deur die personeel van die konsul-

generaal vir ons gereël is. Hoe beter ek Nissen leer ken het, hoe minder het ek van hom gehou. Wat my egter die meeste gekwel het, was die opdrag dat 'n ander persoon saam met my *iti* Suid-Afrika moes land.

Die volgende dag het ek die marconis genooi om my na die stad te vergesel. Die doel was om nader kennis te maak en 'n beter begrip van sy agtergrond te bekom. Die iniigting wat ek ingcwin het, het my verder verontrus. Voor die oorlog was die marconis 'n bewoner van 'n stuk van Duitsland wat nd die Eerste Wereldoorlog onder die Verdrag van Versailles aan Frankryk oorhandig is. Die mense daar het later nie geweet of hulle Franse of Duitsers was nie. Hulle was beslis nie Nasionaal-Sosialiste nie. Tot die ineenstorting van Frankryk het hy in die Franse leer gedien en toe oorgestap na die Duitse magte. Die Duitsers het hom verras. Instede van die man wat kort van tevore nog luidkeels die lied *We'll hang our washing on the Steg/ried line* gesing het, met ope arms te ontvang, het hulle hom in die tronk gestop en later as marconis opgelei. Ne sy opleiding is hy by die Duitse geheime diens ingesweer.

Ek het dadelik by die konsul-generaal gaan beswaar aanteken teen so 'n twyfelagtige karakter. "Iemand wat so makiik van nasionaliteit verander, is gevaarlik," het ek betoog. "Buitendien ken hy geen Engels of Afrikaans nie. Hy sal nie vier-en-twintig uur in Suid-Afrika wees nie of hy word gevang. My lewe sal dan beslis nie meer veilig wees nie."

Die Konsul het 'n paaiende houding ingeneem, maar beslis dat die marconis my moes vergesel. Die vrees dat enige verdere teenstribbeling my reis na Suid-Afrika kon vertraag of moontlik heeltemal in die wiele kon ry, het my laat swyg.

*Daardie nag het ek nie 'tt oog toegemaak nie. Die wete dat die marconis in diens van die Duitse geheime diens was, het onheil in my siel laat broei. Admiraal Wilhelm Canaris was die hoof van hierdie korrupte en verraderlike skakel in die Duitse ooriogsketting. Hy is ook voor die einde van die oorlog tereggestel weens sy verraderlike dubbele rol. Hy$_r$ en nie die Duitse leer of die Führer nie, was verantwoordelik vir die ondergang van Duitsland. Sonder Canaris sou Rusland en sy bondgenote die Tweede Wereldoorlog nie gewen het nie. Duitsland sou met die atoombom geseëvier het.*

Ongelukkig het niemand in daardie stadium geweet dat admiraal Canaris 'n verraaier was nie. Ek wou net eenvoudig niks te doen gehad het met die Duitse geheime diens nie. Indien ek wel met hulle in verbinding was, sou generaal Smuts my vroegtydig laat doodskiet het. Die Geallieerdes en Rusland het tog al hulle iniigting van Canaris ontvang.

'n Dag of wat later oorhandig konsul-generaal Karlowa 'n stuk papier aan my wat ruweg afgeskeur is. "Die ander deel is in besit van die Duitse agent in Kaapstad," is my mccgedeel.

"Luister nou haarfyn, Robey. Jy en die marconis sal naby Lambertsbaai afgelaai word. Met rubberbootjies kan julle tot by die kus roei. Gaan dan na die

hotel en verneem na meneer..." (hy noem die naam en skryf dit op 'n papier). "As hierdie stuk papier inpas by die stuk wat hy het, kan jy seker wees dat dit die regte persoon is. Hierdie man het reeds in Portugal goeie werk vir Duitsland gelewer, Weens omstandighede moes ons hom ongelukkig hierdie keer vooruit betaal vir die werk wat hy en die marconis in Suid-Afrika moet doen. Oorhandig die marconis aan hom. Indien jy enige inligting oor die politieke toestand in Suid-Afrika wil oorstuur na my, kan jy dit aan ons agent pos. Hy kan jou kode nie ontsyfer nie," het hy afgesluit.

"Nog net dit, Herr Generalkonsul," het ek streng gesê. "Indien daardie marconis net een van my bevele nie stiptelik uitvoer nie, gaan ek hom doodskiet." Om krag aan my woorde te verleen, het ek met my vuis op die tafel geslaan. Hierdie uitbarsting van woede het 'n goedige glimlag aan die konsul ontlok.

"Wees maar geduldig, Robey, oftewel Walter Kempf. Jy maak my soms so kwaad en tog hou ek ontsaglik baie van jou. Veral wanneer jy so op die tafel slaan."

"Ek waardeer die houding wat u jeens my volk en vaderland openbaar geweldig baie. Alleen deur u toedoen het hierdie onderneming werklikheid geword. Ek sal elke pennie van die tienduisend Amerikaanse dollar wat die Duitse staat aan my geleen het, terugbetaal. Die vertroue wat die Führer in my stel, sal ek nooit beskaam nie. Dit alles het ek aan u te danke. Nogmaals baie dankie." Met hierdie woorde het ek 'n skildery van die Führer aan die gryse konsul oorhandig.

Trane het vryelik oor sy gerimpelde wange gerol. Hy was 'n dierbare man en 'n getroue vriend van die Afrikanervolk. In my toespraak op 11 Maart 1943, toe ek ter dood veroordeel is, het ek dan ook onder andere gesê: "Die Duitse vader van die Afrikanervolk, konsul-generaal Rudolf Karlowa, het my keer op keer gewaarsku dat menige hindernis en eventueel die dood op my wag hier in my getiranniseerde vaderland. Ja, ek was terdeë bewus van die feit dat ek my dood tegemoet vaar, maar dit kon my nie afskrik nie, want ek het julle, manne, vroue, seuns en dogters van my vaderland innig lief en *ware liefde ken geen perke nie,* Nie geveinsde woorde nie maar *dode* vertolk wie ek is... 'n Afrikaner in murg en been!"

Karlowa het sy betoog voortgesit: "Beoefen geduld en moenie oorhaastig word nie. Wag totdat die Duitse troepe Kommunistiese Rusland binneval. Skakel intussen met die leier van die Ossewa-brandwag, maar vertrou *niemand* nie. Ons heilwense vergesel jou op hierdie unieke onderneming, kameraad. Tot siens, Robey." Die laaste woorde van my ou beproefde vriend was aandoenlik sag. Met geboë hoof en arms slap langs die sye het die ou gryse strydros daar gestaan. Min het ek geweet dat ek hom nooit weer sou sien nie.

Met inspanning het ek my reggeruk, my hakke geklap en met uitgestrekte regterarm die Nasionaal-Sosialistiese saluut gegee. In stede van die gebruik-

like "Heil Hitler!", het ek hierdie keer hard uitgeroep: "Ek groet die Führer! Die Vierkleur hoog!"

Van al die bekendes het ek net dr. Georg Leibbrandt gaan groet. Hy was verbaas om te hoor dat die Führer sy toestemming aan so 'n intens gevaarlike onderneming verleen het. "Die dinge wat jy hier in Duitsland reggekry het, is fantasties. Hou die Leibbrandts se naam hoog, Robey," was sy afskeidswoorde aan my.

Luitenant Nissen sou per motor na Parys gaan, terwyl ek en die ander die trein sou haal. In Parys moes ons etlike dae oorbly voordat ons na die Franse kusdorpie Paimpol kon vertrek. Van hierdie oponthoud het ek gebruik gemaak om Napoleon se marmerkis te gaan besigtig. Die ander besienswaardighede was vir my heel interessant dog van minder belang.

Vanaf die spoorwegstasie op Paimpol is ons per motor na 'n privaat hotel wat bo-op 'n bult gelee was. Vanaf die stoep van die hotel het ons 'n pragtige uitsig oor die see gehad. Net agter die bult maak die see 'n lang kanaalvormige inham wat in 'n primitiewe droogdok eindig. Met hoogwater het die seewater in die inham opgestoot en die dok gevul. Sluise is aangebring om te verhoed dat die dok met ebgety, indien nodig, weer leegloop. Die dok het vroeër aan 'n ryk Franse edelman behoort wat dit as 'n hawe vir sy plesierbote gebruik het.

Die seiljag waarmee ons na Suid-Afrika sou vaar, het die *Kyloe* geheet. Dit het aan 'n Franse edelman behoort, maar is later deur die Duitsers oorgencem. Die boot was voorsien van een mas en 'n hulpmotor. Oorspronklik was dit ingerig vir vier persone, maar vir die doel van die onderneming na Suid-Afrika, is dit herbou om sewe te herberg, vier in die twee slaapkajuite, een in 'n hangmat in 'n afskorting in die gangetjie en twee op banke in die eetkamertjie.

Weke tevore is die boot opgeknap vir die reis. Feitlik al die ruimte is opgeneem deur tenks met genoeg water vir die heen-en-weer vaart.

My bagasie het bestaan uit 'n tas met klere, die radiosender wat ek saam met die marconis aan die Duitse agent in Lambertsbaai moes oorhandig en 'n opgevoude rubberbootjie waarmee ek na die kus moes roei. Die radiosender was in "n metaalhouer verseël wat voorsien was van 'n vierkantige blokkie spesiaal vervaardigde dinamiet. Reg oor die springstof was 'n gaatjie net groot genoeg om 'n dinamietdoppie te bevat. Die rede vir hierdie voorsorgmaatreël was om die sender te vernietig in geval ons deur die vyand oorval word. Die metaalhouer was groen geverf met die woord *meel* in duidelike wit letters daarop. Dit is gedoen om spioene om die bos te lei. Weinig het ons geweet dat die hoof van die Duitse geheime diens ons reeds lankal aan die vyand verraai het.

Die aand voor ons vertrek, het Nissen my beveel om saam met hom en die ander lede van die bemanning na die *Kyloe* te gaan. Ons moes die seiljag in

gereedheid gaan bring. Ek het beslis geweier. "Jy het geen rang hier op land nie. In werklikheid is ek as korporaal van die Duitse valskermtroepe jou senior. Jou luitenantskap aan boord die *Kyloe* is net soveel werd as my onder-offisiersuniform wat aan my by die kleremagasyn uitgereik is. Ek was nog nooit in my lewe 'n matroos nie en tog is ek tweede in bevel. Die hele affêre is belaglik."

"Gaan hang jouself op!" het Nissen gesnou.

"Dit laat ek aan jou soort oor," het ek teengewerp.

Dit was nie die laaste botsing tussen ons twee nie en dié wat gevolg het, was baie onstuimiger.

# *21. Van Frankryk na Suid-Afrika met 'n seilboot*

Sowat tienuur die oggend van l April 1941 het twee kusvaarders die *Kyloe* op sleeptou geneem. Ek het op die agterdek gestaan en die vasteland gegroet, Met 'n rein gewete het ek die lang tog begin. Ek vaar die dood tegemoet, *Niemand* weet wat my planne is nie, nie eens ek self nie. Die *daad* en die *daad* alleen gaan my selfopgelegde missie vertolk. Ek is alleen aan God verantwoording verskuldig en aan *niemand* anders nie.

Laat dieselfde middag het 'n vliegtuig sonder enige kentekens laag oor ons begin sirkel. Om vas te stel of dit 'n vyandelike vliegtuig was al dan nie, het die voorste kusvaarder die geheime Duitse kode vir vliegtuie uitgesein. Die vliegtuig het nie daarop gereageer nie en reguit op die agterste kusvaarder afgepyl. Meteens bars 'n sarsie los. Die voorste kusvaarder het met sy masjiengeweer op die vliegtuig losgebrand. Hulle het ligpatrone gebruik. Duidelik sien ons hoe die koeëls die vliegtuig agter die skroef tref. Die vlieënde vyand laat sy lading bomme in die see plons en kies die hasepad. Dit was duidelik dat hy swaar getref is en so spoedig moontlik na sy basis wou terugkeer. Hy het laag oor die water in die skemerte verdwyn.

Die kusvaarders het verwag dat die vliegtuig versterkings sou stuur en het dadelik voorbereidings teen 'n lugaanval begin tref en vinniger gevaar. Maar toe niks verder gebeur nie, het ons vermoed dat die vliegtuig nie sy basis bereik het nie.

Die volgende oggend het die kusvaarders ons nog 'n ent tot in die ope see gesleep. Die weer was gunstig en soos 'n reuseswaan het ons op die wieke van die wind alleen verder geseil.

Hoewel ek reeds vyf maal oor die Atlantiese Oseaan gevaar het, kan ek nie onthou dat ek ooit seesiek geword het nie. Ek is egter geen seeman nie en die *Kyloe* was buitendien heeltemal iets anders. Na enkele dae op die seiljag het ek erg seesiek geword. Geen een van die manne aan boord het siek geword nie en luitenant Nissen het daarin behae geskep om my te terg. Hy het geweet dat ek nie van die marconis hou nie en om my uit te tart, het hy na die marconis verwys as 'n dapper man wat die skommelinge van die boot ridderlik kan verdra.

Ek het die priem gevoel en bitsig geantwoord: "Jou opvatting van dapperheid en ridderlikheid is net so skeef soos jou skedel."

Die vyandskap tussen my en Nissen het geleidelik toegeneem en het later amper op bloedvergieting uitgeloop. Die reis met die stadige seiljag het ons gedurig bewus gemaak van die gevaar dat 'n vyandelike vliegtuig of skip op ons kon afkom en ons gevange kon neem. Om agterdog af te weer, het ons dikwels kronkelend gevaar sodat dit moes lyk asof ons vissers was. Indien ons

bootjie gevisenteer sou word, was dit klaarpraat. Ons het te veel inkriminerende ware aan boord gehad.

Ek was veral bekommerd oor die geld en ander belangrike dokumente wat ek in my besit gehad het. Een van die bemanningslede was net besig om my te help om 'n plank aan die binnekant van die boot los te skroef om die geld daar te versteek, toe Nissen sy verskyning maak en eis dat ek die geld aan hom moes oorhandig vir veilige bewaring.

"Indien ons vasgekeer of gevange geneem word, sal ek beter weet wat om daarmee te doen," het hy gesê.

Hierdie voorstel van Nissen het my woede laat ontvlam.

"Moenie my net so dom skat as wat jy self onnosel is nie. Hierdie geld is myne. Dit het niks met jou of die Duitse staat te doen nie. Hou jou hande tuis. Ek waarsku jou!"

"Oorhandig die dollars aan my of ek draai om," het hy geblaf.

"Draai terug as jy wil, maar die dollars sal jy waaragtig nie kry nie en wat meer is, by jou aankoms in Duitsland sal jy 'n kop korter gemaak word," het ek teruggekap.

"Ek sal jou drie dae tyd gee om te besluit of jy die dollars aan my gaan oorhandig of nie. Indien nie, vaar ek terug Duitsland toe," het Nissen sy betoog afgestuit.

Ek kon nie help om hard te lag nie. "Ek het geen tyd nodig om van besluit te verander nie. Jy ken my blykbaar nog nie. Die drie dae is vir jou om van jou dwase besluit af te sien en beslis nie vir my nie. Die valbyl is vir jou soort gemaak en nie vir my nie," het ek triomfantlik gesê.

Nissen het dit gerade geag om nie weer die dollarstorie op te haal nie.

Om so ver moontlik van die gevaar weg te bly, het ons van die Franse kus tussen Engeland en die kus van Noord-Afrika verby na die Asore gevaar, daarvandaan suidweswaarts in die rigting van Suid-Amerika en toe weer met 'n boog na die Weskus van Afrika.

By die Noord-Afrikaanse kus het 'n vliegtuig een dag laag oor ons koppe gesirkel. Ons kon duidelik sien hoe die masjiengeweer op ons gerig word. As antwoord op hierdie dreigende houding het ons net vir die twee persone in die vliegtuig gewaai en gemaak of ons onskuldige vissers was.

Die eerste keer wat ons land gesien het, was toe die Asore soos 'n donker gevaarte links van ons aan die horison verskyn het. Die eiland het gelyk soos 'n swart donderwolk wat stil en afwagtend op die golwende waters rus.

Die reis het maar stadig gegaan. Soms was die wind swak en eenkeer het ons twee dae aaneen windstilte ondervind sodat ons verplig was om die hulpmotor te gebruik om weer in die passaatwind te kom. Die kaart wat ons aan boord gehad het, het die allerfynste besonderhede bevat. Die twee dae wat ons noodgedwonge moes stil lê, het ons deurgebring deur jag te maak op die waterskilpaaie wat doodluiters aan die oppervlakte van die spieëlgladde see

gele en bak het. Dit was geen kuns om hulle met 'n skepnet op die boot te tel nie. Daardie twee dae het ons heerlik gesmui aan skiipadsop. Ons het ook van die geleentheid gebruik gemaak om die boot te bevry van die skulpe wat aan die kante vasgeklou en die boot se vaart belemmer het. Uit pure nuuskierigheid het ek my rubberbootjie opgepomp en daarmee geoefen terwyl die ander geswem het.

Tot my ontsteltenis moes ek ontdek dat die marconis glad nie kon swem nie. Hieroor was ek sommer kwaad.

"Wat sal gebeur as ons op die bootjie is en die golwe kantel ons om? Moet ek dan met hom sowel as met die boot uitswem?" wou ek van Nissen weet.

Met verloop van tyd het ek meer omtrent die marconis uitgevind. Hy was verloof aan 'n Italiaanse meisie en in al die jare wat Adolf Hitler aan bewind was, was hy nie een keer in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland nie.

Een nag terwyl ek op dek aan diens was, het ek meteens gehoor hoe iemand luid om hulp roep. Tot my ontsteltenis moes ek ontdek dat die marconis met nagmerries deurmekaar was. Wie vir wie gery het, weet ek vandag nog nie. Dit was die eerste keer dat ek 'n gesonde man in sy slaap om hulp hoor roep het. Vir my was dit die hoogtepunt van papbroekigheid.

Hoe meer ek oor die marconis gedink het, hoe vaster was my besluit dat ek nooit so 'n ruggraatlose drilvis sal toelaat om saam met my Suid-Afrikaanse bodem te betree nie.

Een oggend het ek, Nissen en een van die bemanmngslede in die eetkamertjie gesit. Die marconis en 'n ander matroos was aan die stuur op dek. Die ander twee het geslaap. Ons was reeds sewe weke op see en die hele tyd het ek geworstel met die gedagte hoe om van die marconis ontslae te raak. Plotseling het ek besluit om Nissen van my planne te verwittig.

"Ek wil ernstig met jou praat," het ek aan Nissen gesê.

Hy het my aangegluur. "Praat maar," het hy met 'n skor stem gesê.

"Ek het die saak lank oorweeg en nou finaal besluit om die marconis nie saam met my aan wal te neem nie. Ek vertrou die marconis nie en ook nie die Duitse agent wat in Lambertsbaai op ons wag nie. Ek gaan alleen land en dit sal beslis nie Lambertsbaai wees nie."

"Ek het bevele ontvang om jou en die marconis by Lambertsbaai af te laai. Dis 'n bevel. Verstaan jy my? Ek sal geen weerstand duld nie," het hy woedend geskree.

"Indien jy die marconis saam met my op die rubberbootjie afsit, sal hy die strand nie bereik nie. Ek weier oin 'n persoon van sy kaliber aan 'n twyfelagtige agent te oorhandig."

"Het jy skielik mal geword, Walter Kempf?

"Mal of nie mal nie, ek weier om my bloot te stel aan waansinnige dwaasheid. In sy boek *Mein Kampf* gee Adolf Hitler my die reg om onder hierdie

orastandighede die verantwoordelikheid op my te neem en self te beslis wat die beste vir julle sowel as vir my is.

"Ek kan jou reeds waarborg dat die agent ons lankal verraai het. Nie alleen ek nie, maar ook julle sal in Suid-Afrika voor die vuurpeleton sterf."

"Ek gee nie 'n duiwel om wat jy se nie. Ek vaar onverrigtersake terug na Duitsland," het Nissen gebulder. Hy het sy hande voor sy mond getuit en luid uitgeroep:

"Wissel die seile; Ons vaar terug!"

Ek het vinnig in my kajuit verdwyn, my pistool uit die laai gepluk en op Nissen afgestorm.

"Wissel daardie seile en julle sal Duitsland waaragtig nooit weer sien nie. Wat is jou antwoord, Nissen?" het ek driftig uitgeroep terwyl ek die oorgehaalde pistool op hom rig. In stede van te antwoord, het hy haastig na sy kajuit gevlug en die deur agter hom toegeslaan.

Die ander bemanningslede het geskrik en my vraend aangekyk. "Nie so haastig nie," het een van die matrose gepleit. "Ek sal met die luitenant gaan praat." Na veel gesukkel het Nissen die deur vir hom oopgemaak. Meer as 'n uur het hulle daar in die kajuit gebly. Toe Nissen weer sy verskyning maak, was Hy 'n totaal ander mens.

Nissen het ingewillig om die marconis saam met hom terug te neem en te land waar dit vir my sowel as vir die bemanning die veiligste sou wees. Hy het die marconis beveel om die Amerikaanse dollars in sy besit aan my te oorhandig.

"Sy geld wil ek nie hé nie; tog sal ek bly wees as hy sy pistool aan my wil oorhandig," het ek beduie. Sonder om te talm, het die marconis sy pistool gaan haal en aan my oorhandig. Ek kon duidelik sien dat die marconis oorstelp was van vreugde. Hy het beter in 'n Franse casino met 'n karig geklede nooi in sy arms gepas as met 'n pistool in sy pap handjie.

Nissen was ongetwyfeld 'n knap en bekwame seevaarder, maar 'n swakkeling. Enkele dae voor hierdie gebeure het ons een dag ploteseling op 'n passasiersboot afgekom. Nissen het gebewe van angs. "Maak gereed om alle inkriminerende goedere oorboord te gooi," was sy vreesbevange bevel.

"Laat hulle maar aan boord kom," het ek teëgewerp. "Ek sal hulle saam met ons en die seiljag die ewigheid instuur." Ek het uitdagend na Nissen gekyk en vervolg: "Kry julle wapens, kamerade. Die Führer het gesê ons kapituleer nie."

Gelukkig het die passasiersboot geen teken van belangstelling in die *Kyloe* getoon nie en ons het ongehinderd verder geseil.

Ek het later 'n lang brief aan konsul-generaal Rudolf Karlowa geskryf waarin ek volledige beweegredes aangevoer het vir my optrede aan boord die *Kyloe.*

Op 15 Junie 1941 het ek saam met Nissen die landkaart bestudeer. Ons was

regoor die kus van Namakwaland wat as 'n dorre woestynagtige landstreek op die kaart aangedui was. Vir my was dit 'n heeltemal onbekende wereld en ek moes my maar verlaat op die gegewens wat op die kaart aangedui is. Die volgende dag was dit mistige weer en gevolglik was daar geen son om met behulp van instrumente ons posisie op die kaart presies vas te stel nie.

"Hoe lank sal dit neem om die kus te bereik?" wou ek van Nissen weet.

"Die wind is nie gunstig nie, maar met behulp van die jag se motor kan ons teen middernag binne bereik wees," was sy antwoord.

"Uitstekend," het ek opgewonde uitgeroep. "In die mistige weer sal geen vliegtuig of kuswag ons gewaar nie. Ek land vannag."

"Soos jy verkies," het Nissen gelate gesê.

# 22. *My landing in Suid-Afrika*

Die rubberbootjie, vyf voet lank en halfpad so breed, is opgeblaas en my reistas, wat in 'n stuk rubberdoek toegedraai was om dit wagterdig te hou, is stewig op die bootjie vasgebind. In 'n seilsakkie is 'n paar stukkies droëwors, 'n hoeveelheid blokkies druiwesuiker en drie botteltjies sodawater gepak. Teen nege-uur die aand was alles gereed. Nog 'n paar uur se vaar sou ons binne enkele myle van die kus bring. Deur dieptebommetjies langs die boot af te gooi kon vasgestel word of ons nie miskien op 'n sandbank afstuur nie. Ek het klussen gaan slaap.

Sowat eenuur die nag is ek deur luide stemme gewek.

"Dis waansin en ek dra die verantwoordelikheid vir 'n veilige landing," het ek Nissen se stem gehoor.

Toe ek geklee in 'n kort broekie, 'n onderhempie en ligte rubberskoene op die dek kom, kon ek in die maanskyn 'n swart streep in die verte sien. Ek kon die land duidelik ruik.

Spontaan het ek my hakke teenmekaar geklap en die Nasionaal-Sosialistiese saluut gcgcc: "Heil, my dierbare vaderland! Heil, Suid-Afrika!"

"Is alles gereed?" het ek opgewonde gevra.

Geeneen van die ses manne op dek het geantwoord nie. Ek het gemerk dat Nissen senuweeagtig rondkyk.

"Alles is wel gereed, maar ons glo nie dat jy hier moet land nie," het hy gesê. "Ons het twee keer vuurpyle in die lug sien opskiet. Die kus word bewaak." Dieselfde ootnblik het 'n voel 'n onaardse geluid in die verte laat hoor. "Hoor jy daar? Ons is gewaar. Die beste is om vinnig pad te gee. Miskien kan ons more 'n geskikter landingsplek uitsoek. Hier kan jy beslis nie land nie..." Hy het na die donker kuslyn beduie. "Kyk daar ... die golwe sal jou buitendien teen die rotse verpletter."

Ek het my langsamerhand begin vererg vir die spoke wat Nissen in sy verbeelding opjaag. Aangesien daar egter 'n hemelsbreë verskil tussen dapperheid en onnoselheid is, het ek my gereed gemaak vir enige gebeurlikheid.

"Waar is my pistool?" het ek vir my Duitse kameraad gevra.

"In die roeibootjie."

"Kry dit vir my, asseblief."

Sonder 'n woord verder, het ek my liggaam vol vaselien gesmeer as beskutting teen die snerpende koue. Die moontlikheid dat die bootjie met my kon kantel, was glad nie uitgesluit nie. Daarna gordel ek die pistool om my lyf vas.

"Laat die bootjie sak ... ek gaan land."

"Het jy mal geword?" wou Nissen ontsteld weet.

"Ja! As jy normaal is, dan moet ek mal wees. Ek het nog nooit gehoor dat 'n lafhartige idioot as mal verklaar word nie. Eerstens is hy te onnosel om vir

homself te dink en tweedens is hy te lafhartig om te doen wat ander vir hom voorsê om te doen..." Vererg het ek voortgegaan:

"Luister, Nissen! Tot hier het jy die bevel gevoer. Nou is ons in my vaderland se waters en hier is ek baas. Laat die boot sak."

Ewe gedwee het een van die matrose 'n lang tou gevat, die een punt aan die rubberbootjie vasgebind en die ander punt om my lyf. Indien die bootjie sou omkantel, sou ek nog in staat wees om met die vrag uit te swem.

Ek het almal aan boord met die hand gegroet, op die bootjie gespring en na die roeispane gegryp.

Nadat ek die manne op die *Kyloe* 'n hartlike *Sieg Heil.*[1] en "Die Vierkleur hoog!" toegeroep het, het 'n knaende gevoel van verlatenheid en onrus in my opgestoot. Ek het die roeispane gegryp en begin roei. Op die seiljag was die ander manne se teenwoordigheid vir my 'n uitdaging om die luitenant se besware te ignoreer en die waagstuk te onderneem, maar toe ek alleen in die dobberende bootjie op die deinende watermassa sit, het allerhande vreesgedagtes in my begin spook. Die bootjie was belaglik klein en die radiosender en my tas het feitlik al die plek opgeneem, sodat ek bo-op die sender moes sit en roei. In dié ongemaklike posisie het dit krag en inspanning vereis, nie alleen om die bootjie oor die weg te kry nie, maar om my ewewig te behou.

Die see was gelukkig betreklik kalm, Ek was tussen drie en vier myl van die strand af en in die tyd wat dit my sou neem om die strand te bereik, kon baie dinge gebeur. My grootste vrees was egter die landing. Aan die strand is die branders soms gevaarliker as die golwe in die ope see en as die kus rotsagtig is, soos Nissen voorspel het, het ek weinig hoop gehad om die land ongedeerd te bereik.

Ek het egter besef dat om die gevare by voorbaat te beleef, net my onheil sou verhaas. Vasbeslote het ek voortgeroei en koers gehou met behulp van twee sterre wat dof deur die misbank geskemer het. Elke keer as die branders my bootjie skep, swaai ek my lyf in die teenoorgestelde rigting om te verhoed dat dit omkantel.

Langsamerhand het ek aan die golwe gewoond geraak en meer vertroue gekry. In die stilte van die nag kon ek duidelik in die verte die branders teen die rotse hoor breek. Ek het omtrent 'n uur geroei toe ek agter my geluide hoor soos die gepraat van naturelle. Geruisloos het ek my roeispane uit die water gelig en geluister.

Nissen was reg. Die aankoms van die jag is gewaar en die Regering se naturellesoldate het by die strand reggestaan om my te vang as ek land.

Ek het oor my skouer gekyk om te sien of ek iets kon gewaar. Behalwe die donker streep aan die kus kon ek niks uitmaak wat soos mensgestaltes lyk nie.

Stadig het ek verder geroei. Hoe nader ek aan die strand kom, hoe harder was die stemme. Meteens het dit my getref dat die stemme darem te reëlmatig en aanhoudend was vir mensestemme. Ek het weer geluister. Dit was

die taal van suisende en klotsende waters. Dit is 'n inheemse taal. Ek het 'n sug van verligting geslaak.

Hoe lank ek geroei het, weet ek nie, maar plotseling het ek besef dat ek redelik naby die strand moes wees. Ek het skielik omgekyk en gesien hoe 'n groot brander skaars tien tree agter my skuimend teen die rotsmassa vasslaan en breek. Met al my mag het ek aan die spane gebeur om die bootjie weer terug in die see te stuur. In daardle paar oomblikke het dit my meer krag en inspanning gekos as wat ek die hele twee uur tevore gebruik het. Dit was seker een van my benoudste oomblikke en die sweet het in groot druppels op my voorhoof uitgepêrel. Toe die volgende brander aanrol, het die worsteling weer van voor af begin. Uiteindelik het ek daarin geslaag om buite gevaar te kom. Ek was weer in die oop see. Na 'n rukkie kon ek in die skemerende verte 'n plekkie sien waar die branders vlak breek en ek het soontoe geroei, wetende dat daar strand moet wees. Ek het met my rug na die strand geroei. Net toe ek in die branding kom, voel ek hoe 'n koue rilling langs my ruggraat afkruip. Ek het gevoel hoe ek saam met die bootjie opgelig word. Die bootjie het gekantel en ek het onder die koue watermassa verdwyn. Soos reuse-ystange het die water om my karig geklede liggaam gesluit. Ek het geworstel en gespartel om my kop bo water te hou en na asem gesnak. Ek het probeer swem. My arms het vinnig beweeg. Die tou aan my bolyf wat vir so 'n gebeurlikheid met die bootjie gekoppel was, het skielik styf geruk. My bene het tot onder my gesak. Tot my verbasing het ek vaste grond onder my voete gevoel. Ek het regop probeer staan, maar weer neergeslaan. Na elf weke op die dobberende sciljag was my ewewig heeltemal versteurd. Dit het gevoel of die aarde onder my op en af wieg. Die water was ysig koud, maar ek het dit skaars gevoel. Angs en opgewondenheid het alle koue uit my liggaam verdryf. Ek het met dronkmansbene na die strand gestrompel en die swaargelaaide rubberbootjie met behulp van elke brander agter my aangesleep.

Om te verhoed dat die branders die bootjie weer die see insuig, het ek met die mes in my sak gate in die luggevulde kante van die bootjie gesteek. Die lug het ontsnap en die bootjie het slewig geanker op die nat sand gele. Ek het waggelend, soos 'n gekweste wildsbok, teen die naaste sandduin uitgehardloop. Ek het al verder genael. Voor my het die een duin dieselfde as die vorige gelyk - 'n golwende see van sand en verder niks nie. Na soveel opoffering, stryd, kommer en ergernis wou ek nie nou betrap en gevange geneem word nie. Ek was vasbeslote om my nie lewendig te laat vang nie.

Soos 'n waansinnige het ek die bootjie aan stukke gesny. Agter die eerste duinwal het ek met die handgrafie, wat ek spesiaal vir die doel saamgebring het, 'n gat gegrawe. Daar mag geen teken van my landing nagelaat word nie. *Die veiliglieid van die manne aan boord die Kyloe* moet gewaarborg wees. Ek sal *nooit* praat nie. Hierdie houding het ek ook later in die skadu van die galg gehandhaaf. Geen woord hoegenaamd kon deur intimidasie, regsgeleerdes,

polisie, ongevraagde en stinkende advies uit verskillende oorde, of selfs die dood aan die galg, uit my gepers word nie. Ek sou met die geheim sterf. Indien ek wel opgehang was, sou die stories oor my en my oorlogsavonture, vandag nog meer verwarrend gewees het as destyds.

Met al die krag in my jong, gespierde liggaam, het ek die gat vir my rubberbootjie en ander toebehore gegrawe. Ek het diep gegrawe. Ek was bewus van die oorheersende eienskap van my ou volkie. Ons Suid-Afrikaners is geneig om, met weinige uitsonderings natuurlik, niks deeglik te doen nie. Indien daar derhalwe gegrawe word op soek na my bootjie, sou dit nie gevind word nie. Van die een roeispaan, wat vandag nog in my besit is, het ek 'n stuk afgebreek sodat dit plat in die gat kon lê.

My taak was afgehandel. Alle spore en tekens is sorgvuldig doodgevee. Ek het die sand van my liggaam in die koue seewater afgespoel en droë klere aangetrek. Volgens my skatting moes dit omtrent twee-uur in die middag gewees het. Die grawery het my moeg en baie dors gemaak. Tot my ontsteltenis moes ek ontdek dat een van die drie sodawaterbotteltjies gebreek het! Ek wis dat drinkwater in die woestynagtige streek vrywel onbekombaar was en moes my derhalwe bedwing om net een botteltjie te ledig. Aldus gelawe, het ek my bagasie, wat sowat 180 pond geweeg het, opgetel en moeisaam teen die sandheuwels uitgeploeter.

Om die dra van my vrag te vergemaklik, het ek die sender se handvatsel en dié van die reistas met 'n handdoek aan mekaar vasgekoppel. Deur onder die gekoppelde bagasie in te kruip, het ek dit so bewerkstelling dat die tas voor en die sender agter my skouer hang. Uit vrees dat 'n vliegtuig van die kuswag my onverwags kon verras, het ek besluit om onder die eerste laaggroeiende bos in te kruip en te wag totdat dit donker is.

'n Vreemde geluid digby het my uit my mymering gewek. Die werklikheid het my weer fel beetgepak en ek dink wat ek aan die mense gaan se wat my uitvra na my koms vanaf Duitsland na Suid-Afrika. Ek moet 'n storie bedink wat nie die bemanning van die *Kyloe* in gevaar sal stel nie. Om bloot te swyg en te se dat dit 'n geheim is hoe ek na my vaderland teruggekeer het, sou beslis agterdog wek. Ek moes 'n leuen versin wat almal as die waarhefd kon aanvaar. Dit moes realisties en eg klink sodat niemand dit nodig sou vind om te raai en te gis nie. Die moontlikheid dat die mees populêre gedagte heel waarskynlik die regte kon wees, het my tot nadenke gestem.

Ek sou aan *almal* meedeel dat ek met 'n *duikboot* gekom het. Dit sou tegelykertyd die Geallieerdes slapelose nagte besorg om te dink dat die Duitsers oor duikbote beskik wat ongesiens duisende myle kon aflê. Ons het op die *Kyloe* dikwels na die Duitse nuusberigte geluister en geweet dat die Duitse valskermsoldate Kreta binnegeval het, maar van die verwagte inval van Kommunistiese Rusland is daar geen woord gerep nie. As die Russe maar net wou glo dat Duitsland oor duikbote beskik wat geweldige lang afstande onder

water kon aflê, sou Stalin nie weet waar om aan sy liggaam te krap nie. Hy sou ook nie weet waar om sy vinger te druk nie. Die gedagte aan die onrus wat my storie miskien kon opwek, het my geamuseer.

Die laaste deel van my storie sou egter deels outentiek wees. Ek sou vertel dat ek die laaste deel van my reis met 'n rubberbootjie voltooi het. Aan die boom by die gat waar ek die rubberbootjie begrawe het, sou ek 'n onuitwisbare merk gekap het. Waarmee? Met die handgrafie. Na die oorlog sou ek die boom aan die Namakwalandse kus sonder moeite uitken en almal sou weet dat ek die waarheid gepraat het!

Hierdie verdigsel het ek dan ook later met soveel oortuiging aan die mense opgedis dat almal dit geglo het. Niemand het geweet dat ek in werklikheid met 'n seiljag gekom het nie - nie eens my ouers, broers en susters nie.

Dit is tog logies dat 'n geheim *nooit* gedeel word nie. Gedurende my verhoor in Pretoria het die man wat later Kommissaris van Polisie geword het, generaal-majoor Du Plooy, wat toe in bevel van my saak was, selfs Kleurlingvissers uit Hondeklipbaai in Namakwaland gebring om te getuig dat hulle 'n duikboot naby die kus gesien het. Ook in die Hooggeregshof het die regters bevind dat ek met 'n duikboot na Suid-Afrika gekom het.

Wat ek verwag het, het gebeur. Sersant Griffiths, later offisier in die *SA.* Polisie, wat toentertyd in bevel van die polisiestasie op Hondeklipbaai was, het die hof vertel dat, volgens inligting uit 'n baie betroubare bron, hy en sy metgeselle die hele Namakwalandse kus gefynkam het op soek na die boom met die merk daaraan. Dit is nie nodig om te se dat my landingsplek nooit ontdek is nie. Daar was geen boom naby nie.

Met die swaar pak op my rug, sou dit futiel wees om 'n rigting in te slaan waar jy myle en myle tot aan die horison net wit duinsand en laaggroeiende bossies kon sien. Dan liewer vyf-en-veertig grade suidoos langs die kuslyn op waar die moontlikheid om water te vind nie so senutergend en kleurloos was nie. Toe ek my bagasie opneem en verder stap, was die son reeds onder. Later het die mis saamgepak en die sterre verberg sodat ek nie my koers kon bepaal nie. Aangesien my bene baie swak was van die lang seerit op die klein bootjie, het dit die eerste aand maar sukkel-sukkel gegaan deur die sand met 180 pond op my rug. Ek het die hele nag deur gestap. Die volgende oggend toe dit lig word, het ek dit gewaag om my bagasie neer te sit om 'n bietjie te draf en my litte te rek. Tot my verbasing ontdek ek dat ek die hele nag in 'n sirkel gestap het. Ek was nie ver vanwaar ek die vorige namiddag begin het nie. Daar was geen ander keuse as om maar nou in die daglig te stap nie. Daar was geen tyd om my lot te sit en betreur nie. Vliegtuie en motors sou ek wel van ver af hoor sodat ek betyds kon wegkruip. Wat my veral gekwel het, was dat die botteltjie sodawater wat ek by my gehad het, vinnig begin sak het. Om die vog so lank moontlik te bewaar, het ek met my mes se punt 'n gaatjie in die metaalproppie gemaak om dan net, wanneer my tong en lippe droog word, 'n klein bietjie deur die gaatjie te suig,

Ek het die hele dag deur gestap en daardie nag omstreeks twaalfuur my vrag neergesit om 'n bietjie te rus. Met my hande agter my kop het ek op die sand gaan lê en dadelik aan die slaap geraak.

Toe ek wakker skrik, was dit omstreeks vieruur in die oggend. My voete was tot bokant my enkels dood van die koue. Ek het vinnig opgespring en in sirkels om my bagasie gehardloop. Om die bloedsomloop te bevorder, het ek op my rug gele en oefeninge gedoen.

Gedwee het ek aangestryk ... die onbekende tegemoet. Met dagbreek het ek my dors probeer les deur die doudruppeltjies van die yl grashalmpies af te lek. Later in die dag het my tong en lippe kwaai begin swel. Ek kon alleen met moeite asemhaal. "Water! Water!" het my droë keel die woorde uitgewurg aan die dorstige sandgolwe wat stom en roerloos in die dynsige hittewaas gele en luister het.

In my strompelgang het ek oor my eie voete gestruikel en onder 'n struikgewas inmekaar gesak. Te moeg om nog die dratuig van my skouers te verwyder, het ek my oë gesluit. Die vrolike gefluit van 'n voëltjie binne armlengte reg bo my kop, het opnuut lewe in my gebring. Toe ek afkyk, merk ek hoe 'n akkedissie vlak by my tot stilstand kom asof hy aan my wou se: "Sien jy, nog ek, nog die voëltjie is bang vir jou. Ons weet jy is 'n seun van hierdie land en jy sal ons geen kwaad doen nie. Ons heet jou welkom in ons midde." In die buiteland het ek so dikwels terugverlang na my vaderland dat die ylende gedagte, dat selfs die diertjies my nog ken, my diep geroer het.

Met hernieude moed het ek my vrag opgeneem en verder aangesukkel. Indien ek maar net van 'n plek geweet het waar water te vinde sou wees, sou die stryd teen die dors nie so uitputtend op my ingewerk het nie.

Omstreeks twaalfuur die middag gewaar ek in die verte 'n klipplaat teen 'n duin, wat aanloklik in die son lê en glinster. Meteens val die sender agter my op die grond. Ek sak moeg op my knieë neer en keer net betyds dat my reistas ook val. Die handvatsel van die metaalomhulsel waarin die radiosender verpak was, het uitgeskeur.

"Is dit die teken?" het ek myself gevra! "Moet ek die vervloekte radiosender hier laat lê? Ek gaan hier sterf van dors met 'n radiosender wat ek glad nie ken nie. Wie kan dit hier in Suid-Afrika in werking stel? Die ding is nutteloos! Dit is aan die marconis oorhandig en nie regstreeks aan my nie. Met 'n pistool in my hand het ek dit by Nissen afgedwing."

"Los alles," het 'n duiwelse stem hier in my gesê. "Gaan na generaal Smuts en vertel hom wie jy is. Hy en jou vader ken mekaar goed. Vertel hom dat jy die Duitse volk op byna elke terrein leer ken het. Jy was student aan die Ryksakademie vir Liggaamsopvoeding. Jy het politiek bestudeer aan die universiteit. Jy was instrukteur aan die Universiteit vir Liggaamsopvoeding in Berlyn. Jy was dosent aan die Duitse leierskool in Neustrelitz. Jy het uitgesaai oor Zeesen. Jy was soldaat. Jy was valskermspringer. Jy was vrywillige oesinsa-

melaar en het die Duitsers ook op agrariese gebied leer ken. Konsul-generaal Rudolf Karlowa het jou vertel dat die oorlog tussen Duitsland en Kommunistiese Rusland onvermydelik is. Rusland stel verregaande en selfvernietigende eise aan Duitsland. Nasionaal-Sosialistiese Duitsland gaan die Kommunistiese draak eersdaags aan die keel gryp. Sluit met generaal Smuts 'n verdrag. Jy weet wat in Duitsland aangaan. Se vir hom, al weet hy dit, dat Duitsland j aarliks duisende ponde spandeer om Zeesen, die Duitse radio-omroep na Suid-Afrika, aan die gang te hou. Alles wat Zeesen uitsaai, sal jy oor die Suid-Afrikaanse Uitsaaidiens weerlê of negeer. Of jy dit nou met feite of leuens sou doen, is bysaak. Dit is oorlog en alles is toelaatbaar. Onthou, geld is tans volop en jy sal 'n groot salaris ontvang. Jy sal ryk wees en met geld kan jy alles in 'n kapitalistiese staat bekom: invloed, mag, status en morele slawe. Loop Robey, waarvoor wag jy? Die aasvoëls sal netnou op jou dooie liggaam toesak. Kapitaal olie die masjinerie van die wereld en nie karaktereienskappe nie. Eer is *niks* nie; *geld is attesl"*

Ek het skielik luid uitgeroep en vir my eie stem geskrik. Het ek geyl of wou ek waaragtig kapituleer?

Die trots in my het egter geweier. Ek sou die vertroue in my gestel, nooit beskaam nie, het ek besluit.

Met hernieude krag gryp ek aan die handvatsel van die radiosender se omhulsel. "Kom hier, jy met jou af-oor, sleep sal ek jou, maar alleen gaan jy nie hier bly nie. Die Duitsers heg soveel waarde aan jou patent dat hulle selfs 'n stuk dbamiet in jou stert gestop het om jou te vernietig voor jy in die hande van die vyand val. As ek jou vir niks anders kan gebruik nie, gaan jy ten minste dien om my volgelinge te imponeer," gesels ek ylend met die radiosender.

Aangesien die sender se handvatsel eenkant uitgeskeur het, kon ek dit nie meer met die handdoek aan die reistas koppel nie. My dra-kombinasie was derhalwe tot niet. Die tydrowende proses om die sender en die tas beurtelings te dra, het my later verveel. Met die tas in die een hand, het ek die sender met die ander oor die sand agter my aangesleep. Die knaende stryd teen dors het uitputtend en verlammend op my ingewerk. Nou is die klipplaat wat ek in die verte teen 'n duin sien glinster het, my doelwit. Die klipplaat is 'n uitstekende baken. Daar kan ek my sender begrawe en by die ou murasie links van my, myle ver op 'n heuwel, gaan water drink en dan weer terugkeer om die sender te kom haal. Die gedagte dat die mense juis daar weggetrek het omdat die water opgeraak het, het my amper moedeloos en waansinnig gemaak. Ek sou liewer worstel met die dood, maar lê en doodgaan soos 'n transportdonkie, sou ek beslis nie. Ek strompel moeisaam voort, want kapituleer mag ek nie.

Dit voel of ek die sender al 'n honderd myl ver gesleep het en die reistas word al swaarder en swaarder. Moeg, uitgeput en ylend van dors bereik ek

uiteindelik die klipplaat. Uit pure vermoeienis sak ek op my knieë neer en prewel 'n gebed tot God, die Allerhoogste.

Onder 'n bos links van die klipplaat begin ek met my hande 'n gat vir die sender grawe. Met die grawe kom ek op patatagtige wortels af. Gulsig kou ek daaraan om my mond en Uppe klam te maak. Aan die moontlikheid dat die wortels giftig kan wees, skenk ek geen gedagte nie, want sterwe gaan ek tog buitendien van dors. Ru begrawe ek die sender onder die sand. Wat daarna gebeur het en hoe lank ek daar gele het, weet ek nie. Al wat ek weet, is dat ek koud en nat was toe ek wakker skrik.

Ek kruip op my knieë tot by die klipplaat en begin haastig soek na 'n holtetjie waarin die reënwater kon opdam. Plat op my maag lê ek die water en opslurp. Later sit ek plat in die stromende water en skeer die lang stoppels baard van my gesig af. Dit het my beter laat voel, hoewel my klere teen dié tyd papnat was.

My reistas was van swak karton en om die dra daarvan te vergemaklik, het ek my handdoek deur die handvatsel gesteek en die reistas op my rug gedra. Nadat ek 'n ruk lank deur die reen aangesukkel het, haal ek my tas van my skouer en merk dat dit onder oopgeskeur het. Haastig deursnuffel ek die tas en ontdek dat die sokkie waarin ek my dollars gebêre het, saam met my vulpen en tandeborsel deur die skeur geval het.

Ek het op my spore teruggegaan en agter my 'n diep streep met 'n stok getrek sodat ek weer tussen die bosse my pad na die tas sou vind. Sowat dertig tree daarvandaan het ek die vaal sokkie oor 'n bossie sien hang. My blydskap was so groot dat ek geen verdere moeite gedoen het om na die vulpen en tandeborsel te soek nie.

Nadat ek nog 'n ent gestap het, hoor ek skielik die geblêr van skape. Nie lank daarna nie hoor ek iemand fluit. Ek kyk versigtig rond. Van agter 'n vuurskerm sien ek 'n Kleurlingskaapwagter te voorskyn kom.

Ek skreeu en wink vir hom om nader te kom, maar die jong kyk my net bang-verbaas aan. Ek het destyds ook, soos die groot leier wat ek verafgod het, 'n tandeborsel-snor gedra. My hare het in die reen nat geword en ongemerk oor my voorkop afgesak. Onwetend het my voorkoms by die skaapwagter vrees ingeboesem.

Bewegingloos staan die jong my en aangaap. Ek stap nader en vra hom in Engels waar sy baas woon. Hy praat nie en kyk my wantrouig en onbegrypend aan. Dit lyk of hy wil weghardloop. Ek pluk my pistool uit. Die jong gaan staan, maar trap senuweeagtig rond. Ek herhaal my vraag in Afrikaans. Die jong se oë rek.

"Net hier onder," antwoord hy in pront Afrikaans, maar bly op 'n veilige afstand staan.

"Hoe ver?" vra ek verlig.

"Dis nie ver nie, omtrent twee myl," antwoord hy.

# *23. Hulp van Namakwalanders*

Uit louter blydskap gee ek die jong 'n paar stukkies druiwesuiker of Jodesuiker (soos hy later in die hof getuig het), 'n lang bruin sportbroek met 'n rek bo-in wat hy as 'n vrouensbroek beskryf het en 'n paar bruin skoene wat vir hom "te lank" was - só het hy altans in die hof getuig.

Die jong het so swak beduie waar sy baas se opstal is dat ek verkeerd geloop het. Intussen het ek kliphard gedink aan 'n storie om my teenwoordigheid in daardie verlate en afgesonderde streek te verklaar. As ek die landstreek geken het, sou ek 'n baie beter storie uitgedink het.

Omtrent agtuur die aand gewaar ek 'n liggie voor my teen 'n bult. Ek het aangeneem dat dit die skaapwagter se baas se woonhuis was.

Nog voordat ek die huis bereik, het die liggie verdwyn. Ek was te moeg en honger om te gis oor die ontvangs wat my in daardie huis te beurt sou val. Sonder om twee keer te dink, klop ek hard aan die voordeur en staan 'n entjie terug om te wag.

Na 'n rukkic gaan die deur oop. Voor my in die deur verskyn 'n forsgeboude man van oor die ses voet met 'n lantern in die hand, Hy kom versigtig nader en lig met die lantern op my sodat hy die nagtelike besoeker beter kon beskou.

"Goeienaand, Oom," se ek afwagtend. "Smit is die naam." Die boer bekyk my van kop tot tone. Hy huiwer 'n rukkie voordat hy my groet beantwoord.

"Naand ... ek is Engetbrecht."

Die afsydige ontvangs het my 'n bietjie ongemaklik laat voel. Ek besluit egter om die bul aan die horings te gryp en deur te druk met my opgemaakte storie.

"Die reen noodsaak my om u te vra of u my nie die nag kan herberg nie," se ek ewe saaklik.

Aangesien dit nog steeds hard gereën het, word ek deur Engelbrecht binnegenooi. Ek het skaars gesit of die oubaas begin met sy ondervraging.

"Hoe het jy gesê ,.. wat is jou naam?"

"Smit, Oom."

"Smit," herhaal mnr. Engelbrecht. "Waar kom jy vandaan, mnr. Smit?"

"Hier anderkant van 'n plaas af, Oom."

"Watter plaas?"

"Blouwater, Oom."

"Blouwater!" peins mnr. Engelbrecht. "Blouwater ... waar se jy lê dié plaas?"

"Net hier langs die grootpad van Port Nolloth af," skiet ek 'n skoot in die donker.

Engelbrecht skud sy kop twyfelagtig onderwyl hy my agterdogtig aangluur.

"Kyk, ou seun. Ek is hier gehore en ken elke duim grond van die Kaap tot in Port Nolloth," se hy, "maar van Blouwater het ek nog nie gehoor nie."

Intussen het 'n oorweldigende gevoel van blydskap my oorval. Ek was tog so bly om weer in my vaderland terug te wees dat ek amper gevoel het om die oom van voor af weer te groet en hom van al my wedervaringe in die vreemde te vertel. Ek het egter besef dat ek in 'n hoek was en dat ek 'n leuen moes vertel om los te kom.

"Ek is eintlik 'n student aan die Universiteit van Pretoria," lieg ek. "Twee van ons het met 'n motorfiets rondgereis om 'n studie van die leermetodes in die skole te maak. Ons het verlede nag op 'n plaas ... ek meen dis Blouwater ... geslaap en vanoggend verder gery; die fiets het moeïïikheid gegee en toe is my maat daarmee terug. Ek het gemeen ek sou maar stap tot by die naaste stasie en dan die trein terug Pretoria toe haal. My maat se klasse begin eers 'n week na myne."

Later het Engelbrecht my 'n kamer gewys waar ek kon verklee en droë klere aantrek. Die oubaas het vir 'n lang ruk niks gesê nie, maar net my bruingebrande liggaam sit en bestudeer. Meteens vra hy:

"Is jy 'n Duitser?"

Ek ruk soos ek skrik.

"Nee," antwoord ek verward. "Ek is Afrikaans. Hoekom vra Oom?"

"Jou voorkoms en jou uitspraak laat my dink dat jy Duits is."

"Nee, Oom, die Duitsers het mos glo blonde hare en daarbenewens ook fynbesnede gelaatstrekke. Ek lyk na alles behalwe 'n Duitser. Wat my uitspraak betref, weet Oom tog seker dat ons Transvalers maar so praat."

Oubaas Engelbrecht peins so 'n rukkie en krap sy kop. "Ja, ek het gehoor die Transvalers praat anders as ons hier."

Die ondervraging word onderbreek toe die tannie met 'n reistas haar verskyning in die deur maak. "Dis ongelukkig al wat ek kan spaar en jy kan dit vir vyftien sjielings neem," se sy aan my. Hoog in my skik het ek alles wat ek in die geskeurde tas gehad het, in die ander een oorgepak.

Onderwyl ek besig was met die oorpakkery, kom 'n seun van sowat agttien die kamer binne met 'n skottel warm soutwater in sy hande wat hy voor die bed neersit. "My ma se Oom moet Oom se voete hierin baai."

"Baie dankie," se ek oorstelp van blydskap. My voete was nie alleen moeg nie, maar vol bloedblase wat later oopgegaan en nou geweldig begin brand het.

"As jy klaar is, kan ons maar 'n stukkie gaan eet," nooi oom Engelbrecht my.

Aan die tafel het oom Engelbrecht sy ondervraging hervat. Hoewel die vrae later uitgeloop het op 'n soort kruisverhoor, het ek voet by stuk gehou en by my oorspronklike storie gebly.

"Dit skyn my Oom trek alles in twyfel wat ek se," maak ek kapsie. "As dit die geval is, loop ek sommer nou." Ek het opgestaan.

"Sit, man, sit. Laat ek jou 'n bietjie vertel. Jy het oor verbode terrein gekom. Die grond hier anderkant die spruitjie waardeur jy gekom het, behoort aan 'n diamant-maatskappy. Ek is een van die opsigters en dis my plig om enige vreemdeling wat op die gronde ronddwaal, te rapporteer."

"As Oom dink dat ek diamante kom soek het," antwoord ek uitdagend, "kan Oom my en my tas nou deursoek."

Oubaas Engelbrecht kyk my aandagtig aan.

"Ek glo nie jy is 'n diamantsmokkelaar nie, maar ek sal jou se wat ek dink: Jy is of'n Duitse spioen, of jy is 'n Smutsagent wat kom kyk of die mense hier Duitsgesind is."

"Oom is tog seker nie ernstig nie?"

"Ja, man, ek is doodernstig, want 'n mens weet nie meer deesdae wie jy kan vertrou en wie nie."

"Wat moet ek doen om Oom te oortuig dat ek nie 'n Smutsagent of 'n Duitse spioen is nie?"

"Nee, niks nie. Al trek ek in twyfel wat jy my vertel, is dit my plig as Christenmens om gasvryheid te bewys, maar dit is ook my plig om aan my hoof te rapporteer dat jy hier rondgedwaa! het. Nietemin, jy kan maar vanaand hier slaap," se oom Engelbrecht vriendeliker.

Ten spyte van my moegheid, kon ek daardie nag nie slaap nie. Ek het die hele tyd gele en rondrol. Die wete dat my gasheer my teenwoordigheid aan sy hoof gaan meedeel, het my nie soveel gekwel nie as die moontlikheid dat die Suid-Afrikaanse speurdiens oor tegniese middele kon beskik wat, indien ek miskien lewendig oorrompel word, die waarheid uit my kon uitsuig.

Dis eienaardig hoe 'n mens wat in angs lewe, later paniekbevange kan raak oor dinge wat sy eie gedagtes vir hom voorgoël.

Deur selfsuggestie en selfhipnose wou ek al die name en plekke van die laaste drie maande uit my geheue wis. Hoe suksesvol ek was met hicrdie metode, kan afgelei word van die feit dat ek vandag nog nie kan onthou wat die name van die manne was wat saam met my die reis op die *Kyloe* meegemaak het nie. Selfs lank nadat ek uit die gevangenis ontslaan is, het ek nie geweet wat die naam van die seiljag was nie. In die artikels wat einde 1948 oor my oorlogservaringe in *Die Brandwag* verskyn het, praat ek van luitenant Bretz en nie van Nissen nie. Ook die naam Paimpol, die hawedorpie van Frankryk, het ek vergeet. Met die beste wil kon ek daardie name nie weer in my geheue terugroep nie. Eers jare later het die name *Nissen, Kyloe* en *Paimpol* in verskillende Duitse tydskrifte verskyn en het ek hulle onmiddellik herken. Van alles wat daar omtrent my oorlogsavonture in buitelandse nuusblaaie en boeke verskyn het, was daar net die name wat toevallig reg was, die

res was meestal fiksie. Ek het nie eens geweet dat my onderneming na Suid-Afrika bekend gestaan het as "Weiss Dorn" of "Wit Doring" nie.

Laat die nag hoor ek plotseling hoe daar hard aan die agterdeur geklop word.

"Wie is daar?" hoor ek die oubaas se stem.

Die reen het nog een strook deur op die dak gekletter sodat ek nie kon hoor wat die antwoord was nie. Met gespanne aandag en met die pistool in my hand, lê ek en luister,

"Lewendig gaan hulle my waaragtig nie vat nie," dink ek.

Deur 'n skrefie in die deur sien ek die lig van oom Engelbrecht se lantern na die agterdeur beweeg. Duidelik hoor ek die kermende stem van 'n bediende wat Afrikaans praat.

"O, baas, my kind is dood," se sy weemoedig.

Binne enkele oomblikke was tannie Engelbrecht ook by die deur besig om die bediende te troos en raad te gee.

Eindelik het die bediende bedaar.

"Sal baas asseblief vir my 'n kis maak en die begrafnis reël?" het sy sag gevra.

"Ja, Ek sal vir alles sorg. Gaan nou maar terug en doen presies wat die miesies vir jou gesê het," se die oom.

Spoedig was dit weer donker en stil in die huis. Hoewel ek met die bediende gesimpatiseer het, was ek nietemin verlig oor wat so pas gebeur het. Ek het daarin die hand van 'n Hoer Mag gesien wat saamgewerk het vir my eie veiligheid. As die oubaas die volgende dag 'n kis moet maak en 'n begrafnis moes waarneem, sou hy nie nog dieselfde dag myle ver kon ry om my by sy hoof aan te meld nie. Die res van die nag het ek redelik goed gerus.

Vroeg die volgende oggend was oubaas Engelbrecht reeds in die werkwinkel besig om die kissie te maak, Ek het dadelik gemerk dat die Engelbrechts baie vriendeliker was as die vorige aand toe ek daar aangekom het. Veral die oubaas het my hartlik gegroet en gevra of ek goed geslaap en koffie gekry het. Ons het daar in sy werkwinkel lank oor ander dinge gesels en toe meteens die gesprek van die vorige aand hervat.

"Man," begin hy gewigtig, "ek het my die hele aand gele en kwel oor die waarskynlikheid van die storie wat jy my gisteraand vertel het. Die plaas Blouwater ... ek ken 'n plaas Swartwater hier in die omgewing, maar Blouwater!"

"Dit kan wees dat die plaas eers Swartwater genoem was en nou eers onlangs verdoop is na Blouwater," soek ek 'n uitvlug.

"Hoe lyk dit, glo Oom my werklik nie?"

Oom Engelbrecht lê sy hamer neer en kyk streng na my. "Stel jou in my posisie," se hy. "Jy woon hier op die plaas en donker die aand kom ek hier by jou aan met 'n reistas wat met stroke van 'n geskeurde handdoek vasgemaak is sodat dit nie uit mekaar kan val nie en ek vertel jou 'n storie wat

klinkklaar 'n leuen is. Sou jy nie dink dat ek 'n skelm is nie? Om alles te kroon, merk jy later dat ek nog twee pistole in my reistas het. Tot watter gevolgtrekking sal jy kom, meneer Smit?"

"Dis 'n moeilike vraag om te beantwoord, maar Oom dink tog seker nie dat ek 'n droster is wat daarop uit is om ander mense te beroof nie?"

"Mens kan nooit weet nie," se oom Engelbrecht. "Deesdae gebeur daar snaakse dinge. Luister net 'n bietjie ... Jan Smuts en sy Sappe verklaar oorlog teen Duitsland en nou is ons Nattes ook sommer vyande van die Duitsers. Op my beurt weier ek om saam met Jan Smuts te veg en daarom verklaar hy my tot vyand. Kyk nou in watter haglike posisie verkeer ek. Eers maak hy my sonder my toestemming 'n vyand van die Duitsers en dan maak hy my weer met my toestemming 'n vyand van homself en ... nee, jy weet, Jan Smuts sal my nog dwing om te glo dat die wereld waaragtig draai."

Ek kon nie help om te lag nie, "Oom praat nou so, maar die pot kan die ketel mos nie verwyt nie. Eers sien Oom my vir 'n Duitse spioen aan, dan 'n Smuts-agent en ten slotte 'n rower en 'n moordenaar. Nou wil Oom vir generaal Smuts blameer dat die wereld draai," se ek ewe sarkasties.

Ons geselsie word onderbreek deur die geklap van perdepote op die werf. Oom Engelbrecht kyk vinnig by die werkwinkel se deur uit. "O, dis my buurman," se hy half bangerig. "More, buurman," groet hy toe die man van die kar afklim. Die besoeker groet afgetrokke terwyl hy agterdogtig na my kyk.

"Dis meneer Smit," stel oom Engelbrecht my aan meneer Auret voor. Auret groet my met die hand sonder om genoeë met die kennismaking uit te spreek.

"Is dit die man wat, volgens my skaapwagter, deur die veld aangekom het?" wil hy weet.

"Dis hy," antwoord oom Engelbrecht. "Ek wou vanoggend sy spoor nagaan, maar ongelukkig is een van my bediendes se kindertjies gisteraand dood en moet ek nou eers 'n kissie maak. Sodra ek klaar is met die begrafnis sal ek gaan kyk of ek die spoor kan volg."

Auret trek oom Engelbrecht opsy en voer 'n gedempte gesprek. Ek spits my ore om te hoor wat hulle se, maar behalwe die woord diamante kon ek niks verstaan nie.

Nadat Auret koffie gedrink het, is hy weer daar weg. Toe hy op sy kar klim, se hy hardop aan oom Engelbrecht: "Ek ry nou na Garies en sal die saak by die hoofopsigter gaan aanmeld. Intussen kan jy sy spore nagaan."

Omtrent twaalfuur was die begrafnis van die kind afgehandel. Oom Engelbrecht het sonder versuim sy perd opgesaal en aanstaltes gemaak om my spoor na te gaan.

Hoewel dit redelik warm was, het koue sweetdruppels langs my gesig afgerol. Ek het terdeë besef wat die uitslag van oom Engelbrecht se ondersoek sou wees. Die moontlikheid dat die reen my spore in die sand totaal kon uitwis, het nou vir my na 'n wensgedagte geklink. Nie alleen sou die radiosender

gevind word nie, maar ook my landingsplek sou ontdek word en daarmee sou die veiligheid van die bemanning aan boord die *Kyloe* in gevaar gestel word. As dit gebeur, sou Nissen my ongetwyfeld as 'n verraaier bestempel. Vriend en vyand sou my verag.

Ek het reeds geweet dat oom Engelbrecht nie die Regering se oorlogsbeleid steun nie. Haastig hardloop ek na die opgesaalde perd en gryp die teuels voor by die stang.

"Klim asseblief af, Oom. Laat ons eers gesels voordat Oom ry," pleit ek.

Die oubaas kyk my verbaas aan. Ek pleit so al wat ek kan.

"Wat gaan nou met jou aan, meneer Smit?" vra oom Engelbrecht glad nie onvriendelik nie.

"Oom, dis oorlog en dis dringend dat ek met Oom móét gesels. Ek weet dat Oom onder sekere verpligtüige teenoor die diamant-maatskappy staan, maar ek is geen diamantsmokkelaar nie, Ek sweer, Oom. So help my God!"

Stadig klim hy van sy perd af. "Se nou vir my. Wat hinder jou, ou seun?"

Haastig vertel ek hom waar ek my sender begrawe het en dat hy dit asseblief vir my moet gaan haal.

"Maar hoe het jy tot daar gekom?" wil hy van my weet.

"Gaan haal eers die sender, dan sal ek alles vertel," belowe ek.

Oom Engelbrecht het eers laat die aand teniggekeer. Hy het die radiosender in 'n sak gesteek en voor hom op die saai vasgehou. Hoe hy dit reggekry het, weet ek nie. Toe alles stil was op die plaas, het ek my sender onder die takke gaan begrawe wat deel uitgemaak het van 'n ou veekraal.

Daardie selfde aand het die oubaas by my aangedring om hom te vertel hoe ek tot op die plek gekom het waar die sender begrawe was.

"Ek besef dat 'n man se woord onder alle omstandighede sy eer is en ek is derhalwe bereid om my woord gestand te doen," se ek ernstig. "Ek het met 'n duikboot gekom en daarna met die voet gestap tot by die plek waar my sender begrawe is."

Hoewel oom Engelbrecht lank aan my getorring het, wou ek hom nie alles vertel nie. Toe hy ontdek dat al sy pogings futiel is, het hy daarin berus.

"Ek het my plig gedoen en al kan ek nie alles begryp nie, voel ek oortuig dat jy nie 'n skelm is nie," het hy uiteindelik sag gesê.

Onder kruisverhoor in die Hooggeregshof in Pretoria, het oom Engelbrecht getuig dat ek onder andere aan hom op sy plaas Sarizam meegedeel het dat ek die leier van die Ossewabrandwag glad nie vertrou en dat die Herenigde Nasionale Party nie meer lank met die O.B. sal saamwerk nie. Ek sou dit gesê het na aanleiding van 'n berig in die koerant waarin dr. D.F. Malan na die Ossewabrandwag verwys het as die aksiefront van die Herenigde Nasionale Party.

Voordat ons daardie aand gaan slaap het, is daar afgespreek dat oom Engel-

brecht my die volgende dag saam met hom na Wallekraal sou neem, vanwaar ek met 'n bus na die spoorwegstasie op Bitterfontein sou reis.

Die volgende oggend het ons voor dagbreek die perdekar ingespan en na Wallekraal vertrek. Oom Engelbrecht, wat onder die Namakwalanders bekend gestaan het as oom Joos Koelenberg, het my na die skoolhoof, meneer Carl Meiring, geneem en as Smit bekend gestel. Carl Meiring was bedeel met 'n besondere sterk persoonlikheid. Sy voorkoms en houding het my beïndruk en ek het hom baie gou in my vertroue geneem. Deur sy toedoen het die Mostert-broers uiteindelik ingewillig om my met hulle motor na Kaapstad te vervoer.

Daardie aand was ek die gas van die Meiring-gesin. Vroeg die volgende oggend het ek saam met die Mosterts na Kaapstad vertrek. Weens die onlangse reëns was die pad erg verspoel en het ons ook by die eerste drif vasgeval. Na 'n lang gesukkel het ons eindelik daarin geslaag om met behulp van 'n span donkies deur te kom. Ons het laat die aand in Kaapstad aangekom en in 'n losieshuis tuisgegaan. Nadat ek van die Mostert-broers afskeid geneem het, is ek na die woning van mevrou Annakie Grobbelaar, 'n ou kennis uit Graaff-Reinet se dae.

Van dié vriendin het ek heelwat van die Ossewabrandwag se bedrywighede te hore gekom en ook watter leidende persoonlikhede van die beweging hulle in Kaapstad bevind. Ek was reeds bewus van die O.B. se metode van optrede teen die Smutsregering maar wou graag uit die mond van gesaghebbende persone hoor wat die eintlike strewe van die O.B. was en hoe hulle daardie ideaal wou verwesenlik.

# 24. *Ek maak kennis met die Ossewa-brandwag*

Aangesien ek wyle "Sambok" Smith, die Assistent-Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag (O.B.) geken het toe hy nog redakteur van *Die Spandau* op Graaff-Reinet was, het ek besluit om hom te gaan opsoek. Hy het my wantrouig ontvang en by my die indruk geskep dat hy gedurig in vrees lewe. Hy wou nie dadelik glo dat ek wel Robey Leibbrandt was en dat ek van Duitsland gekom het nie. Om dit vas te stel, het hy my versoek om met hom Duits te praat. Nadat hy oortuig was dat alles in orde is, het hy skielik vermoed dat sy woning bespied word en dat 'n Regeringsagent my moontlik kon gesien het toe ek sy huis binnegegaan het. Hy het gevolglik die straat gedurig deur die venster laat dophou. Toe daar egter niks gebeur nie, het hy geruster gevoel en met my begin gesels.

Sy vraag of Duitsland bereid is om 'n besending wapens na Suid-Afrika te stuur, het my onmiddellik getref. Het konsul-generaal Rudolf Karlowa dan nie aan my 'n soortgelyke vraag in Duitsland gestel nie? Ek het hierdie belaglike selfmoordplan skerp van die hand gewys.

"Op 'n lafhartige en eerlose wyse, ongekend in die geskiedenis van volkere, het die sogenaamde leier van die Afrikanervolk klakkeloos toegelaat dat my volk ontwapen word," het ek gesê.

"Wat moes ons dan gedoen het?" wou die Assistent-Kommandant-generaal weet.

"Ek sal jou se wat *jullie* moes gedoen het. Die leier van die vyande van generaal Smuts se oorlogsbeleid moes soos volg gehandel het: op 'n reusesaamtrek moes hy die volk soos volg toegespreek het: 'Afrikanervolk! Soos u wel weet, eis generaal Smuts vandag ons wapens op. Hy eis nie alleen die wapens op nie, maar eis ook dat dit vrywillig op 'n skinkbord aan sy polisiemag oorhan-dig moet word. Ons staan ongelukkig magteloos teenoor hierdie tirannieke be-vei. Ons magteloosheid berus daarin dat ons eerstens ongewapen, tweedens ongeorganiseerd en derdens ongedissiplineerd is, maar dit skenk ons geen konsessie om ons wapens vrywillig op 'n skinkbord aan ons vyande te oorhan-dig nie. Ons weier beslis om toe te laat dat generaal Smuts ons op so 'n eerlose en lafhartige wyse ontwapen. Laat die polisie julle wapens by julle huise kom vat as hulle wil. Geen enkele persoon moet egter 'n skoot afvuur ter verdediging van sy wapen nie, want so 'n skoot sal verraad beteken teenoor ons vrouens en kinders wat gewis daaronder sal ly.'

"Ek sal jou se waarom daar geen kragtige leiding was nie. Die sogenaamde leier was te bang dat Jan Smuts hom miskien in die interneringskamp sou stop. Ons is tog so lief om te sing: 'Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika!' Maar in ons binneste se ons: 'Nie rêrig nie!'

"Om nou terug te kom na die besending wapens wat julle mense van die Ossewabrandwag by Duitsland aangevra het. Eers laat julle toe dat julle ontwapen word, en dan wil julle skielik weer wapens hè. Om wat mee te maak? Tortelduiwe te skiet? Watter soort wapens verwag julle moet Duitsland vir julle stuur - regte wapens of net windbukse? Waar gaan die besending wapens aan wal gesit word? Deur wie, waar en hoe gaan die potensiële helde opgelei word? Teen wie gaan hulle veg? Teen generaal Smuts se gedissiplineerde magte, toegerus met alle moderne krygstuig, insluitende vliegtuie, pantsermotors, kanonne en wat nog meer!"

Ek was teen die tyd erg driftig en het uitgeroep: "Die hele gedagte is waansinnig, idioties, belaglik! Indien u of enige lid van die Ö.B. hom graag in 'n heroïese stryd wil opoffer, dan het u nou die kans. Ek sal geen enkele een van julle vooruit stuur nie, maar net eis dat julle my onverbiddelik en getrou volg."

"Wat is nou eintlik die doel van jou koms na Suid-Afrika?" wou die Assistent-Kommandant-Generaal ewe sarkasties weet.

"My doel is glad nie om met wapengeweld te werk te gaan en sodoende die vroue en kinders van my volk in ellende te dompel nie. Met 'n paar daadkragtige en offervaardige manne sal ek die wil van die Afrikanervolk in die ewiggeldende daad konkretiseer," het ek beduie en vervolg:

"Waarom my groep noodwendig klein moet wees, is voor die hand-liggend. Die kern van 'n volk pas hom aan by die grootte van 'n volk en aangesien die Afrikanervolk klein in getalle is, moet ook sy kern dienooreenkomstig klein wees. Hierdie kerngroep wil ek saamsmee tot 'n hegte, homogene vegtende eenheid wat bereid sal wees om, indien nodig, die hoogste offer te bring."

Die Assistent-Kommandant-generaal het ongelukkig geen kommentaar gelewer nie. Indien hy dit wel gedoen het, sou ek toe reeds geweet het wat die O.B. se politieke oogmerke was. Hy het my egter aangeraai om met die Assistent-Kommandant-generaal van die Vrystaat in verbinding te tree. Volgens hom sou hierdie persoon my help om my sender in Namakwaland te gaan haal. Ek het later uitgevind dat dit 'n ou taktiek onder die leiers van die Ossewabrandwag was om altyd die verantwoordelikheid te ontduik en dit op die skouers van 'n ander gewillige esel te laai.

Die volgende aand is ek saam met die seun van "Sambok" Smith na Bloemfontein. Wat my veral getref het, was die selfaangeblase vrees van die mense in Suid-Afrika. Oral om die woning van die Assistent-Kommandant-generaal van die Vrystaat was daar wagte. Met watter doel dit geskied het, kon ek eenvoudig nie begryp nie. Die gevolg van hierdie toneelspelery was dat klein Smith dit nie wou waag om sy meerdere se wagte te trotseer nie. Net soos die vorige aand, moes ons toe maar weer in die veld slaap.

Die volgende oggend was ek genoodsaak om eers buite in die motor te wag totdat aan my "oudiënsie" verleen word. Die kinderagtige en belaglike groot-

doenery van die O.B. se leier-hiërargie het my langsamerhand die duiwel in gemaak. Ek het nie na my vaderland teruggekeer om hier deur 'n spul opgeblase loodsoldaatjies oorheers te word nie. Na 'n tydjie is ek ingeroep en baie vriendelik ontvang. Gelukkig was dit nie nodig vir my om geloofsbriewe te toon nie.

# 25. *Terug na Namakwaland*

Dieselfde dag is ek aan Hendrik Erasmus bekendgestel as Smit. Hendrik het my egter dadelik herken en was in sy noppies toe hy hoor dat hy my na Namakwaland moes vergesel.

Op 'n Vrydagmiddag is ek en Hendrik uit Bloemfontein weg op pad na oom Joos Engelbrecht se plaas Sarizam, waar die radiosender versteek was. Ons het sonder teenspoed gery en dit so bewerkstellig dat ons nie voor skemer die Saterdag op Wallekraal aangekom het nie. In die skemerlig kon ek nie meer presies onthou watter pad van daar na Sarizam lei nie, met die gevolg dat ons verkeerd gery en onwetend by Mitchellsbaai uitgekom het. Toe ons wou omdraai, het die motor se agterwiele in die sand vasgeval. Na ure se gesukkel is uiteindelik besluit om maar 'n risiko te loop en hulp te gaan soek. Ons het die hele nag in die veld rondgedwaal en uitgeput die volgende oggend weer by die motor uitgekom.

Die geworstel om die kar uit die sand te kry, het opnuut begin.

Klippe is van die strand aangedra en onder die wiele ingegrawe. Ook is 'n nuwe kombers van Hendrik Erasmus gebruik om die wiele 'n vasskopplek te gee. Nadat so te se al die lug uit die bande gelaat is, het ons daarin geslaag om die motor uit te kry. Dit was al laat die middag toe Hendrik en ek weer op Wallekraal aankom. Om nie aandag te trek nie, het ons sonder om te talm deurgery in die rigting van Garies. Die brandstof in die motor het egter begin opraak en ons was verplig om eers die tenk by die naaste en enigste winkeltjie op Wallekraal te gaan vul.

Die eienaar van die winkel, toevallig 'n Jood, het tydens my verhoor getuig en die hof meegedeel wat die nommcr van die motor was wat daardie Sondag by hom petrol ingegooi het. Ek het gemerk dat hy die kar se nommer afskryf, gevolglik het ons by die eerste steengroef op die Wallekraal-Gariespad stilgehou en die twee vals nommerptate omgeruil.

Uit vrees dat ons miskien weer kon verdwaal, het ek by die skoolhoof, Carl Meiring, aangegaan en verneem watter die regte pad na Sarizam is. Hierdie keer het ons sonder moeite ons weg na die opstal van oom Engelbrecht gevind. Ons het nie veel tyd verspil met die uitgrawe en laai van die radiosender nie. Binne 'n halfuur was ons weer op pad terug na Bloemfontein. Die volgende oggend het ons oral in die strate van die plattelandse dorpies waardeur ons gery het, plakkate in die strate gesien wat die inval van die Duitse troepe in Rusland wereldkundig gemaak het.

"Ek wonder wat gaan generaal Smuts nou doen?" vra ek opgewonde aan Hendrik.

"Wat bedoel jy?" wil hy weet.

"Luister, Hendrik," se ek terwyl ek met my regter-voorvinger elke woord in

die lug af t ik. "Generaal Smuts is 'n wyse man met genoeg visioenêre krag om te besef dat Nasionaal-Sosialistiese Duitsland die enigste bolwerk is wat die Kommunistiese vloedwaters kan stuit. Indien hy nou gaan help om daardie massiewe struktuur te vernietig, gaan Kommunisme die wereld oorstroom en die Westerse beskawing sal van hierdie ondermaanse verdwyn. Dit is nou so seker as wat twee maal twee vier is."

"Ek weet nie," was al kommentaar wat Hendrik kon lewer. Hoewel hy 'n wakker en onverskrokke kerel was, het hy, net soos die res van die Suid-Afrikaanse volk, geen politieke opleiding gehad nie. Met politieke opleiding bedoel ek gcensins 'n akademiese kursus in die politieke wetenskap nie, maar wel om politics selfstandig te kan dink en te kan oordeel.

"Indien generaal Smuts nie tot besinning kom nie, gaan ek onverwyld tot die stryd toetree en teen Jan Smuts veg, nie in sy hoedanigheid as leier van die Verenigde Party nie, maar as bondgenoot van Kommunistiese Rusland," het ek vasbeslote gesê.

"Ek staan by jou, Robey," het Hendrik gesê.

"Jy is dan lid van die Ossewabrandwag."

"Ek was lid, maar nou nie meer nie. Solank alles goed gaan, is party van die O.B.-hoofde wel bereid om hulle rol deeglik te vertolk, maar sodra dinge skeef loop en die gevaar bestaan dat die polisie kan ingryp, wil hulle niks van die moeilikheid weet nie. Met mense sonder ruggraat wil ek niks te doen hè nie. Ek praat uit ervaring. Dis nie hoorsê-stories hierdie nie."

"Jy is hartlik welkom in ons geledere, kameraad. Ek wens net ek kon al die manne van jou kaliber wat vandag lede van die O.B. is, beweeg om by ons geledere aan te sluit. Saam met die O.B. marsjeer daar manne en vroue wat seker van die beste is wat Suid-Afrika nog ooit gelewer het."

"Dit kan ek beaam," het Hendrik geantwoord. "Daar is net een man wat nog nooit Hd van die O.B. was nie, wat van hoogstaande gehalte is. Die man besit durf, moed en inisiatief. Hy is besonder intelligent en 'n selfstandige denker. Jy sal hom nog later ontmoet wanneer ons in Pretoria kom. Sy naam is Karel Theron."

Onderweg na Bloemfontein het ek en Hendrik Erasmus baie gesels. Ek het intens belang gestel in die militêr-politieke verlede van die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag. Die eintlike doel was om die fondament waarop die O.B.-hoof gestaan het, deeglik te toets. Op grond waarvan kon ek dit anders doen? Ongelukkig het Hendrik net geweet dat dr. J.F.J. van Rensburg voorheen Administrateur van die Oranje-Vrystaat was. Hy het my ook vertel dat dr. J.F.J. van Rensburg 'n kolonel in *Princess Alice's Own Regiment* was. Later is uit betroubare bron aan my meegedeel dat dieselfde Van Rensburg se vader 'n beproefde volgeling van genl. Smuts was. Gedurende die Rebellie in 1914 het die jong Hans van Rensburg vrywillig aangesluit by die Regeringsmagte en saam met sy vader die kakie-uniform aangetrek en jag ge-

maak op die Vrystaatse rebelle. Ek het gereken dat dr. Hans van Rensburg nie 'n geskikte leier was vir die 300 000 lede van die Ossewabrandwag in tyd van volksnood en volksgevaar nie. Later het ek dan ook 'n verbete vyand van dr, Hans van Rensburg geword.

Graag wil ek hier in baie duidelike taal se dat ek beslis geen vyand van my eie mede-Afrikaners in die Ossewabrandwag was nie, maar wel van sekere van die sogenaamdc leiers.

# 26. *Karel Theron*

Laat die volgende dag was ek en Hendrik terug in Bloemfontein. Ons eerste taak was om iemand te soek wat met die sender kon werk en uitsendings na Duitsland kon stuur. Erasmus het van iemand geweet wat kennis gedra het van 'n radio en ons het hom gekry om vas te stel wat hy met die radiosender kon uitvoer. Hoewel hy later nog twee persone gekry het om hom by te staan, kon hulle nie eens die sender monteer nie.

Intussen is ek en Hendrik met 'n motor van die Ossewabrandwag, wat in Hendrik se naam geregjstreer was, na Potchefstroom om my ouers te gaan groet. Vandaar is ons na Pretoria waar ek Karel Theron ontmoet het.

Hierdie kort, stewige mannetjie het in alle opsigte aan die beskrywing van Hendrik beantwoord. Hy was 'n waaghals en 'n besonder dapper vegter. Volgens my beskouing was Karel Theron een van die knapste en beste vegters wat die oorlog opgelewer het. Pas nadat die Regering die bevel uitgevaardig het dat alle wapens in besit van private persone onverwyld aan die polisie oorhandig moes word, het Karel 'n plan bedink. Binne enkele dae was hy in besit van 'n paar amptelike kwitansieboeke. Vervolgens het hy aan al sy vriende in Pretoria en omgewing kwitansies uitgereik en hulle gevra om hulle wapens tot sy beskikking te stel indien hy dit sou nodig kry. Benewens wapens, het hy ook oor drie ton dinamiet en 'n geweldige voorraad petrol beskik.

Die petrol het hy op 'n baie oulike manier in die hande gekry. Hy het die verskillende petrolmaatskappye goed dopgehou, Sodra daar 'n besending kónkas petrol op 'n wa gelaai word, het hy gou verneem waarheen die petrol gaan. Wanneer dit goed donker was, het hy die donkie- of ossewa met 'n vragmotor agternagesit. Baie gou het hy die drywer van die wa oortuig dat hy die verkeerde petrol gelaai het en die ou jong gelas om die konkas oor te laai op die vragmotor. So het hy baie konkas petrol in die hande gekry wat hy dan in 'n dam op 'n sekere boer se plaas aan die Hennopsrivier laat verdwyn het, vulatere gebruik.

Na voorlopige onderhandelinge met Karel Theron, is ek en Hendrik na sy ouers wat toentertyd die eienaars van die Eldorian-losieshuis op Warmbad was. Hier het ek my saam met die vakansiegangers verlustig in die water uit die warmbron. Voor ons vertrek terug na Bloemfontein, het ek Doors Erasmus ontmoet. Doors was, net soos Hendrik, onverskrokke. Hulle vader het nie vir die duiwel gestuit nie. Hulle moeder was 'n dierbare vrou en 'n groot idealis,

In Bloemfontein het ek die bekende bloed-eed opgestel wat soos volg gelui het:

# 27. *Die Nasionaal-Sosialistiese rebelle*

*My strewe en stryd is om die vryheid en onafhanklikheid van die Afrikanervolk in Suid-Afrika, en die opbou van 'n Nasionaal-Sosialistiese staat met die idee van Adolf Hitler as grondslag, aangepas by die karakter van die Afrikanervolk.*

*Ek erken dat alleen 'n volk wat veg om sy reg, die reg het om te lewe en dat die DAAD in die vorm van bloed en opoffering die ware wil en karakter van 'n volk sowel as van die mens as kenmerk dra.*

*In hierdie sin en gees verklaar ek my bereid om vir my volk te ly en, indien nodig, te sterwe.*

*Ek tree op voor GOD en sweer hierdie heilige eed dat ek, as Afrikaner, my volk en vaderland met geheel my hart, siel, liggaam, gees en verstand getrou sal dien in die rigfing wat my aangegee word deur die leier van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle in die persoon van Robey Leibbrandt en niemand anders nie, van nou af tot in die DOOD.*

*Onder die parool: 'n stryder kan sterwe maar 'n verraaier MOET sterwe, sal ek altyd en onder alle omstandighede handel en enige en elke bevel gehoorsaam en ten volle uitvoer.*

*Elke en iedere geheim sal ek met my lewe bewaak en bewaar.*

*Die diepte en erns waarmee ek my tot 'n Nasionaal-Sosialistiese Rebel verklaar, vind uitdrukking in die BLOED waarmee ek my persoon deur middel van my handtekening vir ewig bind.*

*"Ek is NIKS, my VOLK is ALLES!"*
*God met ons! Die*
*Vierkleur hoog!*

Aangesien slegs die staat en sy instellings die mag en reg besit om 'n persoon te verhoor en te straf, moet 'n eed van enige onwettige organisasie so melo-dramaties moontlik opgestel word om sy lede moreel te kan bind.

Ervaring het my egter geleer dat 'n tweebenige wurm hom deur enigiets vreet, hoe heilig die doelstelling ook al mag wees. Geen eed, geen gebod en geen god sal ooit so 'n persoon van inbors laat verander as hy nie self wil nie.

In Bloemfontein het ek by verskillende geleenthede groepies mense toegespreek om lede te werf vir my beweging. By een huis op 'n hoewe buitekant die stad het ek twee kamerade ontmoet wat gunstig vergelyk kan word met die beste wat enige volk ter wereld ooit opgelewer het. Hulle was getrou, offervaardig, standvastig en dapper. Hierdie bewonderenswaardige karakter-eienskappc het m tye van gevaar, nood en wanhoop tot ontluiking gekom en tot heerlike wasdom ontplooi. Hulle was Ernst Hendrik Annandale en Hendrik van Cittert, onder hul vriende bekend as Anna en Henk.

Op my miniatuur-vergaderings het ek dit baie duidelik gestel dat ek op soek is na die kern van die Afrikanervolk en dat ek geen groot aanhang wil werf

nie. Die rede vir my houding was dat ek geglo het dat die slaankrag van 'n müitêr-georiënteerde organisasie nie in die getalsterkte berus nie, maar wel in die gees waarmee die lede besiel is.

Ek beklemtoon dat ek my nie wou skuldig maak aan belaglike opiumdrome deur of 'n staatsgreep te probeer uitvoer, of 'n burgeroorlog van stapel te stuur nie. Enigiemand wat die gedagte koester dat hy met 'n spul ongedissiplineerde, ongeorganiseerde en uitermate swak toegeruste mense 'n staatsgreep kan bewerkstellig of 'n burgeroorlog kan aanblaas, hoort tuis in 'n museum.

My optrede was gefundeer in die geloof dat die idee van Adolf Hitler sou seëvier oor die ideologie van die Jood Karl Marx. By só 'n oorwinning kon daar, volgens Nasionaal-Sosialistiese beskouing, net één oordeelsformule op die Afrikanervolk van toepassing wees, en dit is dat alleen 'n volk wat veg om sy reg, die reg het om te lewe en dat daar op hierdie aardbol geen plek vir lafhartige volke is nie. Dit was derhalwe nie nodig dat my poging om die ware wil van die Afrikanervolk kragdadig tot uitdrukking te bring, noodwendig moes slaag nie; dat dit wel in die onverganklike *daad* tot uitdrukking gebring moes word, was gebiedend noodsaaklik. Nie woorde of skrif is die stempeldraer van die ware innerlike van 'n volk nie, maar slegs die onverbloemde *daad.*

Dieselfde pleidooi geld ook vir die rebellie van 1914. Oënskynlik het daardie opstand die Afrikanervolk net bloed, trane, leed en pyn besorg. Dit is selfs deur sommige mense as dwaas en mal bestempel. Hulle kon net nie besef dat vooruitgang op die pad na vryheid en nasiewording langs die bakens van moed, durf, volharding en selfopoffering gaan nie.

Diep lê die spore van ons helde en heldinne in Suid-Afrikaanse bodem getrap. Rustig pryk die grafte op ons rante en vlaktes as simbool van ons worstelstryd. Verdroog lê die bloed en trane uit liefde gestort. Van die Kaap tot ver in die Transvaal, deur Natal tot waar ons landsgrense strek, is ons land met Afrikanerbloed deurdrenk. Dit is die lydensweg van 'n klein dog dapper volk om hoer hoogtes te bereik. Dit is die goddelike voorgeskrewe pad wat elke volk moet bewandel. Dit is ons trots. Daaruit put ons krag. Laat ons veg en laat ons stenve. Ons behoort aan jou, Suid-Afrika!

In hierdie sin en gees het ek die stryd aangeknoop. Ek is geestelik gekasty en fisies gemartel. Ek het blootsvoets deur die hel gestap. Ek is verguis en beswadder. My politieke geloof het alles oorwin. Ek glo in God en Hy weet ek het gelyk gehad. Die geskiedenis is besig om sy oordeel te vel. Onuitwisbaar groot staan dit aan die hemeltrans geskryf. Wat die Weste gesaai het, gaan hy maai. Sy eie oorlogstydse bondgenoot, Kommunistiese Rusland, sal daarvoor sorg.

Op 'n dag het ek toevallig 'n berig in die koerant gelees dat die wagte by Yskor se dinamiet-opslagplek deur onbekende persone oorrom pel en dat 'n aantal kiste dinamiet gesteel is. Later sou ek hoor dat Karel Theron en sy

kamerade vir hierdie dade verantwoordelik was. Wat Karel met al die dinamiet wou maak, kon ek nie raai nie. Toe ek hom oor die kole haal oor sy optrede, het hy erken dat hy reeds drie ton dinamiet in 'n spelonk naby Pretoria weggesteek het en dat die waaghalsige rooftog by Yskor net 'n vingerwysing vir die Regering was dat Boer se kind wakker is. "Jan Smuts onderskat blykbaar ons slaankrag," het hy gesê. "Dit sal hom beter betaal om sy soldate hier te hou as om hulle na die slagveld as kanonvoer te stuur."

Ongelukkig het Karel Theron geen begrip van dissipline gehad nie. Hy was 'n gebore leiertipe en alleen aan homself gehoorsaam. Sy gebrek aan dissipline het later sy dood gekos.

Intussen het ek by my polisievriende gehoor dat gerugte reeds voor my aankoms in Bloemfontein die ronde gedoen het dat 'n Afrikaner uit Duitsland by Lambertsbaai aan wal gesit sou word. Ek het geweet dat net één persoon hierdie gerug kon versprei het en dit was natuurük die Duitse agent in Kaapstad met wie ek in verbinding moes tree sodra ek geland het. Ek het my organisasiewerk onderbreek om met dié persoon te gaan afreken.

Ek en Erasmus het dadelik in 'n motor gespring en Kaap toe gery. Met die inligting tot my beskikking het dit nie moeilik gegaan om die Hollander se woning op Ceres op te spoor nie. Aangesien hy nie tuis was nie, het ek vir hom 'n boodskap gelaat. Ek wou hom duidelik laat verstaan dat, indien enige verdere gerugte omtrent my versprei word, hy gevaar loop om 'n koeël deur sy kop te kry. Die geskeurde stuk papier wat konsul-generaal Rudolf Karlowa as uitkenningsteken aan my gegee het, het ek op Ceres agtergelaat as bewys dat dit wel ek was wat hom besoek het.

Onderweg na Bloemfontein het ek en Erasmus die gedrag van die Duitse agent bespreek. "Wat ek aan die Duitsers gesê het, het gebeur. Hierdie vervlakste agent het natuurlik om sy eie vel te red, my koms na Suid-Afrika op die een of ander slinkse manier aan die Regering bekendgemaak. Dit is tog immers logies dat geen normale mens ooit bereid sal wees om vir 'n salaris, saketransaksie of 'n verhoging van rang te sterwe nie. In *Mein Kampf* se Adolf Hitler dat die mens sal sterwe vir wat hy liefhet, en dit is in die eerste plek sy volk en vaderland. Die Hollander sal miskien vir Holland sterf, maar beslis nie vir Suid-Afrika nie," het ek aan Erasmus gesê.

dat ek van die begin af die Ossewabrandwag as beweging baie goedgesind was, maar dat ek geen geheim daarvan gemaak het dat ek uiters skepties teenoor die leier van die O.B. gestaan het nie.

Intussen het die getalsterkte van my beweging vinnig aangegroei; veels te vinnig na my sin. Ek het gesoek na manne van durf en daad en nie na politieke laventeljónnies nie. Die waaghalsige Karel Theron het die leierskap van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle in Transvaal op sy skouers geneem, met Hendrik Erasmus as sy adjudant. Ons groot struikelblok was om finansies in die hande te kry. Dit het uiters moeilik gegaan om die Amerikaanse dollars wat ek saam met my van Duitsland gebring het, omgewissel te kry. In normale tye sou enige bank dit vir my uitgeruil het, maar in oorlogstyd sou die bank dadelik agterdog koester teen 'n persoon wat 'n groot getal dollars wou uitruil. Wat my egter die meeste hoofbrekens besorg het, was om 'n betroubare persoon te vind wat die radiosender in werking kon stel.

Uiteindelik het ek op Potchefstroom 'n telegrafis met die naam Abrie by Le Roux ontmoet wat oortuig was dat hy die uitsending na Duitsland kon waarneem. Daar is ooreengekom dat Le Roux en Abrie, vergesel van Karel Theron, vir my en Hendrik Erasmus op 'n sekere dag op Warmbad sou ontmoet om 'n berig aan konsul-generaal Rudolf Karlowa in Duitsland bekend te maak.

# 29. *Ons pogings met die radiosender*

Onderwyl ek en Hendrik Erasmus op sy vader se plaas 'n paar myl van Warmbad gewag het op Theron, Le Roux en Abrie, het oom Erasmus, vergesel van 'n sakeman, hulle opwagting daar gemaak met 'n telegram wat aan my geadresseer was. Die telegram het gewaarsku: "Kallie Theron gearresteer. Wees op hoede."

"Armsalige stomperds. Dit sit nie ui hulle broek om Karel te vang nie. Die polisie het natuurlik hierdie telegram gestuur om uit te vind waar ek is. Kom, Hendrik, laat ons spore maak. Só maklik laat ek my nie om die bos lei nie," het ek aan Erasmus gesê.

Indien die polisie rats genoeg was, kon hulle ons daardte dag maklik voorgele het, want daar was net een pad van die plaas na die grootpad. As gevolg van hierdie polisieset het Theron en sy metgeselle daardie aand op eie houtjie 'n poging aangewend om met Duitsland in verbinding te tree. Abrie se kennis van die radio het nie verder gestrek as die morsekode nie, en hulle moes onverrigtersake na Potchefstroom terugkeer. Tydens my verhoor het Abrie in die Hooggeregshof getuig dat die berig wat hy na Duitsland moes uitstuur rein politiek van aard was.

Later het ek uitgevind dat die telegram wat ek ontvang het, wel van die polisie afkomstig was, maar dat hulle nie betyds genoeg manne in die hande kon kry om my voor te lê nie.

Nieteenstaande Abrie se mislukte poging, was ek vasbeslote om met Duitsland in verbinding te tree en te laat weet dat, myns insiens, die O.B. nie 'n geskikte organisasie vir ons doel was nie. Binne enkele dae het dit ons geluk om 'n telegrafis, Stadier, wat in die poskantoor werksaam was, te kry. Hierdie telegrafïs was 'n broer van een van my "offisiere", en hy het later met 'n selfgemaakte uniform en pet doodluiters by die interneringskamp op Koffiefontein se hek uitgestap en ontsnap. Onder 'n skuünaam het hy by die vloot aangesluit en tot aan die einde van die oorlog saam met die Geallieerdes teen die Spilmagte geveg. Sy ouer broer het daarin geslaag om langs wettige wee uit die interneringskamp te kom. Hoe hy dit reggekry het, wil ek nie weet nie. Ook hy het by die Geallieerdes aangesluit en aan die einde van die oorlog met 'n Italiaanse vrou na Suid-Afrika teruggekeer.

Vergesel van Stadier en Hendrik Erasmus is ek na 'n plaas in die Soutpansberge om toestemming te probeer verkry om my werk daar voort te sit. Die eienaar van die plaas was wyle oom Andries van der Walt. Hy was 'n ou vuurvreter uit die Tweede Vryheidsoorlog en het hom nie so maklik laat oortuig dat ek 'n vyand van genl. Smuts se oorlogsbeleid was nie. Oom Andries se vrou was nie agterdogtig nie en na 'n rukkie het hy in sy vrou se intuïsie geglo en ingestcm om my maar my gang te laat gaan. Hulle twee seuns, Andries en

Prikkie, was vuur en vlam om my by te staan in my stryd teen genl. Smuts en sy Kommunistiese bondgenote.

Ons het afgespreek om 'n nuwe poging aan te wend om met Duitsland oor die eter in verbinding te tree. Die uitscnding sou geskied vanaf hulle plaas Ontmoet, bo-op die Soutpansberg.

Op 'n Saterdag het Erasmus en Stadier by die plaas Bergfontein aan die hang van die Soutpansberg aangekom. Oom Andries was 'n bietjie omgekrap dat soveel vreemdelinge sy plaas onder heersende omstandighcde besoek, maar die twee moedige en avontuurlustige seuns het hulle vader getroos deur aan hom te verduideh'k dat die grootheid van die daad bepaal word deur die grootheid van die waagstuk.

Met veel gesukkel het ek en my makkers die sender en pale tot bo-op die berg gedra. Ongelukkig moes ons van Bantoes gebruik maak om ons te help om die drie twaalfselbatterye te vervoer. Onderwyl die ander vir Stadier gehelp het om die pale op te rig en die radiosender gereed te kry, het ek my berig aan Duitsland in kode omgeskep.

Laat ek dit baie duidelik stel dat ek nooit enige persoon genader het om enige inligting van militêre aard aan my te verstrek nie. Dat daar wel berigte na Duitsland gestuur is oor skepe wat die hawe in Kaapstad aangedoen het, is reeds bekend. Wie daarvoor verantwoordelik was, weet ek nie. Wie die onverskrokke oorlogskameraad ook al mag wees, sou ek hom langs hierdie weg 'n stewige handdruk wou gee vir sy heldedade. Geen grootse stryd op aarde is al ooit deur lafhartige misgewasse gevoer nie en nooit het die lourierkrans van oorwinning ooit die hoof van 'n papbroek versier nie. Die heldestryd wat Nasionaal-Sosialistiese Duitsland gedurende die Tweede Wereldoorlog teen Kommunistiese Rusland en sy talie bondgenote gestry het, moet nie soseer toegeskryf word aan die onsterflike Duitse krygsgees nie, maar aan die genialiteit, deeglikheid, getrouheid en heldhaftigheid van individue.

Indien ek my wel skuldig gemaak het aan spioenasie, sabotasie of selfs diefstal, sou ek nie skaam gewees het om dit vandag ruiterlik te erken nie. Dit was oorlog en wanneer 'n volk veg om sy eie voortbestaan, kan selfs die laagste daad in vredestyd verhef word tot die heiligste daad in oorlogstyd.

Hoewel ek geensins ingestem het met dr, D.F. Malan se passiewe neutraliteitsbeleid nie, het ek dit gelaak dat 'n mede-Afrikaner van dr. Hans van Rensburg se kaliber sulke verwoede aanvalle op die Herenigde Nasionale Party geloods het.

Die rede waarom genl. Smuts die Afrikaners ontwapen het, is vir my duidelik. Hy het dit gedoen om 'n moontlike rebellie soos in 1914 te voorkom. Waarom? Omrede hy hulle nie weer wou laat doodskiet nie. Om die teenoorgestelde rede het genl. Smuts nie die Duitsers in Suidwes-Afrika ontwapen nie. Hy wou hulle juis die geleentheid bied om tot wapengeweld oor te gaan sodat hy hulle kon vernietig.

DU is onteenseglik waar dat genl. Smuts baie mense sonder verhoor in die interneringskampe laat stop het. Hierdie optrede het honderde vroue en kinders van my volk onnoembare lyding en verdriet besorg. Hy was nietemin 'n erkende en openbare vyand, maar die grootste en gevaarlikste vyand is hy wat agter die skerms die eerlose vernietigingswerk verrig.

Weereens Het ek gefaal om van die Soutpansbcrg met Duitsland in verbinding te tree; dit was die tweede en trouens ook die laaste poging wat ek of enige van my volgelinge aangewend het.

Dieselfde nag nog het Erasmus en die twee Stadlers na Johannesburg vertrek. Karel Theron het saam met my op die plaas Ontmoet agtergebly.

Na die bywoning van 'n huispartytjie by een van die boere in die omgewing van Soutpansberg, was ek glad nie meer gediend met die idee om in die hut te slaap nie, en gevolglik het ek op 'n matras in die bos sowat dertig tree van die hut geslaap. Ek het verwag dat die een of ander waarheidsridder my teenwoordigheid op Ontmoet aan die polisie sou verraai. Op die partytjie was my naam nie meer Smit nie, maar Lubbe. So 'n verandering van vanne was nogal goed vir die spysvertering van die polisie.

Die oggend van 11 September 1941 het Andries van der Walt die berg afgestap en na sy ouers op Bergfontein gegaan. Wat die eintlike doel van sy onverwagse besluit was, het nooit ter sprake gekom nie. Ons was erg verbaas toe Andries vroeg die middag weer op Ontmoet sy verskyning maak.

"En toe," het ek gevra. "Jy wil tog nie vertel dat 'n paar uur by die huis jou verveel het nie?"

Andries was opgewonde en uitasem van die vinnige stap.

"Wat is dit?" wou Theron weet.

"Die polisie," het hy gehyg. Ek is seker hulle kom. Ek het hier op Ontmoet reeds begin onrustig voel en daarom het ek huis toe gegaan. Van daar af is ek te perd na die polisiestasie op Mara om kamma te gaan verneem of daar nie 'n boodskap vir my gekom het nie. Toe ek by die polisiestasie kom, sien ek 'n ligte wagmotortjie voor die kantoor staan. In die motor se bak was 'n klomp kakieklere en swaar skoene soos dié wat soldate dra, Ek het sommer hond se gedagtes gekry dat die polisie bewus is van julle verblyf hier en van plan is om julle te kom vang. Toe kom ek maar gou terug om julle te waarsku."

"Hoe kan hulle weet?" wou ek weet.

"Ek sweer dit was daardie naturel wat gehelp het om die batterye te dra toe ons die aand na Duitsland wou uitsaai, of miskien kan dit 'n kakieridder wees wat die aand ook op die partytjie was," was Theron se mening.

"Ek dink julle moet liewer betyds padgee," het Andries aan die hand gedoen.

"Nee," het ek streng gesê. "So maklik laat ek my nie op loop jaag nie. Wat is die maklikste pad berguit na Ontmoet?"

"Daar is net een pad wat die berg uitkronkel. Die ander is almal voetpaadjies. Die maklikste van Mara af sou die voetpad aan die kant van die berg wees." Andries het met sy arm in die rigting beduie.

"Dan neem ek aan dat die polisie eerder te voet as per motor sal kom. Kry julle gewere, kerels. Geen polisieman sal vanaand sy voet op hierdie berg sit nie," het ek aan Karel en Andries gesê.

Die son het al begin sak toe ons drie by 'n geskikte plek langs die helling stelling inneem.

# 30. *Botsing met die polisie*

Tussen Andries en Karel het ek in die voetpad gaan sit en wag op die koms van die polisie. Tussen die bossies was ons goed verskuil, terwyl ons enigeen wat die berg opkom van ver af sou kon sien.

My plan was om bloedvergjeting ten alle koste te vermy. As gewese adjudant-offisier het ek terdeë besef dat die polisie onder bevele staan en alleen hulle plig doen.

"Sodra ons die polisie gewaar, sal ek 'n skoot oor hulle koppe skiet en dan los julle vinnige sarsies links en regs van hulle. Ons moet die indruk skep dat 'n klein kommandotjie op hulle wag," het ek gelas.

Ons het lank gesit en wag sonder dat ons iets verdags gewaar het. Naderhand het dit begin donker word.

"Nee wat, kerels, soos ek die polisie ken, sal hulle dit nie waag om hier in die donker 'n aanval te doen nie. Die gouste wat ons hulle kan verwag, is teen dagbreek. Ons kan nou maar teruggaan," het ek beduie.

"Seker nie om te slaap nie," het Theron geantwoord. "Dit sal dwaas wees, want as die polisie möreoggend vroeg hier aankom, sal hulle reguit na die hut stap en my daar vaskeer."

"Natuurlik kan jy nie vanaand in die hut slaap nie," het ek gemaan. "Ons moet teruggaan en voorberei vir die polisie se koms. Ons stel 'n haelgeweer. Andries slaap vanaand alleen in die hut en jy saam met my buite in die bos. Soos jy se: die polisie sal reguit hut toe stap. Ons sal die haelgeweer so stel dat as hulle by die deur ingaan of selfs inloer, die skoot sal afgaan en ons waarsku."

"Dis 'n oulike plan," het Theron saamgestem terwyl ons na die hut stap om die plan uit te voer.

Andries het die haelgeweer se loop deur die hut se grasdak gesteek. Met 'n lyn is die sneller van die oorgehaalde geweer aan 'n dwarsbalk gebind sodat die skoot sou afgaan sodra enigeen aan die plank raak.

Soos afgespreek, het Andries in die hut agtergebly. Ek en Theron is na ons slaapplek in die bos.

Theron was gou in droomland en het die hele nag deur geslaap. Ek kon eenvoudig nie slaap nie. Die skande sou vir my te veel gewees het as ek, nieteenstaande die wete dat die polisie gaan opdaag, nogtans gele en slaap het. Omstreeks dagbreek het ek ingesluimer, maar dadclik weer wakker geword. Te eniger tyd het ek verwag dat die haelgeweer sou afgaan en dan wou ek en Karel die polisie gaan verras. Toe die son opkom, wou Karel opstaan. Ek het egter gemeen dat die gevaar verby is en wou graag die verlies van die nag se slaap inhaal.

"Ons kan maar nog 'n rukkie lê. Ek glo nie die polisie sal nou meer kom

gestap en Karel se kortbekmauser, wat die polisie aan een van die boomtakke gehang het, gevat.

"Ag nee, Robey," het die konstabel gesoebat. "Gee ons dan net één van die gewere sodat ons darem iets vir ons moeite kan toon."

"Maar jy het dan netnou gesê ons kan maar die kortbekgeweer vat, en nou weier jy weer," het die konstabel aangehou.

"Dé, vat hom en maak dat julle wegkom."

Die polisie het die geweer geneem en vinnig weggestap.

Onder die opskrif: "Meer omtrent ontmoeting tussen SA. Polisie en Robey Leibbrandt," het *Die Transvaler* op 18 April 1942 die volgende hofverslag gepubliseer:

"Willem Beetge, 'n speurderkonstabel van Pietersburg, het verklaar dat hy op 12 September na die plaas Ontmoet gegaan het. By hom was sers. Kruger en sers. Pauley. Die plaas Ontmoet lê op 'n berg en grens aan die plaas Bergfontein. Daar is net een rondawel op die plaas wat die eiendom is van mnr. Andries van der Walt, senior.

"Op die plaas het getuie Andries van der Walt, junior, gekry en 150 tree van die rondawel af was Leibbrandt en 'n sekere Brink (Theron se skuilnaam) onder die bome in die digte kloof. Hulle het onder 'n boom geslaap met twee Lee Metford-gewere by hulle koppe. Getuie het die twee gewere wat gelaai was, gegryp en een aan sersant Kruger gegee.

"Die polisie het geen opdrag gehad om Leibbrandt te arresteer nie en hy wou ook nie vrywillig saam met hulle gaan nie.

"Hulle het lank gesukkel met Leibbrandt om hom te oorreed om hulle te vergesel, maar hy het gesê dat hulle sy lyk kan vat, maar nie vir hom nie.

"Leibbrandt het gesê dat genl. Smuts hom wil laat doodskiet omdat hy onwettig in die land gekom het.

"Dit was eers by die rondawel dat Leibbrandt die een geweer by hulle teruggevat het. Getuie het geen teenstand gebied nie, want hy het geweet dat Leibbrandt 'n desperate persoon is. Beetge het erken dat hy baie bang was vir Leibbrandt.

"Jacobus J. Kruger, sersant in die SA. Polisie, Pietersburg, het die getuienis van konstabel Beetge herhaal. Sers. Kruger het verklaar dat hy Robey Leibbrandt persoonlik ken daar hulle saam in die polisiedepot was. Leibbrandt het gesê dat die Regering hom wil hè om hom van hoogverraad te beskuldig."

Die getuienis van Pauley kan ek ongelukkig nie in my plakboek vind nie; ek moet dus aanneem dat hy nie getuig het nie. Sers. Kruger se bewering dat ek van hoogverraad gepraat het, wil ek ten sterkste ontken.

Karel Theron, alias Brink, het nog dieselfde dag met die "geleende" motor na Pretoria vertrek. Andries het voorgestel dat ek en hy na sy ouers op Bergfontein moes gaan. Hoewel ek my etes by die huis genuttig het, het ek voorsorg getref om snags in die veld te slaap.

Intussen het kol. Verster van die SA. Polisie my vader op Potchefstroom gaan besoek. Hy het alles in sy vermoë gedoen om my vader te oorreed om met my te gaan praat. Om enige verdere moeilikheid of bloedvergieting te voorkom, moes ek my onverwyld aan die Polisie oorgee. Indien kol. Verster nie 'n ou vriend van my ouers was nie, sou die poppe seer sekerlik daardie dag gedans het. Die verdrag het my vader dwars in die krop gesteek. Daar was geen vogtigheid in sy oë toe hy gesê het: "Nog ek, nóg enigiemand anders sal Robey tot oorgawe beweeg. Hy is 'n fanatieke Nazi. Ek het niks met sy optrede te doen nie, maar ek ken my seun. Kommandccr van die vreemde troepe hier in ons land op en storm die berg. Laat hulle mekaar dan doodskiet. Daar is geen ander uitweg nie."

Nodeloos om te se dat ek nie weer tydens my verblyf in die berg deur die polisie lastig geval is nie.

Twee dae later het Hendrik Erasmus my in die berg kom soek en my meegedeel dat hy gehoor het dat die polisie my op die berg omsingel het en dat hy en sy broer Doors gekom het om my te ontset. Vir hierdie gebaar van getrouheid en selfopofïering het ek Hendrik en Doors 'n stewige handdruk gegee. Ons was wel bloedgeswore kamerade en rebelle teen genl. Smuts se oorlogsbeleid, en tog het hulle bereidwilligheid om alles in die weegskaal te werp ter wille van my veiligheid, my ontsagUk diep getref.

Aangesien ek besluit het om na oom Bert van der Walt te verhuis, het ek Hendrik opdrag gegee om Karel Theron van my nuwe adres te verwittig. Oom Bert was 'n broer van oom Andries en 'n gebore rebel. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het hy vir hom naam gemaak as 'n onverskrokke stryder. Sy plaas was agter die Soutpansberge gelee en het uitstekende skuiling teen enige onverwagte aanval gebied, Onderwyl ek hier tuisgegaan het, moes Theron voortgaan met organisasiewerk en my op hoogte hou van alle belangrike gebeure.

Volgens afspraak het Andries en Prikkie van der Walt op 5 Oktober 1941 vir Stadier en Hendrik Mentz Robinson na my gebring. My plan was om Stadier, wat reeds een keer na die uitbreek van die oorlog in Lourenco Marques was, weer daarheen te stuur om met die Duitse konsul daar in aanraking te kom en aan hom mee te deel dat Zeesen se uitsendings oor die Suid-Afrikaanse huishoudelike aangeleenthede die grootste kaf denkbaar is en net verwarring skep. Ek was veral woedend oor die propaganda wat die Duitsers oor Zeesen aangaande die leier van die Ossewabrandwag uitgesaai het. Nadat ek en Stadier die saak deeglik bespreek het, is daar besluit dat 'n ander weg gevind moes word om direk met Duitsland in verbinding te tree. Daar is verder besluit dat ek saam met Stadier en Robinson na Pretoria sou vertrek nadat ek my plan om twee plaasboere in die omgewing van Soutpansberg weens hulle agterdogwekkende bedrywighede 'n deeglike loesing te gee, uitgevoer het.

Andries en Prikkie van der Walt sou ons vergesel na die wonings van die twee verdagte boere. Daar is aan my meegedeel dat dié boere naturelle in hulle diens opdrag gegee het om op die ander boere van Soutspansberg te spioeneer en vas te stel wie nog gewere in hulle besit het.

Gewapen met 'n seekoeisambok het ek en my makkers daardie aand halfagt na 'n plaas sowat vier myl van Bergfontein vertrek. Die lug was skoon en die maan het helder gcskyn. As leier van die groep moes ek noodwendig ook die eerste stappe doen.

By 'n driffie, nie baie ver van die opstal nie, het ons die motor geparkeer. My vier metgeselle het hulle in die bosse versteek en ek het alleen na die huis gestap,

My geklop aan die voordeur is beantwoord deur 'n seun van sowat dertien of veertien jaar.

"Is jou vader tuis, boetie?" wou ek weet.

Ongelukkig kon ek nie moot hoor wat sy antwoord was nie. Later moes ek tot my bittere spyt ontdek dat dit nie die seun se vader was nie, maar wel sy oom.

Toe die boer sy verskyning maak, het ek nie gegroet nie. "Ek het 'n naturel in die pad raakgery. Kan u saamkom om my te help?"

Die man het ingewülig en onmiddellik sy tweesitplekmotor uit die waenhuis gestoot. Agter in die bagasiebak het die man 'n groot bulhond toegesluit.

Min of meer by die plek waar die ander manne hulle skuilgehou het, het ek die persoon beveel om stil te hou. Ons het al drie uitgeklim. Ongemerk het ek die sambok voor uit my broek getrek en voor die man gaan staan.

"Kyk," het ek grimmig begin, "ek het nie iemand doodgery nie. Ek het jou hierheen gelok om met jou af te reken. Die klagte teen jou is dat jy naturelle uitstuur om op die boere in die omgewing te spioeneer en dat jy dan verslae aan die polisie stuur."

Die man het hewig begin protesteer teen my aantyging. Sy protes het geensins bygedra om sy onskuld te bewys nie. Hy het ook nie aan my gesê dat hy die broer van die eienaar van die plaas is nie. Onwetend het ek die verkeerde man met die sambok bygedam. Toe ek weer die sambok wou optel om hom verder te looi, het hy my plotseling te lyf gegaan. Hy was heelwat ligter as ek en ook nie sterk genoeg om my onder te kry nie. Onderwyl ek besig was om hom op die grond vas te pen, het hy onder sy kreune die seun beveel om die bagasiebak oop te maak en die hond los te laat. Die seun se woorde "Sa-sa, vat hom!" het hoegenaamd geen uitwerking gehad nie, want skaars het die hond grond gevat of hy het een t j ank gegee en weer terug in die bagasiebak gespring.

Toe ek tevrede was dat ek die man genoeg gekarnuffel het, het ek my greep gelos en ons het albei opgestaan.

Aangesien ek nie nou wou hè dat die man die aanranding by die polisie moes aanmeld nie, het ek hom beveel om in sy motor te klim en huis toe te

ry. Ek was van plan om nog met die ander boer ook af te reken en wou nie graag deur die polisie gesteur word nie.

Eers toe my ander vriende by my aansluit, het ek gehoor dat ek die verkeerde man 'n loesing gegee het. Hoewel ek bitter spyt was, kon ek niks doen om sy pyn te versag nie.

Vandaar is ons na die pfaas waar die tweede slagoffer gewoon het. Aangesien ons uit betroubare bron verneem het dat hierdie persoon besoekers op sy plaas gehad het, is besluit dat Stadier my moet vergesel.

Die storie wat ek aan die eerste persoon opgedis het, is ook met welslae aan die tweede slagoffer vertel. Die man het sy seun wat in uniform was, gevra om ook saam te gaan.

Ongeveer tagtig tree van die woning het ek skielik tot stilstand gekom en aan die soldaat gevra watter soort baadjie hy aan het. "Dis 'n bosbaadjie," het hy ongeërg geantwoord.

"O so, 'n bosbaadjie met muitere knope en dan nog in die geselskap van hierdie man," het ek verontwaardig uitgeroep. Sonder meer het ek die soldaat met die sambok bygedam. "Breek af daardie knope, breek af!" Die soldaat het die baadjie uitgepluk, die knope tussen sy tande vasgebyt en hulle met stukke materiaal en al afgeruk.

Plotseling het die wit gedaante van 'n vrou agter die bosse verskyn. Sy het in 'n huilstem uitgeroep:

"Ek skiet julle dood. Ek sweer ek gaan skiet!"

Voordat jy "knipmes" kon se, het vader en seun die loop geneem, reguit na waar die vrou gestaan het. Die man het die geweer gegryp en korrel gevat. Ek het net betyds agter 'n bossie weggekoes. Duidelik kon ek hoor hoe die skoot bokhael by my kop verby suis. In stede van my voorbeeld te volg, het Stadier die hasepad gekies. Dit was net toe hy deur die draad klim dat die bokhael hom in die rug en in die kop getref het. Om verdere skietery te verhoed, het ek luid geskree: "Keer voor, kerels, keer voor." Ek het terselfdertyd 'n paar skote met my pistool in die lug geskiet. Soos 'n spookgedaante wat half in die lug sweef, het die wit nagrok deur die bosse gevleg. Die twee donker.gestaltes was kort op haar hakke. Dit was 'n kostelike toneeltjie om te aanskou. Nadat ons Stadier se wonde op Bergfontein gaan verpleeg het, is ons weg na Pretoria.

Die doel van ons reis na Pretoria was om Henk van Cittert te probeer opspoor en te verneem of hy daarin geslaag het om van die Amerikaanse dollars vir Suid-Afrikaanse geld uit te ruil. Nadat ons vir Robinson by die universiteit afgelaai het, is ek en Stadier na die pastorie van my oom, ds. William Robey Joyce, gelee aan die hoofweg tussen Pretoria en Brits, sowat vier myl van laasgenoemde dorpie af. Ons het geruisloos by die motorhek ingetrek en in my oom se motor gaan lê en slaap.

Die volgende oggend was my oom en tante baie ontevrede omdat ons hulïe nie wakker gemaak het nie.

# 31. *Die polisie skiet op my*

Omstreeks nege-uur die oggend van 7 Oktober 1941 het ek vir die tweede keer slaags geraak met die polisie. Hierdie keer het agt speurders en een polisiesersant opgedaag om my in hegtenis te neem. Hoe die speurders so gou op my spoor gekom het, weet ek vandag nog nie.

Die pastorie van die Krokodildrif-gemeente was in die bosse sowat 250 tree van die pad tussen Pretoria en Brits gelee.

My niggie Violet eo ek het hand-aan-hand by die agterdeur uit na die lemoenboord gestap - sy met die mandjie aan haar arm gehaak. Digte struike het ons uitsig op die teerpad versper. Aan dreigende onheil het ek nie gedink nie. Toe ons die rondawel bereik wat by die plaashek staan, kom 'n motor skielik dig by ons tot stilstand. Die enjin van die motor was afgeskakel. Ek het half geskrik en ietwat teruggedeins. Die eerste gedagte wat my te binne geskiet het, was dat dit gemeentelede is wat die dominee kom besoek. Gelukkig het die persoon voor in die motor en naaste aan my, 'n polisie-uniform aangehad.

Dinge het hierna vinnig gebeur. Die manne het uit die motor gespring en ek het na my Walther-pistool in my broek se agtersak gegryp. My vingers het skielik dom geword van senuweeagtigheid en ek kon die pistool nie uitkry nie.

Sowat dertig tree van die hek het 'n tweede polisiemotor stilgehou. Vier gewapende manne het wild in my rigting gestorm. Uiteindelik het ek daarin geslaag om die Walther uit te kry. Ek het hom stewig in my regterhand vasgeklem. Ek moes iets doen, maar die tyd was min. Iets doen, behalwe weghardloop, want dit sou my innerlike trots my nie toelaat nie.

Een van die vier aanstormende geregsdienaars het geskreeu: "Robey, as jy beweeg, skiet ons!"

Ek het vinnig na regs gekyk en die haan van my pistool teruggetrek. "As julle skiet, moet julle raak skiet. Ek waarsku julle," het ek op my beurt laat hoor.

Meteens het 'n skoot links van my geknal. Die koeël het rakelings by my kop verby gevlieg.

Ek het my gesig in die rigting van die skoot geswaai.

"Wie het geskiet? Wie het geskiet? Praat, of ek skiet julle almal vrek," het ek woedend uitgeroep. Niemand het geantwoord nie.

Ek het darem in hierdie benoude oomblikkc die floue troos gehad dat 'n bloedgeswore kameraad van my in die omgewing was en ek het enige oomblik verwag dat hy die geregsdienaars sou verras. Ek sou eers later uitvind dat hy geweeg en te lig bevind is. Later was hy selfs te lig vir die interneringskamp.

Op daardie moment het ds. W.R. Joyce op die toneel verskyn. Onderskraag deur die teenwoordigheid van 'n man op wie ek kon staatmaak, het ek op my

bors geslaan en uitgeroep: "Skiet hierdie Afrikanerhart. H/s groot genoeg. Dit sal meer as een koeël verg om hom stil te maak."

Ek het so hard gekonsentreer op die beweging van die speurders dat ek skaars gehoor het toe ds. Joyce se: "Moet asseblief nie van my perseel 'n bloedbad maak nie." Aangevuur deur hierdie woorde, het ek dreigend uitgeroep: "Wie is in bevel julle klomp d...?" Ek het my vraag herhaal. Speurdersersant Otto, die man wat my amper raakgeskiet het, het met 'n huiwerige vinger na hoofkonstabel De Koek gewys, wat regs van my aan die punt van die gevormde halfmaan gestaan het.

"H ... h ... hy," het hy stotterend gesê.

Ek het vinnig na die hoofkonstabel gekyk: "Ek gee jou drie tellings om die bevel te gee om te skiet. Net drie tellings, hoor!"

"Een! het ek desperaat gesê en 'n pas na vore gegee. My linkervoet was amper teen die polisiemotor. "Twee!" en ek het noodgedwonge na regs in die rigting van die hoofkonstabel getree. Soos verskrikte wild het die speurders uitmekaar gespat. Hulle het gehardloop - een klomp in die rigting van die dammetjie en verby die geparkeerde polisiemotor tot agter die vrag doringhout wat daar opgestapel gele het. 'n Sekere sersant, die lafaard wat later vu-Hendrik Erasmus geskiet het, kon ek aan die voorpunt sien. Met pistool in die lug het hy gehardloop dat sy baadjiepunte styf staan.

Die ander klomp het rieme neergelê in die rigting van die bosse.

Konstabel Els, die enigste speurder wat geen pistool in sy hand gehad het nie, het met sy arms oor sy bors gevou gestaan en geen poging aangewend om pad te gee nie. Hy het my vol in die oë gekyk en gepleit: "Moet tog asseblief nie na my kollegas skiet nie."

Ek wou my eers vererg vir die astrante klein mannetjie wat beslis geweier het om aan die wedren deel te neem. Vir my was dit 'n geval van lewe of dood, want in tyd van stryd is daar geen genade nie. Dit was alleen die paaiende woorde van ds. W.R. Joyce en speurderkonstabel Els wat my weernou het om op die vlugtende geregsdienaars los te brand.

Een van die retirerende speurders het by die geparkeerde polisiemotor meteens in sy spore vasgesteek. Hy het die agterdeur van die motor oopgeruk en 'n geweer uitgepluk. Ek het luid gewaarsku: 'Los die geweer of ek skiet!" Die geweer het met 'n dowwe geluid uit sy hand geval en hy het vinnig agter die stapel hout, waar ook Spengler veiligheid gesoek het, verdwyn.

"Kom hier!" het ek na die hoofkonstabel geroep wat sowat 'n honderd tree verder tot stilstand gekom het.

"Nee! Oorhandig eers jou pistool aan die dominee," het hy geantwoord.

"O so, en wat is daardie blink affère in jou hand? Is dit nie ook 'n pistool nie?" het ek kwaad geroep.

In plaas van my pistool aan ds. Joyce te oorhandig, het ek dit weer in my agtersak gesteek. Ds. Joyce het my tot by die hoofkonstabel vergesel. Die ander

speurders het een-een uit die bosse en van agter die bout gekom om onder die boom by ons aan te sluit.

Die hoofkonstabel het my 'n lang en oninteressante sprokie vertel en gesê ek moet saamgaan. Met wilde handgebare, gepaard met gruwelike skeltaal, het ek my verbasing oor die belaglike versoek uitgespreek.

"Wat sal die kolonel se as ons sonder jou daar aankom?" wou die hoofkonstabel weet.

"Na die duiwel met die kolonel. Ek daag hom uit om my hier te kom vat. Gee my 'n potlood en 'n stuk papier sodat ek self my saak aan die kolonel kan verduidelik."

Een van die speurders het gedwee voor my kom buk sodat ek sy rug as stut kon gebruik. Ek het die papier op een van die speurders se sakboekies geplaas en soos volg geskryf:

*Geagte lt.-kol. Verster,*

*Ek verstaan u posisie, asook dié van die mede-Afrikaners wat u na my gestuur het om my in hegtenis te neem, maar ek vra u om my as draer van die ware wil van Jong Suid-Afiika in sy volle betekenis te erken en as sodanig weier ek voor my God en voor my volk om my ooit oor te gee. My dooie liggaam sal in die kloue van die Regering val, maar ek as vryheidsvegter nooit!*

*U vra om bloed, luitenant-kolonel, maar onthou assebttefdat ek as Afrikaner nie geroof, gemoor of sabotasie gepleeg het nie, maar ek staan as eerlike burger voor u vir reg en geregtigheid.*

*Ek sal veg en val soos ek is ... 'n Afrikaner in murg en been.*

*Die Vierkleur Hoog!*

Ek het die briefie aan die hoofkonstabel oorhandig en gesê: "Dé, hier is jou pas."

Vandaar het ek oor die pad gestap na waar nog drie speurders gestaan en kajuitraad hou het. Ek het speurdersersant Otto voor die bors gegryp en gevra: "Na wie het jy geskiet?"

"Ek wou jou maar net afskrik," het hy bedremmeld gesê. "Maar luister, Robey, netnou kom luitenant Strauss met 'n pantsermotor en vyftig man, gewapen met masjiengewere, handgranate en traangasbomme. Jy moet tog asseblief nie skiet nie. Ek is 'n getroude man met twee jong bloedjies by die huis en jy weet die *Orphans' Fund* (Weesfonds) betaal nie veel nie."

Ek het die speurder gestampstoot dat hy amper met sy sitvlak in 'n doringbos beland het.

Onverwags het my tante met 'n skinkbord op die toneel verskyn. Sy het die speurders lemoensap en handtertjies aangebied. Toe sy terugstap huis toe, het ek by haar ingehaak.

Op 28 April 1942 het die volgende berig in *Die Transvaler* verskyn: "Leibbrandt-verhoor. Pantsermotor en 50 man in gereedheid om hom te vang.

"Die feit dat die polisie in Pretoria 'n pantsermotor en vyftig man in gereedheid gchou het om Robey Leibbrandt, die Afrikaanse kampioen-vuisvegter, in hegtenis te neem, is gister deur gewese hoofkonstabel De Koek aan die lig gebring toe die voorlopige verhoor van Robey Leibbrandt en 17 ander op aan-klag van hoogverraad voor mnr. CA. Backeberg in die Pretoriase gevangenis voortgesit is."

In *Die Transvaler* van 25 April 1942 verskyn die volgende in banierskrif: *"Leibbrandt moes dood of lewendig gevang word. Inhoud van brief op Brits ge-skryf.*

"Die boodskap wat Robey Leibbrandt aan kolonel Verster gestuur het toe nege speurders hom by die pastorie van ds. Robey Joyce op Brits vasgekeer het en wat hy op die rug van die speurders geskryf het, is gister by die voorlopige verhoor van Robey Leibbrandt in die hof ingedien." En verder: "In antwoord op vrae aan adv. Cillié het speurdersersant Els verklaar dat Otto eers uit die motor geklim het voordat hy op Leibbrandt geskiet het. Die opdrag van gewese hoofkonstabel C. de Koek, nadat hy van kol. Verster gekom het, was om Leibbrandt dood of lewendig te vang."

In die hof het die speurders gesê dat hulle net geretireer het toe ek op hulle afstorm. Die belangrikste getuienis oor hierdie Brits-episode is gelewer deur gewese hoofkonstabel C.G. de Koek en speurderkonstabel Els. Omrede De Koek en sy makkers nie daarin geslaag het om my dood of lewendig te vang nie, is De Koek in rang gedegradeer. As gevolg van hierdie uiters onregver-dige behandeling het De Koek sy ontslag uit die SA. Polisie gekoop. Indien sy hoofde dan gereken het dat hulle beter kon doen, waarom het hulle dan nie self so 'n poging aangewend nie? Eers toe hulle tussen veertig en vyftig man bymekaar was, het twee kolonelle dit gerade geag om self die bevel oor te neem. Ons sal aanstons by hierdie heldedaad kom.

Speurderkonstabel Els was deurgaans dapper en hy het nie nodig gehad om enige papbroekigheid met leuens te verdoesel nie.

My doel met hierdie vertelling is geensins daarop gemik om die SA. Polisie te verkleineer nie. Ek was self 'n lid van die mag en ek is trots daarop. Alles wat ek hier op skrif stel, word gestaaf deur getuienis in die hof. Die koerant-verslae oor al hierdie gebeure is in my plakboek te vinde.

Speurdersersant Otto het aan die regters in die Hooggeregshof vertel dat hy net in 'n moeilike posisie in die motor gesit het, anders sou hy my morsdood geskiet het. Ook by hom was dit 'n geval van lewe en dood. Nie een van die ander getuies het hierdie storie van Otto gestaaf nie en ek ag dit ook nie nodig om verder daarop voort te borduur nie.

# 32. *Magaliesberg word my tuiste*

Ingehaak het ek en my tante tot by die polisiemotor gestap waaruit een van die speurders die geweer getrek en toe weer laat los het. In die motor het ek drie gewere, twee paar handboeie en 'n lang tou gewaar.

"Kyk hier, tant Babs," het ek ergerlik uitgeroep. Ek het die geweer wat naaste aan die deur gele het, gegryp en driftig na die eerste klip gestap met die doel om dit aan flenters te slaan. Speurderkonstabel Els het gesien wat my plan was en vinnig na my gestap. Hy het mooi gevra dat ek dit tog asseblief nie moet doen nie. Dit was nie die eerste keer dat ek deur mooi woorde getem is nie. Erg ontstoke het ek die geweer weggesmyt.

"Volgens die hoofkonstabel se pleidooi moet ek saam met julle gaan om geïnterneer te word en kyk wat lê alles hier agter in die motor. Julle het genoeg gewere en ammunisie om 'n klein oorloggie van stapel te stuur."

"Vergeet dit tog maar, Robey. Jy het meer vriende in die SA. Polisie as wat jy besef."

"Valse vriende, ja."

"Laat ons nie nou daaroor redekawel nie. Kom ons gaan liewer in die rondawel."

Toe ons die rondawel binnetree, stel Els voor dat ons albei op ons knieë moet gaan en 'n gebed doen. Sy voorstel het my beslis nie beïndruk nie.

"Nee, jy kan maar jou oë toemaak en bid ,,. ek sal luister en jou reghelp waar jy verkeerd se," het ek teengewerp.

Op daardie oomblik het ds. Joyce sy verskyning in die deur gemaak. Ek het om verskoning gevra en by die deur uitgestap, reguit na die motor wat Stadier op Witbank "geleen" het. Nadat ek my bagasie verwyder het, het ek my geweer geneem en na die pastorie gestap. Terwyl ek besig was om my geweer na te sien en skoon te maak, het Violet die vertrek binnegestap.

"Wat maak jy nou?" wou sy weet.

"Jy kan mos sien."

"Moenie skiet nie, Robey," het sy sag gepleit. "Die polisie is jou nie vyandig gesind nie. Moet hulle nie dwing om terug te skiet nie.

Ek het geantwoord; "Moenie kaf praat nie. Hulle het dan reeds op my geskiet. Gelukkig dat die kerel so gebewe het, anders sou hy my doodgeskiet het. Onthou, hy het uiters vier tree van my gestaan toe hy gevuur het. Alleen jou pappie se kloekmoedige optrede het vandag bloedvergieting voorkom. Toe hulle hul rug op my gedraai het, kon ek minstens sewe uit die agt platgetrek het.

"Pappie is 'n Joyce en hy sal jou nooit in die steek laat soos daardie vriend van jou nie. Toe hy merk dat jy deur nege gewapende manne vasgekeer is, het hy die hasepad gekies."

Violet se houding was kenmerkend van die Joyce-familie. Hul innerlike trots was nog altyd hulle duurste besitting.

Nadat ek die magasyn van my geweer met patrone gevul en van my niggie en tante afskeid geneem het, is ek daar weg. Vanwaar ek by die besproeiingskanaal gele het, kon ek die pastorie en omgewing deeglik bespied. Net die dominee se koringland was tussen my en die pastorie.

Skaars 'n uur later merk ek dat 'n paar vragmotors, gelaai met polisiemanne in uniforms, agter die pastorie stilhou. Met geweer in die hand, het die polisie in enkelgelid die koringland gefynkam. Een van hulle het nie minder as vyftien tree van my verbygestap nie. Sy oë was stip op die grond voor hom gerig. Hy wou my blykbaar nie sien nie. Hulle poging was maar taamlik flou.

Al wat die polisie daardie dag uitgevoer het, was om ds. Joyce se koringland plat te trap. Teen die middag het die meeste van hulle weer op die vragmotors geklim en weggery. Vier of vyf geregsdienaars het by die pastorie agtergebly om my te verras indien ek die nag sou terugkom.

Teen sononder het ek begin koud kry. Ek was net in 'n hemp en broek geklee, en so naby 'n waterkanaal kan dit geniepsig koud word. Toe dit sterk donker was, het ek besef dat ek beswaarlik die hele nag daar langs die water sou kon deurbring sonder beter beskerming teen die koue. Ek wou nie graag daar weggaan nie, want ek wou die motortjie, waarmee Stadier my by Soutpansberg gaan haal het, skraap en na 'n ander omgewing vlug, ingeval die polisie die omgewing verlaat. Gevolglik het ek besluit om die pastorie te bekruip en te kyk of ek nie van die polisie se jasse kon buitmaak nie.

Met 'n ompad het ek tot in die hoofweg gestap en toe die pad geneem wat na die pastorie lei. By die rondawel dig by die hek waar ek die oggend met die polisie slaags geraak het, was 'n groepie polisiemanne besig om te rook en te skerts.

Versigtig het ek tussen die doringbome deurgestap tot sowat vyftien tree van hulle. Ek het teen 'n boomstam digby die huis gaan sit. Naby my, aan die anderkant van die draadheining, het twee konstabels met gewere oor hulle skouers langs die muur van die pastorie heen en weer gestap. Gespanne het ek, met my geweer in my hande geklem, gesit en wag. Plotseling gewaar ek 'n motor die pad afkom na die pastorie. Ek het geweet dat die motor alleen by die hek kon draai en dat sy lig gevolglik vol op my sou val. Die beste was om plat te val en gebeurlikhede af te wag. Toe die motor die draai by die hek maak, is die ligte gelukkig afgeskakel. Duidelik kon ek hoor hoe die een konstabel aan die ander se: "Kom ons gaan kyk wie dit is."

Die nuuskierigheid van die geregsdienaars het my verlig laat voel. Aangesien daar geen jas was om te buit nie, het ek van die geleentheid gebruik gemaak om, sonder 'n warm kledingstuk, terug te stap na my ou skuilplek by die kanaal waar ek die res van die nag deurgebring het.

Vroeg die volgende oggend was die polisie weer by die huis bedrywig. Toe

ek weer sien, staan daar 'n lang, skraal polisicman op die dak. Hy het met 'n flitslig by die ventüasiegat van die huis se gewei ingelig asof hy na iets heel klein soek. Twee konstabels het vol belangstelling op die grond gestaan en hulle kollega dopgehou. My bande het gejeuk om op die polisieman wat in die ventüasiegat loer, te skiet. Ek wou maar net kyk hoe hy skrik as die koeël digby hom vasslaan. In stede van slapende honde wakker te maak, het ek maar besluit om my op die gras neer te vlei en te slaap.

Teen die aand het die polisie nog geen aanstaltes gemaak om die huis te verlaat nie, en ek het vermoed dat hulle opdrag gekry het om daar te bly totdat my tante se koffie opgeraak het. Toe dit donker was, het ek besluit om na die woning van mnr. Visser, toentertyd hoof van die skool op De Kroon en later Volksraadslid, te gaan.

Ek het 'n paadjie gevolg waarmee ek en my neefs, Murray en Carel, in 1931 een keer gestap het. Hoewel dit baie donker was, het ek goed gevorder tot by De Kroon se hoofpaaie.

Op die hoek voor 'n huis het 'n groepie mense gestaan en gesels. Uit vrees dat hulle my miskien vyandig gesind kon wees, het ek my geweer styf teen my been vasgedruk en mank-mank by hulle verbygestap. In stede van reguit te loop, het ek regs gedraai. Net toe ek oor die pad gaan, gewaar ek 'n motor wat stadig in my rigting beweeg. Gelukkig was daar 'n doringboom langs die straat waaragter ek kon skuil.

Die mense wat op die hoek gestaan het, het later aan mev. ds. Joyce vertel dat hulle duidelik kon hoor hoedat ek die grendel van my geweer oopruk en 'n patroon in die loop stoot, maar aangesien hulle my goedgesind was, het hulle niks laat blyk nie. Die motor wat vermoedelik aan die polisie behoort het, het stadig by my verby gegaan. Die insktendes het nie na links of regs gekyk nie.

Na veel gesukkel het ek uiteindelik by die woning van mnr. Visser gekom, Hy was verras toe hy verneem dat die persoon na wie die polisie soek en van wie 'n beskrywing in die omgewing versprei is, by hom kom aanklop. Nieteenstaande die polisie se waarskuwing dat my teenwoordigheid onmiddeUik aangemeld moes word, het hierdie kranige ou stryder my in sy motor gelaai en teruggeneem na die pastorie waar my Amerikaanse dollars vergete gebly het. Daar die polisie nog steeds die pastorie bewaak het, was ek genoodsaak om by die kerk se hek af te klim en te wag totdat mnr. Visser terugkom.

Ds. Joyce het saam met mnr. Visser by die hek opgedaag en die geld aan my oorhandig.

Daar is besluit dat ek na 'n plaas, sowat 'n myl verder, sou gaan tot tyd en wyl ek na 'n veilige oord geneen» kon word.

Later dieselfde aand het my tante, mev. ds. Joyce, deur die polisiekordon gebreek en my besoek op die plaas waar ek my toe bevind het. Die plaas het behoort aan 'n dapper en hulpvaardige oud-polisieman, wie se naam ek onge-

lukkig vergeet het. Sedert ek deur selfsuggestie en selfhipnose alle name uit my geheue uitgewis het, vind ek dit vandag nog moeilik om name in my gedagtes te registreer.

Toe alles die aand stil was, het die oud-polisieman my na 'n ander plaas geneem waar ek die nag en ook die volgende nag in 'n klein klipranljie gedaap het.

Reëlings is getref dat ek die aand van 10 Oktober na 'n plaas van 'n sekere mev. Erna Eggert, wat aan die Magaliesberg gele was, sou gaan. Die aand van 9 Oktober het dit hard begin reen, met die gevolg dat ek die hele nag gesit en bibber het van die koue. Om alles te kroon het ek die volgende aand verkeerd geloop en lank in die bosse rondgedwaal voordat ek weer by die opstal van die oud-polisieman uitgekom het. Die omgewing daar was taamlik ruig en ek moes my gedurig loswoel uit die haak-en-steek-dorings. Onbewus het ek tussen die bosse deur my dollarnote wat in 'n leerbeursie in my hempsak was, verloor.

Laat die aand het Tollie Snyman, 'n waaghalsige jong klerk wat in die magistraalskantore op Brits werksaam was, my na Erna Eggert geneem. Die eerste nag by hicrdie Duitse vrou, wat stoksielaÜeen op 'n eensame plasie tussen die bosse aan die hang van die Magaliesberg gewoon het, het ek in die kombuis geslaap. Daarna het ek gereeld in die berg op sakke en blare vernag.

Indien daar eendag 'n boek oor mev. Erna Eggert geskrywe word, sal *Die Heldin van Magaliesberg* 'n paslike titel wees.

Onderwyl ek in die berg vertoef het, het ek van verskillende goedgesinde vriende nuus ontvang. Daar is onder andere aan my meegedeel dat die polisie daarin geslaag het om die radiosender op Soutpansberg te vind. Die twee Van der Walt-broers, Andries en Prikkie, is as gevolg van hierdie ontdekking geïnterneer. Hierdie opsluitery agter 'n draadversperring het Andries glad nie aangestaan nie en na enkele weke in die Ganspankamp het hy saam met 'n maat ontsnap.

Daar is ook aan my vertel dat die polisie Rl 000 uitgeloof het vir my uitlewering, dood of lewendig. Foto's van my is by openbare plekke opgeplak. Aan hierdie snert het ek my hoegenaamd nie gesteur nie en besluit om tydens my verblyf in die berg 'n pamflet te skryf.

'n Herig in *Die Transvaler* van 14 April 1942 lui soos volg: *"O.B.-Hoof sou versoek het dat Robey Leibbrandt geskiet moes word. Opspraakwekkende Staatsgetuienis.*

"Die tweede staatsgetuie wat reeds sy getuienis afgelê het, is onder kruisverhoor geneem. Hy het onder andere verklaar dat dr. J.FJ. van Rensburg, Kommandant-generaal van die O.B., hom opdrag gegee het om Robey Leibbrandt te skiet en van die gras af te maak. Dr. Van Rensburg was baie opgewonde oor die moord van Leibbrandt. Dr. Hans van Rensburg was baie ernstig toe hy gesê het: 'Skiet hom, maak hom uit die pad.'

"Getuie meen dat dr. Van Rensburg geglo het dat getuie Leibbrandt sou skiet. Dr. Van Rensburg het met getuie gepraat omdat getuie in die polisiediens was en hoof van Leibbrandt se beweging in die Vrystaat. Daar was ander persone ook teenwoordig, onder andere sersant Hendrik Annandale.

"Van De Jager, Assistent-Kommandant-generaal van die Vrystaat het getuie verneem dat die Ossewabrandwag 'n brief van Adolf Hitler, wat Leibbrandt sou saamgebring het, in die hande het."

Hierdie getuie is op versoek van die hof deur die pers beskerm en as "Sersant X" beskryf.

Dis eienaardig hoe die leuen wat ek die aand in die motor naby Silverton aan dr. Hans van Rensburg opgedis het, later 'n metamorfose ondergaan en in 'n brief van Adolf Hitler ontpop het. Net so maklik soos die O.B. daardie sclfopgemaakte versinsel geglo het, net so maklik het ek daarin geslaag om die Ossewabrandwag en die Herenigde Nasionale Party uitmekaar te jaag.

Die wysgerige stelling dat "die sterkere die sterkste is wanneer hy alleen staan," was na my mening ook van toepassing op die Herenigde Nasionale Party. Dat ek reg was in my oordeel, is met die algemene verkiesing in 1948 bewys. Die skeuring was tog immers onvermydelik en indien dr, Hans van Rensburg tot kort voor die verkiesing met sy kaperjolle gewag het, sou daar verwarring in die geledere van die Herenigde Nasionale Party ontstaan het en sou die Verenigde Party beslis geseëvier het. "Slim" Jannie het hom met sy eie halter laat vang!

Dr. Hans van Rensburg het beslis nie baie van my gehou nie. Hy het dit gelaak dat ek, wat in Suid-Afrika net ligweg bekend was as 'n boksertjie, nou ontluik het as 'n politieke soldaat wat homself die astrantheid toegeëien het om 'n stok in die politieke hoenderhok van 'n voormalige Administrateur van die Vrystaat te gooi. Die kwota eiers wat sy politieke hoenderboerdery opgelewer het, het vinnig gekwyn.

Dat "Sersant X" nie meineed gepleeg het nie toe hy sy verklaring in die hof gemaak het, is deur sersant Hendrik Annandale en "Lange" de Beer aangedui, en selfs deur 'n O.B.-rapportryer bevestig.

In *Die Transvaler* van 4 Junie 1942 verskyn die volgende berig onder die opskrif: *Gewese O.B.-Rapportryerm Getuiebank. Beweerde bevel dat Leibbrandt uitgelewer moes word.*

"Die bewering dat dr. J.F J. van Rensburg 'n bevel aan die O.B. uitgereik het dat Robey Leibbrandt, die bekende Afrikaanse vuisvegter, aan die polisie uitgelewer moes word, is gister aan die lig gebring deur Jan van Riebeeck Ketz, gewese rapportryer van advokaat J.D. Jerling, Assistent-Kommandant-generaal van die O.B. in Transvaal."

Die bewering dat dr. Hans van Rensburg my wou laat doodskiet, het my hoegenaamd nie gehinder nie; inteendeel, in my eerste pamflet wat in Magaliesberg opgestel is en aan die "Kamerade in die SA. Polisie" gerig was, het

ek Hans van Rensburg uitgedaag om my te skiet. Ek het bygevoeg dat hy 'n duisend van sy soort moes saambring en die plek en tyd moes bepaal wanneer die kompetisie moes plaasvind.

Na voltooiing van my pamflet is ek na Johannesburg om dit af te rol. Wyle Von Elling het my op Schietfontein kom haal en by sy woning in Pretoria afgelaai. Vandaar is ek na Johannesburg waar ek 'n tyd lank by 'n Hollander tuis was.

Hierdie Hollander, oubaas Vermey, het meer moed en durf besit as menige jong bombastiese 'held'. Hy was 'n wewenaar en het in 'n pragtige groot huis gewoon. Met veel omsigtigheid moes daar te werk gegaan word sodat sy bediende en tuinjong nie van my teenwoordigheid in die huis bewus word nie. Die kamer waar sy vrou oorlede is, was my verblyfplek. Niemand sou vermoed dat iemand die kamer, wat so lank gesluit was, betrek het nie.

Aan die begin was ek maar 'n bietjie ligvoet vir die oubaas. Nederland was toe reeds 'n Duits-besette gebied en die Hollanders se haat het hoog opgevlam teen alles en almal wat nie huik gevoelens gedeel het nie. Ek het hom meegedeel dat Nederland 'n geheime verdrag met Engeland gesluit het. Ooreenkomstig hierdie verdrag moes Nederland toelaat dat die Geallieerde troepe daar kom land sodat Duitsland in die flank aangevat kon word. Die oubaas het stilswyend na my vertelling geluister en toe uitgebars: "Jongeling, dat geloof ik niet!"

"Waarom het Nederland dan gemobUiseer? Hulle was tog neutraal en sonder provokasie sou Duitsland beslis nie Nederland binnegeval het nie."

"Vertel my tog geen onsin," het oubaas Vermey gesê.

"Luister!" het ek half afgehaal en half vererg vervolg: "Die Hollanders was tog nog altyd Brits georiënteerd, nie waar nie?"

Die feit dat ek nie van "julle" gepraat het nie, maar die naamwoord Hollanders gebruik het, het veel daartoe bygedra dat ek en die oubaas later versoen geraak het. Ek glo egter nie dat daardie brokkie toegepaste sielkunde die beslissende faktor was nie, want spoedig moes ek ontdek dat hierdie wakker oukêrel vlerk gesleep het by 'n hoogs intelligente Duitse vrou. Hierdie middeljarige dame het die Hollander baie gou in haar liefdesnet toegespin. Algaande het die oubaas die grootste respek by my afgedwing. Sy onbaatsugtige optrede en vlugge brein het my geweldig beïndruk.

Weens die vernouende beperktheid van beweging, is ek later na die woning van mev. Maack, wat saam met haar beeldskone dogter Ingeborg, alleen gewoon het. Hierdie twee Duitse dames is later vir etlike maande in die tronk gestop omrede hulle nie bereid was om 'n valse verklaring teen my te doen nie. Dieselfde lot het ook 'n ander Duitse moeder en haar skrander dogter, Marie Wilz, te beurt geval.

Dit was juis Marie wat my in al my ondernemings moedig bygestaan het. Sy het my gehelp om 'n afrolmasjien in die hande te kry waarmee ek my pamflette kon afrol.

# 33. Drie jong Afrikaners betaal die hoogste tol

Een oggend het Marie Wilz met bedroewende tyding by my aangekom. Hendrik Erasmus is naby Warmbad in die Transvaal deur die polisie doodgeskiet. Ek het gevoel of die wereld om my in duie stort.

Volgens 'n koerantberig van 25 Junie 1942, het sersant FA. Fourie tydens my verhoor onder andere getuig dat hy op 27 November 1941 na die plaas Buffelshoek, Waterberg, gegaan het. Hy het 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van Karel Theron en Hendrik Erasmus gehad.

"Die speurders het omtrent 'n myl van die opstal stelling ingeneem en die huis met verkykers dopgehou. Kort na sonop het twee blanke persone die huis genader en getuie het later 'n motor na die huis sien kom. Omstreeks elfuur het getuie, sersant Spengler en Liebenberg weerskante van hom geplaas en na die huis gegaan.

"Hulle het onder dekking van 'n plantasie die huis genader. Elkeen van die drie speurders was gewapen met 'n .303-diensgeweer. Naby die huis het getuie Theron sien sit, maar toe Theron getuie sien, het hy by die huis ingevlug. Spengler het daarop geskreeu dat Theron en Erasmus die wyk neem. Getuie het geskreeu dat hulle moes staan of die polisie sou skiet. Hulle het geen gehoor aan die bevel gegee nie en getuie het die bevel gegee om te skiet."

Hendrik Erasmus is dodelik gewond, maar Theron het in die bos ontsnap. Onder kruisverhoor het sers. Fourie verklaar dat die klag in die lasbrief in verband met brandstigting in die winkel van 'n sekere Alfred Levy gestaan het. Ook het hy verklaar dat Hendrik se broer, Doors Erasmus, histeries was en herhaaldelik gedreig het om weerwraak te neem.

In die hof is 'n brief ingehandig wat Karel Theron aan Hendrik Erasmus se ouers en broers geskrywe het. Dit lui soos volg:

*Beste oom Jan, Mevrou, Doors en Jannie,*

*Dit is vir my swaar om uitdrukking aan my gevoel vanmöre te gee. Vir my was hy soos 'n broer en sy bloed wat om wraak roep, sal so sekergewreek word,.. Tienduisendvoudig! Die polisie was besig om ons uit die bloekombome se kant te bekruip toe ek toevallig een gewaar het. Ons het langs mekaar gehardloop en was omtrent driehonderd tree weg toe hulle begin skiet het; ek het deur die draad gestruikel en Hendrik het skuins voor my gehardloop. Meteens het hy inmekaar gesak en het nie op my vraag geantwoord toe ek wou weet ofhy geskiet is nie. Die polisie het aanhoudend geskiet; ook die oombKk wat ek by hom stilgestaan het. Daar was geen geroep dat ons moes staan ofoorgee of enigiets dergeliks nie ... hulle het sommer geskiet. En nou, my vriende, wees getroos. U het 'n mooi*

*seun en broer verloor, seker die dapperste wat ek geken het, Sy bloed, kan ek u egter verseker, is nie nutteloos verspil nie. Nou sal u sien hoe daar geslaan word. Hoe graag ek ook al die begrafnis wil bywoon, is dit vir my onmoontlik. Sy gees sal saamstry totdat ons die eindoorwinning behaal het. As dit moontlik is, sou ek graag van u wou sien.*

*Met beste groete en innige deelname in u swaar verlies. U*

*vriend, Kallie*

By Hendrik se graf het sy vader 'n botte! bloed op die kis geledig. Terwyl hy met hierdie aandoenlike daad besig was, het hy in 'n bewerige stem gesê: "Nog 'n boompie op die pad van Suid-Afnka!"

Kort na hierdie treurige voorval het 'n nog groter treurspel die Afrikanervolk tot in sy murg geskok. Karel Theron en Doors Erasmus is afgryslik gedood deur 'n dinamietlading wat op die treinspoor naby Denneboomhalte in die distrik Pretoria ontplof het.

Op 28 Mei 1942 het sersant Van Heerden op 'n vraag van advokaat C.P. Bresier verklaar dat dit moontlik is dat die poging om die treinspoor in die lug te laat vlieg 'n wraakmaatreël was en nie die voorbedagte plan van 'n organisasie nie.

Speurdersant FA. Fourie het getuig dat die polisie bewus was van die vervreemding wat daar tussen my en Karel Theron plaasgevind het. Die twee Erasmusbroers was onder die invloed van Karel Theron. Karel was nie gediend met die idee dat daar getalm moes word totdat die regte sielkundige oomblik aanbreek om te slaan nie. Al wat hy geweet het, was dat ek 'n teken sou gee wanneer daar met harde slae teen die vyand opgetree sou word. Hy het wel geweet dat die Suid-Afrikaanse volk vroegtydig in kennis gestel sou word alvorens die verbindingslinies na die Noorde in die lug geblaas word. Daar sou 'n versoekskrif aan die pers gerig word om die publiek te waarsku dat die gebruikmaking van die Suid-Afrikaanse Spoorweë na 'n sekere datum 'n dobbelspel met die dood sou beteken. Hoewel dit 'n skrikwekkende gedagte is, moet ek tog hier meld dat ek oor genoeg tydbomme beskik het om die vervoer na Noord-Afrika vir 'n geruime tyd lam te lê. Ongelukkig sou hierdie optrede die lewens geëis het van spoorwegwerkers wat as onskuldige en standvastige Afrikaners beskou kon word. Dit was egter oorlog en oorlog ken geen genade nie. Dink maar aan die duisende onskuldige vroue en kindertjies wat die wrede bomaanslae ten prooi geval het. Dink maar aan die leed en pyn, smart en verdriet; ja, dink aan die dood en verwoesting wat die oorlog oor die wereld gesaai het.

Karel Theron en Hendrik Erasmus was patriotte in die edele sin van die woord en hoewel net Karel bewus was van my plan, kon hy sy daadlus eenvoudig nie beteuel nie. Ek is amper seker dat, indien hy geweet het wat die teken sou wees wat ek sou gee, hy hom in bedwang sou gehou het.

Ne my petalje met die polisie by die pastorie het ek Theron en Erasmus albei laat waarsku dat hulle nooit hulle rug op die polisie moes draai nie. "Toe ek my kop van die een groep polisie na die ander gedraai het, is daar op my gevuur. Indien ek my rug sou gedraai het, sou ek 'n lyk gewees het," het my boodskap aan hulle gelui.

Karel het my waarskuwing verontagsaam en later gepoog om saam met Doors die dood van Hendrik te wreek deur 'n trein wat troepe vervoer het, in die lug te blaas.

Hoe geheg die twee broers aan mekaar was, word duidelik weerspieël deur 'n gebeurtenis wat eendag op Warmbad plaasgevind het.

Doors het geweier om aan die polisie te vertel waar Hendrik en Karel hulle bevind en, om druk op hom uit te oefen, is hy in die tronk gestop. Toevallig was Gert van der Walt, die seun van oom Bert van der Walt, juis toe in die omgewing van Warmbad. Hy en Hendrik het daar en dan besluit om Doors daardie nag uit die tronk te gaan haal. Die groot probleem was dat nie een van hulle oor 'n vuurwapen bcskik het nie. Gert het Hendrik egter gou oortuig dat hulle geen wapen nodig het nie.

"Wat stel jy dan voor?" wou Hendrik van Gert weet.

"Dis baie maklik," antwoord die Boerseun. "Sodra die bewaarder jou pak, sat ek hom bekruip en met hicrdic kierie oor die kop slaan."

Die program van aksie is deeglik bespreek. Terwyl Hendrik na sy ouers se huis is om 'n vyl in die hande te kry, het Gert die tronk bespied. Toe Hendrik uiteindelik weer sy opwagting by die tronk maak, het hy die blye nuus aan Gert meegedeel dat Doors reeds tuis was. Sedert daardie aand is daar altyd na Gert Kierie verwys en dra hy vandag nog daardie naam.

In die Hooggeregshof het die twee staatsaanklaers, Lutge en Barret, alles in hulle vermoë gedoen om die onstuimige gedrag van die drie oud-kamerade op my skouers te skuif. Dat hulle nie gcslaag het nie, is uitsluitend toe te skrywe aan die opregtheid van oud-speurdersersant FA. Fourie.

Dit is vir my as Afrikanerseun geen aangename taak om hier te meld dat mede-Afrikaners verantwoordelik was dat die polisie op Hendrik Erasmus en Karel Theron geskiet het nie.

Nieteenstaande die drie oud-kamerade se dood, het ek onverpoosd voortgegaan met die afrol van my eerste pamflet. Die papier wat daarvoor gebruik is, het die Regering se watermerk gedra. Daar is 'n paar duisend van die pamflette afgerol wat ek in die geheim oor die hele land wou laat versprei.

In die pamflet, gerig tot die "Kamerade in die SA. Polisie", het ek hewig te velde getrek teen die Smutsregime en sy bondgenootskap met die nihilistiese Mongool-Tartaarse Kommunistiese Rusland. Die Jode het ek beskuldig as die vaders, skeppers, leiers en agitators van die moderne Kommunisme. My aanvalle op die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag was vlymskerp.

Hierdie pamflet is in een nag oor groot dele van die Transvaal en Vrystaat versprei. Aangesien ek niks meer van my volgelinge verwag het as wat ek self bereid was om te doen of reeds gewaag het nie, het ek op die afgesprokc nag my deel bygedra om die pamflette op Heidelberg en ander plekke te versprei. Soos dikwets in die verlede, was ek ook hierdic keer deur vroue vergesel, en nie deur mans nie.

Daar was 'n jong seun, Kallie Wilz, saam met ons. Later het hierdie jong knaap in die hof 'n voorbeeld aan oud en jonk gestel. Op 'n vraag van die staatsaanklaer het hy geantwoord: "My moeder was in die tronk en my suster was in die tronk en ek was alleen. Die polisie het my aanhoudend geïntimideer met die gevolg dat alles wat ek aan die polisie gesê het, leuens was."

Hierdie woorde is gebesig ondanks die staatsaanklaer se waarskuwing dat hy nie mag afwyk van sy verklaring aan die polisie nie. Hy is gewaarsku dat hy andersins van meineed aangekla sou word.

Die manmoedige optrede van hierdie jong seun onderskraag net die stelling dat dapperheid 'n bestanddeel is van die besondere mens en dat dit nie kunsmatig aangekweek kan word nie.

Wanneer ek dink aan die bydraes wat die vroue, dogters en seuns gelewer het gedurende my stryd, wel 'n vloedgolf van deernis en trots in my op.

Wat my in hierdie tye veral geamuseer het, was hoe die verskillende koerante in die donker rondgetas het oor al my doen en late. Onder reuse-opskrifte is daar in die dagbladpers die mees fantastiesc stories oor my aan die publiek opgedis.

Een verslaggewer het selfs die vermoede uitgespreek dat ek stilletjies met 'n dame van Witbank in die magistraatskantoor getroud is. Hierop het ek gereageer deur die redakteur van die betrokke blad mee te deel dat ek nie alleen getroud is nie, maar dat my vrou my reeds twee seuntjies geskenk het en dat hulle Adolf Hitler en Benito Mussolini heet.

Die koerante het 'n vreeslike kabaal opgeskop oor die ywer waarmee die polisie na my soek. Onderstaande is 'n versameling van opskrifte uit enkele Johannesburgse koerante wat vandag in my plakboek pryk:

*Police Searchingfor Robey Leibbrandt, Great Police Search for S^4. Boxer, Leibbrandt still at Large, Polisie het Leibbrandt reeds tevore in hande gehad, Union wide search for Leibbrandt, Wastelahd Wanderer... Is hè Robey Leibbrandt? Biggest Manhunt in SA. History en Politieke Soektogfe van Polisie uitgebrei.*

Nadat my eerste pamflet op 2 Desember 1941 verskyn het, was die koerante natuurlik vol wilde bespiegelings. Een Engelse blad het selfs my skryfstyl as dié van Adolf Hitler aan die publiek voorgestel. Hierop het ek natuurlik geantwoord en die brief in Noord-Transvaal laat pos. Onder die opskrif *Robey Leibbrandt flattered by Hitler Comparison,* het hulle my gedug aangeval oor die astrantheid om uit Noord-Transvaal aan hulle so 'n parmantige brief te skryf.

Die pers het onder andere die volgende opskrifte gebruik om die lesende publiek se aandag te trek: *Leibbrandt writes hts own 'Mein Kampf... Challenge to Van Rensburg, Leibbrandt wams Police to shoot straight or, I wül mowyou down like barley'. G.Men wanted for South Africa,* ens. ens.

Terwyl ek rustig in Johanncsburg gesit het, het die volgende berig op 8 Desember 1941 in 'n Afrikaanse koerant verskyn onder die opskrif: *Ernstige Onluste in Port Elizabeth.* "Daar het 'n gespanne atmosfeer die afgelope week ontwikkel. Onder meer het 'n gerug rondgegaan dat Robey Leibbrandt hom in Port Elizabeth bevind."

Ek was die groot sondebok en vir enigiets opspraakwekkends is ek verantwoordelik gehou. Dis geen wonder dat my moeder later vinnig begin grys word het nie.

# *34. Johannes van der Walt sluit by my aan*

Op 'n dag in Desember 1941 het ek en Suid-Afrika se wonderstoeier op 'n plek in Johannesburg ontmoet waar ons lank alleen gesels het. Daardie ontmoeting het my teruggevoer na 'n hawestad in Engeland waar ek Johannes van der Walt in Desember 1938 laas gesien het.

Ek en die Duitse dame wat saam met Johannes van Amerika na Engeland gereis het, was toevallig op dieselfde boot wat daardie oggend na Hamburg sou vertrek. Die eerste vraag wat die dame né ons bekendstelling aan my gestel het, was of ek van dieselfde nasionaliteit as Johannes van der Walt is.

"Waarom vra u?" wou ek verbaas weet.

"Omdat Herr van der Walt my meegedeel het dat hy so trots is om 'n Boer te wees."

Hierdie trots om die edelnaam *Boer* te dra, het wyle Johannes van der Walt tot aan sy sterwensuur behou. In ons gesprek daardie oggend in Johannesburg het Johannes se besorgdheid oor die lot van die Afrikanervolk as geheel en die Ossewabrandwag in die besonder, duidelik tot openbaring gekom. Hy was veral gebelg oor die idee dat dr. Hans van Rensburg, wat nie alleen niks bygedra het tot die stigting van die Ossewabrandwag nie, maar ook voorheen sou gesê het dat die Ossewabrandwag in 'n koelkas gesit moes word, nou skielik die hoogste rang beklee. Johannes van der Walt kon eenvoudig nie met die beleid van die O.B. saamstem nie.

Sy misnoeë met die beleid van die Ossewabrandwag het so reg in my kraam gepas, en ek het nie versuim om hierdie misnoeë hoer aan te blaas nie. Hoewel Johannes van der Walt 'n generaal in die Ossewabrandwag was, het hy hom bereid verklaar om as gewone manskap by die Nasionaal-Sosialistiese Rebeüe aan te sluit.

Kort na hierdie ontmoeting het Johannes en drie ander persone my na die plaas van mev. Erna Eggert vergesel. Ek wou graag gaan kennis maak.rnet 'n sekere kaptein Taillard wat ook in daardie omgewing geboer het. Volgens Erna Eggert was kaptein Taillard 'n gedugte vyand van genl. Smuts se oorlogsbeleid en moes hy as gevolg daarvan ontsaglik veel van die Regering verduur.

Terwyl die ander drie manne buite die huis wag gehou het, het ek en Johannes met Taillard gesels. Hy was baie vriendelik en openhartig in sy gesprek met ons. Vandag glo ek nog dat hy dit aan die begin eerlik bedoel het met my en dat hy eers later besluit het om teen my te draai. Die inligting wat hy oor dr. Hans van Rensburg en ander sake aan my verstrek het, was nie eintlik nodig om my vertroue te wen nie. Erna Eggert was toe reeds 'n beproefde kameradin. Sy het hom geken en haar aanbeveling sou trouens genoeg gewees het om enige agterdog uit te wis.

Met die terugreis na Erna se opstal, het ek eienaardig genoeg skielik weer begin twyfel aan Taillard se opregtheid. Mevrou Eggert het aan my vertel hoe TaiUard verplig was om sy ontslag uit die SA. Polisie te neem en hoe geheg die Taillards aan haar was na haar hulp en bystand met die begrafnis van die Taillards se liefling-dogtertjie. Indien ek geweet het dat hy familie van wyle Louis Esselen was, sou ek hom vanselfsprekend nooit vertrou het nie. Soos almal weet, was Esselen en genl. Smuts boesemvriende.

Dieselfde nag is ek en my gevolg terug na Johannesburg. Johannes van der Walt was 'n liewe, goeie mens en ek kon natuurlik nie peil trek op wat hy van TaiUard gedink het nie. Ongelukkig was dit sy tere liefde vir sy medemens wat ook sy doodsklok gelui het.

Een oggend het ek berig ontvang dat Johannes gearresteer is en in die polisieselle by Marshallplein aangehou word. Die klag teen hom was dat hy in besit van 'n ongelisensieerde pistool was. Min het ek verwag dat hy met behulp van 'n polisieman op waaghalsige wyse uit die selle sou ontsnap. Toe hy my kamer by mev. Maack binnekom, het ek byna op my rug geval. Onmiddellik na sy aankoms het ek sy weelderige en reeds beroemde baard afgeknip en dit net vir die aardigheid in 'n briefkoevert toegeplak. Later het die polisie die baard in my kamer gevind en is in die hof beweer dat ek moontlik die baard gebruik het vir vermommingsdoeleindes.

Daardie aand het ek ernstig met Johannes gepraat en hom gewaarsku om nooit sy rug op die polisie te draai nie. Ek het hom haarfyn vertel van alles wat op 7 November by die pastorie gebeur het en van die fatale fout wat Hendrik Erasmus begaan het om 'n botsing met die polisie te probeer vermy. Johannes het my aandagtig gesit en aanhitst er en net sy kop laat sak. Toe hy uiteindelik weer begin praat, kon ek die droefheid in sy oë lees. Hy het met 'n bewoë stem te velde getrek teen die leiers van die Ossewabrandwag. Veral die Assistent-Kommandant-generaal van Transvaal is skerp aangeval. Hy was meer teleurgesteld as verbitterd. Johannes van der Walt het sy volk liefgehad en hy kon homself net nie versoen met die O.B.-leiding nie.

Terwyl ek as verhoorafwagtende in die tronk in Pretoria gesit het, kon ek een nag glad nie slaap nie. Die volgende oggend toe ek deur die bewaarders uit my sel geneem is vir die gebruiklike halfuur-oefening, het ek eenkant teen die muur op my hurke gaan sit.

"Wat is vanoggend verkeerd met jou, Robey? So ken ons jou nie. Ander dae kla jy dat die halfuur te kort is vir ontspanning en nou sit jy daar asof die hele wereld se gewig op jou rus," het een van die bewaarders my aangespreek.

"Ek weet self nie wat my oorgekom het nie. Verlede nag het ek gele en rondrol en nie 'n oog toegemaak nie. Daar het iets vreesliks gebeur, maar ek kan net nie dink wat dit kan wees nie. Was my moeder nie miskien in 'n ongeluk betrokke nie?" wou ek weet. Hulle het my vraend en swygend aangekyk.

"Se asseblief vir my wat gebeur het," het ek gesoebat.

"Niks wat jou so kan verontrus nie," het een gesê.

Daardie dag het ek net op my bed gele en peins. Ek kon eenvoudig nie tot rus kom nie. Toe die nagwag, wat 'n goeie vriend van my was, sy pos voor my sel se deur inneem, het hy my die treurige nuus vertel. My boesemvriend, Johannes van der Walt, is die vorige aand in 'n plaaswoning naby Krugersdorp deur die polisie vasgekeer. Om 'n botsing met die polisie ten alle koste te vermy, het hy probeer om deur 'n venster te ontsnap. Johannes is van agter in die rug geskiet.

Hierdie nuus het vriend en vyand oor heel Suid-Afrika diep geskok. Die liefling van die stoeikryt het in die maande wat daarop gevolg het, weggekwyn totdat hy net vel en been was. Die lyding en pyn wat hierdie getroue Boer moes verduur, is onbeskryflik. Met uitgestrekte regterarm het hy sy besoekers en bewonderaars gegroet totdat hy later te swak was om selfs sy hand te lig, en net die woorde: "Die Vierkleur Hoog!" kon prewel.

Wyle dr. D.F. Malan het op 24 Februarie 1942 in die Parlement die Regering besonder skerp aangeval oor wat met Johannes van der Walt gebeur het. Hy het onder andere gesê dat die Afrikaner nie bang is vir die Regering se terrorisme nie; hoe meer Afrikanerbloed vloei, hoe sterker sal die Afrikanervolk groei.

Johannes sou aan sy ouers gesê het dat hy nie geweld sou gebruik indien die polisie hom vaskeer nie.

Met die afsterwe van hierdie strydmakker was ek reeds in die dodesel en kon ek net 'n brief van innige deelneming aan sy naasbestaandes skrywe.

Die grootste begrafnisstoet wat Johannesburg ooit geken het, het hierdie stoere Afrikanerseun na sy laaste rusplek gevolg... Vaarwel, getroue kameraad!

# 35. *Dr. J.F. J. van Rensburg veroordeel homself*

Op 6 Desember 1941 verskyn in *Die Vaderland* 'n verslag oor dr. Van Rensburg se toespraak in Bezuidenhoutvallei, Johannesburg. Hierdie koerant het gedurende die oorlogsjare die bedrywighede van die Ossewabrandwag breedvoerig gerapporteer. Die verslag lui:

"Seker twee-derdes van die mense in die leer is vandag Afrikaners wat om ekonomicse nood, uit avontuurlus of uit *oortuiffng* in die Noorde is. *Ons eer daardie seuns van ons.* Daar is meer O.B.'s in die Noorde as wat baie van ons besef. Hulle ... daardie Afrikanerseuns, sal terugkeer na die boesem van hul volk en die O.B."

Met albei bande het ek na hierdie toespraak gegryp en in my tweede pamflet 'n deeglike ontleding gegee van die implikasies wat hierdie woorde ingehou het.

In hierdie warboel is die plan sorgvuldig gesmee om my in 'n lokval te lei. Onverwags ontvang ek een oggend 'n brief van Erna Eggert. Sy en kaptein Taillard, alias mnr. Black, sou my op 24 Desember kom haal. Ons sou saam 'n hooggeplaaste persoon digby Pretoria gaan spreek, wat dit moontlik so kon bewimpel dat die Ossewabrandwag van hulle leier, dr. Hans van Rensburg, ontslae kon raak. Weer het sy haar vertroue in Taillard uitgespreek en weer het sy my die waarborg gegee dat Taillard 'n eerlike en opregte mens is.

Erna Eggert, vergesel van Taillard, het op die vasgestelde tyd en datum hulle opwagting by mev. Maack se woning gemaak. Ons het almal in die voorhuis plaasgeneem waar ek my tweede pamflet aan almal teenwoordig voorgelees het. Aan die slot van my voordrag het Taillard opgespring, met uitgestrekte regterarm gesalueer en "Heil Hitler!" uitgeroep. Sy optrede het my so diep geskok dat ek onmiddellik geweier het om saam met hom en Erna te gaan. Hierdie gebaar van Taillard was heeltemal teenstrydig met my opvatting van Nasionaal-Sosialisme en ek moes toe reeds geweet het dat iets skort.

Erna Eggert het 'n lang pleidooi gelewer waarom ek haar en Taillard na Pretoria moes vergesel. Taillard het selfs so ver gegaan om sy motor aan te bied waarmee ek die volgende dag na Johannesburg kon terugkeer om my afspraak met 'n groep lede van die Ossewabrandwag na te kom. Uiteindelik het ek ingewillig om saam te gaan.

# 36. *Hoe ek oorrompel is*

Terwyl ons na die motor stap, het Taillard my vertel dat hy voorsorgmaatreëls getref het vir ons veiligheid. Nie alleen vals nommerplate nie, maar ook balonne is aan die motor geheg om kastig uiting te gee aan die vrolike stemming waarin ons op Ou Kersaand verkeer. Hy het drie Kersfeeshoedjies te voorskyn gehaal en aan ons uitgedeel.

Ons was skaars 'n honderd tree van die huis af weg toe ek opmerk dat die toutjies waarmee die balonne voor aan die motor vasgemaak was, te lank was en maklik kon breek. Taillard het stilgehou en ek het hom gehelp om die balonne korter vas te maak. Weinig het ek geweet dat dieselfde balonne juis my teenwoordigheid in die motor moes verraai.

Ek het langs hom gesit en hy het die hele pad aan my getorring om maar liewer die motor te bestuur daar hy nie die pad so goed ken nie. Taillard het al stiller en stiller geword.

"Hoe lyk dit my jy is bekommerd oor iets?" het ek hom uitgelok.

"Nee wat, dis sommer niks," het hy geantwoord.

Hoewel ek dit daarby gelaat het, kon ek tog voel dat daar iets buitengewoon verkeerd was met die eertydse polisie-offisier. Sy swygsaamheid het my gehinder, Ek het geen rede gehad om te dink dat die man se houding uit 'n skuldige gewete spruit nie. Daarvoor het ek te veel vertroue in die vriende van Erna Eggert gehad.

Op enige reis het ek gewoonlik my pistool op my skoot gehou, maar daardie aand het ek dit in my broek se agtersak gedra. Waarom, weet ek self nie.

Net toe ons 'n hoogtetjie voor die brug oor Sesmykpruit binne Pretoria bereik, hou Taillard stil. Die motor wat al agter ons gery het, het verbygesteek. Ons het na die bome langs die pad gestap, 'n rukkie vertoef en toe stadig verder gery. Hoe nader ons aan die brug gekom het, hoe stadiger het Taillard gery. Meteens het ons in die ligte van die motor 'n hele paar motors oorkant die bruggie gesien staan.

"Waarom staan daar so baie motors?" wou ek weet.

"Ek wonder self," het Erna gesê.

"Seker 'n ongeluk," het Taillard beduie.

Ons het stadig oor die bruggie gery - só stadig dat ek met 'n gebreekte been sou kon saamstap. Net toe ons oor die bruggie was, het 'n motor plotseling van die regterkant skuins voor ons ingetrek. Ek wou net op die vermetele padvark skel, toe Taillard stilhou. Die motor was nog aan die beweeg toe ons van alle kante oorval word. Alles het blitsvinnig gebeur. Die deure van die motor is vinnig oopgepluk. Twee, drie manne het agter in die motor gespring en 'n wurggreep om my nek geplaas. Gelyktydig is Taillard met een enkele pluk agter die stuur van die motor uitgeruk. Hy het geen weerstand gebied nie

en tog het iemand hom met 'n knuppel oor sy kop geslaan. Of Taillard geval het, weet ek nie; ek was intussen te besig om met die polisie te worstel. Hulle het my kop agteroor getrek en my aangehou wurg. Ek het gevloek en geskei. Binne enkele sekondes is twee paar handboeie om my gewrigte geslaan. Een polisie-offisier het dig by die motor gestaan en bewe. Sy pistool het teen die motor se ruit, vlak voor my gesig, gerittel.

"Jy wat so bewe, waarom skiet jy nie? Skiet bl... skiet!" het ek uitgeroep. Reikhalsend het ek daarna uitgesien dat iemand my moes skiet. Ek wou nie lewe nie en het verkies om liewer te sterwe. Dit was vir my op daardie oomblik 'n groot vernedering om lewendig oorrompel te word.

Met veel gesukkel is ek uiteindelik uit die motor getrek. Taillard het half bewusteloos op die grond uitgestrek gele. Bloed het uit die wond aan sy kop gesypel. Die hou met die knuppel was seker vir my bedoel. Die poüsie het verwag dat ek agter die stuur sou sit.

Die hele omgewing het gewemel van polisicmanne en soldate. Twee kolonel-Ie was in bevel van hierdie veertig of vyftig uitgesoekte manne. Die soldate is gebruik om die masjiengewere te beman wat langs die pad gereed gestaan het

Dit mag vir die oningeligte persoon fantasties klink dat soveel manne gebruik is om een persoon te oorrompel, maar wie kennis dra van die organisatoriese decglikheid van die *SA*.. Polisie sal weet dat hierdie getalle geensins oordrewe is nie. Indien ek net daarin kon slaag om my pistool in die hande te kry, sou ek daardie aand gesterwe het soos ek graag wou.

Die forsgeboude Springbok-rugbyspeler, Lucas Strachan, en ene Nel het weerskante van my ingehaak en my half gedra en half gesleep na 'n troepedraer wat aan die einde van die motors gereed gestaan het.

Skielik het ek 'n geweldige slag agter my nek gevoel soos iemand my met die vuis geslaan het. "Jou verduiwelde lafaard," het ek geskei. "So ken ek jou soort. As ek my rug draai, is jy man, maar as ek storm, hardloop jy!" Met 'n stortvloed vloekwoorde het ek my veragting vir die lafaards in die geledere van die poüsie uitgebasuin.

In my magteloosheid het ek nie lus gehad om gissings te maak oor Hoe die polisie geweet het dat ek op pad na Pretoria was met 'n motor waaraan twee balonne vasgemaak was nie.

Eers toe ek in die troepedraer sit, het ek weer tot verhaal gekom.

"O so," het ek aan die klomp gewapende polisiemanne gesê wat saam met my in dieselfde troepedraer geklim het, "dan het julle wel gehoor gegee aan my uitdaging dat 'n regiment van genl. Smuts nodig is om my in hegtenis te neem."

"Nee, het een geantwoord, "soveel is ons darem nie. Die ander wat jy sien, ts net nuuskierige lede van die publiek."

"Wat maak die klomp soldate dan hier?"

"Dit moet jy vir die kolonel vra."

"Maar hoekom het julle nie geskiet nie? Julle skiet dan so graag... Ek sou liewer in 'n skermutseling wou sterwe as om lewend in die kloue van die Regering te val," het ek my gemoed gelug.

Nog steeds ingehaak deur Strachan en Nel, en gevolg deur 'n menigte ander, is ek met my aankoms by die SA. Polisie-hoofkantoor na kol. Bill Coetzee se kantoor geneem.

Toe ons by die deur inkom, het ek die speurder gesien wat Hendrik Erasmus naby Warmbad agter in die kop geskiet het. Met byna bomenslike krag het ek my losgeruk uit die greep van Strachan en Nel en op die speurder-sersant afgestorm.

"Jy het mos een van my beste manne doodgeskiet," het ek woedend uitgeroep.

Met my geboeide hande bo my regterskouer, het ek gestorm en toe met geweld geslaan. Die speurder het net betyds sy kop teruggetrek. My kneukels het hom skuins teen die kakebeen getref. Hy het geskuif soos hy val.

Gou was die ander speurders by om my te pak en op 'n stoel vas te druk.

Die sersant het vinnig na die deur gestap, omgedraai, sy pistool uit sy sak gehaal en dit dreigend aan my getoon.

"Met dieselfde blink pistooltjie het jy nou die dag by die pastorie gehardloop dat jou baadjiepante styf staan. Waarom wys jy dit vir my? Gooi die ding weg en kry vir jou 'n paar tekkies," het ek hom toegesnou.

Brigadier Baston, toentertyd Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, het die kantoor binnegekom. Hy het my vas in die oë gekyk, maar niks gesê nie. Geen merkbare teken van triomf was in sy oë of op sy gelaat nie. Hy het geweet dat die fyn uitgewerkte polisieset onverwags en blitssnel uitgevoer is en dat ek geen kans gekry het om my hand selfs naby my pistool in my agtersak te bring nie. Hy het my geken en het geweet dat ek nie sou aarsel om te skiet nie.

Onderwyl ek daar op die stoel gesit het, het Erna Eggert en Taillard die vertrek binnegekom. Hulle was vergesel deur 'n aantal speurders met kol. Bill Coetzee aan die spits.

Taillard het daar bedremmeld uitgesien ten gevolge van die hou wat hy met die knuppel oor die kop gekry het. Later het dit deurgeskemer dat Taillard se voorstel dat ck die motor moet bestuur, bedoel was om te verhoed dat ek my pistool gebruik.

Toe ek Erna Eggert sien, het ek woedend uitgeroep: "Daardie vrou het niks met my optrede te doen nie. Laat haar loop ... laat haar gaan!"

Met vlammende oë en grimmig het ek gesit en wag op die eerste vraag van die polisie aan my. Ek was vasbeslole dat nog die polisie, nog enige nuwerwetse metode, nog die dood, een enkele woord oor my koms na Suid-Afrika en my doel en strewe hier uit my sou pers. Uit my sou hulle geen woord en geen naam kry nie.

Op daardie tydstip is egter geen vraag gestel nie. Alles wat in my sakke was, is verwyder en op 'n tafel geplaas. Daarna is ek onder sterk geleide na die polisieselle geneem.

Voor my sel is sewe gewapende wagte geplaas. Die ander het agter my sel stelling ingeneem. Aangesien die polisie geweier het om die handboeie van my gewrigte te verwyder, was ek genoodsaak om die hele nag met die knellende ysters op die sementvloer van die sel deur te bring.

Na 'n rustelose nag in die sel was ek die volgende oggend vroeg op die been. Nog steeds geboei, moes ek ervaar hoeveel opspraak my inhegtenisneming onder die polisie verwek het. Nuuskieriges het ingestroom om my te besigtig en ek het kompleet soos 'n leeu in 'n sirkushok gevoel. Hoewel dit Kersdag was, was daar geen verslapping in my bewaking nie. Die handboeie het om my gewrigte gebly en is selfs nie verwyder toe ek my ontbyt ontvang het nie, met die gevolg dat ek geweier het om te eet.

Later die oggend is ek toegelaat om in die klein agterplasie op en af te stap vir oefening. Taillard wat vir die nag in die sel langs my opgesluit was, is toegelaat om by my aan te sluit.

"Wie dink jy het ons verraai?" was my eerste vraag aan hom.

"Nee, man, dit sou ek nie kon se nie," het hy ewe onskujdig geantwoord.

"Dit is darem deksels eienaardig dat die polisie grootskeepse voorbereidings kon tref terwyl niemand behalwe ons van ons rit geweet het nie."

"Ja, die saak is vir my ook duister, maar miskien het iemand ons bewegings dopgehou."

Die tronkgeneesheer het die gesprek onderbreek deur Taillard te ontbied sodat hy die knuppelwond kon toewerk. Onderwyl die dokter besig was om die plekkie te behandel, het Taiilard flou geword. Ondertussen is ek in my sel geplaas. Kort daarna het ek gehoor hoe Taillard hardop met 'n seun van Louis Esselen gesels. Dit het tot my deurgeskemer dat hulle met opset so gepraat het dat ek kon hoor. Die gesprek was van so 'n aard dat ek onder die indruk moes kom dat Taillard se verhouding met my eg was. Dit was die laaste keer dat ek Taillard gesien het.

Indien die polisie gcdink het dat hulle my met sulke toneelspelery om die bos kon lei, het hulle hulle terdeë misgis.

Op Kersdag is ek onder besondere sterk geleide na die tronk in Potgieterstraat geneem. Voor en agter die vangwa waarin ek was, het polistemotors met masjiengewere gery. Hierdie voorsorgmaatreëls het my glad nie verbaas nie, want ek het geweet dat die polisie bang was dat my volgelinge my sou probeer bevry.

By die tronk is ook 'n buitengewone maatreël getref. In stede van voor die tronk stil te hou, het die vangwa by die groot staaldeure ingery. Eers nadat die deure gesluit was, is ek uit die vangwa gehaal. Vir die eerste keer na sowat agttien uur is die handboeie verwyder.

Die eerste nag in die tronk kon ek weer rasioneel dink en het die gebeure van die voorafgaande paar dae helder voor my opgedoem. Toe die bestuurder van die tronk my die volgende oggend vra wie my aan die polisie uitgelewer het, kon ek sonder aarseling antwoord: "Ja, natuurlik weet ek. Dit is daardie verv... Taillard."

"Ek dink ook so," was sy mening. Later het hy my egter probeer oortuig dat dit in wcrklikheid nie Taillard was nie. Die polisie het hom natuurlik voorgesê om dit te doen, daar hulle bang was dat my volgelinge op Taillard sou toeslaan. Eers na die einde van die Tweede Wereldoorlog het *Taillard aan die Engelse pers vertel* hoe hy my en sy getroue vriendin, Erna Eggert, in die polisielokval laat beland het.

# 37. *My behandeling en verhoor in die tronk*

In die tronk het ek spoedig ontdek dat ek 'n uitsondering op elke reël sou wees sover dit die voorgeskrewe behandeling van gevangenes betref.

Ek is nooit toegelaat om saam met ander gevangenes te gaan oefen in die halfuur wat my twee keer per dag vir ontspanning toegelaat is nie, Sonder verhoor of rede is ek van my eerste dag in die tronk alleen afgesonder en nie saam met ander, soos dikwels verkeerdelik beweer is nie.

Dag en nag is ek deur wagte omsingel. Die skerp lig wat uit 'n gat in die muur op my bed geskyn het terwyl ek verhoorafwagtend was, is nooit in die nag afgeskakel nie. Ek is die eerste drie maande nie toegelaat om briewe te ontvang of te skryf nie. In daardie tydperk is ek ook nie toegelaat om besoekers te ontvang nie.

Aan die begin is ek wel toegelaat om koerante te ontvang, totdat 'n Engelse blad die misdadige onbeskoftheid en karakterlose vermetelheid gehad het om my te belaster. Hierdie berig is geplaas 'n paar dae nadat ek van luit. Du Plooy en hoofkonstabel Van der Walt besoek ontvang het. Hierdie twee geregsdienaars is een middag onverwags toegelaat om my in my sel te besoek. Ek was verras oor die astrantheid.

"Ek is spesiaal na Pretoria ontbied om jou saak waar te neem," het luit. Du Plooy my meegedeel.

"My saak is 'n volksaak en ek het jou niks te vertel nie. Hoe gouer julle hierdie sel verlaat, des te beter vir julle," het ek ergerlik teengewerp.

Die twee besoekers het omgedraai en uitgestap. Dit was die eerste en ook die laaste keer dat die polisie probeer het om my te ondervra.

Uitasem het die opperbewaarder van die tronk daarna by my sel aangetrippel gekom. "Wat het nou gebeur?" wou hy van my weet.

"Luister mooi. Indien jy weer toelaat dat ek deur enige persoon oor my saak ondervra word sal jy hom hier uit die sel moet dra," het ek gewaarsku.

Ek kon my eie oë nie glo toe ek die reeds genoemde berig in die Engelse blad lees nie. Dat ek beskuldig sou word van die laagste daad wat enige mens ooit kan pleeg, het ek nooit gedink nie. Onverwyld het ek die opperbewaarder na my sel ontbied en hom meegedeel dat ek my prokureur onmiddellik wou spreek om 'n klag van laster teen die betrokke koerant op te stel.

Nie alleen het my versoek op dowe ore geval nie, maar dit het ook beteken dat ek in die vervolg geen koerante meer sou ontvang nie.

Later het ek verneem dat die speurders genoemde berig gebruik het om persone wat na hulle mening moonilik iets van my weet te beweeg om verklarings teen my te doen.

Die karakterlose geskimp dat baie van die O.B.'s onmiddellik na my inhegtenisname aangekeer is, het hoegenaamd niks met my of my bewering te doen

nie. Genl. Smuls het besluit dat dit toe die regte sielkundige oomblik was om skoonskip van die kammakastige oorlogsaboteurs in die Ossewabrandwag te maak. Eienaardig genoeg het hy net die lede, en nie die leier nie, onskadelik gestel. Genl. Smuts het geweet dat die Ossewabrandwag sonder hulle leier 'n groot gevaar kon word, maar met hulle leier "'n onskuldige organisasie is en dat hy met rus gelaat moet word." (Genl. Smuts se woorde in Natal.)

Aangesien die polisie nie weer gewaag het om my te ondervra nie, is die bewaarders in die tronk gelas om my bedektelik te pols. Wie die bewaarders se leermeester was, weet ek nie, maar die hele skema was deursigtelik. Dit het ook tot gevolg gehad dat die tronkpersoneel soms oorvriendelik teen my was. Dit het my nie juis ontstel nie, maar net meer op my hoede geplaas. Om die irriterende valse vriendskap vir altyd die nek in te slaan, het ek na 'n geleent - heid gesoek om 'n botsing uit te lok.

Een aand het ek 'n stuk karton voor die skerp lig, wat dwarsdeur die nag op my bed geskyn het, geplaas. Die volgende oggend toe ek terugkom van die klein buiteplasie waar ek tussen hoe mure my oefeninge moes doen, merk ek dat 'n bewaarder besig was om my sel te deursoek. Hy het onder andere die karton voor die lig verwyder...

"O so," het ek uitgeroep, "jy is te lafhartig om die karton te verwyder wanneer ek hier is."

Aangesien 'n opperbewaarder en twee koHegas ook aanwesig was, het die aangesprokene my uitdagend aangegluur en geantwoord:

"Ek voer net bevele uit."

"Verwyder dit nou weer," het ek gesê terwyl ek die karton voor die lig terugplaas.

Die opperbewaarder was 'n voormalige amateur boksertjie en veels te groot vir sy skoene. Sy vuisies sou beter in 'n deegskottel as in bokshandskoene gepas het.

"Verwyder daardte karton voor die lig," het die opperbewaarder ewe astrant aan my gesê.

"Dit sal ek nie doen nie. Dink jy miskien dis 'n leeuhok hierdie?" wou ek ewe astrant weet.

"Dan sal ek dit doen," het hy manhaftig vervolg.

Ek het 'n pas teruggestaan sodat hy die sel kon binnekom en geantwoord: "Kom, verwyder die karton laat ek sien."

Die opperbewaarder het na die drie bewaarders gekyk wat hom dikwels vergesel het as hy my seldeur oopsluit. Aangesien die uitdrukkings op hulle gesigte beslis nie bemoedigend was nie, is die karton ook nie verwyder nie.

Hierdie houding het ek deurgaans gehandhaaf tydens die ses-en-'n halwe jaar wat ek in die tronk was. Ek was 'n *suiwer* politieke gevangene en het dienooreenkomstig behandeling verwag. Wat my egter daar agter die onoog-

like tronkmure uitgemeet is, is 'n onuitwisbare skandvlek op die sogenaamde Westerse beskawing. Later sal ek vollediger hieroor skryf.

Plotseling een oggend op 8 Maart 1942 het 'n groep speurders in die tronk doenig geraak. Terwyl ek probeer luister het of ek nie van die stemme kon herken nie, het twee of drie speurders haastig my sel binnegekom.

"Ons wil gou jou vingerafdrukke neem," het die voorste een gesê. Ek het my onmiddellik vererg.

"Na die duiwel met jou vingerafdrukke," het ek gebulder.

"Al die ander kerels het hulle vingerafdrukke laat neem, Robey," het die ander een gepaai.

"Hulle kan doen wat hulle wil, maar my vingerafdrukke sal julle waaragtig nie neem nie - nie voor ek aangekla is nie. Maak dat julle wegkom."

Enkele minute hierna het die speurders my kom haal. Veertien bekendes het reeds in die voorportaal op my gewag, maar ek het niemand gegroet nie. Aangesien die speurders noukeurig gelet het op enige teken wat ons kon verraai, wou ek niemand raaksien nie.

Toe dit haas tyd was dat ons na die hof moes gaan om aangekla te word, is die ander kerels beveel om in 'n groot vangwa te klim.

Intussen is 'n paar handboeie flink om my linkergewrig geslaan en is ek aan 'n Duitser, Lipka, gekoppel. Ons het gemaak of ons mekaar glad nie ken nie.

"Klim in, kerels," het die kaptein in bevel gesê. Ons het traag nadergestap.

"Halt!" het ek uitgeroep. "In hierdie smerige vangwa klim ek nie. Maak skoon die affêre."

"Robey, ons het nie veel tyd nie. Klim in en laat ons ry man," het een van die speurders gesê.

"Nie voordat julle hierdie luiskas skoongemaak het nie," het ek beslis gesê. Die speurders het aan my versoek voldoen en die vangwa is skoongemaak.

Toe ons na die hof vertrek, het verkeerskonstabels op motorfïetse by ons aangesluit. Sover ons gery het, het die sirenes aanhoudend gefluit en alle verkeer is tot stilstand gebring. Die hele gedoente het my geamuseer.

By die hof is ons alma) na 'n groot vertrek geneem. Ek en Lipka is daar toegelaat om vryelik tussen die ander te beweeg. Nog steeds gekoppel aan Lipka, het ek na Louis gestap. Ek het hom sedert my jeug geken en ons was ook later saam in Londen.

"Wat het jy aan Lipka gesê?" wou ek skerp weet.

Aangesien Louis onder die valse indruk was dat dit deur my toedoen of nalatigheid was dat die bloedeed waarop sy naam verskyn het, in die hande van die speurders beland het, het hy my ontsettend beledig.

Die woorde was skaars uit sy mond toe my regtervuis, bedoel vir sy kakebeen, hom onder die oog tref. Hy het op die bank neergesak en na die knop gegryp wat onder sy oog vinnig aan die groei was. Vyf of ses speurders het my bygedam en my hande agter my rug vasgemaak.

"Wanneer wil julle 'n bietjie manlikheid aan die dag lê? Maak my bande los, dan kyk ons hoe dapper julle is," het ek die speurders gedaag.

"Kom," het ek daarna aan Lipka gesê. Kom ons gaan kyk liewer hoe dit met Erna Eggert gaan."

Hierdie Duitse vrou is in die vrouetronk aangehou en is daardie oggend deur 'n bewaarderes na die hofsaal gebring. Ek het na haar welstand verneem en gevra:

"Weet jy dat jou vriend Taillard ons verraai het?"

Sy het verskrik na my gekyk en afwerend uitgeroep: "Nein, nein, Robey, das darfst du nich sagen." (Nee, nee, Robey dit durf jy nie se nie.) Met trane in haar oë het sy verduideük waarom sy nooit my bevinding kon aanvaar nie. Met al die redenaarsvermoè' tot my beskikking kon ek haar nie oortuig dat Taillard wel verraad gepleeg het nie. Sy het later kwaad geword. Taillard sou nooit so 'n gemene daad teenoor haar pleeg nie, het sy gesê en vervolg:

"Ons is reeds jare lank boesemvriende. Dink net hoe ek sy bedroefde wou met die dood van hulle kindjie bygestaan het."

Onmiddellik n£ my gesprek met Erna het die hofsitting begin. Die handboei is van my regtergewrig verwyder, maar die ander wat my aan Lipka gekoppel het, het gebly.

Die hof was so vol nuuskieriges dat baie buitekant gestaan het in die hoop om die aangektaagdes te sien. Toe die landdros die hof binnekom en almal opstaan, het ek met uitgestrekte regterarm gesalueer en uitgeroep: "Die Vierkleur hoog!"

Die koerante was daardie dag vroeg op straat. Reuse-opskrifte het die dagbladpers versier. Plakkate het oral op straat verskyn. In swart vet letters het hulle gelui: *Leibbrandt gee saluut in haf... Saam met 15 ander beskuldig van Hoogverraad. Leibbrandt Rebuked for Detnonstration in Court; Verhoor van Robey Leibbrandt en vyftien ander; Leibbrandt and 16 others, in Court... Pretoria inquiry into Treason Allegation ... Appeal against Hearing in Goal; Leibbrandt Verhoor in Kamera in Tronk ... Appèl teen beslissing van Magistraat.*

Ek haal enkele sinsnedes uit die Transvaalse koerante aan: "Die staatsaanklaer, adv. Barret, het onder andere verklaar dat hy reeds dreigemente ontvang het dat die staat nie by magte sal wees om Robey Leibbrandt in die hof te kry nie. Hy is ernstig bevrees dat die lewe van die publiek sowel as die lewe van die amptenare in gevaar gestel kan word. Op 'n vraag van dr. Albert Hertzog het hy verklaar: 'Ja, ons was en is bang'."

Advokaat Barrett het twee aansoeke gedoen. Eerstens, dat die plek van verhoor verskuif word na die tronk en, tweedens, dat die publiek van die verhoor uitgesluit word.

Op 16 Maart 1942 het ek en die sestien ander aangeklaagdes weer in die landdroshof verskyn. Hier volg 'n berig uit 'n Afrikaanse koerant: "Toe Robey

Leibbrandt vanoggend die hof binnekom, het hy volgens gewoonte gesalueer deur sy regterhand op te steek en te se: "Die Vierkleur hoog!"

Een Engelse koerant het oor dieselfde gebeure soos volg berig: "Robey Leibbrandt gives Nazi Salute in Court. Magistrale gets a 'Heil, Hitler'!"

Die grootste kampvegter vir ons verhoor in die openbaar, was ongetwyfeld wyle dr. Carel Potgieter. Hy het onder andere verklaar dat al die groot Boereleiers in 1914 in 'n ope hof verhoor is. Selfs van die ou stoere Boeregeneraal, Christiaan de Wet, is geen uitsondering gemaak nie. In 1922 is die leiers van duisende stakers, waarvan agttien ter dood veroordeel is, in die openbaar verhoor.

Dr. Carel Potgieter het verder verklaar dat soveel persone reeds onder verhoor in die kampe gestop is, dat dit onrus in die land sou aanblaas, as hierdie saak in kamera sou plaasvind. "Vandag bestee die staat honderde miljoene vir wat gesê word 'n stryd om vryheid is. Kan daar dan nie 'n bietjie van daardie beginsel ook in hierdie saak toegepas word nie?" het hy gevra.

Later het adv. De Villiers in die Appèlhof beoog dat dit uniek in die geskiedenis van S uid-Afrika sou wees indien ek in kamera in die tronk verhoor moes word.

Adv. Barrett het egter aangevoer dat getuienis sal aantoon dat Robey Leibbrandt, 'n man besiel met die fanatisme en ywer vir die saak, vir *niks* sou stuit nie. Hy het ten slotte gesê dat die pers met spesialc vergunning toegelaat sou word om die verrigtinge van die verhoor by te woon; maar hy sou die pers versoek om die name van 'n paar staatsgetuies te verswyg.

Aan die einde van die beredenering in die Appèlhof het regter-president Greenberg beslis dat die saak agter geslote deure in die gevangenis verhoor sou word.

In hierdie verband is dit interessant om te meld dat die verhoor van 56 lede van die Stormjaerbeweging op 'n aanklag van hoogverraad in die openbaar in Johannesburg plaasgevind het. Die getalsterkte van hierdie beweging is in 1942 in die hof aangegee as agtduisend. My beweging daarenteen was nie eens honderd man sterk nie.

# 38. Die O.B.-rigting

Terwyl ek as verhoorafwagtende in die gevangenis was, het die stryd tussen die Herenigde Nasionale Party en die Ossewabrandwag onverpoosd voortgeduur.

Op 2 Februarie 1942 het wyle dr. D.F. Malan onder *Die Transvaler* se opskrif: *Opzienbare Onthullings... Malan In Volksraad... Johannes van der Walt se Beëdigde Verklaring Oor Internering* gepoog om die troubreuk wat deur die leiers van die Ossewabrandwag teenoor hulle eie volgelinge gepleeg is, aan die kaak te stel.

Dat dr. Malan nie kon slaag om die lede van die Ossewa-brandwag te oortuig nie, is voor die hand liggend. Die leier van die Herenigde Nasionale Party is deur O.B.-opponente uitgekryt as die grootste vyand van die O.B. Hy is selfs in die O.B.-koerantjie beskuldig dat hy (dr. Malan) verantwoordelik was vir die grootskeepse internerings.

Wyle adv. Oswald Pirow ondersteun hierdie beskuldiging op bladsy 258 in sy boek *James Barry Munnik Hertzog.*

Dit was eintlik 'n geval waar die pot die ketel nie kon verwyt nie; of liewers, dit was 'n voltooiing van die sirkel met die Afrikanervolk in die middel.

Dr. Malan het die Ossewabrandwag bestempel as 'n rampokkerbende. Hulle het gesteel, geroof en drade geknip. Hoe kinderagüg, naïef en belagh'k dit ook al was, het die Ossewabrandwag tog geglo dat hulle 'n daadwerklike gevaar vir genl. Smuts is. Hierdie illusie het hulle opstandigheid getem en hulle ego gestreel. Wat wou genl. Smuts meer hè?

Die lede van die Ossewabrandwag is selfs aangesê om altyd gereed te wees. Vir wat, weet die joos alleen. Hulle moes biltong, beskuit, komberse en dies meer in gereedheid hou. Waar hulle in aller haas wou gaan picknick maak, het hulle self nie geweet nie.

Gedurig is die O.B. op sy hoede gehou. Gedurig is aan sy siel getorring. Genl. Smuts het geweet waarom. Die O.B. sou langs hierdie sielkundige weg nooit tot spontane uitbarsting kom nie en hulle het ook nie.

Die drama was nog lank nie voltooi nie. Sekere persone buite die beheer van die O.B.-leiding het op eie houtjie oorgegaan tot ernstige sabotasie. Genl. Smuts het hom vererg. Hy het 'n nuwe noodregulasie afgekondig waarin bepaal is dat indien enige persoon hom weer skuldig maak aan sabotasie waar springstof gebruik word, so 'n persoon ter dood veroordeel sou word.

Hy het geweet dat niemand dit ernstig sou beskou nie en het besluit om 'n presedent te skep wat nie verontagsaam sou word nie. "

Die ou, bouvallige poskantoor op Benoni is as doelwit gekies. Dit moes tog in elk geval gesloop word. Hierdie gebou was in diens van die *hele volksgemeenskap* en het nie net die oorlogsgesinde deel van die publiek bedien nie. Dieselfde redenasie kan ook vir die telefoondrade gebruik word.

Alles is noukeurig beplan. Die bevel is uitgevoer. Met 'n oorverdowende slag in die nag is 'n deel van die Benoni-poskantoor in puin gele. Twee donker figure het in die donker verdwyn. Binne enkele ure was drie vlugvoetige saboteurs agter slot en grendel. Die draadknippers het in dieselfde slagyster getrap. Die vraag is nou: Hoe het die polisie voor die tyd al die besonderhede geweet? Die tragedie van hierdie komedie was boonop dat 'n persoon met die naam Zeelie in die slag gebly het.

D. Visser, TJ. Ferreira en H.S. van Blerk het op 4 Julie 1942 in die spesiale hof in Johannesburg verskyn. Die aanklag was dat hulle hul skuldig gemaak het aan 'n *spesiale misdaad* - een van opsetlike saakbeskadiging soos in artikel l van proklamasie 29 van 1942 omskryf is.

Die doodvonnis is oor Visser en Hendrik van Blerk uitgespreek. Die hof was stampvol. Vroue het gehuil en histeries geword. Die hele land was in beroering. Twee jong Afrikanerseuns is na die dodesel gelei. Hulle was albei lede van die Ossewabrandwag onder die leiding van dr. Hans van Rensburg.

Onbewus van die ware toedrag van sake, het dr. D.F. Malan op eie inisiatief gehandel. Petisies om genade is deur vriend en vyand onderteken. Nog voor die petisies by die Goewerneur-generaal ingehandig was, is Julian Visser en Hendrik van Blerk begenadig en 'n vonnis van lewenslange gevangenisstraf opgelê, "Slim" Jannie het sy doel bereik en geen springstof is weer vir sabotasie gebruik nie.

Dit is deur die eeue heen bewys dat 'n volk, net soos die jeug, geen woorde of teorieë in die vorm van helklinkende toesprake of opgediste snert van koerantskrywers en politieke wiggelaars volg nie, maar slegs *voorbeelde*, hetsy goed of steg.

Suid-Afrika is egter 'n uitsondering op elke reël. Ons is te lui om selfstandig te dink, andere moet dit vir ons doen. Ons sien die gevaar, maar weier om dit te erken. Ons wil lewe, maar weier om te veg. Ons glo in God, maar verkrag Sy gebod. Gelukkig kan dit nie van almal gesê word nie.

Ontwaak, Suid-Afrika! Gord aan die swaard en laat ons veg. God help alleen diegene wat bereid is om hulself te help. Organiseer, dissiplineer én bewapen elke weerbare man, wou en kind. Laat ons Suid-Afrika in 'n vesting omskep wat vir die Kommunisme ondeurdringbaar is. Anders is ons gedoem.

Ek smeek jou, Blank Suid-Afrika, aanvaar wat ek hier se en moenie weer toelaat dat onbeproefde dwergleiertjies julle met lippetaal aan die slaap sus en aan die neus rondlei nie.

Hierdie ding het in die verlede met driehonderdduisend lede van die Ossewabrandwag gebeur en dit gaan waaragtig weer gebeur. Na dese sal ons nie weer 'n kans kry nie ... die Kommuniste sal daarvoor sorg.

Ons soort demokrasic het die Kommuniste sterk en magtig gemaak. Ons het mekaar gehelp om die Nasionaal-Sosialistiese bolwerk te verpletter. Ons het doelbewus ons eie graf gegrawe. Ons het gesaai en ons gaan maai. Dis 'n ver-

skriklike gedagte, maar ongelukkig is dit waar. Ontwaak, Blank Suid-Afrika! In Godsnaam, ontwaak!

Tydens die Tweede Wereldoorlog het ek selfs voor die poorte van die dood aan die galg gewaarsku, maar toe was ek 'mal'. Hopelik het my eertydse vyande intussen normaal geword.

# 39. *Ek word in die tronk verhoor*

Net soos ek die oorlogtydse bondgenote van Kommunistiese Rusland uitdaag om my vandag tereg te wys, het die naturellenagwag agter my sel in die tronk ook alles wat hy gehoor en gesien het, uitgcdaag. Elke halfuur was dit 'n foutlose herhaling van die vorige dialoog.

"Halt! Hoe ghouse der?"

Die hoofbewaarder se antwoord: "Friend!"

"Ettewanse, vrênt!" (Advance Friend) het die naturel beveel. En dan, as die hoofbewaarder by hom kom, was dit weer "Olls-wêl-1-1!"

Dit was "AU is weU", van vroeg tot laat, totdat "OUs-Wêl-1-1" van diens gegaan het.

Een oggend het ek weer oudergewoonte my nekspiere gestaan en oefen toe die tronk se opperbewaarder sy opwagting daar maak. "Waarom oefen jy dan jou nekspiere so baie?" wou hy met 'n breë glimlag weet.

"Om die galgtoue van die galgkamer te breek," het ek onmiddellik geantwoord. Die opperbewaarder het so lekker gekry by die gedagte dat ek opgehang sou word dat hy met 'n vermakerige laggie oral aan sy liggaam gekrap het. Die gevolg was dat ek gereeld wanneer ek hom sien, my nekspiere begin oefen het.

In die tronk is twee werkswinkels ontruim ... een vir die hofsitting en die ander vir die snelskriftiksters.

Intussen is verskeie uitkenningsparades gehou. Ek het aan die polisie-offisier in bevel duidelik laat verstaan dat ek beslis weier om toe te laat dat 'n naturel aan my vat. Die gevolg was dat een jong naturel van Soutpansberg, wat bewus was van my houding teenoor die nie-blanke staatsgetuies, by een geleentheid 'n geweldige sprong agteruit gegee, sy vinger na my gewys en uitgeskree het: "Hier's djy."

Ek wou eers kwaad word vir die astrante wyse waarop hy my aangespreek het, maar kon darem ook nie my lag bedwing nie.

Tien gewapende berede polisiemanne het ons, die aangeklaagdes, by die hof agter die tronkmure bewaak. Gewapende magte is buite om die tronk opgestel vir enige gebeurlikheid.

Op 20 April - Adolf Hitler se geboortedag - is 'n poskaart, met 'n smerige karikatuur van die Führer en met beledigende woorde daarop, aan my oorhandig. Dit is vanaf Port Elizabeth aan my gestuur en was trouens ook die eerste pos wat ek ontvang het.

Die volgende oggend het ek die poskaart saam met my na die hof geneem om dit onder die aandag van die landdros te bring. Die koerante het natuurlik nie versuim om 'n groot ophef van hierdie insident te maak nie. Die tronkowerheid het hierop gereageer deur al die aangeklaagdes elke oggend te deursoek voordat ons tot die binnelerrein toegelaat is.

Een van die bewaarders het taamlik hardhandig my sakke deurvoel.

"Wat soek jy? Indien jy probeer snaaks wees, wil ek net hè jy moet goed verstaan dat indien julle weer 'n beledigende skrif van watter aard ook al aan my oorhandig, ek dit by die hof aanhangig sal maak en julle bewaarders sal my waaragtig nie keer nie," het ek briesend gesê.

Op daardie oomblik het die opperbewaarder op die toneel verskyn.

"Wat gaan nou hier aan?" wou hy uit die hoogte weet.

"Gaan bars jy," het ek hom toegesnou.

Hierdie woorde het my 'n aanklag op die hals gehaal en ek is tot tien dae verminderde rantsoen gevonnis. Dit het beteken dat ek twee uit elke drie dae net 'n bietjie pap sonder melk of suiker, 'n snytjie droë brood en 'n pint water ontvang het. Die sop wat ek gekiy het, was so sout dat ek dit nie kon inkry nie. Die doel was klaarblyklik om my so dors te maak dat ek om water moes smeek. Hoewel ek verskriklik dors geword het, het ek niks laat merk nie en die bewaarders elke keer bedank vir die heerlike sop wat 'n bietjie te vars na my sin was.

Gedurende die tien dae was ek gedwing om op die koue sementvloer te slaap. Dit het veroorsaak dat ek rumatiekpyne in my gebreekte regterelmboog gekry het. Die volgende dag het die tronkgeneesheer gelas dat ek op 'n bed moes slaap.

Hierdie toegewing het die bullebak van 'n bestuurder glad nie aangestaan nie en by sy volgende besoek het hy nors en uitdagend my sel binnegekom.

Gretig het ek gewag dat hy iets moes se. Sy snorkgeluid was vir my genoeg.

"Het jy miskicn gedink ek moet vir jou opstaan?" wou ek sarkasties weet.

'n Hewige woordewisseling het gevolg.

*"Shut up,"* het hy vu- my geskree toe hy uitstap.

*"Shut up yourself,"* het ek agterna geroep.

Dis nodeloos om te se dat ek weer gestraf is. Hierdie keer is ek ses dae ryswater opgelê. Ses dae moes ek sonder kos of water klaarkom. Die jellieagtige mieliegruiswater het geen sout in gehad nie en ek het dit net gebruik om my mond mee uit te spoel.

Geen mens verwag dat die gevangenis 'n piekniekoord moet wees nie. Wat ek egter daar agter die hoe tronkmure gesien en self deurgemaak het, is 'n gruwelike skande wat nooit deur die tyd uitgewis sal word nie.

By die skrywe van hierdie woorde is ek terdeë bewus van die wetgewing wat in 1959 deur die Parlement geloods is. Hierdie wet maak enige leuenagtige publikasie oor die behandeling van gevangenes in ons tronke strafbaar. Nogtans aanvaar ek die verantwoordelikheid vir alles wat ek oor my behandeling in die tronk skrywe.

Nie alleen aanvaar ek alle verantwoordelikheid nie, maar ek daag enigeen om my een enkele puntjie, hoe gering ook al te wys wat nie die waarheid, die

hele waarheid en niks anders as die waarheid is nie. Ek gaan onweerlegbaar bewys lewer dat ek wreed mishandel en gefolter is.

In ons Suid-Afrikaanse tronke het ek ontdek dat geskoolde barbarisme geen regulasie of mensükheid ken nie.

In die Pretoriase lokale tronk was ek besig om as beskuldigde verhoor te word; ek was dus nog glad nie gestraf nie. Die behandeling wat ek ontvang het, was maar kinderspeletjies teen wat op my in die Sentrale Gevangenis gewag het. As verhoorafwagtende het ek nog altyd toegang tot die hof gehad, maar toe daardie voorreg my ontneem is, is ek sonder aanklag, sonder verhoor en sonder die opgawe van enige rede hoegenaamd, wreed en barbaars mishandel. Daarby kom ek later weer.

Intussen het my verhoor in die tronk voortgeduur.

Teen "n donker agtergrond van verraad, leuens en skaamtelose lafhartigheid van mede-Afrikaners, was dit 'n voorreg om te luister na die Kleurling, Hendrik Rietjies, wat hom baie dom gehou het tydens 'n uitkenningsparade. Hy is gevra om die baas uit te wys wat daar by sy veepos in Namakwaland aangekom en hom die pad na sy baas se plaas gevra het. Hy kon of wou dit eenvoudig net nie doen nie.

Die naturel wat tydens my verblyf by mev. Maack in Johannesburg werksaam was, het die kroon gespan van alle nie-blanke getuies. As huisbediende het hy gereeld my kamer aan die kant gemaak en baie dinge gesien en gehoor wat van hom 'n uitmuntende staatsgetuie kon gemaak het. Toe iemand een middag aan die voordeur klop, het hy my met gebare gewys om in my kamer te bly. Hy het self die deur gaan oopmaak. Die naturel het beslis gewéét wat aangaan. Hy het selfs vir Johannes van der Walt met sy welige baard in my kamer gesien. Vir sy deeglike werk in die huis het ek hom dikwels 'n muntstuk in die hand gedruk, maar hy het ook baie klappe en skoppe gekry wanneer hy verbrou het. Om hom sag te maak te maak as staatsgetuie, is hy ook, soos die Duitse vroue en dogters, drie maande lank in die tronk gestop.

Toe hy in die getuiebank verskyn, het hy vas in my oë gekyk, maar niks laat merk nie.

"Wat was die baas se naam wat daar by jou miesies in die kamer gewoon het?" wou die staatsaanklaer weet.

"Sy naam was baas Harry."

"Is daardie baas hier teenwoordig vandag?"

"Auk, ek weet hom nie."

"Toe, kyk of jy die baas nie sien nie."

Die naturel het versigtig rondgekyk - ook na my, wat digby hom voor in die hof by my advokate gesit het.

"Daardie baas ek sien hom nie hier nie."

"Het jy niks in die baas se kamer gesien wat voorheen nie daar was nie?"

"My óg hy het niks gesien nie."

In hierdie trant het die ondervraging voortgeduur totdat die staatsaanklaer hom uit die hof gejaag het. Die polisie het geweier om hom 'n treinkaartjie na Johannesburg te gee; hierdie getroue skepsel moes maar voetslaan.

Daar was tye toe ek gevoel het dat daar tog Afrikaners is op wie die volk trots kan wees. Dit was veral die geval toe manne soos Hendrik Francois Malan, Harry George David Cochrane, Casperus J.H. de Wet (die seun van prof. De Wet van Potchefstroom), Hendrik Mentz Robinson en die bejaarde mnr. Burger beslis geweier het om enigiets inkriminerends teen 'n mede-Afrikaner te getuig.

Mnr. Burger, wat vir my 'n totale vreemdeling was, het ondanks die dreigementc van die staatsaanklaer dat hy tronk toe gestuur sou word, geweier om te getuig. Robinson, die student van wie daar reeds melding gemaak is, het sedert 21 Mei van daardie jaar agt keer geweier om te getuig. Nadat hy 45 dae daarmee volhard het en bleek en sieklik daar uitgesien het, is hy deur die landdros uit die tronk ontslaan. Onmiddellik daarna het die speurders hom na die interneringskamp geneem. Dicselfde lot het ook die getroue H.F. Malan te beurt geval.

In Noord-Transvaal het 'n interessante insidcnt plaasgevind. Die hooffiguur in hierdie aandoenlike toneeltjie was mev. dr. Erika Hartmann van Tzaneen. Sy is op haar plaas in hegtenis geneem en saam met Erna Eggert en die ander Duitse vroue en dogters opgesluit omdat sy geweiér het om haar geweer aan die polisie te oorhandig. In plaas daarvan het sy die geweer in die teenwoordigheid van die polisie teen 'n klip te pletter geslaan.

"Van my sal julle geen wapen kry om saam met die Kommuniste teen Duitsland te veg nie," het sy gesê.

Die dag toe sersant Nel in die getuiebank verskyn, het Erna Eggert haar ore gespits. Op 'n vraag van die advokate vir die verdediging, het sersant Nel geantwoord: "Die balonne aan Taillard se motor was die teken dat Leibbrandt in die voertuig sou wees."

By die aanhoor van hierdie woorde het Erna Eggert in trane uitgebars en sonder toestemming van die landdros die hof verlaat. Ek het haar gevolg.

"Jy het daar tog geen skuld aan nie, Erna," het ek probeer troos. "Hieruit het ons 'n dure les geleer. Die menslike siel is ondeurgrondclik; hy moet alleen aan sy dade getoets word."

*"Ach Robey, ich kann das immer noch nicht glauben,"* (Ag, Robey, ek kan dit nog altyd nie glo nie) het sy die woorde uitgesnik. "Is dit moontlik dat 'n mens met sy voorkoms so iets kan doen?" wou sy met bewende lippe weet.

Dit was soos 'n lafenis in die dorre woestyn om na die getuienis van die onverskrokke en standvastige Duitse vroue en dogters te luister. Ook hulle het nie die laagvloerse metodes wat sommige van die gcrcgsdienaars aangewend het om getuienis teen my te bekom, vrygespring nie. Hulle is beledig, gedreig en selfs in die tronk gestop, maar niks kon hulle beweeg om teen my te getuig

nie. Ongelukkig het groot getalle sterk jong Afrikaners gekapituleer en gekruip voor die gedagte dat hulle moontlik 'n dag of langer in die tronk sou moes deurbring. Onder hulle was diegene wat gewoonlik die grootste monde gehad het ... die mooiweerhelde!

Op 3 Julie 1942 het die volgende berig in die pers onder die opskrif verskyn: *Leibbrandt-verhoorAfgestuit ...507 500 Woorde in Hof Afgeneem:* "Die Staat het gister sy getuienis in die saak waarin Robey Leibbrandt en 17 ander beskuldigdes vir voorlopige verhoor op aanklag van hoogverraad teregstaan, afgesluit. Die verhoor is daarop tot Maandag verdaag, wanneer die advokate hulle beredenering sal begin. Die verhoor vind voor mnr. CA. Backeberg in die Pretoriase gevangenis plaas.

"Die saak het op 7 Maart begin; die rekord van die verrigtinge wat deur drie snelskryfsters afgeneem is, bestaan l 150 bladsye of 507 500 woorde; die saak is oor 'n tydperk van 53 dae verhoor en het ongeveer 200 uur in beslag geneem.

"Dit is een van die langste sake in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse regspleging. Daar is 105 bewysstukke en 84 dokumente by die hof ingedien terwyl 183 getuies in die saak getuig het."

Na afloop van die voorlopige verhoor wat op 6 Julie 1942 geëindig het, het die landdros die gebruiklike vraag gevra: "Wil jy enigiets se in antwoord op die aanklag? Jy is nie verplig om enige verklaring af te lê nie, maar indien jy iets se, kan dit as getuienis teen jou gebruik word. Hierop het ek ja geantwoord en my soos volg uitgelaat:

"Ek beskou die aanklag van hoogverraad teen my nie alleen as onsinnig, swaksinnig en kranksinnig nie, maar as waansinnig. Ek is 'n eervolle Afrikaner en 'n trotse soldaat van die idee van Adolf Hitler. Die Vierkleur hoog!"

Oor wat daardie dag in die tronk plaasgevind het, is soos volg in die koerant geskryf onder die opskrif: *Sit Tussen Tagtig Meide In Die Tronk ... Vrou protesteer by Leibbrandt-verhoor.*

"Vier van die sewentien persone wat saam met Robey Leibbrandt vir voorlopige ondersoek tereggestaan het, is vanoggend formeel deur die magistraat, mnr. CA. Backeberg, ontslaan..."

"'n Aandoenlike toneel het hom afgespeel toe hïerdie vier persone plegtig die agterblywendes een vir een gegroet het. Nie een van hulle het egter hulle vryheid gekry nie. Voordat die deur van die gevangenis nog agter een van hulle toegeslaan is, is hulle almal weer in hegtenis geneem. Mev. Erna Eggert, Sarei en Simon Pretorius, sal na verstaan word, geïnterneer word, terwyl Willem Pretorius van 'n ander misdaad, waarskynlik die besit van springstowwe, aangekla sal word.

"Mev. Eggert, teen wie geen staatsgetuie 'n enkele woord getuig het nie, is vanselfsprekend deur die magistraat onskuldig bevind. Toe sy egter deur die speurders meegedeel is dat sy met die oog op internering in die Sentrale

Gevangenis aangehou sou word, het sy onmiddellik sterk protes daarteen aangeteken.

"Leibbrandt wat daarop van die gebeure verwittig is, het hom met mev. Eggert vereenselwig en die speurders dienooreenkomstig meegedeel.

"'n Opgewonde toneel het daarna in die agterplaas voor die hof gevolg toe mev. Eggert geweier het om terug te gaan na die selle. 'n Ernstige woordewisseling het eers tussen Leibbrandt en die speurders plaasgevind, sodat die magistraat moes vra dat die geraas buite die hof moes ophou. Adv. P.M. Cillié, wat namens mev. Eggert verskyn het, het daarna verlof gevra om 'n oomblik verskoon te word.

"Hy het na 'n paar oomblikke teruggekom en verklaar dat daar mocilikheid is met mev. Eggert. Hoewel sy in die hof ontslaan is, is 'n bevel uitgereik vir haar inhegtenisname kragtens die noodregulasies. Mev. Eggert weier om terug te gaan na haar sel. Haar klagte is oor die behandeling in die tronk. Sy word reeds ses maande daar aangehou onder baie ongunstige omstandighede. Die toestand, verklaar sy, is onuithoudbaar. Sy het nog altyd geswyg oor daardie behandeling, maar spreker voel dat dit nodig is dat hy die toestand onder die aandag van die hof bring.

"Die magistraat het verklaar dat hy ongelukkig niks aan die saak kon doen nie. Dis 'n administratiewe saak waarin hy niks te se het nie."

"Mev. Eggert het hierop gevra om 'n paar woorde te se. Sy het vertel dat sy in die Sentrale Gevangenis behandeling ontvang soortgelyk aan dié wat die meide wat meer as twee jaar gevangenisstraf uitdien, Sy word tewens langsaan die tagtig meide aangehou en moet van dieselfde terrein gebruik maak as sy saam met hulle uitgelaat word vir oefening. Van die meide het haar al gevra of sy dan ook haar man vermoor het. Sy is volkome bereid om geïnterneer te word, selfs om na Rhodesië gestuur te word vir internering, want sy is 'n Duitse onderdaan, maar sy gaan nie terug na die Sentrale Gevangenis en die meide nie, het sy verklaar.

"Sy het die magistraat ook meegedeel dat sy op 24 Desember 1941 saam met Leibbrandt in hegtenis geneem is, en dat sy nie toegelaat is om skoon klere te kry voor 6 Februarie 1942 nie. Al haar vertoë was vrugteloos en die polisie het haar uiters swak behandel.

"Die magistraat het weer sy spyt te kenne gegee en gesê dat hy niks kon doen nie. Hy het die hof verdaag, sodat vertoë tot die speurders en polisie-owerhede gerig kan word."

Ek en die ander beskuldigdes het saam met mev. Eggert vir kaptein Du Plooy genader en hom meegedeel dat sy haar nie sal oorgee nie, en dat hulle haar met geweld kan wegneem, maar nie voordat almal platgeslaan is nie.

Die atmosfeer was uiters gespanne. Die speurders het belowe dat sy nie voor 2 nm. in hegtenis geneem sou word nie en sy is toegelaat om in die hof te bly.

Intussen is met die owerheid in verbinding getree en hooggeplaaste amptenare van die Staat is geraadpleeg.

Ne etenspouse was dit egter duidelik wat sou gebeur. Polisie- en speurderversterkings is aangebring. Agt van die beste speurders, die meeste van wie indertyd gebruik is om my in hegtenis te neem, is na die tronk ontbied. Bygestaan deur Annandale, Van Cittert en Lipka, was ek bereid om saam met mev. Eggert die gesag te trotseer.

Toe die hof om 4.15 nm. verdaag, het die spanning hoog geloop in die agterplaas van die tronk. Net toe ek die hofsaal verlaat, pluk ek my baadjie uit.

"Met 'n oormag het julle my oorrompel en of julle vandag weer veertig of vyftig of selfs vyfhonderd is, maak aan my geen saak nie, maar hierdie vrou gaan julle nie teen haar sin tussen die meide in 'n sel instop nie," het ek die poüsie uitgedaag.

Die polisie en speurders was altesaam twintig in getal en nogtans het ons volhard in ons houding dat hulle nie vir Erna Eggert terug sou neem na die Sentrale Gevangenis nie. Toe ons gereed was om die polisie aan te durf, het mev. Eggert plotseling besluit om vrywillig oor te gee. "Ek doen dit nie omdat ek bang is nie, maar net om bloedvergieting te voorkom," het sy met betraande oë aan die speurders gesê.

Toe sy in die straat kom, het 'n motor vir haar gereed gestaan. "Om my kamerade nie in gevaar te stel nie, het ek my daarbinne bereid verklaar om saam met julle te gaan, maar nou weier ek," het sy aan die polisie gesê.

Die speurders het 'n kring om haar gevorm en daarna al die koerantmanne wat in die nabyheid was, versoek om die toneel te verlaat. Hulle het verklaar dat hulle op bevel van die Minister handel en dat hulle sy opdragte sou uitvoer, hoe onaangenaam dit ook al mag wees.

Daar is verneem dat mev. Eggert deur vyf of ses speurders oorrompel en met geweld in die vangwa gestop is. Sy is na die Sentrale Gevangenis teruggeneem. Twee dae later het 'n berig in die koerant verskyn dat mev. Eggert 'n hongerstaking onderneem as protes teen haar behandeling in die gevangenis. Spoedig hierna is sy na Rhodesië gestuur vir internering.

# 40. *Voor die Hooggeregshof*

Met die afsluiting van die voorlopige verhoor was my geselsery met die ander aangeklaagdes op 'n end en ek is weer oorgelaat aan die willekeur van die gevangenis-owerheid. Dit was nie soveel die eensame opsluiting wat aan my senuwees getorring het nie, maar wel die gedagte dat ek sonder meer gestraf is. Hierdie onregverdige tirannie het my ingebore fyngevoeligheid tot hiper-sensitiwiteit verskerp en ek het eenvoudig verseg om my bakkie sop wat as middagmaal gedien het, van die sementvloer op te tel. "Ek is nie 'n hond wat van die grond af vreet nie," het ek gesnou. "My voedsel moet op 'n skinkbord bedien word,"

"Ons sal aan hierdie versoek voldoen, maar dan maak jy in die vervolg self jou sel aan die kant," het 'n bewaardertjie my probeer troef.

"Ek weet julle bluf die ander politieke gevangenes met daardie storie, maar nie vir my nie. Indien daar geen gevangene is om my bed op te maak nie, sal jy dit moet doen, maar nie ek nie. Dit is hoog tyd dat jy kennis maak met die tronkregulasies," het ek geantwoord.

Ondertussen is van die oorblywende aangeklaagdes wat deur die landdros ter strafsitting verwys is, ook weens gebrek aan genoegsame getuienis ont-slaan. Net ses van die oorspronklike sewentien sou saam met my voor die spesiale hof, bestaande uit drie regters, in Pretoria verskyn.

Die oggend van 16 November 1942 is ek saam met Le Roux, Olwagen, Van Cittert, Van der Walt, Stadier en Annandale na die spesiale hof geneem. Daar is 'n spesiaal-vervaardigde bank vir sewe beskuldigdes in die Hooggeregshof aangebring.

Op 17 November het die volgende berig in 'n koerant verskyn:

*Leibbrandt-verhoor In Pretoria Hervat,.. Hoogverraadklag Teen Sewe Blankes ... Saak voor Spesiale Hof.*

"Die Hooggeregshof was gister stampvol belangstellendes toe die verhoor van Robey Leibbrandt en ses ander voor die Spesiale Hof 'n aanvang geneem het.

"'n Sterk polisie-afdeling was in die hof, asook oral in die gebou geplaas.

"Advokaat Lutge het 'n kort opsomming van die saak gegee. Die staat sal beweer dat Robey Leibbrandt, besiel met die idee van Adolf Hitler, hoof van die staat met wie hierdie land in oorlog is, met 'n *duikboot* na Suid-Afrikajje-*stuur* is om die belange van die Unie se vyande te bevorder. Die oogmerke van Leibbrandt sou wees om die Regering van die land omver te werp en hier 'n Nasionaal-Sosialisticsc regering in die lewe te roep."

Ek het reeds onweerlegbaar bewys dat ek nie met 'n duikboot nie, maar wel met 'n seiljag na Suid-Afrika teruggekeer het. Ek het ook beskrywe hoe ek die gedagte van 'n staatsgreep met wyle mnr. JA. Smith, Assistent-Kommandant-

generaal van die O.B. in Kaapland, teengegaan en as belaglik bestempel het. Wat was dan die werklike doel van my koms na Suid-Afrika?

Die hofdeure was reeds vroeg die oggend oop, met die gevolg dat die hofsaai stampvol was toe ons binnekom. Met uitgestrekte regterarm het ek die skare gesameer en "Die Vierkleur hoog!" uitgeroep. Talie toeskouers het spontaan opgestaan en my saluut beantwoord. Van toe af is die publiek nie meer toegelaat alvorens ek my plek in die beskuldigdebank ingeneem het nie.

Al die deure van die hofgebou is deur polisiemanne bewaak. Sewe geregsdienaars het tussen die beskuldigdebank en die publiek stelling ingeneem. Lucas Strachan en Kippie Geyser, albei bekende rugbyvoorspelers, was my spesiale wagte. Hulle het my nie alleen vergesel wanneer ek vervoer is nie, maar ook by die deur waggestaan waar ek as beskuldigde nommer een gesit het.

Op 19 November het 'n heel interessante berig in die koerant verskyn: *Leibbrandt-saak: Staatsgetuie Weier Om Te Getuig ,.. Medepligtige lê getuienis af en verkry kwytskelding.*

Hierdie getuie het die skrille kontras tussen moed en lafhartigheid, tussen trou en verraad duidelik geïllustreer.

Ek was erg geskok toe ek hoor dat 'n Duitse valskermsoldaat teen my sou getuig. Op 15 Desember verskyn dan ook plakkate in die strate. Hier is een van die koerantberigte: *Duitse Soldaat Getuig teen Robey Leibbrandt ...Se hulle het saam gedien in Valskertnafdeling.*

"'n Duitse krygsgevangene, 'n valskermsoldaat, het gister getuienis afgelê in die saak waarin Robey Leibbrandt en ses ander op aanklag van hoogverraad verskyn. Die getuie, wat spesiaal deur die staat van Kaïro gebring is, het verklaar dat Leibbrandt 'n valskermspringer in die Duitse leer was. Leibbrandt was korporaal.

"Ten antwoord op 'n vraag van adv. Ludorf, het die getuie verklaar dat daar aan hom gesê is dat sy getuienis Leibbrandt sou help om uit 'n interneringskamp te kom. Hy het verstaan dat Leibbrandt geïnterneer was.

"Getuie is in Kaïro ondervra oor 'n gerug dat Leibbrandt Engelse offisiere in Duitsland mishandel het. Hy het dit ontken. Aan hom is verder meegedeel dat Leibbrandt na die Unie teruggekeer het en die Britte help.

"Toe hy sy verklaring gedoen het, het hy gehoop om Leibbrandt uit die kamp te kry."

Só het hierdie Duitser in Suid-Afrika gelieg. In die Duitse blad *Bild atn Sontag* (Beeld op Sondag) wat in Mei, Junie en Julie 1958 in Duitsland oor my oorlogsavonture verskyn het, lieg dieselfde Koiter weer 'n heeltemal ander storie.

Koiter was as valskermsoldaat lid van die Duitse keurtroepe. Toe hy voortgestu is deur die onsterflike Duitse krygsgees en bygestaan is deur sy medestrydmakkers, was hy 'n held. Hy het trouens ook die Duitse Ysterkruis

(eerste klas) verwerf vir dapperheid op die slagveld. Toe hy egter alleen staan, was hy nie alleen 'n lafaard nie, maar 'n verraaier. Elke verraaier is 'n lafaard en elke lafaard 'n potensiële verraaier! Dit is trouens onteenseglik waar dat die karakterwaardes van die mens alleen in tyd van lewensgevaar getoets word, veral wanneer hy *alleen* staan.

Dit was erg vervelend om in die spesiale hof weer na dieselfde getuies te luister. Selfs die floute waarin een van die vroue onder kruisverhoor neergesak het, was net weer 'n herhaling van wat in die voorlopige verhoor gebeur het. Sy het later weer teruggekom, maar aangesien haar getuienis van minder belang was, het die verdediging huik kruisverhoor gestaak. Af en toe is wel 'n nuwigheid aangevoer, afgewissel met 'n skokkende verklaring wat nie by ons verhoor *'m* die tronk aangehaal is nie. Ook is getuies geroep wat tydens die voorlopige verhoor óf nie beskikbaar was nie, of as onnodig beskou was.

Baie van die getuies is in die spesiale hof agter geslote deure verhoor. Hierdie getuies het meestal gehandel oor die bewaking van die Suid-Afrikaanse kus sowel as die bodemgesteldheid van die kus onder die water. Die staat wou vasstel of dit wel moontlik is om met 'n duikboot tot naby die kus te kom. Die hof het dan ook bevind dat ek beslis met 'n duikboot na Suid-Afrika gekom het. Eerstens was dit my leuen en tweedens die leuen van die Kleurling-visser van Namakwaland dat hy op daardie spesifieke datum iets soos 'n duikboot onder die water gesien het, wat die regters laat besluit het dat een leuen plus nog 'n leuen gelyk is aan die waarheid.

Tydens ons verhoor in die Hooggeregshof is ek een middag saam met die ses ander beskuldigdes in dieselfde vangwa na die tronk vervoer. Ons het op 'n ongeluk afgekom. Naby 'n hoek het 'n motor met 'n perd gebots. Die perd se been was gebreek en het net aan 'n stuk ve! gehang. Toe ek die lyding van die stomme dier waarneem, het ek ewe ingedagte gesê: "Ag, siestog". Die gegiggel wat ek by die uiting van hierdie woorde gehoor het, het my skielik laat opkyk, vas in die oë van die glimlaggende giggelaars.

Van die ses persone wat saam met my verhoor is, het vier die getuiebank betree. Le Roux, wat 'n lektor aan die Potchefstroomse Universiteitskollege was, is bykans drie dae lank deur die twee staatsaanklaers onder kruisverhoor geneem. Hoewel sy antwoorde nie altyd glashelder was nie, was dit nietemin briljant. Hy het die bewerings van die persoon wat die meeste teen hom getuig het, na 'n verdigsel laat klink. Ek het Le Roux goed geken en het maar net my kop geskud en gelag.

Henk van Cittert het in die getuiebank uitgeblink as 'n toneelspeler en hy het uitmuntend daarin geslaag om selfs die regters se lagspiere te prikkel. Daarbenewens was hy uiters populér onder sy vriende en Jood, Moor en Indiaan het vir hom getuig. Dit is geen wonder dat die groot 'dollaragent' onskuldig bevind is nie.

Wat my tydens my verhoor erg onthuts het, was dat sekere dade, gepleeg

deur andere, in die koerante op subtiele wyse aan my toegedig is. Só is die lyksrede van die dominee by die graf van Nel in Bloemfontein vertolk asof die bloedeed van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle dié soort dade in die hand werk.

Nel is deur lede van die Ossewabrandwag doodgeskiet omdat hy die een of ander eed wat hy sou geneem het, nie nagckom het nie. Sy dood was 'n vergeldingsmaatreël wat deur sy eie makkers toegepas is.

Ons verhoor in die Hooggeregshof is vir die Kcrsvakansie verdaag. Op Kersdag is 'n paar van my kamerade onder strenge toesig toegelaat om my die hand te druk. Verder was ek alleen en ek kon nie deelneem aan enige feestelikheid in die tronk nie. Van my mede-gevangenes het ek daardie dag 'n heerlike bord kos ontvang.

Gedurende hierdie reses het oud-bewaarder Burger vir my gesê dat hy en 'n aantal goedgesinde polisiemanne noukeurige voorbereidings tref om my uit die tronk te haal. Hoe diep ek hierdie gebaar ook al gewaardeer het, kon ek my net nie vereenselwig met die idee om weg te hardloop van die doodvonnis wat ek geweet het oor my uitgespreek sou word nie. Ek wou graag gebruik maak van die geleentheid om die jeug van my volk te besiel met 'n gees wat in die uitlewing van hulle Afrikanerskap weerklank sou vind.

Die vraag is hoe ek geweet het dat ek ter dood veroordeel sou word? Ek het genl. Smuts geken. Nie die mens nie, maar die onverskrokke leier. Die leier wat met sy volk gepraat het met dade wat soos donder slaan ... die enigste taal wat 'n volk verstaan en die enigste taal wat 'n volk se siel kan tref.

Op 25 Januarie 1942, toevallig my geboortedag, is ons verhoor in die spesiale hof hervat. Hoewel ek geen getuies wou roep om my onskuld te bewys nie, het ek tog aan mev. Eggert belowe dat ek by die hof sou aansoek doen om haar te laat kom as getuie. Na 'n lang argument in die hof het die regters toegestem dat sy van Salisbury na Pretoria gebring kon word. Sodoende het ek wel my woord gestand gedoen, maar beslis geweier dat sy in die getuiebank verskyn. Indien ek iets vir my verdediging wou doen, kon ek self getuig, wat ek natuurlik geweier het.

Hoe nader die einde van my verhoor gekom het, hoe nader het die dood gekruip. Ek moes aan die galg sterf. Die klag teen my was verkeerd geformuleer en die getuienis hopeloos vals. *Niemand* kon oor die waarheid getuig nie, want *niemand* het geweet hoe ek na my vaderland teruggekeer het en wat my eintlike doelstelling was nie, Ek het eenvoudig *niemand* vertrou nie. Net Karel Theron het 'n idee gehad en hy kon nie uit die graf getuig nie. Hierdie gebrek aan vertroue in my medemens is nie toe te skrywe aan magiese kennis van die sielkunde van die mens nie, maar 'n aangebore eienskap wat ek seker van my vader geërf het.

Daar is uit verskillende bronne aan my voorgestel dat ek om genade moes smeek. Daar is selfs aan my geïnsinueer dat ek aan die hof moes beken dat

ek deur die Duitsers mislci is. Nie ek nie, maar die Duitsers, die vervloekte Nazi's, was verantwoordelik vir my optrede in my vaderland.

Ek walg vandag nog as ek aan daardie eer- en karakterlose insinuasics dink. fs die Afrikaner dan swakker as ander volke? Ek weier om dit te glo. Ek het in my hart gebid dat God my die krag moes gee om só te sterwe dat ek as voorbeeld kon dien vir die jeug van my volk.

Op 27 Februarie 1943 het die volgende berig in 'n koerant verskyn: "Die verhoor van die saak waarin Robey Leibbrandt en ses ander op aanklag van hoogverraad verskyn, is gistermiddag laat afgestuit.

"Die saak wat voor 'n spesiale hof gedien het, het tien weke geduur. Dit is byna 'n jaar gelede dat met die voorlopige verhoor daarvan begin is.

"Die advokate vir die staat en vir die verdediging het die hof drie weke lank toegespreek. Advokaat C.P. Bresier het gistermiddag sy beredenering beëindig nadat hy 'n volle week besig was.

"Advokaat Lutge, vir die staat, het gister 'n kort opsomming gegee, waarna die presederende regter aangekondig het dat die uitspraak voorbehou word.

"Die saak is verhoor deur rcgters Schreiner, Ramsbottom en De Beer."

# *41. Die doodvonnis word oor my uitgespreek*

Van hierdie geleentheid het ek gebruik gemaak om my voor te berei vir die dag waarop ek, soos ek verwag het, tot die dood veroordeel sou word. Saans, net voordat die ligte uitgedoof is, het ek aandagtig gele en luister na die stories van 'n sekere "held" van die Ossewabrandwag wat nie alleen sy groot dade uitgebasuin het nie, maar ook luid verkondig het hoe hy in die hof sou optree. Gelukkig het hy sy heldhaftigheid afgesluit met die sing van populêre Afrikaanse liedjies.

Toe die hoofbewaarder een aand beswaar maak teen die harde geselsery van die gevangenes, het ek hom laggend vertel dat die akoestiek van die tronk maar bra sleg is. Soos wel te verwagte, het van die O.B.-held se optrede in die hof niks tereggekom nie.

Of hierdie persoon deur die speurders aangesê is om my te probeer beweeg om saam met hom my verlede uit te lap, weet ek nie; tog was dit opvallend dat daar voorheen nooit oor en weer gesels is nie.

Twee dae lank het ek die toespraak, wat ek in die hof wou afsteek, noukeurig voorberei. Elke woord en elke sin is sorgvuldig gewik en geweeg.

Terwyl ek geworstel het met die gedagte van selfbehoud of ondergang, het ek 'n leuse gevind: "Dit is beslis geen kuns om te sterwe nie, want selfs 'n tweebenige wurm kry dit reg, maar hoe en in watter gees die stryder sterwe, is deurslaggewend en plaas die seël op die inhoud van sy lewe."

Uit my eie skepping het ek krag geput. Dit het my denke bevrug en my gees gesterk.

Op 10 Maart 1943 is nie alleen my sel deeglik deurgesnuffel nie, maar selfs die biltong voor my kamervenster verwyder.

Om enige verwarring te voorkom, is dit nodig om te meld dat verhoorafwagtendcs wel toegelaat word om eetware van buite te kry. As gevolg van hierdie regulasie het 'n groep dames dit só bewerkstellig dat die politieke gevangenes gereeld 'n heerlike dis ontvang het. Ons het hierdie opoffering baie waardeer en ek wens langs hierdie weg my harüike dank aan hulle alma! te betuig.

Die bedrywighede van die tronkpersoneel het onmiddellik my agterdog gewek. Om my nuuskierigheid te bevredig, het ek daardie aand op my katelstyl geklim en agter deur die klein venstertjie geloer. Die wag agter my sel was aansienlik versterk.

Die volgende oggend is ek dan ook in kennis gestel om my gereed te maak om na die Hooggeregshof te gaan. Hierdie keer was daar meer motors en speurders as ooit gedurende my verhoor. Twee verkeerskonstabels het met huilende sirenes ons stoet vooruitgegaan. Strachan en Geyser het langs my in die vangwa gesit en die hele tyd grappies gemaak. Ek het nie 'n woord gerep oor my voorgenome plan om in die hof 'n toespraak te lewer nie...

Dit is 11 Maart 1943. Die hooggeregshof is stampvol. Mense verdruk mekaar by die deur. Regier Schreiner is besig om op te som. Die atmosfeer in die hof is gespanne. Almal sit en wag op die regter se uitspraak. Skielik staan een van die advokate op. Hy versoek die hof om toe te laat dat die beskuldigde Le Roux mediese behandeling ontvang. Die regter vererg hom half vir hierdie sonderlinge versoek, maar staan dit tog toe.

Gedurende die etenspouse word my suster, Ray, toegelaat om my te besoek. Soos in die verlede, word sy vergesel deur twee speurders wat sit en luister na alles wat ons se. Die ander gevangenes is toegelaat om vryelik, sonder enige luistervinke, met hulle besoekers te gesels.

NI die middagpouse het die hofsitting op dieselfde toon voortgegaan. Baie mense staan soos muurplate agter in die hofsaaï. Daar is geen plek vir 'n muis nie. Regter Schreiner is nog steeds besig om op te som. Plek-plek klink die regter se bevinding vir my na 'n tirade wat spoedig afgewissel word met fiksie en koue logika.

Vier van my mede-strydmakkers word vrygespreek. Ek wens hulle geluk en salueer met uitgestrekte regterarm. Net drie van die oorspronklike agttien het oorgebly. Le Roux en Olwagen kry elk vyf jaar gevangenisstraf. Ek, wat die mantel van leierskap omgehang het, gaan die tol betaal.

Ek skrywe gou iets op 'n strokie papier en oorhandig dit aan speurdersersant Lucas Strachan. Hy lees en gee dit aan die volgende een. Aan my versoek word voldoen en die twee snelskriftiksters neem kennis van die inhoud daarvan. My skrif is duidelik en my taal verstaanbaar.

"Ek beskou dit as belaglik om 'n toespraak uit te skrywe en dit aan die publiek voor te lees. In hierdie geval het ek dit wel gedoen omrede ek vermoed dat sekere dinge aan my toegedig gaan word wat ek nie gesê het nie," staan daar geskrywe.

Hierdie geskrewe toespraak was ook my behoud. Dit het gedien as fondament waarop ek later my verdediging in die Appèlhof gebou het.

Die regter is eindelik klaar met sy opsomming. Die spanning in die hof laai vinnig op. Die hof is so stil soos 'n graf; net die regter se woorde in die gedempte atmosfeer.

"Wens jy enigiets te se voor die vonnis oor jou uitgespreek word?" vra hy my in Engels.

Ek spring vinnig op en antwoord: "Eers wens ek 'n verklaring te doen en daarna sal ek my volk toespreek."

Ek vervolg: "Ek verklaar voor die Almagtige God en voor die Afrikanervolk dat ek nog nooit deur enige persoon of persone, binne of buite die ryk van Adolf Hitler, genader is met die doel om my in enige moontlike denkbare rigting te probeer beïnvloed betreffende my optrede, binne of buite die grense van my vaderland, Suid-Afrika nie.

*"Ek en ek alleen dra die verantwoordelikheid vir wat ek gedoen het en nog gaan doen.* Die Vierkleur hoog!"

By hierdie woorde het ek met uitgestrekte arm die Nazi-saluut gegee,

Ek het voortgegaan:

"Kamerade, kameradinne, volksgenote en huurlinge."

Regter Schreiner: "You must not address the public, you have only the right to address the Court. If yo» continue to address the public, the Court will have you removed and the proceedings will continue in your absence."

Ek ignoreer die regter se waarskuwing en gaan voort met my toespraak:

"Trots die bewuste leuens van die staatsgetuies, in groot formaat geproduseer in hierdie saak is *ons* onskuld aan hoogverraad ondubbelsinnig bewys, Die huidige dcmokratiese regering het egter besluit dat dit 'n verraderlike oortreding is om as *Afrikaner* jou volk en vaderland met die *daad* lief te hè. Nie dat ek verwag het dat enige vorm van geregtigheid uit die baarmoeder van 'n lafhartige onverantwoordelikheid en bloedige onreg gebore sou word nie; *nee,* dit beslis nie, want in welke lig die demokrasie ook al in hierdie land aan die Afrikaner voorgestel word, so is en bly dit die jonger broer van die verpestende Kommunisme met die ewige Jood as vader van beide."

Hier het regter Schreiner my weer in die rede geval: "This is not an address to the Court. The Court has no wish to interfere with your rights, but your rights are to address the Court on the qucstion of the sentence."

"Ja, sekerlik is dit... dit is beslis," het ek gesê.

"We have no wish to interfere with your rights, but you must not use this occasion for a propagandist speech. If you do, you will be removed and I will proceed to deal with your case in your absence."

Uit vrees dat ek wel uit die hof verwyder sou word voordat ek my hart uitgepraat het, het ek net gesê: "Ek verstaan," In werklikheid het ek nie eens daaraan gedink om gehoor te gee aan die regter se dreigemente nie. Tydens die voorlopige verhoor in die tronk het ek ruiterlik erken dat ek 'n trotse soldaat van die idee van Adolf Hitler is en ek was beslis nie nou bereid om in die gesig van die galg te kapituleer nie. Ek het aangegaan waar ek opgehou het.

"In sy heilige en geheime skrifte, *Die Talmoed* en die *ProtokoÜe van die Wyses van Sion,* het die Jode die Ariër tot die dood veroordeel en hy gebruik die Kommunisme om daardie vonnis te voltrek.

"Afrikanervolk! Ek tree nie vandag voor u op as 'n karakterlose, betaalde agent van Duitsland nie, maar as 'n swaarbeproefde Afrikaner en 'n trotse, ja, fanatieke soldaat van die idee van Adolf Hitler, en as sodanig het ek die reg verwerf om 'n woord van dank tot die Almagtige te rig vir die wonderbaarlike wyse waarop Hy my gelei en behoed het sodat ek vandag met alle trotsheid kan verklaar dat, naas die Afrikanerbloed wat in my are vloei, my verlede my edelste besitting is; 'n verlede gegiet uit die kelk van waaragtige liefde tot volk

en vaderland, wat die stempel van Nasionaal-Sosialisme as ewige kenmerk dra.

"Soos reeds vermeld in my pamflet, gerig tot die kamerade in die Ossewa-brandwag, het ek byna negentien maande skroomloos en onophoudend *gesmeek* by die Duitse owerheid om my asseblief toe te laat om na my geliefde vaderland terug te keer en my volk uit die *hel van vernedering te verlos.*

"Die Duitse vader van die Afrikanervolk, konsul-gcneraal Rudolf Karlowa, het my keer op keer gewaarsku dat menige hindernis en eventueel die dood op my wag bier in my getiranniseerde vaderland. Ja, ek was terdeë bewus van die feit dat ek my dood tegemoet vaar, maar dit kon my nie afskrik nie, want ek het julle - manne, vroue, scuns en dogters van my vaderland - innig lief en *ware liefde ken geen perke nie.* Nie geveinsde woorde nie, maar *dode* vertolk wie en wat ek is ... 'n Afrikaner in murg en been!

"Indien die hof belangstel, kan ek byvoeg dat ek vandag aan die hoof staan van die dapperste en mees vasberade manne wat die Afrikanervolk nog gelewer het. Dus het ek nie nou in tyd van nood en dreigende gevaar na my vaderland teruggekeer met die belaglike doel om hier met 'n soet vlei-stemmetjie vir my 'n goedkoop leierskappie te kom bedel nie; *nee*, maar om die idee van Adolf Hitler in die siel van die Afrikanervolk te kerf. Dat ek in my doel geslaag het, weet ek, want duisende en derduisende Afrikaners het reeds die *genialiteit* van my strewe en stryd erken en marsjeer vandag in ons geledere, nie in woord of in skrif nie - want dan word hulle in kampe en tronke gedompel - maar in gees en wat meer is, in opofferende *dode*.

"Laat ek dit hier duidelik stel dat dit eers *nd* my koms in Suid-Afrika was dat sekere leiers weggebreek het van die demokratiese mallemeule. Graag wil ek hierdie here egter waarsku dat Nasionaal-Sosialisme beslis geen nuwe stemparool in die lewe roep nie, maar in sigself 'n nuwe wêreldbeskouing en ideaal daarstel. Ja, die Nasionaal-Sosialisme is geen teoretiese polemiek nie, maar die lewende simbool van *liefde, daad* en *opoffering:* ja van *alles* wat *skoon, edel* en *heilig* is vir die opbou, bestaan en bloei van *elke* volk. Enige verdraaiing, afwyking of valse vertolking van die fundamentele beginsels van die idee van Adolf Hitler is verbonde aan leuens, bedrog, huigelary en verraad. Ook wil ek hier konstateer dat die Nasionaal-Sosialisme onder geen omstandighede 'n *kompromisskool* is nie.

"Kamerade, op 4 September 1939 en weer met die eerlose ontwapeningstirannie - tye toe die Afrikanervolk gesmag het na leiding - het die groot platformhelde van hierdie land verstik en gesmoor in die dampe van hulle eie lafhartigheid. Vandag weet hierdie selfde menere om met soetklinkende beloftes te voorskyn te tree om sodoende stemvee onder die breë massas in te samel. Ek antwoord hierop en se: Na die hel met hulle beloftes. Met kaas vang jy wel muise, maar nie manne en vroue nie.

"Afrikanervolk! Ons heil en redding berus nie in sinlose kruisietrekkery nie,

maar in *daad* en onbaatsugtige *opoffering* in diens van die volksgemeenskap, soos geopenbaar deur die vaandeldraers van die idee van hom wat deur die Almagtige gestuur is om die volke van hierdie planeet uit die moeras van verdrukking en ellende te verlos ... Adolf Hitler!

"Uit my geloof in die omruimtelikheid van God skep ek die vertroue dat die Almagtige nie sal toelaat dat Sy skepping, met alles wat vir die mens heilig en edel is, deur die ateistiese monster in die gestalte van die wrede Kommunisme, vertrap en verpletter sal word nie, *nee nooit!* Net een kan, sal en móét hierdie bloedige worsteling wen, en dit is die swaard van ... Adolf Hitler!

"Wat die vonnis, wat nou oor my uitgesprcek gaan word, ook al mag inhou, is van minder belang; hoofsaak is dat die vryheidsvaandel weer wapper oor groot Suid-Afrika. Van één ding kan u egter seker wees en dit is dat geen mag ter wereld, selfs met die ondersteuning van die duiwel in die hel, daartoe in staat is om hierdie Afrikanerhart te breek nie. In hierdie sin en gees roep ek uit: *Na die hel met genade!* Lank leef die Afrikanervolk! Lank leef Nasionaal-Sosialistiese Suid-Afrika! God met my en my kamerade en kameradinne! Die Vierkleur hoog!"

Hierdie toespraak was water op die meul van diegene op die regbank en regter Schreiner het gevra:

"Wil jy nog iets se?"

"Ek weet wie my tot die dood gaan veroordeel. Moet egter nie te gerus wees nie, want hierdie optrede van jou sal weerklank vind in die harte van die jeug van Suid-Afrika."

Nog duidelik hoor ek die regter se oordeelswoorde: *"Jy sal na 'n plek van vettige bewaring geneem word en aan jou nek opgehang word totdat al die lewe uit jou liggaam is."*

Hoewel die doodvonnis in Engels uitgespreek is, het dit hoegenaamd geen afbreuk gedoen aan die gewigtigheid van die betekenis daarvan nie.

Met uitgestrekte regterarm het ek die verdoemende woorde aangehoor en toe luid geantwoord: *"Ek groet die dood! Die Vierkleur hoog!"* Terwyl ek hierdie woorde gebesig het, het ek gevoel of my bors van trots wou oopbars. *Ek is behoorlik geweeg* en moes nog net die laaste paar tree na die galg moedig tegemoet gaan.

God het dit so beskik dat daardie finale toets my gespaar gebly het.

In *Die Transvalervan* 12 Maart het die volgende berig onder die opskrif verskyn: *Robey Leïbbrandt Ter Dood Veroordeel... Doodvonnis baie kalm aangehoor.*

"Soos 'n man wat geen vrees vir die dood ken nie, het Robey Leibbrandt die doodvonnis aangehoor. Hy het die hof toegespreek soos iemand wat die dood in die oë staar en sy testament dikteer."

In die *Sunday Times* van 14 Maart het 'n volledige beskrywing van die

gebeure in die hof op daardie dag verskyn. Hier volg 'n vrye vertaling van die *Sunday Times* se verslag:

*Robey Leïbbrandt het sy das reggetrek en die doodvonnis aangehoor.*

"Sidney Robey Leibbrandt het na die uitspraak van die doodvonnis die beskuldigdcbank verlaat en gesalueer. Toe hy by die trappe afgaan, het snikkende vroue hom gesoen. Leibbrandt het sy orasie beëindig. Hy het gewag op die doodvonnis wat hy geweet het gaan kom. Stadig, vasberade, soos iemand wat die hele ding voor die spieël geoefen het, het hy daardie das van hom reggetrek. Hy het 'n Hitleragtige houding ingeneem, sy breë skouers orent gebring, sy ken gelig en sy arm in 'n Leibbrandt-saluut opgelig. Hierdie saluut verskil effens van die Nazi-saluut, maar is blykbaar daarop gegrond. Sy fanatieke oë het gegloei.

"Hy het soos 'n standbeeld gestaan. Hy het sy rol gespeel totdat die voorhangsel gesak het.

"Ek het al baie mense gesien wat tot die dood veroordeel is, maar nog nooit het ek so 'n mengsel van drama en melodrama beleef by enige verhoor waar 'n man se lewe in die weegskaal hang nie. Maar al die drama en melodrama was van Leibbrandt se eie maaksel.

"Terwyl regter Schreiner besig was met die opsomming wat so lank was soos 'n roman, het ek Leibbrandt dopgehou. Die storie het hier en daar soos 'n sprokie geklink.

"Telkens wanneer die sake van elk van die ander ses persone behandel is, is na nommer een, na Leibbrandt verwys. Die naakte opsomming het 'n sprankie lig gewerp op die misterieuse verskyning van Leibbrandt - die selferkende dissipel van Adolf Hitler - aan die kus van Namakwaland waar hy met 'n rubberbootjie vanaf 'n Duitse duikboot geland het.

*"Die hof het bevind dat daar geen twyfel bestaan dat hy met 'n duikboot vanaf Duitsland gekom het nie.*

"In sy 'orasie' het Leibbrandt self erken dat hy van Duitsland gekom het, maar dat hy vrywillig gekom het.

"Soms het dit gelyk of Leibbrandt luister en dan weer of hy nie luister nie. Dikwels het hy gegltmlag. Soms het hy sy ken uitgestoot en sy Hitlersnor bevoel. Hy het sy hare, wat nie lank genoeg vir 'n Hitlerkuif was nie, sag gestreel.

"Agter die beskuldigdebank het sewe gewapende polisiemanne gestaan. Daar was gewapende polisiemanne by die deure en in die gange. Gewapende wagte het in die strate gestaan. Gewapende speurders in burgerüke drag het oral tussen die mense gesit. Die tyd het stadig verbygegaan en menigeen het op hulle horlosies gekyk. Leibbrandt het volgehou om sy rol te speel. Ek het gewonder of hy al die tyd toneelgespeel het.

"Die verhoor het sy einde genader. Leibbrandt het hom begin regmaak. Dit het gelyk of hy vir hierdie uur gewag het om die middelpunt van die marte-

laarsgroep te wees. Hy het papierkoeëltjies rondgeskiet, en geglimlag en gegryns net soos Hitler ... dit was tussenbedrywe in die drama waarin hy die hoofrol vertolk het... waarin hy die ster was.

"Net soos hy daardie Hitlersnor in die tronk gekweek en sy idees in Nazi-vorm gegiet het, so ook het hy sy woorde en handgebare vir hierdie geleentheid gemodelleer.

"Hy het daar gestaan en praat volgens Hitler se resep. Sy stem was deurdringend, soms histeries ... sy vuis gebal. Met 'n stortvloed woorde het hy verklaar dat hy uit vrye wil hierheen gekom het. Woedend het hy teen die Demokrasie en Kommunisme uitgevaar. Sy stem was vol en welluidend as hy Adolf Hitler prys.

"Hy het sy rol vertolk in die verbasendste verhoor wat nog in Suid-Afrika plaasgevind het..."

In hierdie trant het die verslaggewer voortgegaan en beskrywe wat hy gesien het. Volgens sy verslag, skyn dit asof ek en die skrywer albei ons roeping gemis het. Hy moes 'n dramaturg en ek 'n Hollywood-ster gewees het.

Ek weet nie van wenende vroue wat my gesoen het nie. Daar was geen souterige smaak aan my lippe nie. Die dagbladpers het egter die waarheid in pag.

Nadat die doodvonnis oor my gevel is, het ek stadig die treetjies afgestap na die sel onder die vloer van die hof. My suster Ray is toegelaat om my te besoek. Sy is 'n beheersde en dapper vegster. Geen traan het haar verdriet verraai nie en geen woord van simpatie het haar lippe ontval nie. Sy was wónder-Uk. Sy was groots. Sy was 'n krag op wie ek kon bou.

Knap en behendig het die balju my vingerafdrukke op swart-omraamde vorms geneem. "Wat se gelol is dit nou weer hierdie?" wou ek weet. "Waarom wag julle nie tot na die hangery nie?"

"Dit spyt my, Robey, maar dis maar 'n deel van my onaangename werk," het hy vriendelik geantwoord.

Dit was al skemerdonker toe ons by die groot hek van die Sentrale Gevangenis inry. Die bewaarders was boos oor hierdie oponthoud. Die.klere van 'n terdoodveroordeelde is haastig aan my uitgereik. Daar is geen knope aan hierdie drag nie. Die baadjie word met swart lintjies toegebind. Dit was 'n geval waar 'n mens rou nog voor jy sterwe. Nog nooit het ek gehoor of gelees dat 'n mens verplig word om by voorbaat oor jou self te rou nie.

Die sokkies en skoene wat ek ontvang het, was vir my te klein.

"Moenie nog moeite doen nie," het ek aan die hoofbewaarder gesê. "Ek stap sommer blootvoets hel toe - ag, ek bedoel dodesel toe."

Hierdie woorde het die spanning gebreek en al die bewaarders het geglimlag.

Onder sterk geleide het ek deur die groot saai gestap, en op met die trappies na die dodesel op die eerste vloer. Tot my verbasing het ek ontdek dat

daar in werklikheid drie selle was en dat ek nie in die galgkamer gehuisves is nie.

Die eerste twee selle was geskei deur 'n gangetjie of wagportaal wat omtrent net so lank en breed soos die selle was. Dit is hier waar die wag dag en nag op sy pos gestaan het. Dit is ook hier waar die terdoodveroordeelde geweeg en sy lengte gemeet is net voor die teregstelling. Die lengte en gewig dien as maatstaf vir die hoogte oftewel diepte van die val. By 'n teregstelling durf die kop nie van die liggaam afgeruk word nie. Waarom, weet ek nie, en niemand kon my se nie. Dit is seker maar 'n geval van menslike wreedheid.

Daar was 'n skuifdeur tussen die tweede sel en die galgkamer. Aangesien daar nie gehoor gegee is aan my versoek om die galgkamer te besigtig nie, kan ek nie daaroor berig nie.

# 42. *My verblyf in die dodesel*

Die dodesel was 'n ruim vertrek in vergelyking met die grootte van 'n gewone sel. Dit was egter somber en koud. Geen bed, geen stoel en ook geen tafel nie - net 'n slopemmer met 'n swaar ketting deur 'n ring aan die muur gekoppel. Die tronkowerheid was seker bang dat 'n onnutsige terdoodveroordeelde die emmer sou steel.

Die eerste nag in die dodesel het ek besonder vas geslaap. Die volgende oggend het die bewaarder aan diens my meegedeel dat die tronkbestuurder en nog een of twee vreemde persone by die dodesel besoek afgelê het. Hulle sou luid by die deur gestaan en gesels het, maar ek het huile nie gehoor nie en derhalwe ook nie wakker geword nie.

Elfuur daardie oggend het die bestuurder my na sy kantoor ontbied. Aan sy soetsappige woorde het ek my nie gesteur nie, want ek het hom opgesom.

"Ek hoop nie jy word opgehang of doodgeskiet nie, Leibbrandt," het hy met geveinsde aandoening gesê.

"Ek is bereid om te sterf," het ek geantwoord, omgedraai en by dieselfde deur uitgestap waar ek ingekom het. Vandaar is ek deur my twee wagte na die geneesheer geneem. My hart het gejubel van blydskap toe ek ontdek dat die beroemde Springbokvoetbalspeler, dr. Jack van Druten, die arts van die Sentrale Gevangenis was. Hierdie man sal 'n interessante boek oor die sielkunde van die misdadiger kan skrywe, want hy is 'n mensekenner van besondere formaat. Aan dr. Jack van Druten is ek ontsaglik veel dank verskuldig vir alles wat hy vir my gedoen het tydens my verblyf in die tronk.

Daardie oggend het hy my met 'n veelseggende glimlag ondersoek en toe ek wegstap, het ek aan die bewaarders gevra of 'n mens dan 'n gesondheidsertifikaat nodig het om aan die galg te sterf.

Onderweg na die dodesel is ek na die ontvangskantoor geneem om my private eiendom na te sien voordat dit weggestuur is na my moeder op Potchefstroom. Hier het ek ywerig gesoek na my toespraak wat ek uitgeskryf gehad het, maar ek kon dit nie vind nie. Ek het aangcnccm dat iemand dit by die hof as aandenking uit my sak getrek het. In die hof het ek twee sakdoeke en 'n vierkleurwapen as aandenking aan goedgesinde speurders geskenk. My polshorlosie, wat die aand van my inhegtenisname by die polisieselle verwyder is, het ek nooit weer gesien nie. As deeglik opgeleide liggaamsopvoedinginstrukteur was ek besiel met die wete dat liggaam, siel en gees 'n inherente eenheid vorm en dat die verwaarlosing van die een ook skade aan die ander berokken. In hierdie sin en gees het ek my dan ook voorberei vir die dood aan die galg. Nog nooit in my boksloopbaan het ek so hard geoefen vir 'n geveg soos daar op die tronkterrein nie.

Op reëndae was ek genoodsaak om binne die gebou te oefen. Weens gebrek

aan ruimte, het ek by sulke geleenthede net gestap. Op 'n sekere dag het dit skieuk weer begin reen. Terwyl ek besig was om op en af te stap, het iemand onder uit die saai gebulder: "Leibbrandt, as jy stap, moet jy vinnig stap ... verstaan jy?" Ek het omgekyk om te sien wie die grootbck was en 'n bewaarder raakgesien waar hy ewe manhaftig op 'n afstand gestaan en beduie het.

"Ek sal oefen soos ek wil en nie soos jy vir my voorskrywe nie. Is jy ter dood veroordeel of ek?" het ek teruggeskree. Wat hy hierop geantwoord het, kan ek nie onthou nie, maar ons het nie vriendelik geraak nie.

Ek is die volgende dag aangekla weens parmantigheid en vanzelfsprekend skuldig bevind. In ons tronke praat net die bewaarders die waarheid. Dit is eienaardig watter geweldige invloed 'n uniform op 'n mens kan uitoefen. Dit is eintlik 'n towerdrag wat enige skobbejak in 'n engeltjie kan laat verander.

In my verhoor voor die tronkindoenas is die prikkelbaarheid van 'n terdoodveroordeelde heeltemal buite rekening gelaat en ek is tot ses dae ryswater gevonnis. Net soos in die lokale tronk, moes ek ook in die dodesel ses dae sonder kos en water klaarkom. Wanneer ek geskeer of my lande geborsel het, is daar 'n ontsmetmiddel in die water gegooi. Gedurende die dag is al my komberse uit die sel verwyder en daar dit winter en bitter koud was, het ek daar op die ysige sementvloer byna gekrepeer van die koue.

Hier waar ek sit, voel ek of ek nie verder kan skrywe nie. As ek voortgaan, sal niemand hierdie manuskrip publiseer nie. Ek bewe van woede. As ek maar net my vingers aan die gorrels van daardie gespuis kan kry, sal hullc in die ure wat ek hulle wurg 'n voorsmaak kry van wat ek ses-en-'n-half jaar moes verduur. Ek was veroordeel om aan my nek te hang totdat al die lewe uit my liggaam is, maar die regter het geen woord gerep dat ek geleidelik gemartel sou word totdat ek vrek nie.

Die tronkowerheid het nie alleen gepoog om my deur die modder te sleep en te verguis nie, maar het ook alles in hulle vermoë gedoen om my liggaam-Uk en geestelik te verpletter. Die rede vir hierdie laagvloerse optrede en barbaarse behandeling moet in my toespraak voor die galg gesoek word. Daar is, so vermoed ek altans, soos volg geredeneer: "Wie is hierdie bombastiese en opgeblase *Nazi* om te durf verklaar dat geen mag ter wereld, selfs met die ondersteuning van die duiwel in die hel, daartoe in staat is om sy Afrikanerhart te breek nie? Ons, die magtige septerswaaiers van die Gevangeniswese, sal hom breek!"

Watter vorm hulle breekmetodes aangeneem het, sal ek nou vertel.

Die twee dodeselle se deure het bestaan uit staalgaas en staalplaat om die helfte. Deur die gaas kon die bewaarder aan diens die terdoodveroordeelde gedurig dophou. Nie dat hy so belangrik is nie - sy lewe is buitendien geen stuiwer werd nie - maar voorsorg moet getref word dat hy nie selfmoord pleeg nie. Sodoende sou die regter se uitspraak gefnuik word en die laksman

sy fooi kwyt wees. Hierdie regulasie het in my kraam gepas. Ek kon gedurig met die bewaarder aan diens gesels en propaganda maak vir my politieke geloof. Langs hierdie weg het ek baie bewaarders beweeg om te glo soos ek wou hè hulle moet glo. Die logiese konsekwensie was dat ek saans baie eetware en selfs melk ontvang het. Die polonie, kaas en ander tronksnoeperye is by die openinge tussen die deur en die vloer deurgetrek.

Ek het 'n vel papier onder deurgesleek. Die dungesnyde eetware is netjies deur die bewaarder daarop neergelê. Die papier is stadig teruggetrek en die smullery het begin. Ons het altyd spottend verwys na die "vermaak vir die galg-metode".

Met die hef van 'n lepel het 'n bewaarder langsamcrhand 'n gat in die staalgaas gemaak. Die bevriende bewaarder het 'n tregter uit 'n vel papier gedraai. Die tuit is deur die gat gesteek en die melk by die bek ingegooi. Ek het die melk in 'n beker opgevang. Die grootste skenker en skinker in hierdie vetmaakproses was "Vaatjie" Joubert.

Een oggend is aan my meegedeel dat ek 'n Duitse sel-, oftewel galgmaat, gaan kry. Die moordenaar uit Natal was toe reeds op pad na Pretoria, Toe ek uitvind dat die moord wat hy gepleeg het, geen politieke motief as dryfveer gehad het nie, het ek geweier om hom in *my* sel toe te laat. "As julle hom hier insit," het ek gesê, "sal dit nie nodig wees om hom te hang nie."

Indien daardie persoon skuldig was aan die dood van of Nel, óf Lötter, of albei, sou ek geen beswaar gemaak het nie. Nel en Lötter was Stormjaers en het vermoedelik die Stormjaer-eed genccm. Hierdie eed het soos volg gelui: "As ek storm, volg my. As ek val, wreek my. *As ek omdraai, skiet my."* Daar is onweerlegbare bewyse dat albei omgedraai het. Albei is geskiet. Wat anders het hulle verwag?

In my geval was die oorlogsverklaring aan Duitsland 'n party-politieke beslissing en nie 'n *ware* volksbeslissing nie. Dit was trouens ook die hoofrede waarom die grootste Afrikaner wat Suid-Afrika nog gelewer het, naamlik genl. James Barry Munnik Hertzog, in die politieke woestyn beland het. Indien daar geredeneer word dat, volgens demokratiese beginsels, 'n parlementêre beslissing gelyktydig as 'n volksbeslissing geld, sou ek graag wou weet waarom 'n republiek nie deur die Volksraad uitgeroep is nie? Of verteenwoordig en vertolk die Volksraadslede alleen dan die volkswil wanneer dit in die kraam van die Eerste Minister pas?

Wat die kommentaar van andere ook al mag wees, sou dit my toe net so min soos nou geskeel het. Ek het eenvoudig geweier dat 'n moordenaar saam met my in dieselfde sel opgesluit word. Die enigste alternatief was om die moordenaar in 'n ander dodesel te huisves, en dit was die sel wat deur middel van 'n skuifdeur toegang tot die galgkamer verleen het.

Ten tye van teregstellings is ek en my mede-veroordeelde uit ons selle verwyder. "My" sel is deur die tronkkapelaan gebruik vir finale geestelike

voorbereiding van diegene wat op die punt gestaan het om aan die galg te sterf. Tydens my verblyf in die dodesel is daar dosyne naturelle opgehang en ek het die prosedure wat daar met teregstellings gevolg is, baie goed leer ken.

Ek en my mede-galgmakker is altyd binne hoorafstand van die geklap van die galg se valdeur geneem. Dit het so dikwels gebeur dat die geklap later wreed op ons onderbewussyn ingetatoeër is.

Een aand, terwyl die veroordeelde Duitser lekker gele en slaap het, het ek hom 'n poets gebak. Hy het die gewoonte aangekweek om met sy kop digby die deur van die galgkamer te lê. Ek het 'n leë papiersakkie styf opgeblaas en dit met 'n harde knal tussen my hande stukkend geslaan. Hy het so groot geskrik dat hy in die lug gewip het. So erg was die skok dat dit gelyk het of hy soos 'n wafferse jogi in die lug bly hang. "Jy sal my nog aan hartverlamming laat beswyk," het hy vreesbevange gesê.

"Dan bespaar jy die laksman ten minste die moeite om jou op te hang," het ek teengewerp.

Die volgende dag het die Duitser weer sy ou holruggeryde storie oor sy onskuld opgedis. Hierdie keer het ek my vererg.

"Luister," het ek kwaai gesê. "Volgens jou eie vertelling, is jy skuldig aan moord. Maar hang sal jy nie. Dit kan ek jou nou al se."

Met 'n dankbare uitdrukking in sy oë, het hy my aangekyk. "Dink jy werklik so?" het hy sag gevra. Ek het hom innig jammer gekry en bevestigend geantwoord. Hy was gelukkig. Hy het die galg vrygespring. Ek het saam met hom gejuig.

*Daar in die dodesel sterf die terdoodveroordeelde elke dag. Die sieletyding wat hy moet deurmaak, is geweldig. Die teregstelling is later net 'n blote formaliteit.*

Nadat ek bykans nege maande in die dodesel was, het die tronkbestuurder my een oggend verras met 'n storie. Met 'n sinicsc glinstering in sy oë het hy my meegedeel dat my saak die eersvolgende Maandag voor die Appèlhof in Blocmfontein sou dien. Toe hy merk dat ek hom ongelowig aangluur, het hy vertel dat genl. Beyers hom die wete gegee het. (Genl. Beyers was toentertyd Direkteur van Gevangenisse, maar ek het dit nie geweet nie.)

"Genl. Beyers het gisteraand uit Bloemfontein teruggekeer," het hy met geoefende stembuiging gesê.

Terwyl ek nog met my gevoelens geworstel het, het bewaarder "Soes" daar opgedaag. Hy was tydelik die sogcnaamde seksiebewaarder en in bevel van die persoon aan diens by die dodesel. Hy het die wag se pligte tydelik oorgeneem.

"Het die bestuurder jou vertel wat hy van genl. Beyers gehoor het?" het "Soes" in 'n fluisterstem gevra.

"Ja, maar ek glo hom nie," het ek gesê.

"Ek het dit uit 'n ander bron ook verneem," het hy sy storie beklemtoon. "Moenie moed verloor nie, Robey. Ons staan by jou. Ek wag net vir die diensprogram om te verskyn. As die man by die voorhek net reg is, is alles

reg. Ons Afrikaners gaan nie toelaat dat..." (hy vaar uit teen die regering) ... "hulle jou ophang nie." Toe die wag sy verskyning maak, verlaat "Soes" die pos.

Ek het op die matjie in die hoek gaan sit en "Soes" se mededeling bepeins. Toe hy weer na sowat 'n uur opdaag, was ek reg vïr hom.

"Alles is in die haak," het hy opgewonde gcsc. Hy het die name genoem van die bewaarders wat daardie week op die sleutelposte diens sou doen. "Hulle is jou almal goedgesind. Ek het reeds met hulle gepraat. Mörenag kan jy ontsnap. Vir die eerste paar nagte sal jy hier op die Gevangenisterrein in 'n riool-gat moet skuiling neem. Ons sal jou van al die nodige voorsien. Dan, as die ergste storm oorgewaai het, sal ons jou verder vervoer." Ek het aandagtig geluister totdat hy klaar gepraat het en toe losgebars:

"Wat kry jy vir hierdie gemene en karakterlose set?"

Hy het nog met daardie storie aangehou tot ek hom met 'n luide instrukteurstem beveel:

"Sluit oop hierdie ver ... deur, jou lae hond. Dink jy miskicn ek is die leier van die Ystergarde in Roemenië wat op hierdie manier toegelaat is om te ontsnap net om buite die poorte van die gevangenis doodgeskiet te word? Maak dat jy hier wegkom!"

Dit is te begrype dat die tronkbestuurder nie gou weer by die dodesel besoek afgelê het nie.

Hierdie poging van die owerheid om my toe te laat om te ontsnap, het my tot nadenke gestem. Waarom moet ek *nou* juis ontsnap? Is die saak teen my dan werklik so swak dat my teregstelling verreikende reperkussies kan veroorsaak? Ek is skuldig bevind aan die hoogste klag waaraan 'n mens skuldig bevind kan word en tog bestaan daar twyfel - en waar daar twyfel is, is daar vrees!

Hoe harder genl. Smuts gepoog het om my as vyand uit te wis, hoe hoer het hy by my in aansicn gestyg ... "Slim Jannie"!

Intussen het ek die treurmare ontvang oor die dood van my getroue kameraad ,.. Johannes van der Walt. Daar uit die dodsel het ek my medelye aan sy familie skriftelik betuig. Of die geskrif deur die sensor gekonfiskeer is, weet ek nie. Ek het nooit weer van een van hulle gehoor nie.

Een middag is ek meegedeel dat my twee advokate my wou spreek. Ek is toegelaat om alleen met hulle in 'n vakante kantoor te praat. My senior advokaat het die elfde boekdeel van die hooggeregshofverslag oor my saak te voorskyn gehaal. Hy het dit oopgeslaan by die plek waar my toespraak verskyn. Hy het my gevra om dit te lees.

"Dit is nie my toespraak hierdie nie!" het ek verbaas uitgeroep. Ek het 'n potlood gevra en begin korrigeer. Woorde is weggelaat, sinne verdraai, my woordgebruik is totaal uit verband geruk - die hele toespraak was in 'n bredie saamgeroer. Dit was toe reeds nege maande sedert ek ter dood veroor-

deel is en tog het ek my toespraak nog so deeglik onthou dat ek elke leesteken sonder moeite kon aanstip.

Na 'n kort en kille onderhoud, het ek van die twee regsgeleerdes afskeid geneem en met onheil in my hart na die dodesel teruggestap. Daardie aand het ek met oorgawe *Die Dieper Reg* van Van Wyk Louw gelees. Eers die volgende oggend het ek weer vir die eerste keer oor my appèlsaak begin dink. Waarom het die advokaat net die boekdeel waarin my toespraak verskyn het, aan my getoon? Het hy geweet dat my toespraak van begin tot einde vervals is? Waarom moes ek dit dan lees? Waarom moes ek een sin onveranderd laat bly? Ek het geweier. Die betrokke sin was vals. Dit moes reggestel word. Waarom? Die vrae het in my opgeborrel. Binne enkele sekondes het ek die antwoord gevind.

"Ek gaan my verdediging in die Appèlhof self waarneem. Roep die bestuurder! Verwittig hom van my besluit," het ek die bewaarder aan diens beveel.

Die bestuurder van die tronk het alles moontlik gedoen om my te laat afsien van dié "dwase" besluit. Ek het geweier. Die besluit was geneem en daarby sou ek staan of val.

Daar was net één vermiste skakel in die ketting - my toespraak. My moeder is uit Potchefstroom ontbied. Sy het my in die gevangenis besoek, maar weer na Potchefstroom gereis en die vir my belangrike geskrif saamgebring. Van agter die draaddeurvlegte ystertralies het ek die geskrif as my toespraak herken. My hart het van blydskap gejuig. Ek het my moeder versoek om dié dokument aan die bestuurder te oorhandig. Hy moes hom met die inhoud op hoogte bring. Hy durf dit nie weier nie.

Ek het later begin wonder of my moeder wel aan my versoek voldoen het. "Waar is my toespraak? Wat het daarvan geword?" het dit deur my kop gemaal.

Daar in die gevangenis het ek egter die bestuurder op daardie dag beskuldig van diefstal. Hy sou dan kamma my toespraak op onverklaarbare wyse verloor het. "Wie het jou die reg gegee om 'n offisiële dokument saam met jou rond te piekel?" het ek bars gevra. "Daarvoor is die brandkhns daar," het ek gesê en met my vinger gewys. "Ek gaan my verdediging in die Appèlhof self waarneem. Buig of bars. Galg of vuurpeleton. Ek het klaar besluit en *disfinaall"* Ek het omgedraai en uitgestap.

Die volgende dag het die bestuurder my laat haal. Hy wou my dringend spreek. Hy het my verlore toespraak gevind. "Vra jy dan nie om verskoning vir al die lelike aantygings wat jy gister gemaak het nie?" wou hy weet. Hy het altyd sag en slymerig gepraat.

"Nee!" Ek het omgedraai en uitgestap.

Vanaf die moment dat ek my toespraak ontvang het, totdat ek in die Appèlhof verskyn het, was daardie essensiële bewysstuk nooit buite my bereik nie.

Net waar ek gegaan het, het ek die toespraak saamgeneetn. Dit was die spil waarom my bestaan of nie-bestaan gewentcl het.

*Ek moes gehang word! Ek moes sterf!* Genl. Smuts was ongenaakbaar en onverbiddelik in sy optrede. Dit was tewens ook een van die eienskappe wat hom"n groot leier gemaak het. Hy was 'n kunstenaar. Hy het die hele volk - insluitende die Ossewabrandwag - om sy pinkie gedraai. Hy het dingc aan hulle voorgegoël wat nooit bestaan het nie en nooit sou plaasvind nie. Hy was 'n meester. Tog was ek vir hom 'n probleem. Nie soveel ek nie, maar my toespraak. Na my teregstelling sou my toespraak aan die volk voorgehou word. Dit sou 'n getroue weergawe wees van die korrupte gemors wat ek dan sou gesê het. Daardie selfde toespraak wat van begin tot einde vervals was. Net ek en ek alleen kon en kan dit vandag nog bewys.

Ek was genl. Smuts een stoot voor op die skaakbord. Hy het weer gestoot. My ouers is toegelaat om 'n persoonlike onderhoud met my te hé. Nie van agter die tralies en draaddeurvlegte versperring nie, maar in 'n private vertrek. Hierdie toegewing was op sigself teenstrydig met die regulasies. Ek was nog altyd in die dodesel en nie 'n gewone gevangene nie. My ouers het ernstig met my gepraat. My advokate sou my verdediging baie beter kon behartig as ek. Baie goedgesinde mense het hulle bekommernis uitgespreek oor my besluit. Ja, selfs wildvreemde persone het my ouers genader. Nie ek nie, maar my advokate moes my saak in die Appèlhof waarneem. Vir die eerste keer in my lewe het ek my vader gesien huil.

"Tot sover het jy alleen besluit en alleen geveg. Nou staan jy egter op die rand van die oop graf. Laat dit nou in my hande oor. Ek is tog jou vader," het die dapper ou bittereinder uit die Tweede Vryheidsoorlog gesnik.

My moeder het aanhoudend gehuil. Sy het sag gepleit: "Robey, Robey, luister tog!"

Trane het nog nooit veel indruk op my gemaak nie. Trane is soms so goedkoop, so maklik en so geveins. Dit is dikwels 'n wapen, soms 'n dekmantel en seer selde eg. Die trane wat 'n moeder egter oor haar kind stort, is skoner en reiner as die helderste doudruppel. Indien dit saamvloei met dié van 'n streng gedissiplineerde en dapper vader, smelt selfs die gepantserde hart. Maar al smelt die hart, 'n gewigtige besluit moet ongeskonde bly en mag nooit verkrummel nie.

In my verbeelding het ek die galg gesien, die toue, die laksman, die vars graf. Ek het myself reggeruk en gesê: "U het my van kleins af geleer om self te besluit en self die verantwoordelikheid te dra. Ek het reeds klaar besluit dat ek en niemand anders nie my saak in die Appèlhof gaan behartig." Hierna is ek terug na die dodesel.

In die dae daarna het ek my voorberei vir die saak. Die elf boekdele wat die Hooggeregshofverslag oor my saak handel, is aan my gegee. Ook 'n stapel regsboeke. Ek het hulle glad nie nodig gehad nie, maar hulle tog geneen». Op

die een bladsy is ek onskuldig. Dit word gestaaf deur Rex. vs. X, bladsy so-en-so, ensovoorts. Op die ander bladsy is ek skuldig. Die refrein was dieselfde, net die uitspraak het verskil.

Terwyl ek my algaande geestelik vir die Appèlhof gesterk het, is daar aanhoudend reg onder die dodesel getimmer. Ek het by die bestuurder beswaar aangeteken teen die senutergende lawaai.

Hy het gesê dat dit noodsaaklike werk was wat afgehandel moes word. Dit was glo die tralievenster van die sogenaamde ryswater- of Bombaaiselle wat uit die muur gekap moes word. Wat die eintlike doel was, is nooit aan my meegedeel nie. Ek het egter vermoed dat dit moedswillige uittarting was.

Van soggens vroeg tot laat in die middag het die swaar hamers teen die muur geslaan. Dit het later gevoel asof daar teen my kop gehamer word. In dié tyd het ek baie min geslaap. Kort-kort is ek wakker geruk. Dit het gevoel asof 'n elektriese skok deur my liggaam skiet.

Suid-Afrika se Appèlhof setel in Bloemfontein. Vir my verhoor is dit ver-skuif na Pretoria. Die berg het nie na Mohammed gegaan nie, maar na 'n l doodgewone Afrikanerseun!

Op 6 Desember 1943 is ek na die Appèlhof geneem. Die gedugte voorsorgmaatreëls wat daar gewoonlik getref is vir my veilige bewaring, is hierdie keer i totaal verwaarloos. Genl. Smuts het reeds geweet dat ek nie eens daaraan gedink het om te ontsnap nie. Ek het uit die verre Duitsland na die dood ge-kom. Waarom sou ek nou daarvan wou weghardloop?

In 1943 het die wiel aan die oorlogsfront reeds heelwat gedraai. Nasionaal-Sosialistiese Duitsland was besig om die titaniese stryd te verloor. Die vurige Nazi's van gister was weer in 'n splinternuwe politieke drag gekleed. Ek het geen hulp van geen kant of oord verwag nie. Genade het ek reeds na die warmplek gestuur. Ek het alleen gestaan. Die dood aan die galg het vh- my gewink. Ek het hom gesien en met uitgestrekte regterarm gegroet. Ons het in die dodesel versoen geraak. Net soos my vader in die Tweede Vryheidsoorlog, sou ook ek veg tot die bitter einde. Kapituleer sou ek waaragtig *nooit]* Só het ek besluit.

# 43. *In die Appèlhof*

Op 7 Desember 1943 het die volgende berig in die pers verskyn: *Robey Leïbbrandt Voor Appèlhof. Neem Sy Verdediging Self Waar. Uitspraak Word Later Gegee.*

"Die appèl van Sidney Robey Leibbrandt, Le Roux en Olwagen het gister voor die Appèlhof in Pretoria begin. Leibbrandt is op 11 Maart op aanklag van hoogverraad ter dood veroordeel, terwyl Le Roux en Otwagen elk tot vyf jaar dwangarbeid gevonnis is.

"Toe die hof gisteroggend begin, was elke beskikbare ruimte in die hof beset. Bcnewens die groot aantal nuuskierigcs, was daar ook 'n sterk afdeling van die polisie en speurdiens in die hof aanwesig.

"Leibbrandt het sy eie verdediging waargeneem en dit binne die bestek van 'n anderhalf uur voltooi.

"Leibbrandt het die hof gisteroggend meegedeel dat hy, as 'n man wat meer as agt maande onder die skaduwee van die galg deurgebring het, graag sy saak op sy eie wyse wil bepleit.

"Hy het die hof verwys na die scrtifikaat van die snelskrywers, waarin gesertifiseer word dat die hofverslag 'n getroue weergawe van die hofverrigtings is. Hy het voort sy toespraak aan die hof voorgelees en gewys op 'n aantal foute in die hof se verslag. Talie woorde is uitgelaat en sommige is verkeerd gerapporteer en verdraai, het hy verklaar. 'Dit is eienaardig dat sulke beslissende woorde weggelaat is. Die vervalsing kan bewus of onbewus gepleeg gewees het,' het hy gesê.

"Om hierdie redes is die sertifikaat van die snelskrywers nutteloos, sodat, volgens sy mening, die hele verslag deur die hof verwerp moet word.

"Hy het verklaar dat hy nie bereid is om vir die foute wat die snelskrywers gemaak het, te sterf nie. Die hele verslag is geen getroue weergawe van die saak nie, sodat die grondslag van die saak verval.

"Regter Watermeyer het aan Leibbrandt gesê dat hy op 'n paar foute in die verslag gewys het, maar dat hy dink dat dit die beste sou wees as Leibbrandt 'n lys van al die foute opstel en dit dan aan die hof voorlê. Leibbrandt het verklaar dat dit onmoontlik is, omdat hy dan op sy geheue moet staatmaak, maar die foute wat hy kan aantoon, behoort voldoende te wees om die hele verslag omver te werp.

"Regter Centlivres: 'Wat stel jy voor?'

"Leibbrandt: 'Daar is geen saak teen my nie, omdat die rekord nie juis is nie. Sodoende eis ek my ontslag.'

"Regter Watermeyer het hierop verklaar dat, indien daar ernstige foute in die hofverslag was, Leibbrandt se advokate aansoek sou gedoen het om dit herstel te kry. Leibbrandt het daarop geantwoord dat hulle dit nie gedoen het

nie, en dit is die rede waarom hy sy advokate ontstaan het en tans sy eie verdediging waarneem. Op 'n verdere vraag van die regier of hy niks oor die regspunte, waarop die aansoek van appèl toegestaan is, gaan se nie, het Leibbrandt geantwoord dat dit hom nie sal baat om daaroor te redeneer nie, omdat hy van die standpunt uitgaan dat die hofverslag vals is en daar dus geen grondslag is om op te redeneer nie.

"Die hoofregter het hierop verklaar dat sekere regspunte deur beskuldigde Leibbrandt gereserveer is. Die hof sal die hofverslag in oënskou neem en dit oorweeg. Uitspraak sal later gegee word.

"Olwagen is in die geleentheid gestel om iets by sy verdediging te voeg. Hy het verklaar dat toe hy die eed van dje Nasionaal-Sosialistiese Rebelle afgelê het, hy nie geweet het dat Leibbrandt 'n Duitse soldaat en onderdaan was nie.

"Die hof het daarop tot Donderdagoggend verdaag."

Ek wil graag voortborduur op hierdie verslag.

Soos die koerant self berig, het my pleidooi 'n anderhalf uur geduur. In daardie tyd het ek natuurük veel meer gesê as wat in die pers verskyn het. Ek het onder andere die regters daarop gewys hoe futiel dit is om op 'n valse grondslag regsargumente te bou. Om hierdie beredenering te staaf, het ek voorts gesê:

"Laat ons argumentsonthalwe aanneem dat 'n getuie soos volg getuig het: 'Leibbrandt said that hè was *nat* guilty of High Treason.' Die heel onskuldige woordjie *not* word egter deur die snelskrywers per abuis of moedswillig wéggelaat. Die logiese konsekwensie is dat selfs die knapste regsgeleerde ter wereld nie daardie woordjie *not* in die onderhawige sin kan inredeneer of inlieg nie."

Nadat ek my pleidooi klaar gelewer het, het ek 'n konstabel om water gevra. Ek het gesien hoedat sekere verslaggewers uit die persbank vir die konstabel knik en beduie. Die konstabel het gegiggel en soos 'n klein seuntjie wat plotseling 'n nuwe speelding ontdek het, die glas tot bo aan sy rant gevul. Ek het die glas water geneem, dit 'n wyle stil gehou en terwyl ek dit na my lippe bring na die verslaggewers gekyk, "Moenie dink ek sal een druppel stort nie," het ek gesê.

Net nadat die advokate vir die staat hulle pleidooi beëindig het, het ek opgestaan en my tot die regbank gerig.

"Edelagbare here! Daar word deur die staat so gedweep met die woord *daad* wat in my pamflette en omsendbriewe voorkom. Nou wil ek graag aan die geleerde advokate vra om daardie woord vu[1] my te definieer."

Toe ek merk dat geeneen wou reageer nie, het ek self 'n definisie geskep. Dit het so gelui: *"Daad* is die handelende openbaring van gevoelens, gedagtes en gewaarwordüige." Ek het 'n paar sekondes stügebly en na die regters gekyk. Hulle het geknik. Ek het verder gepraat. "Waarmee die staat hier besig is, is *wandaad,* wat nêrens in my geskrifte voorkom nie."

Alles wat ek in die hof gesê het, is op rekord. Indien enigeen hom die moeite wil troos om dit na te slaan, sal hy hom daarvan kan vergewis dat my geheue my geen parte speel nie."

Die grootste drama het egter nie in die Appèlhof nie, maar wel agter die skerms afgespeel.

Kapt. Richter, die bekende lyfwag van gent. Smuts, het my in die sel onder die hofgebou besoek. Hy was vergesel van Lucas Strachan. Kapt. Richter se sakke was geval met allerlei vrugtesoorte. Teenstrydig met die tronkregulasies, het hy dit vryelik aan my uitgedeel. Sy vrugte het my egter nie 'n rat voor die oë gedraai nie. Ek het noukeurig gelet op die onskuldige en alledaagse gesprekkies wat hy met my aangeknoop het. lewers moes die stokkie met voëlent versteek wees. Eers die tweede dag het hy sy wip gestel. Soos 'n weerligstraal uit die bloute het die vraag gekom.

"Robey, miskien moet jy nou aan die galg gaan sterf, sonder dat jy jou doel bereik het," het hy gesê.

"Nee, my doel het ek nie bereik nie," het ek beaam.

"Waarom het jy nie liewer vir Jan Smuts doodgeskiet nie?" wou hy skielik weet.

Ek het gemerk dat hy geen genot uit hierdie vraag put nie. Van Strachan het 'n snaakse laggie gekom.

"Waarom skiet jy hom nie? Jy is mos heeldag saam met hom," het ek gesê.

Kapt. Richter het nie veel meer gepraat nie.

Nadat die twee my sel verlaat het, het ek gedink aan die vraag wat ek die dag aan mnr. JA. Smith, die Assistcnt-Kommandant-generaal van die O.B. van Kaapland, gevra het. Dat hy dit self aan genl. Smuts oorgedra het, glo ek nie. Dr. Hans van Rensburg het, luidens Johannes van der Walt se sterfbedverklaring, egter wyd en syd verkondig dat ek na Suid-Afrika gekom het om genl. Smuts dood te skiet.

Aan die vrae en houding van regter Centlivres kon ek duidelik vasstel dat die Appèlbeslissing ongunstig sou wees. Die doodvonnis sou bekragtig word. Op banale en onbeskofte wyse is dit deur 'n bewaarder aan my oorgedra en ek het al harder geoefen om my liggaam sterk en gespierd te maak.

Hoewel ek talie briewe en brosjures van verskillende geloofsgenootskappe ontvang het, het ek my nie verwerdig om op 'n enkele een te antwoord nie. Ek het ook geweier om toe te laat dat enige geestelike, van watter kerkverband ookal, my in die dodesel besoek. Ek wou ongesteurd glo in my God. Nie die God van genade nie, maar die God van krag en liefde.

Ek het my willens en wetens in die gapende kakebene van die *dood* gewerp. Waarom sou ek nou om genade pleit? Sou dit nie verregaande huigelary wees nie? Deur my eie toedoen het ek in die dodesel beland. Nou moet God my skielik weer uit die penarie verlos. Nee, God is niemand se speelmaat nie.

Hiervan durf nie afgelei word dat ek die kerk verwerp nie. Inteendeel. Enige volk sooder 'n allesomvattende geloof, is 'n volk sonder morele en/of sedelike anker en gedoem om in die wilsand van selfvernietiging te verdwyn.

# 44. *My appèl faal*

Enkele weke na afloop van my appèlsaak, was ek weer een middag besig met oefeninge buite op die grasperk.

"Robey, ek glo nie jou appèl sal slaag nie," het een van die bewaarders aan my gesê.

Ek het my onmiddellik vererg en skerp geantwoord: "Jy weet niks van my saak af nie en ek het jou mening ook nie nodig nie. Jou wens is natuurlik die vader van hierdie gedagte."

Daar was 'n sagte glans in sy oë toe hy weer praat: "Nee, Robey. Om die waarheid te se ... die mms is vanmiddag oor die radio uitgesaai."

Ek het 'n koue rilling deur my liggaam voel gaan. My lippe was skielik droog.

"Ek het niks meer verwag nie," het ek gesê. "Ek is bereid om te sterf."

Daardie middag het belangstellendes begin instroom. Almal het besef dat die einde nader. Mej. Dora van Cittert en Sakkie Bouwer het, soos in die verlede, getrou by my gestaan. Trane het daardie dag vryelik gevloei. Een dametjie het in 'n floute neergesak, 'n ander het half histeries gehuil. Aandoenlike tonele het voor my afgespeel. Die lang verblyf m die dodesel het my nie week gemaak soos die algemene verwagting was nie, maar verhard. Die trane het my nie geroer nie, behalwc dié van my jongste sustertjie, Regina. My bejaarde moeder en oudste suster, Ray, het ook opgedaag. Hulle het nie gehuil nie. Hulle het my moed ingepraat. Dit was daar daardie trots, so opvallend in die Joyce-geslag, wat ook hier geseëvier het.

Toe my oom, ds. W.R. Joyce, sy opwagting maak, het ek verwag dat hy na my sieletoestand sou verneem. Niks van die aard het egter gebeur nie. Hy het net gesê dat hy gent. Smuts wou gaan spreek. Ek het hom versoek om asseblief nie om genade te gaan pleit nie. Ek was bereid om te sterf. Nie dat ek daarin behae sou skep nie, maar net omdat ek my trots nooit kon of sou verloën nie.

Op 21 Desember 1943 is die beslissing va» die Appèlhof skriftelik aan my oorhandig. My appèl is verwerp en ek moes aan die galg sterf. Die dag waarop ek tereggestel sou word, is nie vermeld nie.

Een oggend is 'n brief na my in die dodesel gesmokkel. Dit was afkomstig van my broer Eben en sy kameraad Ryno Baartman. Hierdie twee getroue en dapper volgelinge het geskryf dat hulle reeds sorgvuldig planne beraam het om my te ontset, indien die doodvonnis ten uitvoer gebring sou word. Ek het aan hulle my innige dank betuig vir die grootse gebaar, maar beslis geweier om toe te stem.

Twee dae voor Kersfees 1943 het daar hoogspanning in die Sentrale Gevangenis geheers. Drie of vier nie-blankes was reeds die dag tevore aangesê

om hulle gereed te maak om aan die galg te sterf. Terdoodveroordeeldes word na so 'n aankondiging nie meer toegelaat om die dodesel te verlaat nie. Hulle mag gedurende die periode van grasie, wat gewoonlik drie dae beloop, alles binne redelike perke bestel. Afgesien van spesiale besoek van die galgkandidaat se naasbcstaandes, word allerlei snoeperye aangevra. Die licflingdis onder die nic-blankes was biefstuk en eiers. Ook musiekinstrumcnte is aan hulle verskaf. Een Klcurling, so is aan my vertel, het op 'n keer 'n mondfluitjie gevra. Die dag toe hy na die galgkamer stap, het hy ewe ongeërg die liedjie "Nader na die pale toe" op die fluitjie gespeel.

Die Goewerneur-Generaal-in-Rade se besluit oor my lot sou nietemin daardie dag bekendgemaak word.

Ek het reeds duidelik te kenne gegee dat ek onder geen omstandighede sou toelaat dat nie-blankes saam met my die galg betree nie. Ek het om bepaalde redes nie verwag dat aan my enige grasie verleen sou word nie.

"As ek gehang word, word ek eerste en alleen gehang," het ek aan die bewaarders gesê.

"Die dag van my teregstelling is uitstekend gekies," het ek bygevoeg. "Die Kersfeesstemming sal gebruik word om gevoelens te demp. Oulike set!"

Daardie middag is ek na die tronkbestuurder se kantoor ontbied. Daar is ek meegedeel dat my vonnis verander is tot lewenslange gevangenisstraf. Wat my veral getref het, was die bestuurder se belofte dat daar geen verskil in die behandeling van my en dié van ander gevangenes sou wees nie. Hierdie belofte is nie gestand gedoen nie. Van die dodesel is ek direk na die segregasieselle geneem. "Hoekom word ek dan afgesonder? Twee jaar lank was ek reeds geïsoleer. Nege-en-'n-hahve maand het ek op die sementvloer van die dodesel gele en nou moet ek alweer gesegregeer word. Ek eis dat die rede aan my verstrek word. Sonder aanklag, sonder verhoor en sonder die opgawe van enige rede hoegenaamd, durf julle my nie straf nie," het ek my lot by die bewaarder bekla.

"Dis bevele," was die antwoord en daarby het dit gebly.

Die segregasie-afdeling van die Sentrale Gevangenis het bestaan uit.ses selle wat deur 'n roosterhek van die res van die tronk afgesluit is. My sel was só gelee dat die son dit nooit kon bereik nie. Dit was 'n natuurlike yskas. So koud was dit daar dat ek in die wintermaande heeldag gesit en bibber het. In hierdie dae het ek vinnig gewig verloor.

Die eintlike rede waarom ek nie tereggestel is nie, is toe te skrywe aan die onweerlegbare feit dat ek my verdediging in die Appèlhof self waargeneem het. By die grasie Gods, was ek een te veel vir "Slim" Jannie. Indien ek dit egter nie gedoen het nie; sou ek *beslis* aan die galg gesterf het. Daarvan is ek oortuig. Die vervalsing van my toespraak sou andersins nooit aan die lig gekom het nie. As ek my self nie wou help nie, hoe anders moes God my dan help?

Elke oggend is aan my 'n hoeveelheid piklyn met 'n seilnaald en die nodige palmstuk oorhandig. Aan die begin het dit maar moeilik gegaan met die sakmakery. Die possakkke moes netjies afgewerk word. Ek het maar gesukkel. Die ander gevangenes het daarvan te hore gekom. Een oggend het 'n medegevangene dit gewaag om met die verbygaan aan my te skreeu: "Robey, hoeveel sakke maak jy?"

"Één sakkie!" het ek luid terug geantwoord.

Indien hierdie gevangene betrap was dat hy met my praat, sou hy swaar gestraf gewees het. Niemand is toegelaat om met my te praat nie. So streng is hierdie maatreël toegepas dat ek jare daarna alleen in 'n moeilik verstaanbare mompeltaal kon praat. Selfs vandag nog het ek geweldig veel las met my spraak.

Van Johannesburg is 'n spesiale bewaarder oorgeplaas na die Sentrale Gevangenis om my op té pas. Hierdie vent was berug vir sy haat jeens politieke gevangenes. Hy was te veel van 'n lafaard om na die Noorde te gaan en het gevolglik die rol van 'n held aan die tuisfront vertolk. Kort na sy aankoms is ek plotseling een oggend in kettings geslaan. Toe ek vra wat die rede is, het die bestuurder aan my gesê dat dit bevele van hoofkantoor is.

"Ek besit tog immers die menslike reg om eers verhoor te word," het ek geprotesteer. Dit het alles niks gebaat nie. Dertig dae en dertig nagte moes ek met die 16 pond-kettings om my enkels werk en slaap. Al my boeke en skryfgoed is uit my sel verwyder. Nadat my dagtaak afgehandel was, was ek genoodsaak om maar stil te sit en na die skrefie lug wat bo deur die klein selvenstertjie sigbaar was, te kyk.

Later het ek verneem dat ses bewaarders uit die Gevangenisdiens ontslaan en geïnterneer is. Hulle sou dan planne beraam het om my te ontset. Die hoofgetuies in hierdie drama was twee gewoontemisdadigers. Hulle komplot teen die ses bewaarders het gestaag. Spesiale punte vir goeie gedrag is aan hulle toegeken. Hulle ontslag uit gevangeneskap is daardeur bespoedig.

Gewoontemisdadigers word meestal deur die gevangenisowerheid as skurke beskou. Hulle sou dan geen eer besit en hulleself bedien van die leuen as wapen. Hierdie houding is, eienaardig genoeg, net na gelang van omstandighede ingeneem. Is die gewoontemisdadiger die beskuldigde in een of ander tronkoortreding, dan lieg hy en word hy skuldig bevind. Tree hy egter op as nuusdraer, praat hy die heilige waarheid.

"So 'n komedie was menigeen se tragedie," sou Langenhoven gesê het.

My gereelde lyfwagte is vermeerder van drie na vyf. Twee van hulle was gewapen. Hulle het gereeld op die wagtorings by die oefenterrein stelling ingeneem as ek oefen. Ook is 'n spesiale grendel, voorsien van 'n reuse-slot, aan my seldeur geheg. Twee wagte was dag en nag by my sel aan diens. Die beklemmende uitwerking van dié gedurige omsingeling op my gemoed is onbeskryflik. Ek het gevoel of ek tot 'n uitbarsting kon kom, maar hoe?

My sel is elke dag deurgesmiffel. Wat daar gesoek is, weet ek vandag nog nie. By sulke geleenthede is alles in my sel rondgestrooi. Moeisaam moes ek dit weer optel en regpak. So het dit aangegaan, nie vir weke en maande nie, maar vir jare.

Saans van ses tot agt, wanneer die ligte uitgedoof is, is daar aanhoudend reg bo my kop getimmer. Die gehamer met 'n metaalvoorwerp op die bctonplafon van my sel, het soos borende vlymskerp naaide in my skedel gevoel. My versoek dat dit assebüef gestaak moes word, het op dowe ore geval. Wanneer die getimmer ophou, het die nagtelike steuring vorm begin aanneem. Kort-kort is daar hard aan die spesiale slot aan my seldeur gepluk. Daarna is die lig van my sel aan- en afgeskakel totdat ek wakker geword het. Hierdie prosedure het deur die nag voortgeduur. Dit is met gereelde tussenposes afgewissel deur die uitdagende geskreeu en gebulder van die wag agter my sel se venster. Dit was "Halt! Wie gaan daar?" van vroeg saans tot sonop.

Indien ek hierdie barbaarse marteling en sadistiese foltering vir 'n maand of ses moes verduur, sou ek geen woord daaroor gerep het nie. Om dit egter bykans vier lange *jare* uit te hou, is meer as genoeg om selfs senuwees van staal te ruïneer. Daarbenewens moes ek gedurig op die koue sementvloer slaap. Die geharde misdadigers, moordenaars en verkragters se selle het plankvloere gehad.

Geen pen is in staat om die psigo-fisiese pyn wat ek moes deurworstel, te beskryf nie.

Die goedige dr. Jack van Druten het my later 'n senumiddel voorgeskryf. Die derde dag het 'n karakterlose bewaarder dit vervang met 'n sterk oplossing ammoniak. Wat die uitwerking daarvan op my sisteem was, maak die daad so vuil, laag en smerig dat ek geen woord kan vind om dit te beskrywe nie.

Geen tronk is 'n picknick- of vakansieoord nie. Wat ek egter agter die hoe tronkmure deurgemaak het, sal selfs die duiwel laat bloos van skaamte.

Alles wat ek hier kortliks aangestip het, het ek breedvoerig beskryf in my brief aan die Goewerneur-generaal, sir Patrick Duncan. Die tronkbestuurder het my na sy kantoor ontbied en gedreig om my aan te kla. Ek sou dan geen reg besit om sonder toestemming 'n skrywe aan die Goewerneur-generaal te rig nie!

"Daardie geskrif is nie deur 'n mensehand geskrywe nie", het ek verklaar. "Dit is uit die hel gepos."

Ek wou net 'n papiergewig gryp, toe dit blitssnel voor my van die tafel weggeraap is. Ek het reeds aan 'n neurose gelei. Ek het gevoel ek word kranksinnig. Ek kon nie meer rasioneel dink nie. Ek het onsamehangende dinge gemompel.

Ses keer is ek daar in die segregasie-selle gestraf sonder rede, sonder aanklag en sonder verhoor.

My skriftelike antwoord hierop was dat die strafdraer se geestesinstelling die straf se hardheid bepaal.

Wanneer 'n gevangene egter barbaars mishandel word sonder 'n kans om hom op die sadiste te wreek, kan daardie drang tot vergelding soos 'n kanker aan sy siel vreet en kan die uitbarsting daarvan noodlottige gevolge hè.

Ek het gevoel ek gaan moor!

As gevolg van die aanhoudende en onverpoosde sielemarteling was die reaksiepatroon van my handelinge onmiskenbaar duidelik. Ek wou my vergryp aan 'n daad van geweld wat verreikende reperkussies sou hè. My hele wese het geroep om wraak. Die jarelange foltering was onbeskryflik wreed. Dit alles sou ek nog veel langer kon verduur, maar ongelukkig het die fanatieke gees waarmee ek besiel was, 'n geweldige knou gekry. Dit het so gebeur: Een aand het die bandiete verskriklik te kere gegaan. Die Sentrale Gevangenis het gedreun soos hulle juig en sing,

"Waaroor kan hierdie tronkgespuis hulle so verheug? Wat het gebeur dat die tronkowerheid sy toestemming aan so 'n demonstrasie verleen?" het ek myself afgevra.

"Ons het die oorlog gewen ... goeie ou Rusland!" het ek iemand in Engels hoor skreeu. Ek het geruk soos ek skrik.

"Dis nie waar nie. Dis nie waar nie. Dit durf nie waar wees nie. Nee, O God, nee!" het my hart teen dié aankondiging geprotesteer.

Tot laat in die aand het die bandiete gejubel en gejuig. Ek kon die hele nag nie slaap nie. Daar op my matjie het ek gele en worstel met die gedagte dat Kommunistiese Rusland en sy handlangers moontlik tog geseëvier het. Hoewel my rede bereid was om hierdie beslissing te aanvaar, het ek botweg geweier om dit te glo. Eers die volgende oggend het dit tot my deurgedring dat dit onherroeplik waar is.

Die Duitsland van Adolf Hitler was verpletter, nie soseer deur getalle-oorwig en wapens nie, maar deur laagvloerse verraad. Vir die eerste keer sedert my kinderjare het ek bitterh'k geween. Die dolk van vertwyfeling het my hart deurboor.

Die gedagte was oorweldigend en die pyn het my siel geskroei. Dit het soos vuur gebrand. My geloof in God het in die smeltkroes beland. Maande aaneen het ek dag en nag geworstel met die gedagte of daar wel 'n Hoer Mag bestaan. Indien wel, waarom sou Hy dan toelaat dat 'n ateïstiese monster seëvier? Wat is dan Sy doel met hierdie ondermaanse? Voordat ek 'n antwoord kon vind op die eerste waag, het 'n tweede reeds in my opgeborrel. Ek was in 'n hewige sielestryd gewikkel. Alles om my was in 'n ondeurdringbare donkerte gehul. Ek het na lig gesoek, maar kon dit nie vind nie. Algaande het ek my ewewig begin kwytraak. Ek het gevoel dat ek kranksinnig word en het tot my self ingekeer. Ek het geen belangstelling in die lewe meer gehad nie. Ek wou sterwe. Ek het reikhalsend gesmag na die ewige rus ... die dood!

Daar was *nooit* die sweem van 'n gedagte om my hand aan my eie lewe te slaan nie. *Ek is geen held nie,* maar innerlikc trots en my onvermurfbare politieke geloof het alles oorwin wat moontlik aan enige vertolking van lafhartigheid kon grens.

Vandag aanvaar ek die uitspraak dat die Westerse beskawing gedoem is om in die wilsand van nihilistiese Kommunisme vir ewig te verstik, maar dit bied my geen verskoning om te kapituleer en te gaan lê nie; inteendeeL, die wete dat 'n titaniese stryd wag, sterk my siel en vul my met nuwe krag.

Laat die donder en blits uit die hel op ons neerdaal. Laat moord, verkragting en vlamme hoogty vier. Laat bloed en trane diep vloei. Laat moeders ween en kinders huil. Ons sal hoor en ons sal voel ... die smart en pyn sal deel wees van die stryd, maar weghardloop, sal ons waaragtig nooit. Ons daag die stryd met doodsgevaar in al sy verskeidenheid. Ons sal veg en ons sal sterwe. Ons vir jou, Suid-Afrika!

Daar in die klein halfdonker tronkselletjie in Pretoria het die ondergang van Nasionaal-Sosialistiese Duitsland my 'n verpletterende slag toegedien. Toe het ek alleen gestaan. Die pyn en smart wat in aantog was, het toe reeds my siel verteer. Ek het waansinnig geword van verdriet.

Op my versoek is twee staatspsigiaters na die gevangenis ontbied om my geestestoestand te ondersoek. Hulle bevinding was dat die isolasie opgehef moes word. Dr. Colin Steyn, toentertyd Minister van Justisie, het persoonlik na die gevangenis gekom om my van die bevinding te verwittig.

Die vrystelling uit isolasie het 'n geweldige verandering in my gemoedstoestand teweeggebring. Ek was nou ook toegelaat om saam met die ander gevangenes konserte en ander tronkvermaaklikhede by te woon. Terwyl ek voorheen onder die wakende oë van vyf wagte my oefeninge gedoen het, was daar nou net een bewaarder op die wagtoring. Ek kon ook vryelik gesels met enigeen. Nie dat hulle my kon verstaan nie, maar tog.

Volgens gebruik, moes alle gevangenes elke Sondagoggend buite op die oop terrein vir die inspeksieparade aantree. Hierdie inspeksie word deur 'n tronkbeampte of sy assistent waargeneem. Een Saterdagmiddag het ek 'n hewige woordewisseling met 'n bewaarder in die tronkhospitaal gehad. Ek het skerp uitgevaar teen die tronkowerheid. Ek het sekere hooggeplaaste persone in die gevangenisdiens beskuldig van diefstal van staatseiendom. Tydens 'n hofsaak in Pretoria in 1949 is hierdie aantyging van my gestaaf. Hulle is almal skuldig bevind en gevonnis. Dit is 'n tipiese geval waar wolwe as skaapwagters gebruik is.

Die volgende Sondagoggend moes ons weer oudergewoonte vir inspeksie aantree. Sodra die tronkbeampte voor by die hek inkom, is die klok gelui, as waarskuwing dat sy "Hooggebore Deurlugtige Majesteit" opgedaag het. Sodra die bewaarder in bevel van die parade die bestuurder opmerk, het hy hard ge-

skree: "Aandag! Hoede af!" Op hierdie bevel is die hoed flink van die kop gepluk.

Daardie oggend het "Sy Hoogheid", die beampte, by my tot stilstand gekom. "Waar is jou hoed?" wou hy weet.

"Ek dra geen hoed nie," het ek geantwoord.

"Sorg dat jy in die vervolg jou hoed saambring," het hy uit die hoogte gesê.

Ek het nie geantwoord nie, maar daar en dan besluit dat ek nie aan hierdie bevel gehoor sou gee nie. Ek was bloot 'n politieke gevangene en nie die voetmat van twyfelagtige karakters nie. Die vernedering was al groot genoeg sonder hoed.

Na afloop van die parade het ek aan die bewaarder aan diens gesê: "Ek sal nie my hoed vir julle d... afhaal nie. Daar is van julle hoofde wat nog groter misdadigers is as die gewoontemisdadigers hier in die tronk. Gaan vertel aan daardie groot kokkedore van jou ek se so." Dit was nie die eerste en ook nie die laaste keer dat ek in onomwonde taal my mening teenoor die tronkpersoneel uitgespreek het nie.

Nadat ek twee Sondae sonder hoed op parade verskyn het, het die beampte die derde Sondag weer opgedaag. Hy was toe reeds bewus van my standpunt oor die hoedafhalery.

"Leibbrandt, waar is jou hoed?" wou hy streng weet.

"Die afgelope paar maande staan ek elke Sondag hier sonder hoed. Nou kom jy plotseling met jou hoedstorie. Wat is die eintlike doel van die hoed? Is die hoofdoel dat ek dit vir *jou* moet afhaal? Ek sal dit waaragtig nie doen nie!" Ek het oor die beampte se kop lugwaarts gekyk.

"Ek wil jou hoed op parade sien," het die man vervolg.

"Vir my sal jy sien, maar beslis nie my hoed nie. Verstaan jy?" het ek voortgegaan.

In die Sentrale Gevangenis *was* dit gebruik om die gevangene te verneder en te verguis. Die klaarblyklike doel was om 'n diepe minderwaardigheidsgevoel by die gevangene aan te kweek.

Baie van die bewaarders se agtergrond was sodanig dat hulle uit die aard van huislike omstandighede minderwaardige drenkelinge in die sosiale lewe was. As *bewaarder* is plotseling aan hom status verleen. Hy was heer en meester in sy eie domein ... die tronk. Hier kon hy hiet en gebied, maak en breek. Hierdie magsposisie het sy ego gestreel. Die gevolg was dan ook dat hy geen geleentheid sou laat verbyglip om sy selfgeldingsdrang tot ontplooiing te bring nie. Daar was en is egter bewaarders wat gunstig met die beste van ons vergelyk kan word.

Wat die motief ook al vir die astrante, onbeskofte en weersinwekkende houding van sekere bewaarders in die gevangenis was, is nie hier ter sprake nie. Ek wil net hier konstateer dat ek dikwels jammer gekry het vir gevoel- en eer-

lose misdadigers wat geen morele reg besit het om aanspraak te maak op simpatie nie.

Dikwels het ek ervaar hoe 'n gevangene verskree is, nét omdat dit die bewaarder behaag het. Dit was 'n gewoonte by sommige bewaarders om die mantel van 'n tiran om te hang. Hierdie rol kon uitmuntend vertolk word wanneer so 'n bewaarder in die "maag" of saai van die Sentrale Gevangenis aan diens was. Op elke gevangene wat, na gelang van sy werk, deur die saai moes stap, is daar geskree: "Stap aan! Kyk voor jou. Maak vas jou baadjie!" So 'n paniekbevange gevangene het gewoonlik sy pas versnel, gevoel-voel of al sy baadjieknope vas was en soos 'n soutpilaar voor hom gekyk.

Toe ek op daardie bewuste Sondagoggend geen ordentlike en volwasse woordewisseling uit die beampte kon lok nie, het ek luid gesê: "Stap aan. Kyk voor jou. Maak vas jou baadjie." Die kerel het gebloos en aangestap.

Twee dae né hierdie voorval is ek na die assistent-bestuurder se kantoor ontbied. Ek is meegedeel dat ek aangekla is weens my optrede teenoor die beampte. Ek het geweier om deur 'n ondergeskikte persoon verhoor te word. Ek het my op 'n tronkregulasie beroep wat bepaal dat 'n gevangene kan eis om deur die besoekende landdros verhoor te word. Uit eie ervaring het ek geweet dat dit nutteloos sou wees om my self te verdedig. Ek het derhalwe gevra dat 'n regsgeleerde my moes bystaan. My versoek is botweg van die hand gewys.

Volgens die klagstaat sou ek aan die beampte gesê het: "Ek haal nie my hoed vir julle d... af nie." In wcrklikhcid het ek hierdie woorde drie weke tevore teenoor 'n bewaarder gebesig. Meer as honderd gevangenes kon getuig dat die klag teen my vals was. Ek het my bloedig vererg vir die assistent-bestuurder. Daar het 'n skerp woordewisseling ontstaan. Hy het gedreig om my in my afwesigheid te verhoor. "Die uitspraak sal tog maar dieselfde wees," het ek uitgeroep en uitgestap.

Laat ek dit hier weer baie duidelik stel. My vader was 'n streng gedissiplineerde militaris. Vroeg in my lewe het ek geleer om dissipline te handhaaf. Ek was kadet tydens 'n offisierskursus aan die Militêre Kollege. Ek was sersant-instrukteur aan die Polisiekollege. Ek was adjunk-offisier van die Spoorwegpolisie. Ja, ek was selfs korporaal van die Duitse valskermtroepe. In al die jare van diens onder 'n dissiplinêre kode is ek nooit aangekla nie. As rekruut is ek een keer berispe omdat my baard nie skoon geskeer was nie. Ek het my so geskaam dat ek gewens het ek sink in die aarde weg. Hoe uitermate streng die dissipline in die Duitse leer was, het ek reeds beskrywe. Hoe strenger die dissipline, hoe gelukkiger was ek.

Indien my volk dissipline kan aanleer, vrees ek nie die bloedige worsteling met Kommunistiese barbarisme nie. Hierdie stryd is onvermydelik. Dit staan onuitwisbaar in die Kommunistiese program van wêreldverowering geskryf. Dit volg die weg van bloed, trane, marteling en verkragting.

Dit is byna te laat. Ons is omsingel deur Kommuniste. Ons land is deurdrenk van Kommunisme. Hulle wag net op die bevel van Moskou. Laat dissipline ons wagwoord wees. Ons het nog 'n kans om as blanke volk voort te bestaan. Ons mag nie wanhoop nie. Ons mag nie twyfel nie.

Die Weste het die appel van Sneeuwitjie gepluk. Die rooi glans daarvan is as oorwinning vertolk. Ons is besig om aan die Kommunistiese gif te proe. Dit was alles in die appel versteek.

Só het ek ook geproe aan die kelk van edik in die Sentrale Gevangenis. Op unieke wyse het ek dit tot die droesem geledig. Wie wil nog praat van dtssipline in 'n doolhof van smart waar onreg, wreedheid en skandalige optrede, hoogty gevier het?

Ek is in die Sentrale Gevangenis soos 'n ondier behandel. Ek moes veg om daardie ingebore trots, reeds oorbeklemtoon in my boek, ongeskonde te bewaar. Dag na dag is ek aan onmensUke toetse onderwerp. Ek het die stryd teen die deelname van my vaderland aan die dwase boemerang-oorlog alleen aangedurf. Ek moes alleen die skuld en verantwoordelikheid dra. Ek is alleen tot die dood veroordeel. Maar net soos Nasionaal-Sosialistiese Duitsland, het ook ek geweier om die vaandel te stryk.

Die tronkowerheid het gesweer dat hulle my sou breek. Die owerheid het my gewaarsku. Ek sal moet buig of breek. Daar was geen middeweg nie. Ek het gesê dat ek beslis weier om te buig. Ek buig alieen voor God.

In my afwesigheid is ek skuldig bevind en tot een-en-twintig dae ryswater gevonnis.

Onderwyl die assistent-bestuurder sy bevinding aan my voorgelees het, het ek eenvoudig my rug op hom gekeer en doodluiters aangestap na my sel.

"Sluit hom op!" het hy woedend geskree.

"Waarvoor wil jy jou nonsens aan my voorlees? Trap en maak dat jy wegkom," het ek hom toegesnou.

Die assistent-bestuurder het aan 'n spraakgebrek gely. Die gevolg was dat selfs die bewaarders teenwoordig nie hulle lag kon bedwing nie. Dit moes 'n aardigheid gewees het om na twee mense te luister wat nie behoorlik kon praat nie. Hy wou praat, maar hy kon nie. Ek kon weer mompel, maar niemand kon my verstaan nie.

Terwyl ek aanstap, het ek skielik 'n ingewing gekry. "Neem my eers na die tronkhospitaal sodat ek die verband om my arm kan vervang," het ek aan die vriendelike hoofbewaarder gesê.

Ter verduideliking wil ek net meld dat, as gevolg van die koue sementvloer waarop ek soveel jare moes slaap, ek chroniese neuritis in my regterelmboog opgedoen het. My ehnboog is in 1936 in die lit beseer. Dit het op pad na die Olimpiese Spele gebeur, soos ek vroeër beskryf het. Ek het behandeling in Duitsland ontvang, maar my regterarm is vandag nog krom.

Toe ek weer terug in my sel was, het ek in woede uitgebars.

"Vir meer as vyf jaar maak julle met my net wat julle wil. Julle wil my kamma breek. Nou ja, breek my, laat ek sien. Julle barbaarsheid sal ek nie meer slaafs ondergaan nie." By die afsluit van hierdie woorde, het ek die bewaarder by my sel uitgestatnp.

"Uit!" het ek geskree. "Sonder geweld kry julle my nie uit hierdie sel nie."

Met hierdie woorde het ek 'n skêrtjie te voorskyn gehaal. Ek het dit enkele minutc vantevore by my besoek aan die hospitaal stilletjies voor by my hemp ingesteek.

"Ek het wel net een gesonde arm, maar onthou ek is gewapen." Om krag aan my woorde te verleen, het ek my een skoen uitgepluk. Ek het 'n venster-ruit stukkend gcgooi. Die gebreekte glas het oor die vloer gestrooi gele.

Die bewaarder het die buitedeur vinnig toegestamp en gesluit. Gou is voorsorgmaatreëls vir 'n moontlike oorrompeling die nag getref. Ek het hulle geken en hulle vir my. Dit sou een teen 'n oorweldigendc meerderheid wees - geweld teen geweld, 'n skêr teen 'n legio wapens.

# 45. *Traangas word gebruik*

Elke sel in die Sentrale Gevangenis het twee deure. Die een aan die binnekant kan beter as 'n rooster- of traliehek beskryf word. Die een is sowat sewe duim van die ander deur.

Toe die hoofbewaarder die buitedeur toeslaan, het ek geweet wat om te verwag. Om te voorkom dat ek in die nag oorval word, het ek 'n plan bedink, Ek het 'n stuk papier in water geweek. Die skottel water in die sel is gebruik vir was- en drinkdoeleindes. Met behulp van die skêrtjie het ek die nat papier stewig in die sleutelgat van die roosterhek gestamp.

Die volgende oggend is alle gevangenes gelas om die gebou te verlaat. Die buitedeur van my sel is wyd oopgemaak. Talie bewaarders het voor my sel in die gang saamgedrom. Een het met 'n lang redenasie begin. Ek moes verstandig wees en my vrywUlig oorgee, het hy gesê,

Vir hom was verstand sinoniem met kruiperige lafhartigheid. Een bewaarder het dit gewaag om met 'n skroewedraaier in sy hand nader te kom. Hy wou blykbaar die slot van die roosterhek verwyder. Toe ek hom storm, het hy vinnig padgegee.

"Kom uit daar!" het die opperbewaarder ewe manhaftig beveel.

"Jy praat nog," het ek woedend gesê en na 'n halfgevulde paraffienbottel gegryp wat in die sel gestaan het. Met een sprong was die opperbewaarder buite sig. Hy is vervang deur 'n tweede opperbewaarder. Hierdie kerel, Burger, was vroeër jare saam met my instrukteur aan die SA. Polisïekollege. Hy was 'n besonder knap instrukteur. As opperbewaarder het hy kop en skouers bo die ander uitgestaan. Hy was deur iedereen gerespekteer. Hoewel ek nog nooit 'n verdediging of 'n teenwapen teen opregbedoelde sagte woorde besit het nie, kon niks my daardie oggend beweeg nie.

Opperbewaarder Burger *moes* sy plig doen. Die glashouer met bruingeel vloeistof is op my sel se vloer stokkend gegooi. Ek het geweet dat dit traangas was. Enkele tellings voor hierdie gebeure het drie, vier bewaarders in die gang rondgeparadeer. Hulle het gasmaskers aangehad en het gelyk kompleet nes jong olifantjies wat loop en wei.

Haastig het ek my sakdoek in die skottel water gedoop en styf om my oë gebind. Ek het geweldig begin hoes. Daar was genoeg gas in my selletjie om 'n hele regiment op loop te jaag. Terwyl ek op my knieë rondgekruip en na lug gcsnak het, het ek my skoen beetgekry en nog 'n ruit stukkend gegooi. Voel-voel het ek my tafeltjic tot onder die venster gestoot. Ek het daarop geklim en die instromende vars lug probeer inadem. DU het later gevoel asof gloeiende ysters diep in my oogholtes ingedruk word. Ek was rasend van pyn.

"Gaan jy ingee? Gaan jy ingee?" het ek die bewaarders herhaaldelik hoor roep. Ek het so geweldig gehoes dat ek nie eens kon antwoord nie. Ek het net met my arm "voertsek" geswaai.

Hoe lank hicrdic worsteling geduur het, kan ek nie met sekerheid se nie. Ek het later bewusteloos ineengestort. Die slot van my sel se roosterhek is afgeskroef en ek is uitgesleep. By die ryswaterselle is weer 16 pond-kettings om my enkels en lyf geslaan.

"Luister," het ek aan die hoofbewaarder gesê. "Met gas, ja, traangas het julle my oorweldig, maar breek sal julle my nie. Ek is ook nie bereid om julle voedselbepalinge te volg nie. Geen voedsel in vloeibare of vaste vorm sal in hierdie een-en-twintig dae oor my lippe gaan nie!"

Die ryswaterselle is maar nege by vier voet. As gevolg van die gas in my longe het ek daardie nag byna verstik. Die volgende dag het dr. Van Druten beveel dat die buitedeur van my sel in die vervolg nie toegemaak moes word nie.

Op die een-en-twintigste dag van my hongerstaking in die ryswaterselle was ek nog sterk. Onderwyl ek daardie dag besig was met oefeninge het ek uitgeskreeu: "Hoe lyk dit nou? Ek dag hierdie kettinkies gaan my binne sewe dae omtrek?"

Aangesien geen mens een-en-twintig dae sonder vloeistof kan lewe nie, het die tronkowerheid tot besinning gekom. Hulle het geweet dat ek my lippe nie aan ryswater sou sit nie. Ek is derhalwe toegelaat om water te drink. Hulle was toe reeds terdeë bewus van die feit dat ek eerder sou sterwe as om te kapit uleer.

Om 'n herhaling van die hoedepisode te voorkom, is ek na die gevangenis-hospitaal as magasynmeester oorgeplaas. By die hospitaal was daar geen Sondag-parade nie.

Onverwags het daar een oggend 'n lys met name verskyn. Al die sogenaamde eerste-oortreders sou oorgeplaas word na die Baviaanspoort-gevangeniskamp. Al die name van lede van die O.B. was daarop. Ook dié van talie moordenaars en verkragters, My naam was nie daar nie.

# 46. *Op hongerstaking*

Op 2 Junie 1947 het ek 'n ultimatum aan die Minister van Justisie gerig. Ek het onder andere geskryf: "Regulasie nommer 418 van Wet 13 van 1911 bepaal en omskrywe die behandeling van politieke gevangenes. Wat het egter gebeur? Ek is ingeskakel onder die regulasies soos vasgestel vir misdadigers. Wat die behandeling egter betref, was ek 'n uitsondering op elke reël.

"Die verkragting van reg en geregtigheid in hierdie land moet nou einde kry. In dier voege gee ek u *tien dae* tyd om reg aan my te laat geskied, d.w.s. tot om twaalfuur die middag van 12 Junie 1947. Ek sal dan oorgaan tot 'n hongerstaking. Dit is oorbodig om hier te meld wie en wat ek is. Die skrif van my *dade* getuig vir my. Een ding is egter seker en dit is dat *niks* ter wereld daartoe in staat is om die fanatieke gees waarmee ek besiel is, te vermurwe nie.

"Enige leuenagtige persverklaring dat ek na aanvang van my hongerstaking voedsel in enige vorm geneem het, sal derhalwe as belaglik voorkom."

Op die vasgestelde uur en datum het ek geen antwoord van die Minister ontvang nie. Ek het onmiddellik oorgegaan tot 'n hongerstaking.

Die prestasievermoë van die vesel van die liggaam word grotendeels bepaal deur die voedsel wat die mens nuttig. Dit is derhalwe logies dat my liggaam na vyf-en-'n-halwe jaar van louter laegraadse tronkkos nie in staat sou wees om veel weerstand teen honger te bied nie, veral wanneer dié beproewing in die winter geskied. Aangesien die liggaamshitte deur die koue geabsorbeer word en ek geen voedsel geneem het om dit te vervang nie, het ek na agttien dae begin swak voel.

Op daardie dag het my susters Ray en Regina my kom besoek. In die loop van ons gesprek het hulle in trane uitgebars. Lank na my hongerstaking het hulie aan my vertel dat ek toe reeds begin yl het, en hulle bevrees was vir die ergste.

Op versoek van my susters het die goedige dr. Jack van Druten my spesiaal kom ondersoek. Hy kon nouliks my pols voel. Die volgende dag het reuse-opskrifte in die koerante verskyn: *Leibbrandt Se Toestand Ernstig. Gaan Vinnig Agleruit.*

Verder: "Daar was gister 'n onnatuurlike glans in Robey se oë terwyl sy geheue swak was en hy besonder swaar van spraak was. Sy geneesheer vrees dat die ergste binnekort kan gebeur indien hy nie begin eet nie.

"Leibbrandt het gister te kenne gegee dat hy nie die minste van plan is om sy hongerstaking te beëindig nie. Hy het gesê dat hy met 'n doel daarmee begin het, en dat hy sal aanhou totdat hy die doel bereik het, of andersins bereid is om die gevolge te dra."

Banieropskrifte in die koerante het soos volg gelui:

*Ontsteltenis Bruis op By Publiek, Leibbrandt SinkAl Verder Weg; Leibbrandt se Toestand Bedenklik; Leibbrandt Verloor Soms Bewussyn.*

In *Die Transvaler* het 'n insiggewende hoofartikel verskyn. Dit is bekend dat dr. H.F. Verwoerd dié jare redakteur van *Die Transvaler* was. Dit is ook bekend dat ek, as deeglik opgeleide politieke soldaat, reeds meermale na dr. H.F. Verwoerd verwys het as 'n gebore leiertipe. Hieruit moenie afgelei word dat hierdie hoofartikel my houding jeens die huidige Eerste Minister bepaal het nie. Het dr. Piet van Nierop dan nie in 1946 deur sy moedige optrede in die Parlement ontsaglik veel bygedra tot verligting van my lyding in die Sentrale Gevangenis nie?

Ek is geen huigelaar en ook geen kruiper nie. In hierdie sin moet ook my houding teenoor genl. Smuts vertolk word. Alles wat ek se, sal ek onweerlegbaar bewys.

Mag ek die wens uitspreek dat dr. Verwoerd die Suid-Afrikaanse volk net so goed leer ken as wat hy kennis dra van die sielkunde van die mens.

*Die Transvaler* se hoofartikel het soos volg gelui: "Hierdie koerant het hom tot dusver nog nie in sy inleidingskolomme uitgelaat oor die hongerstaking van Robey Leibbrandt nie. Hy wou dit vir die Regering so maklik moontlik maak om 'n onbesonne besluit van sy amptenare te herroep deur nie die openbare mening te sterk te vertolk nie. Namate die toestand in twee opsigte dringender word en die Regering koppig bly, is dit egter nie gewens om langer te swyg nie. Die een opsig is dat Leibbrandt fisies skielik vinnig agteruit begin gaan het. Die tweede is die haatdraendheid veral in briewe in die Regeringspers wat miskien die Regering onder die indruk kan bring dat dit die gevoel is waarmee hy die meeste rekening moet hou!

"As hy dit nie weet nie, dan is dit noodsaaklik dat nou aan die Regering - en sowel veldm. Smuts as min. Lawrence moet veral hiervan kennis neem - vertel word dat daar 'n latente gevoel van stygende misnoeë onder die hele publiek aanwesig is. Eersdaags sal dit miskien uitbars in telegrafïese aandrang of op ander maniere. Maar is dit nodig dat die volk druk uitoefen voor verstandig opgetree word?

"Adv. J.G. Strijdom se dringende beroep op die Minister van Justisie toon hoe sterk die aandrang sou gewees het indien die Volksraad in sitting was. Die eenvoudigste feit is dat Suid-Afrika nie meer Jopie Fouries wil hè nie, en dat die prestige van 'n Minister of amptenaar nie iemand se dood werd is nie, so oordeel die publiek. Is die volhou met die weiering om Leibbrandt gelyk met die ander politieke gevangenes te behandel deur enigiets anders as oorweging van prestige gemotiveer? Die publiek daarbuite kan dit nie glo nie.

"Die feite is immers dat die gevangenisowerheid erken dat Robey hom kalm en gehoorsaam gedra het. *Hulle erken dat hy 'n man van sy woord is, en as hy 'n eed neem om nie* te ontsnap of moleste te veroorsaak nie, hy dit nie sal doen nie. Daarby kom dat sy vader finansiële waarborge wil verskaf, en dat sy susters aanbied om as gyselaars te dien ingeval hy sou ontsnap. Iedereen

weet dat Robey met sy temperament en *eergevoel* daarna nooit 'n dwase daad sal begaan nie. Waarom wil die Minister onder hierdie omstandighede dan nie die proefneming onderneem om Leibbrandt te behandel soos die ander politieke gevangenes nie? Sou hy hom in Baviaanspoort nie goed gedra nie en strenger optrede moet volg, sal hy die publieke simpatie verbeur. Nou het hy dit ongetwyfeld.

"Dit is nie in die geaardheid van die Suid-Afrikaanse volk om 'n persoon goedsmoeds te laat verhonger omdat hy in opstand is teen 'n onreg en ongelyke behandeling hom aangedoen nie. Die Minister hoef ook nie te vrees dat hy deur lankmoedigheid as gevolg van 'n hongerstaking 'n beginsel toegee wat die verloop van die gereg mocilik sal maak nie. Dit is immers alleen politieke gevangenes wat ly vir 'n beginsel waaraan hulle fanatiek glo, wat die innerlike krag het om tot die dood toe hulself te kruisig. Die geskiedenis toon dit en die gewone misdadiger het nog nooit die voorbeeld gevolg nie.

"Grootmoedigheid sal min kos, en die Regering kan die vcrsekcring aanneem dat dit nie teen hom gebruik sal word nie, terwyl hardkoppigheid en 'n man se dood hom nooit vergeef sal word nie."

Toe ek voel dat die dood nader kruip, het ek met behulp van my dapper sussie Regina onderstaande brief uit die gevangenis gesmokkel. Dit was aan die pers gerig.

"Nieteenstaande die onbetwisbare *feit* dat ek, soos deur my dade getuig, met heel my liggaam, met heel my hart, met heel my siel en met heel my verstand aan die Afrikanervolk en aan *niemand* anders behoort nie, is die hongerstaking waarmee ek op 12 Junie om twaalfimr begin het, onder geen omstandighede 'n politieke wapen om die een of ander duistere doel te bereik nie, maar alleen 'n protes teen die skreiende onreg my as idealis aangedoen; en om in die stryd vir reg en geregtigheid selfs 'n hongerdood te sterwe, is beslis geen skande nie, maar 'n groot *eer*.

Ek is *niks*, my volk is *allesl*

God met die Afrikanervolk!

Lewe, Blank Suid-Afrika!

Die Vierkleur hoog!"

In een koerant het my suster Ray se foto verskyn. Die byskrif het soos volg gelui:

"Mej. Ray Leibbrandt het die afgelope paar dae reeds hemel en aarde probeer versit om die lewe van haar broer te red. Sy en Regina, haar jonger suster, voer 'n tydswedloop teen die dood. Robey se toestand is bedenklik."

Op die twee-en-twintigste dag van my hongerstaking het die oggendblad soos volg berig:

*Leibbrandt se Toestand Sorgwekkend. Minister Stem In Tot Onderzoek. Samesprekings Beëindig.*

Die dag daarop verskyn die volgende in die koerant:

"Toe Robey se suster hom besoek het om die tyding aan hom te bring, was

hy besonder swak, maar steeds doodkalm en gewillig om die stryd tot aan die bitter einde vol te hou.

"Robey bet in die bed gele met 'n katjie in sy arm."

Dit het meer as 'n halfuur geverg om my te oortuig dat die Minister sy woord gestand sou doen en my wel na Baviaanspoort sou stuur.

My susters praat vandag nog met lof van adv. Harry Lawrence. Hy was altyd baie beleefd en ridderlik teenoor hulle.

Die ou Fort in Johannesburg dateer terug uit vervloeë dae. Dit is later in 'n gevangenis omskep. Ne my hongerstaking in die Sentrale Gevangenis is ek hierheen oorgeplaas. My behandeling was baie goed. Alles is gedoen om my verblyf so aangenaam moontlik te maak. Een keer per week het ek besoek ontvang van 'n staatspsigiater. Hy moes probeer vasstel wat die uitwerking van die jarelange ghctto-mctodcs op my gemoedstoestand was.

Die gevangeniskamp op Baviaanspoort was 'n proefneming. Voorsorg moes getref word om dit nie te verongeluk nie. Daar was 'n groot vraagteken agter my naam. Wat sou my reaksie wees indien ek nie daar na wense behandel word nie? Die staatspsigiater was opgesaal met hierdie bykans onmoontlike taak. Ne vyf, ses weke in die Fort, het ek tot uitbarsting gekom.

"Hoe lank gaan ek nog getrakteer word op dieselfde vrae? My antwoorde was konsekwent dieselfde. Nou stel ek aan u die vraag: Herhaal in chronologiese volgorde die stappe wat ek gesê het ek sal doen indien ek meedoenloos uitgetart word in Baviaanspoort?"

Toe die psigiater geen bevredigende antwoord kon gee nie, het ek woedend geskree: "Net soos u besig was om my geestestoestand te toets ooreenkomstig my antwoorde op u vrae, het ook ek u geestestoestand getoets ooreenkomstig die vrae wat u aan my stel. Vandag kan ek al u vrae noukeurig herhaal. Ek gee u nou 'n laaste kans. Wat was my antwoorde?" Ek het voortgebabbel en die geneesheer feitlik geen geleentheid gegee om te praat nie. Op 'n bodemlose belediging het hy sag, byna weemoedig gevra:

"Dink jy werklik so, Robey?"

"Ek dink nie so nie; ek weet dit," het ek venynig geantwoord. Vandag nog voel ek jammer, bitter jammer oor hierdie onbesonne optrede van my. Hierdie dokter is reeds oorlede. Tog wéét ek dat hy my vergewe het. Eendag het ek hom weer in Johannesburg raakgeloop. Hy het my vriendelik gegroet.

Daardie oggend in die Fort was ek egter soos 'n ongetemde dier. "Ek gee u en die verantwoordelike Minister drie dae tyd om my na Baviaanspoort te stuur. Ek sal dan weer oorgaan tot 'n hongerstaking. Hierdie keer sal *niks* my beweeg om voedsel te neem nie." Ek het uitgestap en die deur agter my toegeslaan.

Enkele ure na hierdie voorval is my suster na Pretoria. Die Minister het haar laat haal. Twee dae later is ek na die muurlose tronk op Baviaanspoort geneem.



# *47. My vertyf op Baviaanspoort*

As ek 'n digter was, sou ek Baviaanspoort in liriese taal beskrywe het. Vir my was dit soos 'n droom wat werklikheid geword het. Op wonderbaarlike wyse het God my deur die smeltkroes gelei. Nie dat ek dit verdien het nie, maar omrede God alleen diegene help wat bereid is om hulleself te help. Groot was hy wat eenkeer gesê het: "Alleen wie veg om sy reg, het die reg om te lewe, want op hierdie aardbol is daar geen plek vir lafaards nie."

Die skepper van hierdie wysgerige slagkreet is ongelukkig nie meer daar nie. Hy het op raaiselagtige wyse verdwyn. Hy is dood. Sy naam sal egter voortlewe totdat hierdie planeet weer soos eens sonder mense deur die eter sweef. Die Kommunistiese vloedwaters rol onheilspellend nader. Traag, misdadig traag, kom die Weste tot besinning... Groot, onmiskenbaar groot, sal sy naam eendag weer aan die Westerse uitspansel verskyn ... Adolf Hitler!

Ek was teenwoordig die aand in die Sportpalast in Berlyn toe Adolf Hitler

o.a. gesê het: "Indien hierdie oorlog verloor word, sal ek as Führer sy einde nie sien nie." Dit was vir my genoeg. Ek *weet* hy het sy einde nie gesien nie. Niemand op hierdie ondermaanse besit die reg om hom met Adolf Hitler te vergelyk nie. Minste van almal ek. Ek het egter op 12 Junie 1947 gesê: 'Indien ek nie saam met die ander na Baviaanspoort gestuur word nie, sal ek nie eet nie. Ek sal op hongerstaking gaan." Ek het my woord gestand gedoen. Ek was later sterwende. Ek was bereid om te sterwe, want 'n *man* se *woord* is sy *eer.* As ek as nietige wese dit kan doen, kan 'n reus soos Adolf Hitler dit duisend maal beter doen.

Die Minister van Justisie het geweet dat ek nooit sou poog om uit Baviaanspoort te ontsnap nie. Hy het geen rede gehad om die teenoorgestelde te glo nie. Tog was hulle bewees. Die vrees was gegrond op die moontlikheid dat ek weens my onblusbare wrokgevoelens j eens die gevangenisowerhede in opstand kon kom. Ek kon moontlik die verpleegdes - die nuutgevonde benaming vir die strafdraers in Baviaanspoort - opsweep teen die bewaarders. Ek is as 'n roekelose agitator beskou.

My antwoord op hierdie onuitgesproke vermoede was duidelik: "Wanneer enigiemand voornemens is om 'n gemeenskaplike daad te pleeg, moet hy noodsaaklikerwys eers bewus wees van die soort mensemateriaal tot sy beskikking. Hy moet deeglike kennis dra van die gees waarmee sy strydmakkers besiel is, Hy moet 'n noukeurige analise van hulle verlede maak. Dit moet *manne* wees wie se karakters reeds in die smeltkroes gelouter en gestaai is."

Daar in die muurlose tronk was ek egter saam met persone van alle aard en stempel. Om nou sommer uit die bloute 'n aggregaat van twyfelagtige karakters saam te snoer tot 'n soliede homogene geheel, verg tyd, vertroue en bowenal optimistiese wensdenkery. Vir so 'n dwase onderneming was ek beslis

nie te vinde nie. Na aanleiding van my ervaring en ondervindinge in die oorlogsjare het ek die Suid-Afrikaanse volk leer ken soos *alleen* genl. Smuts hom geken het. En hy was 'n meester op daardie gebied.

In Baviaanspoort was ek in 'n groot vertrek gehuisves. Hoewel daar nog ruimte vir minstens tien beddens was, het ek niemand daar toegelaat nie. Kort na my aankoms in die kamp het ek dit so bewerkstellig dat ek verkies is tot voorsitter van die sportkomitee. Ek was in bevel van alle sportbedrywighede. Ek het geen ander werk verrig nie. Ek het my besig gehou met die organisasie vanboks-enring-tennistoernooie,voetbalwedstryde,atletiekbyeenkomste,jukskeiwedstryde, en so meer.

Ek het my veral toegelê op die handhawing van dissipline op die sportvelde. Die bakleiery het ek die eerste dag stopgesit. Ek het nooit enige persoon weens wangedrag op die sportveld by die bestuurder aangekla nie. Ek het hom self gestraf. Ek het 'n vry en ongebonde lewe gelei. Daar was nooit 'n wag saam met my nie. Eenkeer het ek per ongeluk laat in die kamp aangekom. Die nuwe hoofbewaarder aan diens het my streng aangespreek. "Waar was jy?" wou hy weet.

"As jy my vra waar ek was, dan wantrou jy my. As jy my wantrou, moet jy my oppas. Ek sal in die vervolg nie meer my voet by die kamp uitsit sonder 'n wag nie. Onthou net, ek is nie 'n hoender wat jy hier agter die draad kan hou nie."

Kort na die etenspouse is ek na die bestuurder se kantoor ontbied. Ek het hom vertel wat gebeur het. Hy het my simpatiek aangehoor en gesê: "Probeer om in die vervolg altyd betyds in die kamp te wees, Leibbrandt."

Toe ek hom vra of hy nie miskien vir my 'n horlosie het nie, het hy uitgebars van die lag. Dit is nodeloos om te meld dat ek nie weer laat by die kamp aangekom het nie.

Op inisiatief van die politieke gevangenes in Baviaanspoort is 'n maandblad getitel *Bógom* in die lewe beroep. Ek was sport-redakteur. Ek het onder die naam Olimpus geskrywe. Dr. Erik Holm, H.S. van Blerk, Julian Visser en Giel Pienaar het almal interessante bydraes gelewer.

Ons het spesiale dae afgesonder wanneer alleen na klassieke musiek geluister is. By sulke tye het ek gesorg dat daar 'n doodse stilte in die saai heers. Een Sondagmiddag was ek genoodsaak om 'n sekere persoon aan sy nek by die saai uit te gooi. Hy het by die bestuurder gaan kla oor my hardhandige optrede. Die onverwagte het gebeur. Nie ek nie, maar hy het die skrobbering gekry.

Enige meningsverskil onder die gevangenes het ek met die bokshandskoene laat oplos. Daar was geen puntebeslissing en ook geen rondes nie. Hulle moes veg tot die bitter einde. Wie daar nie wou luister nie, is deeglik opgefoeter. Die bestuurder het my vrye teuels gegee. Een ding is seker: die inwoners van Baviaanspoort het dissipline leer ken.

Reikhalsend het ons die uitslag van die algemene verkiesing afgewag. Toe die finale uitslag van 26 Mei *1948* bekend getnaak is, het daar groot opgewondenheid in die kamp geheers.

Ek het soos volg geredeneer:

(a) Die Regering wat my skuldig bevind en veroordeel het, het met die ver kiesing weggeval en daarmee ook die aanklag sowel as die vonnis.
(b) Geen kriminele aanklag van watter aard ook al is tydens my verhoor teen my ingebring nie. Ek was derhalwe bloot 'n politieke gevangene en die vrystelüng van politieke gevangenes is die simbool van oorwinning.
(c) Die Nasionale Regering is veronderstel om die verteenwoordigers van die Afrikanervolk te wees. Daar ek, *volgens die immanente wette van die Nasionaal-Sosialistiese idee*, net in diens van die Afrikanervolk gestry en gely het, besit die verteenwoordigers van daardie volk hoegenaamd geen reg om my in gevangeneskap te hou nie.

Die oggend van ons vrylating was daar groot opgewondenheid in die muurlose tronk op Baviaanspoort, 'n Groot getal mense van heinde en ver het buite die draadomheining op ons gewag.

Met 'n hele stoet motors is die politieke gevangenes na Pretoria vergesel waar talie verslaggewers en fotograwe ons stormgeloop het.

Met my vrystelling uit gevangeneskap het 'n storm losgebars. Reuse-protesvergaderings het oral in die land plaasgevind. Plakkate het daagliks in die strate verskyn. Die pers het ruimskoots bygedra om die vlam hoog te blaas. Daar het 'n interessante tweegeveg tussen die partypolitieke koerante plaasgevind. Wat die een geskryf het, het die ander een negeer of weerlê met feite of halwe waarhede. Briewe van lesers was legio. Die name van lede van die O.B. wat kort voor die verkiesing deur genl. Smuts vrygelaat is, is volledig met oortreding, vonnis en datum van ontslag aangehaal. Die mondstukke van die Nasionale Regering het hou vir hou teruggeslaan, Ek het talie naamlose dreigbriewe ontvang. Die een wou my doodskiet, die ander wou my ophang. Hoe weinig ek my hieraan gesteur het, word duidelik weerspieël deur 'n berig in die pers. Onderaan my foto het die volgende verskyn:

*"Ewe Rustig Onder Sy Vriende..."* Die man oor wie daar 'n vlaag van opgewondenheid in Suid-Afrikaanse politieke kringe ontstaan het, en oor wie daar heel moontlik binnekort in die buitelandse pers gekorswil sal word, kan hier op die foto gesien word, onderwyl hy *onbekommerd* is oor wat daar oor hom gesê word, in die hoofstraat van Potchefstroom met vriende gesels. Hy is Robey Leibbrandt.

"Oënskynlik argloos oor die politieke veldbrand wat as gevolg van sy loslating ontstaan het, beweeg Leibbrandt hom nonchalant deur die strate van die ou Transvaalse hoofstad en gesels hy op kalme wyse met ou vriende, kennisse en nuuskicriges."

Ongelukkig het die Opposisiepers adv. C.R. Swart in sy hoedanigheid as Minister van Justisie gebruik as skyf vir die mees diaboliese aanvalle denkbaar. Hierdie Vrystaatse seun het toe reeds 'n tere plekkie in die hart van die Afrikanervolk verower en niks kon dit wegneem nie.

Alle aandag was gevestig op die Parlementsitting wat woeg in September 1948 'n aanvang sou neem. Op 10 September het 'n berig in 'n koerant verskyn onder die opskrif: *Veldmaarskalk Smuts Oor Robey Leibbrandt.*

Die ou gryse strydros het onder andere gesê: "Ons handel hier met 'n deel van 'n tragedie uit die verlede."

Hy het verder vertel hoe hy in sy jong dae aanvoerder in die Tweede Vryheidsoorlog was. Daar was 'n jong hcliografis genaamd Leibbrandt in sy afdeling.

"Op 'n keer het hy Leibbrandt met drie ander manne gestuur om die bewegings van die vyand dop te hou. Die vier manne het na hulle poste gegaan en hy het die hele dag lank geen verslag gekry van óf hulle bewegings óf van dié van die vyand nie. Laat daardie nag het Leibbrandt en sy drie maats egter teruggekeer met tien Engelse gevangenes. Op die plek waar hulle gestasioneer was, het hulle 'n vyandelike patrollie teengekom. Hulle het vier gedood en tien gevang.

Daardie Leibbrandt was die vader van Robey Leibbrandt. "Hy was een van die dapperste manne wat ek op die slagveld leer ken het," het genl. Smuts gesê,

"Hy het spreker kom sien in verband met die vrylating van sy seun. Hy was vergesel van sy vrou. Dit was kort voor die verkiesing. Spreker het gedink dat dit moontlik kan wees om Robey die een of ander tyd los te laat, maar hy het toe gedink dat dit te gou was.

"Die enigste fout wat hy met die Minister te vinde het, is dat hy haastig en voorbarig opgetree het in 'n saak wat in alle geval in 'n later stadium vir hersiening na vore sou gekom het."

Hierdie toespraak van genl. Smuts het die wind uit die seile van die Opposisie geneem. Daar was geen verdere betogings teen my vrylating nie.

Met trots dink ek vandag terug aan die steil, opdraande stryd wat ek moes voer sedert my vrylating uit gevangeneskap in Junie 1948. Niemand wou of kon my help nie. My naam was 'n verskrikking vir almal. Hoewel my kwalifikasies as liggaamsopvoedinginstrukteur gunstig vergelyk kan word met dié van enige persoon in Suid-Afrika, kon ek nooit 'n pos bekom nie. Nie eens die Nasionale Regering het sy weg oopgesien om hom oor my te ontferm nie. Ek kon net sowel gesterf het van ellende. Geen haan sou daarna gekraai het nie. Met behulp van manne soos P.R. Potgieter van Brits, Willem Minnaar van Upington, Henk van Cittert, Bokkie Bergh en andere het ek langsamerhand finansiële stabiliteit bereik. My grootste lof en dank gaan egter aan die Namakwalanders en by name die publiek van Springbok en omliggende dorpe.

As gevolg van die gulle ondersteuning van blank en nic-blank het ek my sakeonderneming vanaf die grond opgebou.

Wanneer my hele stormagtige verlede saamgevat en ontleed word, is dit onmiskenbaar duidelik dat God 'n doel met my het.

Ek staan vandag in diens van *elke* reggeaarde blanke persoon in Suid-Afrika, ongeag nasionaliteit, politieke oortuiging, godsdienstige verband of huistaal. Ek staan in diens van blank Suid-Afrika!

Groot, onmiskenbaar groot, staan die geskiedkundige datum, 3 September 1939, aan die hcmcltrans geskrywe. Soms het die skrif geflikker en verblindend gevonkel. Soms het dit verdof en vreesbevange getaan. Dikwels was dit gedrapeer met die helderste kleure. Dikwels was dit omsoom met die grouste lanfer. Die hele wereld het by tye gejubel en gedans. Dan het hy weer gesidder, getreur en gerou. Miljoene der miljoene was in die patroon van die grootste wapenstryd van alle tye ingeweef... Die Tweede Wereldoorlog! Een nietige stukkie lood, gegiet in 'n koeël, het 'n kosbare lewe tot stof vernietig. Een enkele bomontploffing het tientalle lewens geoes. Wie nie gesneuwel het nie, is onherstelbaar vermink. Wie nie begrawe is nie, is deur voëls en diere verteer.

Honderdduisende praggeboue, wonings, kerke en fabrieke is in puin gele. Menige sieraad van die moderne en Gotiese argitektuur is met die aarde gelyk gemaak. Was dit maar net die gewelddadige aftakeling van beton, sand, stene en klip, dan was dit nietig en klein. Wat hulle egter bedek en verskuil het, was goddeloos wreed.

Dit was die skrikwekkende gehuil van talie sirenes. Dit was 'n sarsie van barstende bomme. Die geskreeu van remme op teerstrate. Soekende ambulanse en brandweermotors in die verdonkerde stad. Tussen al die gewoel en geskarrel het dit heilig, dog hartverskeurend wreed gekom - die geluide. Daar was die krete om hulp en die geprewel om genade. Daar was die hartroerende geween van moeders en kinders. Die smeekstcmmetjie van die suigcling, het die donkernag deurklief: "Mamma! Mamma!" Die pyn was knellend en intens. Die dood het sonder hulp nadergekruip...

Wie is ek om van die *dood* vryskelding te geniet? Wie is ek om te lewe wyl ander moes sterwe? Ja, wie is ek? My antwoord is duidelik: *Ek is niks!* Ooreenkomstig my politieke *geloof* kry die mens *alleen* waarde binne die raamwerk van sy volk as geheel. En sy volk is daardie volk waaruit, waarin en vuwie hy gebore is. Verhoogde status word uitsluitend aan diegene verleen wat in diens van daérdie volk stry, ly en sterwe, Sien hierin die dryfveer van my koms na my vaderland in 1941.

*In onomwonde taal verklaar ek voor my volk en voor my God dat ek geen saboteur en geen spioen was nie. Ek daag die wereld uit om die teenoorgestelde te bewys. Ek het gekom om 'n DAAD, ongekend in die annale van ons geskiedenis, te pleeg, Ek het gekom om te sterwe.*

In die arena van *moed, duif* en *daad,* hét, ken en sal die Suid-Afrikaner sy man staan teen die beste in die wereld. Waarom gryp Duitse en Engelse skrywers my oorlogsavonture aan om sensasiebeluste lesers te bevredig? Waarom skrywe hulle nie oor hulle eie mense nie? Is my avonture dan só fantasties dat dit altyd afgewater, verdraai en uit verband geruk moet word? Waarom moet daar in boeke, tydskrifte en nuusblaaie gedurig gelieg word oor wat ek gedoen en nie gedoen het nie? Selfs hier in my vaderland is daar sekere nonentiteite wat twyfel aan die waarheid van my skrywe. Is dit onbeteuelde haat of veragteüke jaloesie? Of is dit die vrug van 'n inherente minderwaardigheidskompleks wat altyd neig om alles en almal af te bring na hulle eie nederige niveau?

Dit is gewoonlik hierdie lafhartige en minderwaardige idiote wat gedurig kompensasie soek vir hulle eie tekortkominge deur ander op neerhalende wyse aan te val. Die aanvalle het, met weinige uitsondering, altyd 'n partypolitieke kleur. So word genl. Hertzog deur hierdie kreature voortdurend bestempel as 'n verraaier. Wie, wat, hoe en waar hy die verraad gepleeg het, weet nugter alleen. Hulle bewysredes hoort tuis in 'n malhuis. Selfs daar sal dit verwerp word. Indien so 'n groot Afrikaner op skaamtelose wyse beswadder word, het ek, van alle mense, die minste rede om te kla.

Hoe hoog genl. Smuts as leier bo die ander uitgetoring het, kon duidelik gedurende die oorlogsjare gesien word. Hy was 'n reus. Aan die muitere front was hy die groot veldheer. Aan die politieke front was hy die onverskrokke *leier* en argitek. Sy woord was wet en orde. Hy was die stukrag, die inspirasie en brem van bykans heel Suid-Afrika. Hy en hy alleen kon sy politieke vyande sonder slag of stoot ontwapen.

Hy het hulle ontwapen op 'n wyse ongekend in die geskiedenis van volkere. Daardie ontwapening het my diep getref. Vir my was dit 'n vernedering, 'n weergalose ontering, 'n onvergeetlike skande. Nie genl. Smuts nie, maar die sogenaamde leiertjies van die ontwapendes was skuidig hieraan. Sonder genl. Smuts sou dit ook nooit gebeur het nie. Sy dinamiese persoonlikheid het gelyktydig respek afgedwing en vrees ingeboesem. Sonder hom sou die Suid-Afrikaanse oorlogspogings soos 'n kaartehuis inmekaar getuimel het. Sonderhom sou duisende lede van die O.B. tot ontnugtering gekom het. Sonder hom sou daar chaos in die land ontstaan het. In hierdie lig het ek sake gesien. Dit was ook die slotsom van my ontleding. Ek het onwrikbaar geglo in my sienmg. Duisende Suid-Afrikaners het in die Noorde 'n heroïese stryd gestry vir wat hulle *geglo* het is reg. Menigeen lê vandag in die woestyn begrawe. Genl. Smuts het sy verpligtinge teenoor die Geallieerdes nagckom. Sonder sy toedoen het Kommunistiese Rusland hom in die stryd teen Nasionaal-Sosialistiese Duitsland gewerp. Kommunistiese Rusland het plotseling 'n bondgenoot van Suid-Afrika geword.

Genl. Smuts was 'n groot leier, maar ongelukkig geen groot staatsman nie.

Die ateïstiese Kommunis was die Suid-Afrikaanse soldaat se wapenbroer. Ek glo stellig dat genl. Smuts ons dapper seuns uit die Noorde sou laat terugkeer het as hy maar net kon. Helaas, dit was te laat. Daar was geen keuse meer nie. Die begonne stryd moes tot sy verderflike einde deurgevoer word,

Ek wou die bondgenootskap met Kommunistiese Rusland beëindig. Ek wou my deel bydra om te voorkom wat vandag werklikheid geword het. Wees dapper, wees ridderUk en wees opreg. Lees die skrif aan die muur en erken ek was reg. Kommunistiese Rusland gaan seëvier.

Ywerig het ek die lede van die Nasionaal-Sosialisticsc Rebelle meegedeel hoe om brand-, brisant- en tydbomme te vervaardig. Ek het oor horlosies beskik wat sewe dae kon loop. Die dinamictlading sou op 'n gegewe uur en tydstip ontplof. Die verbindingslinies na die Noorde moes opgeblaas word. Die publiek en spoorwegpersoneel moes vroegtydig gewaarsku word. Daar sou geen bevel vir so 'n optrede wees nie. Ek en ek alleen sou die teken gee. Wat die teken sou wees, het *niemand* geweet nie. Dit sou nie nodig wees om te raai nie. Die teken sou Suid-Afrika tot in sy fondament skud. Die hele wereld sou dit verstaan. Die reuse-leiersgestalte van genl. Smuts sou op die regte sielkundige moment soos 'n geweldige eikeboom neergevel word. Ek as leier van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle sou hierdie vreeslike *daad* pleeg. Sonder hulp en sonder bystand sou dit geskied. Nie in donker gange of langs beskutte wee nie, maar in die openbaar en in die teenwoordigheid van sy eie volgelinge. Hy sou op die verhoog en ek op die vloer gesterwe het. *Hy deur 'n nietige stukkie lood in 'n koeël gegiet.* Ek sou gehang gewees het. My getroue kameraad Johannes van der Walt sou my plek as leier ingeneem het.

Nou kan almal verstaan waarom ek se dat die klag van hoogverraad teen my hopeloos vals geformuleer was. Nou kan iedereen begryp waarom my toespraak in die Hooggeregshof, toe ek ter dood veroordeel is, doelbewus vervals is. Advokaat Lutge - die hoofstaatsaanklaer tydens my verhoor - se artikels in Die Brandwag in 1959 was misleidend vaag. Hy erken dat daar geen *soliede* saak teen my was nie en tog is ek gevonnis om die hoogste tol aan die galg te betaal.

Hoewel adv. Lutge se optrede in die hantering van my saak nie altyd ridderlik was nie, is hy desnieteenstaande 'n besonder knap regsgeleerde. Aan sy assistent, wyle adv. Barret, kom die hoogste lof toe vir die wyse waarop hy hom van sy taak gekwyt het.

Van al die regsgeleerdes wat 'n aandeel gehad het in hierdie opspraakwekkende hoogverraadsaak, gaan die lourierkrans aan adv. C.P. Bresier. Hy het kop en skouers bo die ander uitgetoring. Geen wonder dat hy later een van ons land se knapste regters geword het nie.

Die Voorsienigheid het dit so beplan dat ek nie gehang is nie. God het ook bepaal dat genl. Smuts 'n natuurlike dood sou sterf. Hoe anders kon dit nie gewees het nie! Indien ek met die val van Tobruk nog op vrye voet was, sou

dit die gegewe moment gewees het om Jan Christïaan Smuts van sy troon te laat tuimel. Die moraal van sy oorlogsondersteuners het toe sy laagwatcrmcrk bereik.

My selfopgelegde missie en vasberade plan om genl. Smuts dood te skiet *durf nooit dien as navolgenswaardige voorbeeld vir selfs die grootste politieke skollie nie.* My optrede moet egter gesien word in die tydsgewrig en teen 'n agtergrond wat hom miskien nooit weer in menseheugenis sal voordoen nie. Dit was trouens ook in hierdie stormagtige tye dat die Geallieerdes alles in hulle vermoë gedoen het om veldmaarskalk Rommel, die geniale Duitse veldheer in Noord-Afrika, te vermoor. Dit is reeds geskiedenis dat die Britse geheime diens manne aangestel het om hierdie daad te pleeg.

Net soos die Geallieerdes veldmaarskalk Rommel beskou het as die leier en stukrag van die spilmagte in Noord-Afrika, het ek genl. Smuts tereg erken as die magtige militêr-politieke skakel in Suid-Afrika se bondgenootskap met die sadistiese Kommünistiese Rusland.

Hoe suiwer ek die grootheid en fenomenale bindingskrag van genl. Smuts as politieke leier gesien het, kan duidelik afgelei word van die partypolitieke patroon wat na sy dood tot stand gekom het. Sy eertydse kragtige politieke party het hom teen die rotse van vertwyfeling te pletter geloop.

Toe die gryse generaal op sy sterfbed op Irene gele het, het ek 'n telegram aan hom gestuur. Die afskrif van hierdie telegram met die Hermanus-poskantoorstempel daarop is nou nog in my besit. Ook die antwoord van genl. Smuts se sekretaris, mnr. Cooper, is in my plakboek te vinde. Die telegram het soos volg gelees: "Ek respekteer u as 'n groot leier, 'n moedige vegter en 'n dapper vyand. Spoedige herstel, Generaal."

Vergeet was die haat van gister. Vergeet was die lyding en pyn. Dit was 'n stryd sonder genade. Dit was my antwoord op die roepstem van Suid-Afrika,

Kort na my vrystelling uit die gevangeneskap is ek met die oulikste nooientjie getroud wat ek in my omswerwinge ontmoet het. Sy is intelligent, lewenslustig en liefdevol. Ook besit sy al die basiese eienskappe vir leierskap. In 1948 was sy die hoofmeisie van die Hoërskool Goudini op Rawsonville. Saam met my het sy die stryd aangedurf teen dreigende armoede en saam het ons geseëvier. Nooit het sy gekla of my verwyt nie. Moedig het sy haar sorge en laste gedra, getrou aan die tradïsie van ons voorgeslagte in Suid-Afrika.

Uit die huwelik is vyf kindertjies gebore: Hermann, Remer, Izan, Rayna en Meyder Johannes. Klein Remertjie rus vandag in 'n graffie in Pretoria.

## *Enkele spreuke, slagkrete en formules gehore in die tronkselle in Pretoria*

L. 'n Volk sonder 'n leier van groot formaat, besit dieselfde waarde as 'n byekorf sonder koningin, en dit beteken net 'n eentonige dooie gesoem sonder die vaagste moontlikheid om ooit aanvallend of selfs verdedigend op te tree, ja, gedoem om 'n eerlose dood te sterf.

2. 'n Volk het nie soveel **mense,** versier met universiteitsgraadjies nodig nie, maar wel **manne en vroue** met ruggraat.
3. Die Afrikanervolk is besig om te verstik aan 'n oormaat van geestelike opvoeding wat daartoe bydra om sy aangebore durf en slaankrag te vernietig.
4. Wie aan die roepstem van **mannnom** kapituleer, is verlore vir sy volk.
5. Sommige mense skat andere gewoonlik net so dom as wat hulle self onnosel is.
6. Die mees arrogante beterweters is gewoonlik diegene wat **iets** weet van **niks en niks** van **iets.**
7. Ontneem die lewe sy ewige stryd en die daarmee gepaardgaande verantwoordelikheid en hy verloor sy dinamiese aantrekkingskrag en word so immobiel soos die dood self.
8. Vryheid sonder stryd, opoffering en bloed, is 'n illusie en bestaan alleen in die beneweide gedagtewêreld van eerlose lafaards.
9. Die mens behoort nie deur middel van sy denke aan sy volk nie, maar deur die klop van sy hart wat die organiese bloedskakel is wat hom aan die volksorganisasie bind, aan gevoelvolle lewe hou.
10. Elke verraaier is 'n lafaard en elke lafaard 'n potensiële ver raaien
11. Om in hierdie land deur jou vyande as **mal** bestempel te word, is ongetwyfeld die hoogste lofbetuiging wat enige stryder of strydster te beurt kan val.
12. 'n Formule waarin sukses in die lewenstryd opgesluit lê: Minder **wense** en meer **geloof,** minder **woorde** en meer **dade.**
13. Dit is onteenseglik groots om as oorwinnaar uit die stryd te tree,

maar groter is die oorwinning vir die oorwonnene wat weier om te kapituleer.

14. Die verlede dien as boustene van die toekoms, die goeie sowel as die slegte. Uit die slegte leer ons meer as uit die voorspoedige goeie.
15. Waar **manne** en **vroue** in die smeltkroes gelouter en gestaai word, dien dit as krematorhim vir gewone sterflinge.
16. Om te sterwe is bepaald geen kuns, want selfs 'n tweebenige wurm kry dit reg, maar hóe en in watter gees die stryder sterwe is deurslaggewend en sit die seël op die inhoud van sy lewe.
17. 'n Volk wat ontwapen is, kan onder geen omstandighede 'n grootse stryd aandurf nie, maar die blote feit dat hy ontwapen is, bied hom beslis geen konsessie om te versuim om sy ware **wil** en **karakter** in die vorm van die ewiggeldende **daad** te konkretiseer nie, wat ookal die verlies aan bloed mag wees… Nie die smagtende volk, maar wel die **leier(s)** is **verantwoordelik** vir die behoud van die volk se **eer.**
18. Genade teenoor 'n volksverraaier is ongeplaasde selfbeskermings-humaniteitsbedrog.
19. Daad: is die handelende openbaring van gevoelens, gedagtes en gewaarwordinge. (My definisie in die Appèlhof te Pretoria in November 1943).
20. Waar 'n tweebenige wurm hom bevind, daar vrot selfs die gesondste vrug.
21. Menige vrot vrug het 'n gesonde skyn.
22. Sommige mense is geneig om andere te beoordeel volgens die beeld wat hulle in die spieël sien.
23. Daar is 'n hemelbreë verskil tussen diplomasie en lafhartigheid. Suid-Afrika is arm aan skrander diplomate, maar wemel van morele- en fisiese lafaards.
24. Die deurslaggewende faktor in tyd van stryd is nie soveel die wapen nie, maar wel die man wat agter die wapen staan, besiel met die regte gees.
25. Hoe dieper die geldsak, des te vlakker die eergevoel.
26. Die gevangenisoutoriteite se barbaarse metodes het net so min daarin geslaag om my liggaamlik en geestelik te breek as wat hulle daarin sal slaag om 'n das se stert te knak.
27. **'n Plagiaat is iemand wat met ander se gedagtes op** sy **eie waentjie smous.**

# *Personeregister*

A
Abbas 56, 57
Abrie 112, 113
Ahlberg 47
Amid, Amin 37
Anderson, Hans 51
Anderson, Heiraer 110
Annandale, Ernst H. 107, 132, 162, 163
Auret 97

B
Baartman, Ryno 188
Backeberg, CA. 127, 160
Barret (adv.) 136, 151, 152, 210
Baston (brig.) 145
Beetge, Willem 120
Bensch20
Bergh, Bokkie 207
Beyers, (genl.) 179
Black (skuilnaam vir Taillard) 142
Bouwer, Sakkie 188
Bresler, C.P. (adv.) 135, 167, 210
Brennan, George 23, 24, 25
Brink, Martin 3
Brink (skuilnaam vir Karel Theron) 120
Buch, Niels 50, 51
Burger 159
Burger (oudbewaarder) 166
Burger (opperbewaarder) 198
Buurman Neef 55

C
Canaris, Wilhelm (adml.) 76
Carstens, Dave 16, 17, 38, 40, 47
Catterall, Charlie 31, 37, 38, 39
Centlivres 184, 186 Churchill,
Winston 3 Cillié, P.M. (adv.) 127,
161 Cochrane, Harry G.D. 159
Coetzee, BUI (kol.) 145

Coleman, Johannes 39
Cooper 211 Graven,
Danie 55

D
De Beer, "Lange" 132
De Beer (regter) 167
De Jager 132
De Koek, C.G. 127
De Swart, Tiny 47
De Villiers, LP. 19
De Villiers (adv.) 152
De Wet, Casperus J.H. 159
De Wet, Christiaan Rudolph (genl.) 36, 152
Duncan, Patrick 191
Du Plessis, Dolf 48
Du Plooy (polisie-offisier) 89, 148,161
Du Toit 20

E
Eggert, Erna 131, 139, 140, 142, 143, 145, 147, 151, 159, 160, 161, 162, 166,
Ellis 14
Els (konstabel) 125, 127, 128
Engelbrecht, Joos 93, 94, 96, 97, 98, 99, 103
Erasmus, Hendrik 103, 104, 106, 109, 111, 112, 113, 114, 115, 121, 125, 134, 135, 136, 140, 145
Erasmus, Doors 106, 109, 121, 134, 135, 136
Esselen, Louis 140, 146 Eustice, Jack 21
Eybers, E. Tissa 7 Eybers, Leonhard 6, 7
Eybers, von Welfling 6, 7 Eybers, von Welfling
(dr.) 7

F
Fennesy, Jim 20, 31, 35, 37, 38, 40, 41
Ferreira, TJ. 154 Foord, Ben 48
Fourie, Jopie 201 Fourie, FA. 134,
135, 136

G
Geyser, Kippie 164, 168
Gie (dr.) 60

Göring, Hermann 42
Greenberg 152 Greider
43 Griffiths 89
Grobbelaar, Annakie 99
Grobler, "Aldershot" 32

H
Hamilton-Brown, T. 31, 36
Hartman, Erika 159
Havelka 37
Heese, Japie 6, 7
Hertzog, Albert (dr.) 151
Hertzog, J.B.M, (geul.) l, 110, 153, 178, 209
Hiemstra, R.C. 15
Hitler, Adolf 32, 36, 51, 55, 56, 58, 59, 60, 67, 71, 82, 108, 110, 111, 132, 137, 156, 160, 163, 169, 170, 171, 172, 173, 174, 192, 204
Holdstock, Torn 9 Holro, Erik 2, 3, 63, 205 Holt,
Mike 48

J
Jahn, Friedrich Ludwig 55
Jerling, J.D. (adv.) 132
Johansen 37
Joubert, "Vaatjie" 178
Joyce, Carel 130
Joyce, Murray 130
Joyce, Susan Marquerite 2, 3, 130
Joyce, Violet 124
Joyce, William Robey (ds.) 2, 123, 124, 125, 127, 128, 188
Joyce, William (Lord Haw Haw) 2, 3

K
Kaltenbrunn 6
Karlowa, Rudolf 65, 73, 74, 76, 77, 83, 91, 100, 109, 112, 171
Kempf, Walter (skuilnaam vir Robey Leibbrandt) 75, 77, 82
Ketz, Jan van Riebeeck 132
Koiter 164
Kruger, Jacobus J. 120
Krümmel, Carel (prof. dr.) 43, 54, 60, 62, 63, 64
Kubetska 55, 56, 57, 58, 60

L

Landman 18
Lawrence (Min.) 201, 203
Le Roux 112, 113, 163, 165, 169, 184
Leibbrandt, Meyder Johannes l
Leibbrandt, Ray (Rachel) 3, 169, 174, 188, 200
Leibbrandt, Meyder 3, 4, 5, 8, 21, 22, 29, 31, 32, 78
Leibbrandt, Eben 3, 188
Leibbrandt, Elzabe 3, 4
Leibbrandt, Dulcie 4
Leibbrandt, Oloff 4
Leibbrandt, Regina 4, 188, 200
Leibbrandt, Sidney Robey 5, 47, 50, 56, 57, 68, 69, 72, 100,107, 110, 125,126, 127, 128,131, 137, 138, 140, 150, 151, 152, 159, 160, 163, 167, 172, 173, 179, 184, 188, 190, 200, 201, 202, 203, 206, 207
Leibbrandt, Georg (dr.) 42, 53 Leibbrandt,
Hermann 211 Leibbrandt, Remer 211
Leibbrandt, Izan 211 Leibbrandt, Rayna 211
Leibbrandt, Meyder Johannes 211 Levy, Alfred
134 Ley, Robert (dr.) 61 Liebenberg 134 Ling
51 Lipka 150, 162 Lötter 178 Louis 150 Louis,
Joe 33, 35
Lubbe (skuilnaam vir Robey Leibbrandt) 115
Ludorf (adv.) 164 Lutge (adv.) 136, 163, 167,
210

M

Maack (mev.) 133, 140, 142, 158
Malan, D.F. 98, 114, 141, 153, 154
Malan, Hendrik F. 159 Mandy,
"Wild Cat" 16, 17, 21 Maree,
Braam 14 Marx, Karl 108 May,
George 23 McCorkingdale, Don
19, 24, 48

McLaughlin, Len 9, 14
Meiring, Carl 99, 103, 111
Michelot 39, 40 Minnaar,
Willem 207 Mostert-broers 99
Mussolini, Benito 137

N
Napoleon 78
Nel (sers.) 144, 145, 159
Nel (stormjaer) 166, 178
Nertz (prof.) 57, 58
Nissen 75-86

O
Oberholzer (dr.) 51
Olwagen 169, 184, 185
Otto (sers.) 125, 126, 127

P
Palmer (genl.) 27 Pauley
(sers.) 120 Peltz, Eddie 32
Pentzhorn, Herbert 4 Pentz,
Jim 19, 48, 49 Pienaar, Giel
205 Pienaar, M.J. 55, 63 Pirow,
Oswald 32, 43, 110, 153 Porter,
Torn 48 Potgieter (bokser) 20,
21 Potgieter, Carel (dr.) 152
Potgieter P.R. 207 Pretorius,
Sarei 160 Pretorius, Simon 160
Pretorius, Willem 160

R
Ramsbottom 167
Richter (kapt.) 186
Rietjies, Hendrik 158
Robinson, Hendrik M. 121, 123, 159
Rommel 211
Roodtnan 18, 26, 27
Rosella, Joe 47
Rosenberg (dr.) 42

S

Salie 47
Sarron Pete 48
Sellasi, Haile 65
Schmeling, Max 33, 35, 67, 68
Schreiner 167, 169, 170, 172
Schultz (prof.) 57
Shore, Dennis 36, 39
Sims, Bertie 23
Smith, Robert 14
Smith, Topsy 21
Smith, J.L. 22, 27
Smith, "Sambok" 100, 101
Smith, JA. 163, 186
Smit (skuilnaam vir Robey Leibbrandt) 93, 97, 98, 103, 115
Smuts, Jan Christiaan (genl.) l, 2, 62, 65, 74, 76, 90, 97, 100, 103, 104, 109, 110, 113, 114, 118, 119, 120, 121, 129, 144, 149, 153, 166, 180, 182, 183, 188, 201, 205, 206, 207, 209, 210, 211
Snyman, Tollie 131 Spengler 125,
134 Springer (dr.) 67
Stadier 113, 114, 115, 121, 123, 128, 129, 163
Stalin 89
Sterley, Claude 20 Stevens,
Laurie 17, 38, 48 Steyn, Colin
(dr.) 193 Stoker (dr.) 62
Strachan, Lucas 144, 145, 164, 168, 169, 186
Strauss (luit.) 126 Stribling, Young 19, 23,
26 Strijdom, J.G. (adv.) 201 Swart, C.R.
(adv.) 207

T

Taillard 139, 140, 142, 143, 144, 145, 146, 147, 151, 159 Theron, Karel 104,
106, 108, 111, 112, 113, 115, 117, 118, 119, 120, 121, 134, 135, 136, 139, 166

V

Van Blerk, H.S. 154, 205
Van Cittert, Dora 188
Van Cittert, Hendrik (Henk) 107, 123, 162, 163, 165, 207
Van den Berg, Nic 20

Van der Walt, Johannes 23, 139, 140, 141, 153, 158, 180, 186, 210
Van der Walt, Andries (sr.) 113, 114, 120, 121
Van der Walt, Andries (jr.) 115, 117, 119, 121, 122, 131
Van der Walt, Prikkie 121, 122, 131, 163
Van der Walt, Bert 121, 136
Van der Walt, Gert 136
Van der Walt (hoofkonstabel) 148
Van Diggelen, Tromp 13
Van Druten, Jack 176, 191, 199, 200
Van Niekerks 5
Van Nierop, Piet (dr.) 201
Van Rensburg, W. 22
Van Rensburg, **J.F.J.** (dr.) (Hans) 104, 105, 110, 111, 114, 131, 132, 133, 138, 142, 154, 186
Van Wyk, Louw 181
Vermey 133
Verster (kol.) 121, 126, 127
Verwoerd, H.F. 201
Visser, Julian 154, 205
Visser (skoolhoof) 130
Von Buren 41
Von Elling 133
Von Vietinghof, Freiherr 33

W

Watermeyer (regter) 184
Webster 49
Wentzel (prof. dr.) 58-60
Wilz, Kallie 137
Wilz, Marie 133, 134, 137
Wolmarans, Nic 21, 31
Woods, Joe 24

Z

Zeelie 154